Wes-Kaapse Regering
Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme



# Jaarverslag 2012/13
## Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme

# Departement van Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme

STEM NR. 12

Jaarverslag

2012/13

# VOORLEGGING VAN DIE JAARVERSLAG AAN DIE UITVOERENDE OWERHEID

**Mnr Alan Winde**

Minister van Finansies, Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme

Ek het die eer om die Jaarverslag van die Departement van Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme vir die tydperk 1 April 2012 tot 31 Maart 2013 voor te lê.



**Solly Fourie**

**Rekeningkundige Beampte**

**31 Julie 2013**

# INHOUD


**Deel A: Algemene Inligting** **6**

1. Departementele Algemene Inligting ... 6
2. Lys van Afkortings ... 7
3. Strategiese Oorsig ... 12
3.1. Visie ... 12
3.2. Missie ... 12
3.3. Waardes ... 12
3.4. Strategiese uitkomsgerigte doelwitte ... 12
4. Wetgewende en Ander Mandate ... 12
5. Organisatoriese Struktuur ... 15
6. Entiteite Wat aan die Minister/LUK rapporteer ... 16
7. Voorwoord deur die Minister/LUK ... 17
8. Oorsig deur die Rekeningkundige Beampte ... 18

**Deel B: Prestasie-Inligting** **20**

1. Verklaring van Verantwoordelikheid vir Prestasie-Inligting ... 20
2. Ouditeur-Generaal se Verslag: Voorafbepaalde Doelwitte ... 21
3. Oorsig van Departementele Prestasie ... 21
3.1. Diensleweringsomgewing ... 21
3.2. Dienslewering Verbeteringsplan ... 22
3.3. Organisatoriese omgewing ... 28
3.4. Sleutel beleidsontwikkelings en wetgewende veranderings ... 28
4. Strategiese Uitkomsgerigte Doelwitte ... 29
5. Prestasie Inligting per Program ... 33
5.1. Program 1: Administrasie ... 33
5.2. Program 2: Geïntegreerde Ekonomiese Ontwikkelingsdienste ... 40
5.3. Program 3: Handel- en Sektorontwikkeling ... 51
5.4. Program 4: Besigheidsregulering en bestuur ... 64
5.5. Program 5: Ekonomiese Beplanning ... 74
5.6. Program 6: Toerisme, Kunste en Vermaak ... 82
5.7. Program 7: Vaardigheidsontwikkeling en Innovering ... 96
6. Opsomming van Finansiële Inligting ... 104
6.1. Departementele inkomste ... 104
6.2. Programbesteding ... 105
6.3. Oordragbetalings, uitgesluit openbare entiteite ... 106
6.4. Openbare Entiteite ... 113
6.5. Voorwaardelike toelaes en bestemde fondse ontvang ... 113
6.6. Skenkerfondse ... 113
6.7. Kapitaal-investering, onderhoud en batebestuursplan ... 113

**Deel C: Bestuur** **115**

1. Inleiding 115
2. Risikobestuur 115
3. Bedrog en Korrupsie 115
4. Minimalisering van Botsing van Belange 116
5. Gedragskode 116
6. Gesondheid, Veiligheid en Omgewingskwessies 116
7. Interne Beheereenheid 116
8. Ouditkomiteeverslag 117

**Deel D: Menslike Hulpbronbestuur** **120**

1. Wetgewing wat Menslike Hulpbronbestuur beheer 120
2. Inleiding 121
3. Menslike Hulpbron Versuim Statistiek 123

3.1. Personeelverwante besteding 123
3.2. Werkverskaffing en vakatures 126
3.3. Posevaluering 127
3.4. Indiensnemingsveranderings 128
3.5. Diensbillikheid 130
3.6. Ondertekening van Prestasie-ooreenkomste deur SBD-lede 137
3.7. Vul van SBD-poste 137
3.8. Prestasiebelonings 139
3.9. Buitelandse werkers 141
3.10. Verlofbenutting vir die tydperk 1 Januarie 2012 tot 31 Desember 2012 142
3.11. MIV/VIGS en Gesondheidsbevorderingsprogramme 145
3.12. Arbeidsverhoudinge 150
3.13. Vaardigheidsontwikkeling 152
3.14. Besering aan diens 154
3.15. Benutting van konsultante 154

**Deel E: Finansiële Inligting** **157**

Verslag van die Rekeningkundige Beampte 157
Rekeningkundige Beampte se Verklaring van Verantwoordelikheid 167
Verslag van die Ouditeur-Generaal 168
Begrotingstaat 171
Program 1: Administrasie 174
Program 2: Geïntegreerde Ekonomiese Ontwikkelingsdienste 176
Program 3: Handel en Sektorontwikkeling 178
Program 4: Besigheidsregulering en Bestuur 180
Program 5: Ekonomiese Beplanning 181
Program 6: Toerisme, Kunste en Vermaak 183
Program 7: Vaardigheidsontwikkeling en Innovering 185

Aantekeninge tot die Begrotingstaat 187
Staat van Finansiële Prestasie 189
Staat van Finansiële Posisie 190
Staat van Veranderings in Netto Bates 191
Kontantvloeistaat 192
Rekeningkundige Beleide 193
Openbaarmakingsaantekeninge tot die Jaarlikse Finansiële State 200
Bylaes tot die Finansiële State 217
Bylaag 1A: Staat van Onvoorwaardelike Toelaes en Oordragte aan Munisipaliteite 217
Bylaag 1B: Staat van Oordragte na Departementele Agentskappe en Rekeninge 217
Bylaag 1C: Staat van Oordragte na Universiteite en Technikons 218
Bylaag 1D: Staat van Oordragte na Openbare Korporasies en Private Ondernemings 218
Bylaag 1E: Staat van Oordragte na Niewinsgewende Organisasies 219
Bylaag 1F: Staat van Oordragte na Huishoudings 221
Bylaag 2: Staat van Voorwaardelike Laste 221
Bylaag 3: Eise Verhaalbaar 222
Bylaag 4: Inter-Regering Betaalbare Rekeninge 222
Bylaag 5: Inventaris 222

# DEEL A: ALGEMENE INLIGTING

## 1. DEPARTEMENTELE ALGEMENE INLIGTING

| | |
|---|---|
| **FISIESE ADRES:** | Waldorf-gebou |
| | 80 St George's Mall |
| | Kaapstad |
| | 8001 |
| **POSADRES:** | Privaatsak 979 |
| | Kaapstad |
| | 8000 |
| **TELEFOONNOMMER:** | +27 21 483 3840 |
| **FAKSNOMMER:** | +27 21 483 7527 |
| **EPOS ADRES:** | ecohead@westerncape.gov.za |
| **WEBTUISTE:** | www.westerncape.gov.za |

## 2. LYS VAN AFKORTINGS/AKRONIEME

| | |
|---|---|
| **AKB** | Aanbodkettingbestuur |
| **AOBP** | Akwakultuur Ontwikkelingsbevorderingprogram |
| **AOS** | Akwakultuur Ontwikkelingsone |
| **BBO** | Bestemmingsbemarkingsorganisasie |
| **BBP** | Bruto Binnelandse Produk |
| **BBPS** | Bruto Binnelandse Produk per Streek |
| **BBSEB** | Breëbasis Swart Ekonomiese Bemagtiging |
| **BDB** | Buitelandse Direkte Belegging |
| **BEN** | Buro vir Ekonomiese Navorsing |
| **BI** | Besigheidsintelligensie |
| **BOVSA** | Beleid op Onbevoegdheidsverlof en Siekte-aftrede |
| **BPAI** | Bestuursprestasie Assesseringsinstrument |
| **BPeSA** | Besigheidsprosessering wat Suid-Afrika bemagtig |
| **BPU** | Besigheidsprosesuitkontraktering |
| **BPVW** | Besigheidsprestasie Verbeteringwerkwinkels |
| **BRS** | Basiese Rekeningkundigestelsel |
| **CATHSSETA** | Kultuur-, Kunste-, Toerisme-, Gasvryheid-, en Sportsektor Opvoedings- en Opleidingsowerheid |
| **CASIDRA** | Kaapse Agentskap vir Volhoubare Geïntegreerde Ontwikkeling |
| **CLOTEX** | Kaapse Klerasie- en Tekstieldienssentrum |
| **CMT** | Sny, Maak en Knip |
| **COGTA** | Koöperatiewe Bestuur en Tradisionele Sake |
| **KIKS** | Kaapstad Internasionale Konvensiesentrum |
| **CTRU** | Cape Town Routes Unlimited |
| **DB** | Diensbillikheid |
| **DH** | Departementshoof |
| **DHN** | Departement van Handel en Nywerheid |
| **DLO** | Diensleweringsooreenkoms |
| **DODA** | Departement van Openbare Dienste en Administrasie |
| **DWT** | Departement van Wetenskap en Tegnologie |
| **EOV** | Ekonomiese Ontwikkelingsvennootskap |
| **EPI** | Ekonomiese Prestasie-indeks |
| **ESKN** | Ekonomieë van Streekskennisnetwerk |
| **EW SETA** | Energie- en Watersektor Opvoeding- en Opleidingsowerheid |
| **FEDHASA** | Verenigde Gasvryheidsassosiasie van Suid-Afrika |
| **FP&M SETA** | Veselprosessering- en Vervaardigingsektor Opvoeding en Opleidingsowerheid |
| **GIZ** | Deutsche Gesellschaft für Internationale Zusammenarbeit |

# LYS VAN AFKORTINGS/AKRONIEME

| | |
|---|---|
| **HVI** | Hulpbronveredeling-industrieë |
| **HCT** | MIV Berading en Toetsing |
| **HE** | Herwinbare Energie |
| **HEBOD** | Herwinbare Energiebod |
| **HKLS** | Hawe-kluster Leierskapspan |
| **HOI** | Hoër Onderwysinstelling |
| **HSO** | Handel en Sektorontwikkeling |
| **IBAP** | Industriële Beleidsaksieplan |
| **IEOD** | Geïntegreerde Ekonomiese Ontwikkelingsdienste |
| **IJM** | In-Jaar Monitering |
| **IKT** | Inligting- en Kommunikasie Tegnologie |
| **IOK** | Industriële Ontwikkelingskorporasie |
| **IOP** | Industriële Ontwikkelingsplan |
| **IOS** | Industriële Ontwikkelingsone |
| **ISO** | Internasionale Standardiseringsorganisasie |
| **IT** | Inligtingstegnologie |
| **ITOR** | Geïntegreerde Toerisme Ontwikkelingsraamwerk |
| **JPP** | Jaarlikse Prestasieplan |
| **KAS** | Koöperatiewe Aansporingskema |
| **KDS** | Korporatiewe Dienssentrum |
| **KETA** | Konstruksiesektor Opvoedings- en Opleidingsowerheid |
| **KHOI** | Kaapse Handwerk- en Ontwerpinstituut |
| **KITI** | Kaapse Inligtings- en Tegnologie-inisiatief |
| **KKTK** | Kaapse Klerasie- en Tekstielkluster |
| **KMMO** | Klein, Medium en Mikro-Ondernemings |
| **KMO** | Klein en Medium Ondernemings |
| **KOOA** | Klein Onderneming Ontwikkelingsagentskap |
| **KSMR** | Kaapstad Moderaad |
| **KSUT** | Kaapse Skiereiland Universiteit van Tegnologie |
| **KTMP** | Klerasie- en Tekstielmededingendheidsprogram |
| **KVB** | Kantoor van die Verbruikersbeskermer |
| **LPEO** | Landelike en Plaaslike Ekonomiese Ontwikkeling |
| **M&E** | Monitering en Evaluasie |
| **MAPP-SETA** | Media-, Advertensie-, Uitgewery-, Drukwerk- en Verpakkingsektor Opvoeding- en Opleidingsowerheid |
| **MEOS** | Mikro-Ekonomiese Ontwikkelingstrategie |

## LYS VAN AFKORTINGS/AKRONIEME

| | |
|---|---|
| **MERSETA** | Vervaardiging-, Ingenieurs- en Verwante Dienstesektor Opvoeding- en Opleidingsowerheid |
| **MHO** | Menslike Hulpbronontwikkeling |
| **MKO** | Mynkwalifikasie-Owerheid |
| **MSB** | Maatskappy in Staatsbesit |
| **MVB** | Memorandum van Begrip |
| **MVO** | Memorandum van Ooreenkoms |
| **NBF** | Nasionale Bemagtigingsfonds |
| **NDT** | Nasionale Departement van Toerisme |
| **NGIP** | Nasionale Gereedskap-inisiatiefprogram |
| **NIVS** | Nasionale Geïntegreerde Vervaardigingstrategie |
| **NOP** | Nasionale Ontwikkelingsplan |
| **NRO** | Nie-Regeringsorganisasie |
| **NRVS** | Nasionale Rolprent en Video-Stigting |
| **NT** | Nasionale Tesourie |
| **NTR** | Nasionale Tesourie-regulasies |
| **NTSS** | Nasionale Toerisme Sektorstrategie |
| **NUO** | Nasionale Uitkontrakteringsassosiasie |
| **NVOS** | Nasionale Vaardigheidsontwikkelingstrategie |
| **NWO** | Nie-winsgewende Organisasie |
| **OBRD** | Onafhanklike Berading en Raadgewende Diens |
| **OBSA** | Ontwikkelingsbank van Suider-Afrika |
| **ODKBK** | Openbare Dienskommissie Bedingingskamer |
| **OGSA** | Ouditeur-Generaal van Suid-Afrika |
| **OLOP** | Omvattende Landelike Ontwikkelingsprogram |
| **OO** | Organisatoriese Ontwerp |
| **ORB** | Onderneming Risikobestuur |
| **OTV** | Oorspronklike Toerustingvervaardiger |
| **OVPI** | Oudit van Prestasie-inligting |
| **PACA** | Deelnemende Waardering van Mededingende Voordeel |
| **PANSA** | Uitvoerende Kunste Netwerk van SA |
| **PEO** | Plaaslike Ekonomiese Ontwikkeling |
| **PGF** | Provinsiale Groeifonds |
| **PPPFA** | Wet op Voorkeurverkryging Beleidsraamwerk |
| **PSD** | Provinsiale Strategiese Doelwit |
| **PT** | Provinsiale Tesourie |
| **PTI** | Provinsiale Tesourie-instruksies |
| **PVOF** | Provinsiale Vaardigheidsontwikkelingsforum |
| **PVP** | Produktiwiteitsverbeteringsprogram |

# LYS VAN AFKORTINGS/AKRONIEME

| | |
|---|---|
| **RA** | Regstellende Aksie |
| **RB** | Rekeningkundige Beampte |
| **RMV** | Regeringsmotorvervoer |
| **SAHEOS** | Suid-Afrikaanse Herwinbare Energie Opleidingsentrum |
| **SAHTA** | Suid-Afrikaanse Heuningtee-assosiasie |
| **SAID** | Suid-Afrikaanse Inkomstediens |
| **SAKO** | Suid-Afrikaanse Kwalifikasie-owerheid |
| **SANParke** | Suid-Afrikaanse Nasionale Parke |
| **SAOGA** | Suid-Afrikaanse Olie- en Gasalliansie |
| **SAPRA** | Suid-Afrikaanse Plaaslike Regeringsassosiasie |
| **SAPS** | Suid-Afrikaanse Polisiediens |
| **SD 1** | Strategiese Doelwit 1 |
| **SDM** | Spesiale Doelmedium |
| **SEB** | Swart Ekonomiese Bemagtiging |
| **SES** | Spesiale Ekonomiese Sone |
| **SETA** | Sektor Opvoeding en Opleidingsowerheid |
| **SIF** | Streeksinnoveringsforum |
| **SITA** | Staatinligtingstegnologie-agentskap |
| **SKOOR** | Staande Komitee oor Openbare Rekeninge |
| **STATSSA** | Statistiek Suid-Afrika |
| **STSK** | Streekstoerisme Skakelkomitee |
| **SWV** | sonwaterverwarmer |
| **TBDB** | Totale Buitelandse Direkte Besteding |
| **TGRSA** | Toerisme Graderingsraad van Suid-Afrika |
| **THE** | Tegniese Hulpeenheid |
| **TNHO** | Transnet Nasionale Hawe-owerheid |
| **TOV** | Toerisme Ondernemingsvennootskap |
| **UK** | Universiteit van Kaapstad |
| **UOWP** | Uitgebreide Openbare Werke Program |
| **USB** | Universiteit van Stellenbosch Besigheidskool |
| **VGRSA** | Verbruikersgoedereraad van Suid-Afrika |
| **VK** | Verenigde Koninkryke |
| **VANSA** | Visuele Kunstenetwerk van SA |
| **VLO** | Voedsel en Landbou-organisasie |
| **VOO** | Verdere Onderwys en Opleiding |
| **VNWTO** | Verenigde Nasies Wêreld Toerisme-organisasie |

## LYS VAN AFKORTINGS/AKRONIEME

| | |
|---|---|
| **Wesgro** | Wes-Kaapse Belegging en Handelspromosieagentskap |
| **WGWP** | Werknemergesondheid en -Welstandprogram |
| **WKAOI** | Wes-Kaapse Akwakultuur Ontwikkelingsinisiatief |
| **WKDO** | Wes-Kaapse Drankowerheid |
| **WKGI** | Wes-Kaapse Gereedskapinisiatief |
| **WKMI** | Wes-Kaapse Meubelinisiatief |
| **WKR** | Wes-Kaapse Regering |
| **WKTOR** | Wes-Kaapse Toerisme Ontwikkelingsraamwerk |
| **WKVD** | Wes-Kaapse Verskafferdatabasis |
| **WKVST** | Wes-Kaapse Verbruikersake-tribunaal |
| **WNNR** | Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad |
| **WOAV** | Wet op Arbeidsverhoudinge |
| **WOFB** | Wet op Openbare Finansiële Bestuur |
| **WOVB** | Wet op Verbruikersbeskerming |

## 3. STRATEGIESE OORSIG

### 3.1 Visie

Die Departement se visie is 'n Wes-Kaap wat 'n dinamiese, innoverende en volhoubare ekonomie het, gekenmerk deur groei, indiensneming en toenemende billikheid, en geskoei op die volle potensiaal van almal.

### 3.2 Missie

Om die visie-stelling hierbo uit te voer, sal die Departement van Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme leierskap aan die Wes-Kaapse ekonomie verskaf deur die Departement se begrip van die ekonomie, sy vermoë om ekonomiese geleenthede en potensiaal te identifiseer, en sy bydrae tot die regering se ekonomiese prioriteite.

Die Departement sal ook as katalisator vir die transformasie van die ekonomie optree en op die uitdagings en geleenthede van sy ekonomiese landsburgers reageer, ten einde die regering se doel te ondersteun om geleenthede vir ondernemings en landsburgers te skep om die ekonomie en indiensneming te bevorder.

Laastens sal die Departement bydra tot die voorsiening van 'n voorspelbare, mededingende, billike en verantwoordelike omgewing vir belegging, onderneming en handel.

### 3.3 Waardes

Die kernwaardes wat die Departement voorstaan is:

- Bevoegdheid
- Aanspreeklikheid
- Integriteit
- Meegevoel
- Sorgsaamheid

### 3.4 Strategiese uitkomsgerigte doelwitte

Die doelwitte wat die Departement vir die tydperk onder beskouiing gestel het, is die skepping van geleenthede vir ondernemings en landsburgers om die ekonomie en indiensneming te laat groei.

Die nodige voorwaardes om dit te bereik, is in vyf doelwitstellings omgesit:

a) Doelwit 1: Die ontwikkeling en implementering van die ekonomiese strategiese plan en beleid ter ondersteuning van die bereiking van geleenthede vir werk en groei.
b) Doelwit 2: Om 'n bemagtigingsomgewing te skep (minimale struikelblokke, volhoubare besigheidsgroei, investering en werkskepping) deur verbetering in die streek besigheidsvertroue-indeks en groei in die indiensnemingskoers.
c) Doelwit 3: Om vraaggeleide, private sektorgedrewe regeringsondersteuning vir groeisektore, industrieë en ondernemings te fasiliteer deur die waarde van uitvoere te verhoog.
d) Doelwit 4: Om die mededingendheid van die streek deur infrastruktuurgeleide ekonomiese groei te verbeter.
e) Doelwit 5: Om deur die Uitgebreide Openbare Werkeprogram (UOWP) 204 770 "100-dae werkgeleenthede" en 111 859 "voltydse ekwivalente" tussen 2009 en 2014 te fasiliteer.

## 4. WETGEWENDE EN ANDER MANDATE

**Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet 1 van 1999), soos gewysig deur die Gewysigde Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet 29 van 1999)**

Die Wet se doel is om finansiële bestuur in die Departement te reguleer om te verseker dat alle inkomste, besteding, bates en laste doeltreffend en effektief bestuur word en om die verantwoordelikhede en gesag te verskaf aan persone wat met die finansiële bestuur in die Departement toevertrou is.

**Wet op die Wes-Kaapse Beleggings- en Handelspromosie-agentskap, 1996 (Wet 3 van 1996**

Hierdie Wet het ten doel om die Wes-Kaapse Beleggings- en Handelspromosie-agentskap (Wesgro) te vestig om die ekonomiese groei en ontwikkeling van die provinsie te bevorder en ondersteun.

**Drankwet, 2003 (Wet 59 van 2003)**

Die Drankwet het op 13 Augustus 2004 van krag geword en die Drankwet, 1989 (Wet 27 van 1989) vervang vir nasionale funksies, terwyl dit as 'n oorgangsmaatstaf vir provinsiale funksies behou is. Dit het 'n drievlak-stelsel in die drankindustrie ingestel en reguleer die vervaardigings- en verspreidingsvlak. Dit voorsien vir die devolusie van funksies met betrekking tot die handels- (en mikro-vervaardiging)vlak na die Provinsiale Minister en vereis van die provinsiale drankowerheid om dit met statistiese inligting met betrekking tot die handels- en mikro-vervaardigingsvlak te voorsien.

**Wes-Kaapse Drankwet, 2008 (Wet 4 van 2008), soos gewysig deur die Wes-Kaapse Drankwysigingswet, 2010 (Wet 4 van 2010)**

Die hoofwet voorsien vir die lisensiëring vir die handelsverkope en die mikro-vervaardiging van drank in die provinsie. Die Wysigingswet voorsien vir 'n Bestuursraad en 'n Dranklisensietribunaal; verwyder die moontlikheid dat 'n spesiale geleentheid-dranklisensie aan 'n skool toegeken kan word; reguleer opnuut die indiening van sekere aansoeke en verslae; en klaar die bevoegdhede van munisipaliteite om handelsdae en –ure vas te stel vir besighede wat drank verkoop, uit.

**Besigheidswet, 1991 (Wet 71 van 1991)**

Die Besigheidswet is gekoppel aan nasionale wetgewing, wat voorsien vir munisipaliteite se regulering van informele handel, en onderhewig is aan die Provinsiale Minister se monitering van die toepaslike verordenings. Dit voorsien verder dat die Provinsiale Minister mag optree as 'n appèlowerheid in gevalle waar munisipaliteite aansoeke deur sekere tipe ondernemings vir handelslisensies weier.

**Wet op Breëbasis Swart Ekonomiese Bemagtiging, 2003 (Wet 53 van 2003)**

Die Wet vestig 'n wetgewende raamwerk vir die bevordering van swart ekonomiese bemagtiging; om die Minister te magtig om gebruikskodes uit te reik, om transformasie handveste te publiseer; om die Adviesraad vir Swart Ekonomiese Bemagtiging te stig; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee verband hou.

**Nasionale Wet op Klein Sakeondernemings, 1996 (Wet 102 van 1996), soos gewysig deur die Nasionale Wysigingswet op Klein sakeondernemings, 2004 (Wet 29 van 2004)**

Die hoofwet het vir die instelling van die Nasionale Kleinsakeraad en die Ntsika Agentskap vir Ondernemingsbevordering voorsien, en riglyne voorsien vir staatsinstellings om klein sakeondernemings in die Republiek te bevorder. Die Wysigingswet het die hoofwet gewysig om alle voorsienings met betrekking tot die Ntsika Agentskap vir Ondernemingsbevordering (Ntsika) te herroep; te voorsien vir die instelling van die Kleinsake-ontwikkelingsagentskap (SEDA) en om voorsiening te maak vir die inlywing van Ntsika, Namac en enige ander benoemde instelling tot die agentskap.

**Munisipale Stelselswet, 2000 (Wet 32 van 2000)**

Die Wet voorsien kernbeginsels, meganismes en prosesse om munisipaliteite in staat te stel om progressief na sosiale en ekonomiese opheffing van gemeenskappe te beweeg en om toegang tot noodsaaklike en bekostigbare dienste te verseker.

**Wet op Wes-Kaapse Verbruikersake (Onbillike Sakepraktyke), 2002 (Wet 10 van 2002)**

Die Wet op Verbruikersake maak voorsiening vir die ondersoek, verbod en beheer van onregverdige sakepraktyke en om 'n Kantoor van die Verbruikersbeskermer- en Verbruikersake-tribunaal te stig.

**Die Nasionale Geïntegreerde Vervaardigingstrategie (NGVS)**

Die NGVS is 'n tegnologies-gevorderde nasionale benadering wat deur die Departement van Handel en Nywerheid geïmplementeer is en gemik is daarop om alle rolspelers in die industrie bymekaar te bring, om 'n kollektiewe visie te ontwikkel wat ten doel het om die volhoubare ontwikkeling en groei te verseker en dat tegnologiese hulpbronne ontwikkel, gefokus en behoorlik benut word.

**Wes-Kaapse Toerisme Ontwikkelingsraamwerk (WKTO-raamwerk)**

Voorsien vir die eindvisie en -strategie vir toerisme in die Wes-Kaap en is die hoëvlak sektorstratiegie vir toerisme wat deel vorm van die Departement se Mikro-ekonomiese Ontwikkelingstrategie. Die Wes-Kaapse Toerisme Ontwikkelingsraamwerk verseker GEMEENSKAPLIKE beplanning, begroting en implementering tussen die drie sfere van die regering in die eerste plek en al die sosiale vennote in die tweede plek. Die Wes-Kaapse Toerisme Ontwikkelingsraamwerk het doelwitte en uitkomste gestel wat oor 'n tienjaar-tydperk behaal moet word. Dit is 'n lewendige en dinamiese dokument, met navorsing wat voortdurend tot die inligtingbasis bygevoeg word en analise wat aangepas word soos omstandighede verander. Daar sal 'n grootskaalse hersiening op 'n vyfjaar-basis plaasvind.

Die WKTO-raamwerk bestaan uit die volgende subkategorieë wat die sleutelfokusareas meer volledig uiteensit:

- Die Geïntegreerde Toerisme Ontwikkelingsraamwerk (GTOR), wat insluit:
- Die Wes-Kaapse Toerisme se Raamwerk vir Beleggingswerwing
- Die Toerisme Padteken-raamwerk
- Die Toerisme Menslike Hulpbronne Ontwikkelingstrategie (MHO)
- Die Toerisme BBSEB-strategie en Implementeringsplan

**Wet op Toerisme, 1993 (Wet 72 van 1993), soos gewysig deur die Tweede Wysigingswet op Toerisme, 2000 (Wet 70 van 2000)**

Die Wet op Toerisme het voorsiening gemaak vir die bevordering van toerisme na en in die Republiek; die verdere regulering en rasionalisasie van die toerismebedryf; maatreëls gemik op die onderhoud en verhoging van die standaarde van fasiliteite en dienste wat verhuur word of beskikbaar gemaak word vir toeriste; en die koördinering en rasionalisasie van die aktiwiteite van persone wat in die toerismebedryf aktief is. Die Tweede Wysigingswet op Toerisme het die hoofwet gewysig deur sekere definisies by te voeg; voorsiening te maak vir die opleiding en registrasie van toergidse; voorsiening te maak vir 'n gedrags- en etiese kode vir toergidse; regulering van die prosedures vir die indien van klagtes; voorsiening te maak vir die onderskrywing van sekere registers in geskikte gevalle; voorsiening te maak vir dissiplinêre maatreëls, appèlle en hersienings, en die kriminalisering van sekere gedrag.

**Wes-Kaapse Toerismewet, 2004 (Wet 1 van 2004)**

Die Wet maak voorsiening vir die instelling van die Bestemming-bemarkingsorganisasie (BBO) en die bevordering van toerisme en die verwante ekonomiese ontwikkeling van die Wes-Kaap.

**Die Witskrif oor die Ontwikkeling en Bevordering van Volhoubare Toerisme (2001)**

Die Witskrif voorsien vir die beleidsfondasies en mededingingstrategie vir die Wes-Kaap om 'n toonaangewende toeristebestemming in die wêreld te word.


**Wet op Koöperasies, 2005 (Wet 14 van 2005)**

Die Wet voorsien vir die vorming en registrasie van koöperasies, die instelling van 'n Koöperatiewe Adviesraad, die sluiting van koöperasies en sake wat daarmee verband hou.

**Wes-Kaapse Wet op Verkryging (Sakebelange van Werknemers), 2010 (Wet 8 van 2010)**

Die Wet verbied provinsiale regeringwerknemers en hulle families om meer as 5% aandele, effekte, lidmaatskap of ander belange in 'n entiteit te hou wat sake doen met die provinsiale regering nie, tensy goedkeuring daarvoor gegee is deur die toepaslike Minister, ooreenkomstig sekere kriteria wat in die Wet voorgeskryf is; vereis van entiteite om bekend te maak of hulle besit of gedeeltelik besit word deur werknemers van die Wes-Kaapse regering voordat 'n kontrak met die provinsiale regering aangegaan word; en vereis dat alle provinsiale regeringswerknemers hulle sakebelange bekendmaak op voorgeskrewe tye.

## 5. ORGANISATORIESE STRUKTUUR



## 6. ENTITEITE WAT AAN DIE MINISTER/LUK RAPPORTEER

Die tabel hieronder dui die entiteite wat aan die Minister/LUK rapporteer aan.

| Naam van Entiteit | Wetgewende Mandaat | Finansiële Verwantskap | Aard van Onderneming |
|---|---|---|---|
| Wes-Kaapse Beleggings- en Handelsbevorderings-agentskap (Wesgro) | Wet op die Wes-Kaapse Beleggings- en Handelspromosie-agentskap, 1996 (Wet 3 van 1996) | Die entiteit is 'n ontvanger van oordragbetalings vanaf die Departement op 'n kwartaallikse basis. Die Stad Kaapstad is ook 'n deelbefondser in die onderneming.<br>Evaluering van die entiteit word gedoen volgens:<br>a) Verteenwoordiging op die raad as 'n ex-officio lid<br>b) Prestasieverslae word kwartaalliks ontvang<br>Befondsing word oorgeplaas ingedeeltes, gebaseer op die evaluasie van kwartaallikse verslae. | Wesgro is die amptelike Bestemmingsbemarking, Beleggings- en Handels-bevorderingsagentskap vir die Wes-Kaap, geleë in Kaapstad. |
| Wes-Kaap Drankowerheid | Wes-Kaapse Drankwet, 2008 (Wet 4 van 2008) | Die entiteit is 'n ontvanger van oordragbetalings vanaf die Departement op 'n kwartaallikse basis.<br>Evaluering van die entiteit word gedoen volgens:<br>a) Verteenwoordiging op die raad as 'n ex-officio lid<br>b) Prestasieverslae word kwartaalliks ontvang<br>Befondsing word oorgedra in gedeeltes, en gebaseer op die evaluasie van kwartaallikse verslae. | Die Wes-Kaapse Drankowerheid (WKDO) reguleer die kleinhandelverkope en mikro-vervaardiging van drank in die Provinsie. Dit sal ook die transformasie van die drankindustrie in die Wes-Kaap fasiliteer deur die bevordering van die toetrede van nuwe lisensiehouers en het ten doel om die verantwoordelike gebruik van drank te verseker. |
| Bestemmingsbemarkings-organisasie<br>(Nou in Wesgro geïnkor-poreer) | Wes-Kaapse Toerismewet, 2004 (Wet 1 van 2004)<br>Wet op die Wes-Kaapse Beleggings- en Handels-promosie-agentskap, 1996 (Wet 3 van 1996) | Die entiteit is 'n ontvanger van oordragbetalings vanaf die Departement op 'n kwartaallikse basis. Die Stad Kaapstad is ook 'n deelbefondser in die onderneming.<br>Evaluering van die entiteit word gedoen volgens:<br>a) Verteenwoordiging op die raad as 'n ex-offi-cio lid<br>b) Prestasieverslae word kwartaalliks ontvang<br>Befondsing word oorgep-laas in gedeeltes, gebas-eer op die evaluasie van kwartaallikse verslae. | Om die Wes-Kaap as 'n top toeristebestemming plaaslik en internasionaal te bemark.<br>Nota: Die BBO se akti-witeite is binne Wesgro geïnkorporeer en dié agentskap is voortaan verantwoordelik vir bestemmingsbemarking. |

## 7. VOORWOORD DEUR DIE MINISTER



Dit is my voorreg om die Departement van Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme se Jaarverslag vir 2012/13 voor te lê.

Vir die jaar onder hersiening het hierdie Departement alles in sy vermoë gedoen om die eerste strategiese doelwit van die Wes-Kaapse Regering te voldoen: om groei te stimuleer en werk te skep sodat die inwoners van die provinsie beter lewens kan lei. Om dit te doen het van ieder en elke personeellid vereis om die geloof aan te neem van hierdie administrasie dat ons rol nie net is om kleinskaalse hulp te verleen nie, maar eerder om 'n wêreldklas omgewing te skep vir besigheid… om "groot te dink".

Terwyl die werk van elke program bygedra het om die bogenoemde doelwit te bereik, sal ek graag 'n paar inisiatiewe wil uitlig wat direk tot die genoemde geloof en tot die innoverende gees wat in die werk van hierdie Departement heers, spreek.

In 2012/13 het ons rompslompverminderingsprogram (Red Tape to Red Carpet) – ons inisiatief om dit makliker en goedkoper te maak om sake te doen in die Wes-Kaap – regtig sy voete gevind. Die rompslomp-inbelsentrum het 752 oproepe ontvang, met 'n oplossingskoers van 93.62%. Hierdie span het ingetree in skynbaar onmoontlike situasies in die provinsiale én ander sfere van die regering om te verseker dat ondernemings die hulp wat hulle benodig, ontvang het sodat hulle kon doen wat hulle die beste doen: om ons ekonomie te laat groei en werk te skep.

Die Werk en Vaardighede-program – ons program wat betaalde, by-die-werk internskappe vir matrikulante sonder werk fasiliteer – het nasionale erkenning verkry vir sy prestasies om die jong mense van ons provinsie by te staan om werk te kry. Vir die jaar onder hersiening is 763 jong mense die geleentheid gegee om deel te wees van hierdie program en hulle lewens is ten goede verander, vir ewig. Ek is trots daarop om te sê dat baie van die deelnemers permanent in diens geneem is na die internskap-periode. Hierdie jong mense is nou deel van ons ekonomie.

Ek is ook baie trots op die werk wat tot dusver op ons Strategiese Inisiatiewe gedoen is. In 2012/13 het ons merkbare vooruitgang gemaak in die implementering van 'n Breëband-program wat die bekendstelling van 'n breëbandnetwerk aan gemeenskappe regoor die Wes-Kaap sal sien. Hierdie netwerk sal ons inwoners aan die wêreld verbind, wat hulle sal koppel aan nuwe besigheidsgeleenthede en wat hulle sal help om te groei.

Die bogenoemde programme is maar net 'n paar van vele wat daartoe gelei het dat die Departement 'n waardevolle bydrae gemaak het aan die inwoners van die Wes-Kaap. Ek wil graag my opregte dank aan al die personeel van DEOET betuig vir hulle onwrikbare toewyding om ons inwoners die geleentheid te kan gee om hul lewens te verbeter.

Ek wil graag 'n spesiale dankie sê aan die Departementshoof, Mnr Solly Fourie, vir sy leierskap en strategiese bestuur van DEOET. Onder sy leiding het die Departement PSO1 omarm, en daardeur floreer.



**Alan Winde**

**Minister van die Departement van Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme**

**31 Julie 2013**

## 8. OORSIG DEUR DIE REKENINGKUNDIGE BEAMPTE

### TOPBESTUUR SE PERSPEKTIEF VAN DIE DEPARTEMENT



Die Departement se topbestuur het die benadering onderskryf dat die rol van die Departement is om 'n oorkoepelende ekonomiese leierskaprol te speel en te verseker dat doelwitte geassosieer met Strategiese Doelwit 1, bereik word. Dit beteken ook dat die Departement se rol meer fasiliterend word om al die sfere van die regering en buite-belanghebbendes op 'n betekenisvolle manier ekonomies in lyn te bring. Hierdie benadering verseker ook dat duplikasie van pogings tussen departemente en regeringsagentskappe verminder word.

Die Departement het daarom 'n veranderde rol begin speel. Waar die Departement voorheen bloot 'n bemiddelaar in die ekonomiese leweringstelsel was, het dit nou 'n groter rol as voorstander en beïnvloeder onderneem om te verseker dat vraaggeleide, private sektorgedrewe inisiatiewe ten volle ondersteun word deur die Wes-Kaapse Regering.

Dit is die topbestuur se sienswyse van die Departement dat sy rol oorkoepelend is en 'n inklusiewe en koördinerende benadering inkorporeer, waarby alle toepaslike ekonomiese deelhebbers se pogings in lyn is vir lewering teen die noodsaaklike doelwitte om 'n omgewing te skep vir ekonomiese groei en werkskepping.

Die Departement het hierdie rolle uitmuntend uitgevoer oor die laaste jaar, soos gesien in die besonderhede wat later in hierdie verslag weergegee word. Dit kan ook gesien word in die omvangryke rol wat lede van hierdie Departement gespeel het om fondse uit ander regeringsbronne te verkry, om sodoende befondsing te versterk wat nodig is om projekte te voltooi. Voorbeelde van hierdie pogings sluit in die R41 miljoen wat uit die Werkfonds verkry is vir die Werk en Vaardighede-program, asook die R105 miljoen wat verkry is vir die daarstelling van 'n hernubare energieopleidingsentrum.

Die behoefte van die Departement om ekonomiese leierskap te voorsien oor die vertikale en horisontale sfere van die ekonomie en die toenemende rol wat nodig is om te verseker dat 'n bemagtigende omgewing geskep word vir besigheid om te groei en uit te brei, is die grondslag wat die Departement se benadering tot sy funksionaliteit onderstreep.

### PRESTASIES VIR DIE JAAR

Die werk wat deur die verskillende programme gedoen is, word later in hierdie verslag weergegee, maar sommige van die betekenisvolle prestasies was die verkryging van fondse vir vaardigheidsontwikkeling en opleiding, betekenisvolle werkgeleenthede wat in sektore geskep is, die werk wat deur die Ondernemingsontwikkelings-eenheid gedoen is, die groot hoeveelheid werk wat gedoen is om die fondasies vir die hoëkoste Breëband-projek te vorm en die werk wat gedoen is deur die Rompslompverminderings-eenheid om te verseker dat baie hindernisse wat besigheid vertraag, verwyder word.

Ons was weereens suksesvol om besoekers na die streek te lok deur ons toerisme-inisiatiewe en die instelling vn die Drankowerheid sal verseker dat daar 'n meer verantwoordelike benadering is tot die drankhandel in die Provinsie.

Boonop het ons die voortdurende sukses van die Ekonomiese Ontwikkelingsvennootskap aanskou, asook die finalisering van die OneCape 2040-visie vir die Provinsie. Hierdie visie sal 'n kollektiewe benadering tot ekonomiese groei en die insluiting vir alle fasette van die ekonomie vorm.

### UITDAGINGS VIR DIE JAAR

Die voortslepende globale ekonomiese situasie het die Wes-Kaapse streek voortdurend voor besondere sistematiese uitdagings gebring, wat, as gevolg van die moeilik voorspelbare verbruikersgedrag, ons beplanning beïnvloed het. Die globale situasie het en sal voortdurend 'n negatiewe uitwerking hê op beleggers-sentiment, wat moontlik kan lei tot 'n verminderde fokus op werkskepping onder firmas.

Daarbenewens is die klaarblyklike wanaanpassing tussen die vaardighede wat verskaf is en dié wat deur die ekonomie aangevra word steeds van toepassing. Dit is grootliks as gevolg van die gesofistikeerdheid van sakeondernemings se behoeftes, wat teweeggebring word deur 'n groter afhanklikheid op en die toepassing van e-besigheid en die IT-gebaseerde benadering binne besigheid.

'n Meer direkte uitdaging vir die Departement is die vermoë om te reageer op sy veranderende strategiese rol, wat vra vir 'n groter fasiliterende- en advokatuursbenadering en om te reageer op die vereistes wat hierdie rol bring. Hierdie verandering in benadering het vereis dat ons 'n toenemende poging aanwend om die aangewese vlak en hoeveelheid menslike hulpbronvermoëns in plek te kry en om die regte ingesteldheid te ontwikkel om projekte en programme uit te soek wat die bereiking van die strategiese doelwitte stuur.

Laastens moes ons worstel met die uitdaging van 'n vertraagde Organisasie-ontwerp oefening, sodat die regte personeel in plek is vir die voorsiening van die planne en doelwitte wat nodig is vir suksesvolle lewering.

**FEITELIKE INLIGTING OOR STRATEGIEË, RESULTATE EN UITDAGINGS**

Die Departement het sy projekte, programme en aktiwiteite rondom ses strategiese sleutelbenaderings uiteengesit. Dit is verwant aan die Departement se assessering van die globale, nasionale en streeks-ekonomiese omstandigheidsanalise en hierdie strategiese sleutelbenaderings is ondersteun deur spesifieke aksies, wat later in hierdie verslag weergegee word.

Die ses strategiese sleutelbenaderings was:

- Ekonomiese geleenthede deur geïntegreerde Regeringsaktiwiteite – ons rol as "hele regering"-koördineerder. Hierdie is 'n nuwe funksie en is primêr gevorm deur die mandaat om die leidende Departement te wees om uitkomste bevat in Strategiese Doelwit 1, te stuur.
- 'n Vraaggedrewe infrastruktuurbenadering tot ekonomiese ontwikkeling. Onder die projekte wat deur die Departement onderneem is ter ondersteuning van hierdie benadering, is die Breëband-inisiatief, Saldanha Industriële Ontwikkelingsone en die Hawe van Kaapstad-ontwikkeling.
- Die daarstelling van 'n saamgestelde stel programme wat ondernemings en inwoners in staat stel om te groei. Suksesvolle projekte verwant hieraan sluit in die werk wat gedoen is deur die Kantoor van die Verbruikersbeskermer, die stigting van die Drankowerheid en die indrukwekkende werk wat gedoen is deur die Rompslompverminderings-eenheid.
- Vaardigheidsopleiding-bemiddelings sluit in die Werk en Vaardighede-projek, Ambag-opleiding en die navorsingswerk gedoen om die gaping tussen die vraag en aanbod van vaardighede vir die ekonomie te oorbrug.
- Ons het voortgegaan om die Sektore as 'n plek vir lewering van die Mikro-ekonomiese Leweringstelsel te gebruik. Die suksesse binne hierdie strategiese benadering het gevarieer, gegewe die druk wat die vervaardigingsektor beleef het deur die hersieningsperiode. Dit het ook bygedra tot die werk wat gedoen is in Ondernemingsontwikkeling waarin ons deurlopend suksesvol was, weereens met die samewerking van instellings soos SEDA en besigheidsassosiasies.
- 'n Hernude en opsetlike verbintenis tot deeglike voldoening en monitering en evaluasieprogramme en -projekte. Hierdie werk is hoofsaaklik uitgevoer deur die Strategiese Beplanning- en Finansiesspanne, wat bygedra het tot 'n goeie voldoening en korporatiewe bestuurkultuur.

**TOEKOMSTIGE PLANNE EN AKSIES VAN DIE DEPARTEMENT**

Die Departement sal voortgaan om 'n leierskaprol te vervul in die stimulering van streeks-ekonomiese groei deur die doelwitte wat vervat is in Strategiese Doelwit 1. Hierdie doelwit het die volgende fundamentele doelwitte:

- Die skepping van geleenthede vir groei;
- Die skepping van werkgeleenthede;
- Die skepping van omgewing vir besigheid en inwoners om te groei; en
- Die skepping van 'n mededingende en produktiewe ekonomiese sone.

Tydens die vorige finansiële jaar het die Departemente die basiese boublokke in plek gesit om te verseker dat die rol wat van die Departement vereis word om te vervul, beide transverseel en direk is, wat 'n betekenisvolle verskil maak aan meeste aspekte van die streeksekonomie.

Ten spyte van die uitdagende globale en nasionale ekonomiese aanwysers, is die Departement vasbeslote om 'n platform en omgewing te skep wat aanhou om ondernemings in staat te stel om te groei en uit te brei. Dit sal om sy beurt die prestasie van skepping van werkgeleenthede deur ondernemings wat floreer in 'n stabiele en bevorderlike ekonomiese klimaat, bevorder.

Die Departement sal die klem plaas op die volgende sleutelprojekte oor die volgende jaar:

- Breëband-bekendstelling
- Waardeketting maksimalisering in die sektore wat ons kies om te ondersteun
- Die groen ekonomie
- Om ons rol en verbintenis tot rompslompvermindering te verstewig en die daarstelling van 'n bemagtigingsomgewing
- Om ons rol in die vermindering van die vaardigheidsgaping te verhoog en om jong mense toe te rus met groter gereedheid vir indiensneming
- Ontwikkeling van die entrepreneurskap-kultuur sodat baie meer sakeondernemings geskep kan word.

Departementele projekte en programme moet gekoppel wees om die skepping van werkgeleenthede en ekonomiese groei te stimuleer, om 'n bemagtigende omgewing te skep en om die streek mededingend te maak.

# DEEL B: PRESTASIE-INLIGTING

## 1. VERKLARING VAN VERANTWOORDELIKHEID VIR PRESTASIE-INLIGTING

**Verklaring van Verantwoordelikheid vir Prestasie-inligting vir die jaar geëindig 31 Maart 2013**

Die Rekeningkundige Beampte is verantwoordelik vir die voorbereiding van die Departement se prestasie-inligting en vir die oordele wat gemaak word oor hierdie inligting.

Die Rekeningkundige beampte is verantwoordelik vir die instelling en implementering van 'n stelsel van interne beheer, wat ontwerp is om redelike versekering te gee oor die integriteit en betroubaarheid van prestasie-inligting.

Dit is my opinie dat die prestasie-inligting die prestasie-inligting van die Departement vir die finansiële jaar wat op 31 Maart 2013 geëindig het, behoorlik weerspieël.



**Solly Fourie**

**Rekeningkundige Beampte**

**31 Julie 2013**

## 2. OUDITEUR-GENERAAL SE VERSLAG: VOORAFBEPAALDE DOELWITTE

Die OGSA voer die nodige ouditprosedures uit op die prestasie-inligting om redelike versekering te verskaf in die vorm van 'n ouditbevinding. Die ouditbevinding op die prestasie teen voorafbepaalde doelwitte is ingesluit in die verslag aan die bestuur, met materiële bevindinge wat gerapporteer word onder die *Voorafbepaalde Doelwitte*-opskrif in die *Verslag oor ander wetlike en regulatoriese vereistes*-afdeling van die ouditeursverslag.

Verwys na bladsy 168 van die Verslag van die Ouditeur-Generaal, gepubliseer onder Deel E: Finansiële Inligting.

## 3. OORSIG VAN DEPARTEMENTELE PRESTASIE

### 3.1 Diensleweringsomgewing

Die Departement van Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme is die leidende departement vir Provinsiale Strategiese Doelwit 1: "Skepping van geleenthede vir groei en werkskepping". Die Provinsie het vir homself 'n doelwit van 4,2% groei in BBP en 2% groei in werkskepping gestel. Hierdie doelwitte is gestel teen 'n agtergrond van gematigde groei in wêrelduitset van 3,2% in 2012, af van 4% in 2011. Suid-Afrika se groeiprestasie was meer gedemp met BBP-groei van 2,5% in 2012, af van 3,5% in 2011 .

Die Wes-Kaap ekonomiese prestasie is nou gekorreleer met nasionale prestasie en het 'n groeikoers van 3,6% in 2011 en 2,5% in 2012 behaal. Die gematigde globale vooruitsig weeg steeds swaar op uitvoergroei in die Wes-Kaap se tradisionele gevorderde ekonomiese handelsvennote. Daar heers optimisme dat die krisisveroorsaakte resessie in die Eurosone omgekeer sal word, wat ruimte sal skep vir die normalisering van uitvoere. Bewyse van verbeterde uitvoerprestasie na Afrika, wat vir 20% van die provinsie se totale vir 2011 verantwoordelik is, gee egter te kenne dat die kontinent baie belangrik kan word as 'n skans teen swak presterende, tradisionele uitvoermarkte. Identifikasie van uitvoermarkte, hang egter nie net af van die prestasie van die bestemmingsmark in terme van die groeiende populasies en ekonomieë nie, maar krities ook van die produkte wat verkoop word en buitelandse vraag vir daardie produkte.

Die arbeidsmarkomgewing het eweneens uitdagend gebly. Die getal werkloses het met

181 000 toegeneem en die werkloosheidskoers het toegeneem van 16,9% in die vierde kwartaal van 2008 tot 23,9% in die vierde kwartaal van 2012. Terwyl alle ekonomiese sektore 'n positiewe groei getoon het tussen 2000 en 2010, het die vermoë van hierdie sektore om werk te skep, gevarieer. Ten spyte daarvan dat die landbou- en vervaardigingsektore uitset vermeerder het tussen 2000 en 2010, het hulle oor dieselfde tydperk poste verminder, met landbou wat 176 775 poste verloor het, terwyl die vervaardigingsektor 63 590 poste verloor het. Groei in uitset alleen is daarom geen waarborg dat arbeidsmark-uitkomste sal verbeter nie. Die feit dat die Wes-Kaap se uitset gegroei het, maar met sulke swak arbeidsabsorpsie, onderstreep die strukturele karakter van werkloosheid, wat 'n sleuteluitdaging bly vir die Wes-Kaap.

Spesifieke hindernisse vir DEOET in die afgelope finansiële jaar om sy doel van werkskepping te bereik, sluit in die feit dat indiensnemingsmoontlikhede in die landbousektor verder uitgedaag word deur stakings in die sektor, wat boere na bewering R300 miljoen gekos het sedert November 2012 en voëlgriep, wat die R1,2 biljoen volstruisindustrie verlam het, met meer as 20 000 mense in landelike Wes-Kaap wat hulle werk verloor het en 41 000 volstruise[5] wat uitgedun is. Hierdie faktore, tesame met die huidige gematigde BBP-vooruitsig en die risiko na die afwaartse kant, toon aan dat die Wes-Kaapse arbeidsmark waarskynlik nie in die nabye toekoms sal verbeter nie. Inderdaad word daar van die huidige voorspelde uitsetgroei-trajek verwag om indiensneming te stimuleer deur die skepping van 205 000 poste tussen 2012 en 2017 (1,9% p.j.), wat merkbaar minder is as die doelwit van 2% per jaar.

Gegewe hierdie groter globale- en streekontwikkelings en tendense, blyk die doelwitte wat gestel is vir die provinsie ambisieus te wees. Bekend met hierdie hindernisse, mik die Departement om uitdagings binne die provinsie te verminder deur pogings te verhoog om die mededingendheid van KMME's en industrieë te verbeter deur vennootskappe met besigheid en arbeid, voort te gaan met sy kluster-gebaseerde benadering tot industriële ontwikkeling, bevordering van die groei van uitvoere van handelbare dienste en goedere, vermindering van regeringsburokrasie, en sistematiese ontwikkeling van vaardighede en infrastruktuur waar dit die grootste impak sal hê.

---

[1] IMF World Economic Outlook April 2013
[2] Stats SA Gross Domestic Product 4th quarter 2012
[3] IHS Global Insight Regional Explorer
[4] http://www.guardian.co.uk/world/2013/jan/24/truckloads-south-african-farmworkers-sacked
[5] http://www.ostrichsa.co.za/index.php?action=get_article&id=130
http://www.westerncape.gov.za/text/2012/10/elpro_annual_report_eng.pdf

### 3.2 Dienslewering Verbeteringsplan

Die Departement het 'n dienslewering verbeteringsplan voltooi. Die tabel hieronder onderstreep die diensleweringsplan en die prestasies tot op datum.

**Vernaamste dienste verskaf en standaarde**

| Vernaamste dienste | Werklike kliënte | Potensiële kliënte | Standaard van diens | Werklike prestasie teenoor standaarde |
|---|---|---|---|---|
| **Toerisme menslike hulpbronontwikkeling** | **Direkte begunstigdes:**<br>Inwoners (studente - skoliere en huidige studente in die Toerismebedryf en huidige werkskorps)<br>**Indirekte begunstigdes:**<br>Besighede in die Toerismebedryf, HEI, VOO's en skole | Inwoners (werklose toerisme-gegradueerdes, werklose matrikulante en leerders wat skool verlaat het op sekondêre vlak voordat matriek voltooi is.) | a) 100 begunstigdes van Toerisme Vaardigheidsopleiding<br>b) 45 begunstigdes van Kollektiewe Beursprogramme<br>c) 100 begunstigdes van Werkskaduprogram<br>d) 300 begunstigdes van Diensuitnemendheid-program | a) 427 begunstigdes van Toerisme vaardigheidsprogram<br>HEI-internskap plasings<br>b) 47 begunstigdes of Kollektiewe Beursprogramme<br>118 begunstigdes van Werkskaduprogram<br>c) 1 109 begunstigdes van Beroepsbewustheid-promosietoer<br>d) 325 begunstigdes van Diensuitnemendheid-program |
| **Kwaliteitsversekering van toerismeprodukte en ikoniese aantreklikhede** | **Direkte begunstigdes:**<br>Toeriste<br>**Indirekte begunstigdes:**<br>Toerismebedryf | | a) Veiligheid proaktief: 200 instellings van inligting voorsien<br>b) Veiligheid reaktief: 30 mense bereik (toerisme slagoffer-ondersteuning)<br>c) 600 Kwaliteitsversekering-assesserings van instellings gedoen (Hierdie funksie is voorheen uitgekontrakteer)<br>d) 6 Kwaliteitsversekering-assesserings van groot ikone/toeriste-aantreklikhede/roetes gedoen | a) 114 organisasies voorsien van toerisme veiligheids-inligting<br>b) 37 slagoffers wat toeriste is, is ondersteun.<br>c) 691 Kwaliteitsversekering-assesserings is gedoen.<br>d) 48 assesserings is gedoen as deel van die Kaapse Bergpasse toerisme-oudit en 12 Kaapse Natuurreservate assesserings is gedoen, soos versoek deur Kaapse Natuurbewaring |

| Vernaamste dienste | Werklike kliënte | Potensiële kliënte | Standaard van diens | Werklike prestasie teenoor standaarde |
|---|---|---|---|---|
| | | | e) 50 Padteken-industrie ondersteuning verwerking van algemene aansoeke (Padteken-aansoeke is afhanklik van industrie-vraag). Die aantal aansoeke kan nie vooruitbepaal word nie, 'n skatting word gebruik om verwagte aansoeke te projekteer, gebaseer op basislyn-syfers)<br>f) 2 Padtekens van Toerisme ingange/roetes/ groot ikone/ aantrekkings | e) 64 Toerisme Padteken-aansoeke is verwerk<br>f) Die Kaapse Bergpasse begin- en eindborde is opgerig as deel van roete-padtekens<br>Kaap Natuurreservaat inspeksie as groot ikoon-assessering |

**Konsultasie-reëlings met kliënte**

| Tipe reëling | Werklike behalings | Kommentaar (moontlike afwyking) |
|---|---|---|
| **Toerisme Menslike Hulpbronontwikkeling** | Konsultasie met kliënte is uitgevoer deur die fasilitering van deelhebberskakeling tussen Toerisme-deelhebbers om Toerisme Menslike Hulpbronontwikkeling te versterk deur: | |
| a) Toerisme-nuusbrief | a) Toerisme Menslike Hulpbronontwikkeling verskaf insette aan die Departementele nuusbrief (soos benodig) | |
| b) Massa SMS | b) Massa SMS is nie gebruik nie | b) Massa SMS-proses is nie direk deur die subdirektoraat ingestel nie. Deelhebbers word per e-pos, een-tot-eens en groep deelhebberverbintenisse, d.i. Toerisme MHO-subkomitee, ingelig. Die bekendstelling van die Toerisme Menslike Hulpbronontwikkeling-bemiddelings het deelhebber vennootskappe en betrokkenheid by die projekimplementering ingesluit. Die deelhebbers en verskaffers maak van die proses gebruik tydens die projekimplementering, wanneer benodig, om met die begunstigdes te skakel. |
| c) Massa e-posse | c) Massa e-posse | |

| Tipe reëling | Werklike behalings | Kommentaar (moontlike afwyking) |
|---|---|---|
| d) Een-tot-een | d) Een-tot-eens en groep deelhebber verbintenisse | |
| e) Promosietoere | e) Loopbaan-promosietoere | |
| f) Jamborees | f) Inligting verskaf aan Departement-ele amptenare wat Geïntegreerde Uitreikprogramme (Jamborees/ Loopbaanbewustheid-werkwinkels) bygewoon het | |
| g) Izimbizos | g) Inligting verskaf aan Departementele amptenare wat Izimbizos bygewoon het | |
| h) Toerisme-geleenthede | h) Toerisme-geleenthede bv. Loop-baanbewustheid oor Toerisme Vaar-digheidsontwikkelings-programme | |
| i) Toerisme Reeksonder-steuning brosjures en pamflette | i) Brosjures en Pamflette | |
| j) Plaaslike koerante | j) Plaaslike koerante is benut en deur ons deelhebbers waarmee die Departement in vennootskap is vir die Toerisme Vaardigheidsprojek-bekendstelling vir die werwing van die jeug.<br><br>Die Regering se webtuiste is benut in terme van koste-doeltreffende deel van inligting vir toepaslike projekte, d.i. Toerisme Kollektiewe Beurspro-gram. | |
| k) Plaaslike koerante | k) Die Kliëntetevredenheidsopname is gebruik as 'n konsultasie-reëling vir die verskillende Toerisme Menslike Hulpbronontwikkelingsprojekte. Dit het die Werkskaduplasingsprogram ingesluit, waar leerders en gasheer-werkgewers die geleentheid ge-bied is om terugvoer te gee oor die plasingsprogram na afloop van die program.<br><br>Die SA gasheeropleiding bekend-stelling het voorgeskrewe SA Gas-heerevaluasievorms, wat deur die afgevaardigdes voltooi is, ingesluit. | |
| **Gehalte versekering van toerisme-produkte en iko-niese aantreklikhede** | | |
| a) Toerisme-nuusbrief | a) Verslaf insette aan Departementele Nuusbrief (soos benodig) | a-b) Nie 'n konsultasiereëling wat vir hierdie diens vereis word nie. Nie van toepassing nie. |
| b) Massa SMS | b) E-posse en telefoniese skakeling met 45 Toerismeburo's met betrekking tot beleid, prosedures en kriteria, ens. (verteenwoordig 445 toerisme-fasiliteite) | b) Nie 'n konsultasiereëling wat vir hierdie diens vereis word nie. Nie van toepassing nie. |

| Tipe reëling | Werklike behalings | Kommentaar (moontlike afwyking) |
|---|---|---|
| c) Massa e-posse | c) Massa e-posse | c) Voortdurende korrespondensie via e-pos met deelhebbers verseker dat ons op datum bly met huidige kwessies wat aangespreek moet word. |
| d) Een-tot-een | d) Een-tot-eens en groep deelhebber verbintenisse | d) Een-tot-een kommunikasie |
| e) Promosietoere | e) Promosietoere deur STSK-vergaderings wat in elke streek gehou is | e) Promosietoere deur die STSK-vergaderings wat in elke streek gehou is. |
| f) Jamborees | f) Departement neem deel aan Geïntegreerde Gemeenskaps-uitreikprogramme (Jamborees). | f-i) Nie 'n konsultasiereëling wat vir hierdie diens vereis word nie. Nie van toepassing nie. |
| g) Izimbizo's | g) Departement neem deel aan Izimbizos. | |
| h) Toerisme-gebeurtenisse | h-i) Nie 'n konsultasiereëling wat vereis word vir hierdie diens nie, alhoewel Toerisme-geleenthede en Toerisme Reeksondersteuning deur die Departement uitgevoer word | |
| i) Tourism Tiered Support | | |
| i) Toerisme Reeksondersteuning | j) Brosjures en pamflette versprei regdeur die Wes-Kaap: Toerisme Veiligheidswenke, gepubliseer in ses tale. Gidse tot Toerisme-padtekens met kontakbesonderhede en -prosedures versprei. | j) Brosjures en pamflette regdeur die Wes-Kaap versprei: Toerisme Veiligheidswenke. Gidse tot Toerisme-padtekens met kontakbesonderhede en –prosedures versprei. |
| k) Plaaslike koerante | k) Plaaslike koerant is deur eksterne deelhebbers as deel van Toerisme Vaardigheidsopleiding-bekendstellings vir die werwing van leerders en bemarking van die toepaslike program gebruik. | k-l) Nie 'n konsultasiereëling wat vir hierdie diens vereis word nie. Nie van toepassing nie. |
| l) Kliëntetevredenheidsopname | l) Departementele Monitering- en Evaluasie-eenheid het monitering en evaluasie van Veiligheids- en Ondersteuningsprogram uitgevoer. | |

***Nota:*** *Die formaat van die Konsultasie-reëlings met kliënte-tabel is aangepas om sodoende die suksesse en mylpale van die Departement se dienslewerings verbeteringsplan beter weer te gee.*

## Dienslewering-toegangstrategie

| Toegangstrategie | Werklike Behalings |
|---|---|
| **Toerisme menslike hulpbronontwikkeling** | |
| a) 10de vloer Waldorf-gebou | a) 10de vloer Waldorf-gebou |
| b) Wergewersorganisasies, d.i. FEDHASA ens. | b) Wergewersorganisasies, d.i. FEDHASA , Wes-Kaap MH Gasvryheidsforum en Vaardigheidsontwikkeling subkomitee, ens. |
| c) Akademiese instellings | c) Akademiese instellings (HEI en VOO instellings) |
| d) Cape Gateway | d) Cape Gateway |
| e) SETA's (CATHSSETA) | e) SETA's (CATHSSETA) |
| | Addisionele dienslewering-toegangstrategie:<br>Werklike diensleweringstoegang is bereik deur direkte toegang tot Departementele kantore. Deelhebberskakeling gehou met direkte en indirekte begunstigdes om toegang te kry tot Toerisme Menslike Hulpbronontwikkeling-inligting. |

| Toegangstrategie | Werklike Behalings |
|---|---|
| **Kwaliteitsversekering van toerisme-produkte en ikoniese aantreklikhede** | |
| a) 10de vloer Waldorf-gebou | a) 10de vloer Waldorf-gebou |
| b) Plaaslike Toerismeburo's | b) Plaaslike Toerismeburo's |
| c) Cape Gateway | c) Cape Gateway |

**Diensinligting-instrument**

| Soorte inligtingsinstrument | Werklike Behalings |
|---|---|
| **<u>Toerisme menslike hulpbronontwikkeling</u>** | Diensinligtinginstrumente is gebruik tydens deelhebberskakeling tussen Toerismedeelhebbers en bekendstelling van Toerisme Menslike Hulpbronbemiddelings.<br>Die volgende werklike dienslinligtinginstrumente is gebruik: |
| a) Nuusbrief | a) Toerisme menslike hulpbronontwikkeling verskaf insette aan Departementele- en eksterne deelhebber-nuusbriewe (soos benodig). |
| b) Massa SMS | b) Massa SMS-proses is nie direk geïmplementeer deur die subdirektoraat nie. Deelhebbers word ingelig deur massa e-posse, een-tot-een konsultasies en groep deelhebberskakelings, bv. Toerisme MHO subkomitee. Die bekendstelling van die Toerisme menslike hulpbronontwikkeling bemiddelings het deelhebbervennootskappe en betrokkenheid by projekimplementering ingesluit. Die deelhebbers en verskaffers het van hierdie proses gebruik gemaak tydens die projek-implementering, soos benodig om met die begunstigdes te skakel. |
| c) Massa e-posse | c) Massa e-posse |
| d) Publikasies (brosjures, pamflette) | d) Brosjures en pamflette |
| e) Uitstallings | e) Uitstallings bv. Departement van Arbeid se Werkskou |
| f) Loopbaan-Promosietoere | f) Loopbaan-promosietoere uitgevoer, bv. loopbaanbewustheid-bekendstelling wat gemik was op skoolleerders, openbare VOO's en werklose matrikulante. |
| g) Media | g) Plaaslike koerante bv. eksterne deelhebbers het Vaardigheidsopleidingprojek geadverteer in toepaslike streke om jong mense te bemark en werf vir die projekbekendstelling. |
| h) Jaarverslag | h) Jaarverslag |
| i) Webtuiste | i) Cape Gateway |
| **<u>Kwaliteitsversekering van toerisme-produkte en ikoniese aantreklikhede</u>** | |
| a) Nuusbrief | |
| b) Massa SMS | |
| c) Massa e-posse | c) E-posse aan PTO's en deelhebbers |
| d) Publikasies (brosjures, pamflette) | d) Brosjures en pamflette versprei regdeur die Wes-Kaap: Toerisme veiligheidswenke gepubliseer in ses tale. Gidse tot Toerisme padtekens met kontakbesonderhede en prosedures versprei. |

| Soorte inligtingsinstrument | Werklike Behalings |
|---|---|
| e) Uitstallings | e) Promosietoere en Streek Toerisme Skakelingskomitee- (STSK) vergaderings. |
| f) Media | |
| g) Jaarverslag | g) Jaarverslag |
| h) Webtuiste | h) Provinsiale webtuiste |
| | Addisionele diensinligtingsinstrument: |
| | Een-tot-een kommunikasie. |

**Klagtemeganisme**

| Klagtemeganisme | Werklike Behalings |
|---|---|
| **Toerisme menslike hulpbronontwikkeling** | Klagtemeganismes in plek vir direkte en indirekte begunstigdes, deur: |
| a) Waldorf-gebou – Gestremdheid-vriendelik | a) Waldorf-gebou – Gestremdheid-vriendelik |
| b) Kontak met bestuur | b) Kontak met bestuur |
| c) Korrespondensie | c) Korrespondensie |
| d) Kliëntetevredenheid-opname | d) Kliëntetevredenheid-opname in plek vir sommige van die Toerisme MHO-bemiddelings. Verdere instrumente om ondersoek te word in die 2013/2014 finansiële jaar. |
| e) Voorstelbus | e) Voorstelbus nie in plek nie omdat die bekendgestelde projekte geïmplementeer is in venootskap met verskeie deelhebbers wat gehelp het met die implementering in die verskillende streke, wat nie toegelaat het vir een sentrale voorstelbus om alle deelhebbers te bereik nie. Volhoubaarheid oor die bekendstelling van 'n voortelbus sal in die 2013/14 finansiële jaar hersien word. |
| **Kwaliteitsversekering van toerisme-produkte en ikoniese aantreklikhede** | |
| a) Waldorf-gebou – Gestremdheid-vriendelik | a) Waldorf-gebou – Gestremdheid-vriendelik |
| b) Kontak met bestuur | b) Kontak met bestuur |
| c) Korrespondensie | c) Korrespondensie |
| d) Kliëntetevredenheid-opname | d) Kliëntetevredenheid-opname |
| e) Voorstelbus | e) Voorstelbus |

## 3.3 Organisatoriese Omgewing

Die 2012/13 finansiële jaar was die jaar wat Provinsiale Strategiese Doelwit 1: Skepping van geleenthede vir groei en werkskepping ten volle geïmplementeer is. Terwyl hierdie 'n opwindende tyd in die Departement was, was daar 'n paar buitengewone uitdagings wat aangespreek moes word.

Eerstens, moet die Departement 'n leidende rol speel in die toepassing van Nasionale uitkomste 4, 5 en 6, wat behoorlike indiensneming deur inklusiewe ekonomiese groei, geskoolde en bekwame werkerskorps om 'n inklusiewe groeipad en bou te ondersteun, 'n doeltreffende, mededingende en deelnemende ekonomiese infrastruktuurnetwerk onderskeidelik is. Hierdie nasionale uitkomste is gevolglik oorgesit na Provinsiale Strategiese Doelwit 1 en die daaropvolgende Strategiese Voorskriftelike dokument, wat in November 2011 goedgekeur is.

Gegewe die breë, oorkoepelende karakter van die bogenoemde strategieë, het dit duidelik geword dat die huidige organisatoriese struktuur nie in lyn is met die Departement se strategiese imperatiewe nie. 'n Sleuteluitdaging wat die Departement in die gesig gestaar het, was die reg om personeelbevoegdhede by doel te pas. In hierdie opsig is die Departement tans besig met 'n oefening in Organisatoriese Ontwikkeling, wat hopelik nie net sal help in die plasing van die korrekte menslike hulpbronne waar dit die meeste benodig word nie, maar ook om te verseker dat daar 'n voldoende personeelkomplement is. Dit moet genoem word dat die Organisatoriese Ontwerpproses sowat twee jaar geneem het om te materialiseer, wat ontwrigtend was vir baie van die personeel en 'n direkte impak gehad het op hulle posisies.

'n Voorbeeld van hoe die tekort aan menslike kapitaal 'n betekenisvolle impak gehad het, word in Program 3: Handel en Sektorontwikkeling uitgelig, waar die behoefte bestaan het om verskeie mense in waarnemende posisies vanaf die Programbestuurder en af, aan te stel. Dit het ook beteken dat kritisie poste, soos die adjunk vir klerasie en tekstiele, nie gevul kon word nie. Hierdie uitdagings is ook ervaar in Program 5: Ekonomiese Beplanning, waar personeel geskuif is na die Kantoor van die Departementshoof om te help met verskeie transversele bestuurskwessies.

Verder, tydens die 2012/2013 finansiële jaar het die KVB ook die implementering van die Wet Op Verbruikersbeskerming, 2008 (Wet 68 van 2008) in die gesig gestaar. Dié wetgewing het die transaksionele omgewing tussen verbruikers en besigheid drasties verander en meer beskermingsmaatreëls is aan verbruikers toegeken. Die impak hiervan op die KVB was ontsaglik, vernaamlik omdat die kwessie van verbruikersbeskerming aktueel was en meer verbruikers hulle regte toegepas het teen besigheid. Die uitwerking hiervan was dat 'n massiewe toevloei van verbruikersklagtes ontvang is gedurende die jaar onder hersiening, wat 'n geweldige spanning op bestaande menslike hulpbronne geplaas het. Die toenemende hoeveelhede, tesame met die verhoogde verwagtings van die verbruikers, het daarom 'n uitdaging geskep in terme van die bestuur en oplossing van verbruikersake en die impak op menslike hulpbronne was 'n uitdaging. Ten spyte hiervan, het die KVB daarin geslaag om 'n effekiewe rol te speel in die oplossing van klagtes, terwyl hulle ook daarin geslaag het om 'n genoegsame vlak van bevrediging onder verbruikers te handhaaf oor die manier waarop hulle sake afgehandel is.

## 3.4 Sleutel beleidsontwikkelings en wetgewende veranderings

**Handel- en Sektorontwikkeling (HSO)**

Die Nasionale Ontwikkelingsplan wat deur die Nasionale Kabinet aangeneem is, verskaf 'n belangrike hoëvlak plan wat ondersteuning bied aan die werk van die HSO. Dit sluit die fokus op werkskepping, ondersteuning vir die rol van sektore en groepe, die bereiking van hoër vlakke van mededingendheid, en meer belangrik, die rol van energie in die ekonomie, met 'n spesifieke fokus op natuurlike gas en hernubares, in. Die nuwe weergawe van die Industriële Beleid Aksieplan (IBAP) is teen die einde van die jaar bekendgestel, wat belangrike leiding verskaf vir die werk van die Program, waarin die WK-sektorkeuse amper ten volle in lyn is, en wat sterk beïnvloed is deur die werk van die hoofdirektoraat. Die SES-wetsontwerp wat aan die einde van die jaar ter tafel gelê is, sal ook 'n belangrike betrekking hê op die werk van die program, met 'n aantal toekomstige moontlikhede bo en behalwe die Saldanha IDZ en die Atlantis Groen Vervaardigingsektor.

**Besigheidsregulering en -bestuur**

Die Verbruikersbeskermingswet (VBW) 2008 het op 1 April 2011 in werking getree. Die volle impak van die VBW, spesifiek die impak op die bestaande hulpbronne van die KVB, het stadig maar seker sigbaar geword tydens die finansiële jaar onder hersiening. In hierdie opsig, moet dit genoem word dat die VBW die verbruikersbeskermingsomgewing radikaal verander het en dit het gelei tot verhoogde beskerming wat aan verbruikers gebied word. Die verhoogde beskerming, soos voorgeskryf in die VBW, het ook gelei tot die wesenlike veranderings aan die gemenereg en vorige beleidsvoorsienings, en die netto uitwerking hiervan was 'n verhoging

in belangstelling van verbruikerskwessies. Hierdie verhoging in belangstelling het gevolgens gelei tot 'n direkte verhoging in die aantal en skaal van verbruikersklagtes wat gelê is by die KVB vir ondersoek. Die verhoging in terme van saakvolumes het 'n stremming geplaas op die menslike hulpbronne, wat addisionele vereistes op bestaande personeellede geplaas het om die uitdaging die hoof te bied.

**Ekonomiese Beplanning**

Die Nasionale Kabinet het die Nasionale Ontwikkelingsplan aangeneem as 'n oorkoepelende ontwikkelingsplan vir die land as 'n geheel. Sy ooreenstemmende provinsiale strategie, **OneCape 2040**, is opgestel om uitvoering te gee aan die visie van PSO 1, en 'n aksieplan te verskaf vir die Provinsie se algehele ekonomiese ontwikkeling. Die Provinsiale Kabinet het die **OneCape 2040**-strategie in November 2012 bevestig.

**Vaardigheidsontwikkeling**

Die Nasionale Vaardigheidsfonds se fokus het weggedraai van die 27 SETA's na die 50 openbare VOO-kolleges vir befondsing en leidende vaardigheidsontwikkeling. Die SETA's het egter die kennis en ondervindingbasis van vraaggedrewe, sektor-spesifieke vaardigheidstrategieë en -programme, volgens die Industriële Beleid Aksieplan (IBAP) 2011/12 – 2013/14 en die sleutelskakels met die industrie om te help in die ontwikkeling van toepaslike vaardighede en loopbane vir die werkloses en mense wat werk het. Die impak van die skuif in die beleid is dat private verskaffers wat gespesialiseerde opleiding en kundigheid aan die industrie en die VOO's verskaf, beperkte aansporingsfondse vanaf die regering het en sal uiteindelik nie meer kan opereer nie, wat 'n vermindering in die mededingingsaspek tot gevolg sal hê; wat andersins aangebied kon word wanneer daar met die nuutste toerusting of tegnologie en spesifieke industrie-deskundigheid en mentorskapopleiding gegee word.

Die beplande afname van die verpligte toelae vir maatskappye van 50% tot 20% vir internskappe en beroeps- en bedryfsopleiding, beteken daar sal minder innames wees by firmas vir jong mense om die nodige werkondervinding op te doen en om kwalifikasies te voltooi om indiensnemingsmoontlikhede te verhoog.

## 4. STRATEGIESE UITKOMSGERIGTE DOELWITTE

Die doelwit wat deur die Departement gestel is vir die tydperk onder hersiening, is die skepping van geleenthede vir besighede en inwoners om die ekonomie en indiensneming te laat groei.

Die nodige toestande om dit te bereik is in vyf doelstellings omgesit:

- Doelwit 1: Om die ekonomiese strategiese plan en beleid te ontwikkel ter ondersteuning van die bereiking van geleenthede vir werk en groei.
- Doelwit 2: Om 'n bemagtigingsomgewing (minimale uitdagings, volhoubare besigheidsgroei, belegging en werkskepping) te skep deur die verbetering in die streeks besigheidvertroue-indeks en groei in die indiensnemingskoers.
- Doelwit 3: Om 'n vraaggeleide, private sektorgedrewe regeringsondersteuning te skep vir groeisektore, industrieë en besigheid deur die toename in die waarde van uitvoere.
- Doelwit 4: On die mededingendheid van die streek te verbeter deur infrastruktuurgeleide ekonomiese groei.
- Doelwit 5: Om deur UOWP 204 770 "100-dag werkgeleenthede" en 111 859 "voltydse ekwivalente" tussen 2009 en 2014 te fasiliteer.

Die Departement het strategieë en aksieplanne ontwikkel om betekenis te gee aan beide die Provinsie se Strategiese Doelwit 1, Verhoging van geleenthede vir groei en werkskepping, en Nasionaal se Nasionale Ontwikkelingsplan, eliminering van armoede en vermindering van ongelykheid teen 2030. Met betrekking tot die eerste, het die Program die skepping en onderhouding van 'n bemagtende besigheidsomgewing as sy grondslag. Met betrekking tot die laaste, het die program se werk gesentreer op die (NOP se) prioriteite om indiensneming te verhoog deur vinniger ekonomiese groei en die bou van die staat se vermoë om 'n ontwikkelende, transformatiewe rol te speel. Deur hierdie twee beleidsprioriteite te kombineer, het die Program betekenisvol bygedra in sy pogings om die nasionale uitkoms van "behoorlike indiensneming deur inklusiewe groei" te bereik.

Alhoewel die NOP erken dat Suid-Afrika 'n relatief gesonde private sektor sake-omgewing het, moet die regering steeds 'n proaktiewe rol speel om te verseker dat hierdie omgewing bevorderlik is vir die instelling en groei van besigheid, en uiteindelik om werkskepping te verhoog. Deur ons benadering van 'n vraaggeleide, private

sektorgedrewe groei, het die Departement betekenisvolle pogings aangewend op die volgende gebiede, en derhalwe die strategiese doelwitte aangespreek:

- **Vermindering van die koste van regulerende voldoening.** Die instelling van die Rompslompverminderingsubprogram, die eerste van sy soort in Suid-Afrika, het, sedert sy instelling in 2011, betekenisvolle vordering gemaak om dit makliker, goedkoper en vinniger te maak om besigheid te doen in die Wes-Kaap. Die sleutelbemiddelings van die subprogram via sy Transversele Werkgroep het die volgende ingesluit:
  - Die Besigheidondersteuning Hulplyn – 'n inbelsentrum wat besighede toelaat om amptelike omslagtigheidkwessies wat hul besighede beperk, te registreer. Die oploskoers van sulke sake is meer as 85%.
  - Die Munisipale Rompslompverminderingsprojek. Dit is gedoen in vennootskap met die Kaapse Wynland-munisipaliteite, en het, as fase een, hindernisse tot besigheid en ekonomiese groei geïdentifiseer. Die tweede fase het begin waar aksieplanne geïmplementeer word om die besigheidsbemagtigingsomgewing van die plaaslike areas te verbeter.
  - Die instelling van 'n eenstopwinkel inloopsentrum deur die Departement van Vervoer en Openbare Werke. Hierdie sentrum stel besigheidseienaars nie net in staat om navraag te doen oor die Departement se tenders nie, maar laat ook die vinnige oplossing van alle vervoerverwante aangeleenthede toe, bv. besigheidspermitte en lisensies.
- **Ondersteuning vir klein besighede.** Oorvleueling en duplisering van dienste deur klein besigheid ondersteuningsorganisasies en -agentskappe befoeter reeds lank die industrie. Deur sy vennootskap met SEDA, The Business Place en die Weskus Besigheidsontwikkelingsentrum, het die Departement nie net koördinering tussen hierdie agentskappe verbeter nie, maar meer belangrik 'n netwerk van 19 punte ingestel vanwaar entrepreneurs en klein besighede toegang tot besigheidsondersteuning kan kry. Boonop is ons dryfkrag om toegang tot finansiering te verbeter, gesteun deur 'n vennootskap met die Nasionale Bemagtigingsfonds (NBF), wat beteken het dat Wes-Kaap-gebaseerde klein besighede direkte toegang het tot ondernemingontwikkelingsbefondsing en ontwikkelingsfinansiering. Hierdie vennootskap met die NBF is die begin van die Departement se plan om die koördinering van sulke befondsingsinstellings te verbeter en deur dit te doen, toegang tot die totale spektrum van finansiering beskikbaar van plaaslik tot nasionale regring, te verbeter.
- **Openbare sektor verkrygingsbevordering.** Hierdie vraagkant-bemiddeling word deur die Departement as krities beskou in die ontwikkeling van spesifiek opkomende besighede. Deur 'n proaktiewe program van ondersteuning is dit nou makliker, goedkoper en vinniger om sake te doen met die provinsiale regering. Die program het die volgende ingesluit:
  - Die vaartbelyning van die verkrygingsproses. Klein besighede registreer nou eenkeer by die provinsiale regering en deur dit te doen, het hulle toegang tot tenders van 13 departemente. Boonop sal alle tenderaansoeke binnekort elektronies gedoen word, wat die ongerief van fisiese inhandiging van tenders, sal verwyder.
  - Verkrygingsbevordering-bewustheidsprogram. Hierdie program het die hoogs suksesvolle Verskaffers Opedae en voortgaande plaaslike bemiddelings ingesluit, deur nie net provinsiale en plaaslike verkrygingsgeleenthede te beklemtoon nie, maar klein besighede ook proaktief te help met voldoening en ander regulatoriese kwessies.
- **Verbetering van die kapasiteit van plaaslike munisipaliteite.** Deur sy Streeksprogram van Uitmuntenheid het die Streeks- en Plaaslike Ekonomiese Ontwikkelingsarena gefokus op die assessering van munisipale prestasie en die aanspreking van gapings wat ontstaan het, om die vermoë van munisipaliteite om vrugbare grond te verskaf vir besigheid om te floreer, te versterk. Deur die munisipale ondersteuningsbemiddelings te baseer op die goedgekeurde PEO Volwassenheid-assesseringsinstrument, was die uitkomste van ons bemiddeling bemoedigend. Van die 27 munisipaliteite wat oor twee periodes ondersteun is, het 74% positiewe verbetering getoon in hulle algehele PEO-telling. Koördinering van PEO-ondersteuningspogings was versterk deur die Departement se betekenisvolle betrokkenheid by alle distriksmunisipaliteite se PEO-forums en deur sy eie Provinsiale PEO-forum verpligtinge, om sy sleutelrol te speel in die verbetering van die plaaslike ekonomiese besigheidsomgewing.

Die sleuteldoel van die skepping van geleenthede vir groei en werkskepping deur **sektorontwikkeling**, en deur die skepping van geleenthede vir besighede en inwoners om die ekonomie te laat groei, is suksesvol deur die Handel- en Sektorontwikkelingsprogram gedoen. Handel en beleggings ter waarde van R2,135 biljoen is in die ekonomie ingetrek deur die pogings van Wesgro en die SDM's. Werkgeleenthede wat gefasiliteer is, is 22 272 en 1 649 ondernemings is ondersteun.

Teenoor die vyfjaar strategiese doelwit van die fasilitering van ekonomiese groei deur tussen R3,8 biljoen en R7,4 biljoen se beleggings te verkry, het Wesgro R1,6 biljoen in die 2012/13 finansiële jaar verkry, en 1 473 werkgeleenthede het bygedra tot die laer en hoër doelwitte van 3 800 en 7 400 werkgeleenthede vir die vyfjaarperiode.

Om ekonomiese sektore te ondersteun en ontwikkel as 'n sleutelbydraer om ekonomiese geleenthede, volhoubaarheid en groei te maksimaliseer, het die Departement 11 sektore ondersteun, 20 566 werkgeleenthede gefasiliteer, wat 'n beduidende oorprestasie van die doelwit van 8 743 werkgeleenthede is, en het R2 biljoen se beleggings gefasiliteer, teenoor die vyfjaar doelwit van R527 miljoen. Die Departement het ook ver oor sy vyfjaar hefboomfinansieringsdoelwit presteer, deur R125 miljoen te fasiliteer.

Met betrekking tot die fasilitering van ekonomiese geleenthede deur die ontwikkeling van strategiese inisiatiewe het die program sy doelwit bereik, deur sewe groot projekte te fasiliteer. As gevolg van die tydskale van die projekte het die program nog nie sy vyfjaar doelwitte van die skepping van 3 100 werkgeleenthede en fasilitering van R1 biljoen se belegging in ekonomiese infrastruktuur bereik nie.

Deur ons sektorontwikkeling en strategiese inisiatief-program lewering het ons die sleuteldoelwitte in die hart van die NOP bereik, wat die skepping van werkgeleenthede en ekonomiese groei is, om infrastruktuur uit te brei en om armoede te verlig deur werkskepping en om belegging in nuwe ekonomiese aktiwiteite, spesifiek in die arbeidsintensiewe sektore, te bevorder.

**Die Besigheidsregulering en Bestuursprogram** het gelykmatig beweeg na die bereiking van die doelwitte binne die Departement se Strategiese Plan. In hierdie verband is aansienlike vordering gemaak in soverre dit die operasionalisering van die Wes-Kaapse Verbruikersake Tribunaal (WKVST) betref. Die WKVST is 'n statutêre instelling wat ingestel is in terme van die Wet op Wes-Kaapse Verbruikersake (Onbillike Sakepraktyke), 2002, wat die mandaat hou om op te tree as beoordelende gesag in die verbruikersklagte-arena. Die jaar onder hersiening het dus gesien dat die doelwitte, soos gestel vir die WKVST, bereik is en dit het direk daartoe gelei dat die toepassing van verbruikersbeskerming nou verhoog is tot 'n vlak wat wetlike voldoening insluit. Die KVB is daarom op dreef met die implementering van hierdie spesifieke doelwit, soos gestipuleer in die Strategiese Plan.

Daar moet ook op gelet word dat die implementering van 'n streeksgebaseerde verbruikersbeskermingskema vorm aangeneem het oor die tydperk onder hersiening. In hierdie verband is drie streekskantore ingestel in die gebiede van Suid-Kaap/Eden, Weskus en die Kaapse Wynlande. Soos gesien in die Strategiese Plan, sal die verhoging van 'n streeksdiens 'n natuurlike vermindering in die benutting van die dienste van verbruikersadvieskantore regoor die provinsie sien. Die jaar onder hersiening het 'n vermindering in die hoeveelheid gemeenskapadviessentrums wat benut word gesien, wat in lyn is met die vyfjaar doelwit soos bepaal in die strategiese plan. Die KVB is as gevolg hiervan op dreef met die implementering van hierdie strategie.

In terme van die strategie om te verseker dat die KVB 'n leier word binne die verbruikersbeskermingsarena, demonstreer die resultate soos gereflekteer in hierdie verslag dat opmerklike vooruitgang gemaak word in hierdie geval. Die doelwitte wat betref die verbruikersopvoeding-bemiddelings wat gedoen is, klagtes ontvang, klagtes opgelos en die finansiële besparings wat na die verbruiker oorgedra word as gevolg van die KVB se hulp, is duidelike bewys wat demonstreer dat die Wes-Kaap KVB die leidende provinsie bly in terme van die verskaffing van doeltreffende verbruikersbeskermingsdienste. Daar moet op gelet word dat die Wes-Kaap die grootste volume sake ontvang en behartig het tussen al die provinsies, selfs al was sy hulpbronne en personeelkorps nie op gelyke voet met ander provinsies nie. Dit is 'n merkwaardige prestasie, omdat 'n prysenswaardige volume sake opgelos is ten spyte van die menslike hulpbron-uitdagings wat die KVB in die gesig gestaar het.

Verbruikersbeskerming is 'n gelyktydige konstitusionele wetgewende mandaat. Dit gee daarom te kenne dat beide sfere van die regering die gesag het om wette te maak en daarom dienste verskaf op verbruikersbeskermsake. Op nasionale vlak het die Departement van Handel en Industrie (die DHN) die Verbruikersbeskermingswet, 2008 (Wet 68 van 2008) gepromulgeer. Hierdie wetgewing verskaf nou 'n gestruktureerde wetgewende raamwerk, wat sekere minimum standaarde en besigheidspraktyke voorskryf waaraan voldoen moet word deur besigheid in Suid-Afrika. Die wetgewing stel boonop 'n verpligting aan provinsiale beskermingsdivisies om sekere bepalings van die nasionale wetgewing te implementeer en op te tree as 'n gesag wat direkte kliëntgeoriënteerde dienste verskaf. Dit sal dus tot gevolg hê dat provinsiale departemente na verbruikersklagtes omsien in terme van die nasionale wetgewing en lede van die publiek help. Boonop is provinsiale verbruikersbeskermingsowerhede verplig om 'n integrale en effektiewe rol te speel in die bemagtiging van inwoners om hulle verbruikersregte en verpligtings te ken en verstaan. Hierdie verpligting vereis dus dat provinsiale kantore uiters gefokus moet wees om inwonergesentreerd te word om te verseker dat die publiek die hulp en leiding ontvang soos in die nuwe wetgewing vervat is. Die verskillende projekte, bv. verbruikersopvoedingsveldtogte, finansiële geletterdheidswerkswinkels/-inligtingsessies, klagtes ontvang en opgelos, toename in bewustheidsvlakke, bevredigingsvlakke van dienslewering en finansiële waardebesparings aan verbruikers, wat deur die KVB geïnisieer en geïmplementeer is, is daarom direk in lyn met

die nasionale uitkoms om te verseker dat 'n **"doeltreffende en effektiewe ontwikkelingsgeorienteerde openbare diens en 'n bemagtigde, regverdige en inklusiewe burgerskap"** ontwikkel word. 'n Evaluasie van die prestasie-aanwysers en die prestasies in dié verband demonstreer dat die KVB 'n effektiewe bydrae gemaak het tot die bereiking van hierdie nasionale uitkoms. Dit is gemene saak dat die bemagtigingsomgewing al die toepaslike ekonomiese, politiese, sosiale, regulerende en internasionale faktore buite die firmas in die Wes-Kaap omvat. In terme van Provinsiale Doelwit 1, wat op hierdie Departement betrekking het, is die fokus van hierdie strategie op alle regeringsbeleide en praktyke, wat die "reëls van die spel vasstel" vir besigheid in die provinsie en wat die prestasie van die mark, aansporings om te belê en die koste van besigheidsondernemings beïnvloed. Die ideale bemagtigingsomgewing is een wat die struikelblokke tot volhoubare besigheidswinsgewendheid, belegging en werkskepping minimaliseer.

Regulasie, was voorheen  algemeen beskou as anti-ontwikkeling en 'n negatiewe krag in 'n omgewing wat die ekonomie wil laat groei, maar is in die afgelope paar jare beskou as 'n bemagtigingsfaktor om te verseker dat alle ekonomiese rolspelers – verbruikers, ondernemings en die verskillende vlakke van die regering – in 'n wetlik veilige en voorspelbare omgewing saamwerk, gestruktureer in die rigting van ekonomiese groei en transformasie. Daar is 'n groeiende besef aan die kant van die besigheidsektor dat ekonomiese groei nie ten koste van billikheid moet wees nie en dat regverdigheid teenoor verbruikers en die omhelsing van verantwoordelike handel- en produksiepraktyke kan dien as mededingende voordele wat hulle goed te pas sal kom in 'n globale ekonomie, waar mededingendheid toenemend teen buitelandse mededingers eerder as teenoor plaaslikes sal wees. Die benadering wat deur die regering aangeneem word, is om meganismes vas te stel en te implementeer wat die voordele van die land se ekonomiese groei sal ontsluit, terwyl sosiale koste geminimaliseer word deur te strewe na sosiale doelwitte soos die vermindering van persoonlike skuld; die verskaffing van bekostigbare en deursigtige toegang tot krediet; die ontwikkeling van sosiale en ekonomiese infrastruktuur en die instel van maatreëls om die negatiewe sosiale gevolge van gereguleerde industrieë te beveg. Dit is daarom die siening van die Departement dat die voorsiening van 'n effektiewe en doeltreffende verbruikersbeskermingsdiens binne die departement 'n beduidende bydrae tot die Provinsiale Strategiese Doelwit 1 gemaak het.

Die mees beduidendste stappe om die Departement se strategiese uitkomsgeorienteerde doelwitte te bereik, was die verplasing van PSO 1 in tasbare programme en projekte, met duidelik uitgespreekte uitkomste en die opstel van die **Ekonomiese Sinteseverslag**, wat die basis sal vorm van 'n sewejaar ekonomiese ontwikkelingstrategie vir die Provinsie.

Om die ekonomiese intelligensie van die Provinsie te verbeter, is die **Ekonomiese Ontwikkelingsvennootskap** (EOV) in April 2012 van stapel gestuur. Die doelwitte van die EOV sluit in die bevordering, fasilitering, ontwikkeling en ondersteuning van:

- Ekonomiese en markintelligensie;
- Ekonomiese stelselprestasie en -monitering; en
- Ekonomiese vennootskappe op verskillende vlakke in die ekonomiese stelsel

Die EOV en die Departement het **OneCape 2040** suksesvol opgestel, om "n veerkragtige, inklusiewe en mededingende Wes-Kaap te ontwikkel met hoër koerse van indiensneming, wat groeiende inkomste, groter gelykheid en 'n verbeterde lewenskwaliteit" produseer. Om hierdie visie te implementeer, is dit alreeds betrokke by 'n aantal sleutelprojekte en programme, wat gefokus is op werkskepping, belegging, onderneming en innovering.

Alle maatreëls is geneem om te verseker dat die strategiese sleutelprioriteite vir groei en werkskepping steeds gerealiseer word in die Toerisme-, Rolprent en Handwerksektore, terwyl koste-effektiewe en doeltreffende leweringsmeganismes verseker word.

Vir Toerisme Bestemmingsbemarking was die fokus op die groei van die sektor, met sleutelbemiddelings in besigheidstoerisme, ontspanningstoerisme en geleenthede. 'n **Toerisme, Kunste en Vermaak** vraaggeleide strategiese plan vir werkskepping en groei is ontwikkel. Die doel van hierdie fokuspunt was om 'n groeiplan vir die geteikende sektore te ontwikkel wat sal voorsien aan en bydra tot die oorkoepelende strategiese plan soos voorsien in PSO 1. Ondersteuning vir die Toerisme, Kunste en Vermaak sektorgroei is verskaf deur te fokus op toeriste-aankomste en spandering in die Toerisme-industrie en om die waarde van handel en beleggings vir die Rolprent en Handwerksektore tydens die finansiële jaar te vehoog. Toerisme infrastruktuurgeleide ekonomiese aktiwiteite is ontwikkel, wat bereik is deur 'n noue verwantskap met die EPWP-programme op nasionale vlak, en het gekyk na die ontwikkeling van strategieë wat medebefondsing vanaf verskeie deelhebbers sal hefboom om Toerisme-infrastruktuur te ontwikkel en te verbeter. Werkgeleenthede in die geteikende sektore is gefasiliteer deur toerisme ondernemingsontwikkeling en toerisme menslike hulpbronontwikkeling.

Die **Werkerskorpsontwikkeling** se strategiese sleuteldoelwit is in lyn met Provinsiale Strategiese Doelwit 1: Skepping van geleenthede vir groei en werkskepping, en die Nasionale Ontwikkelingsplan (NOP) in die realisering van 'n omgewing vir volhoubare indiensneming, inklusiewe groei en bevordering van indiensneembaarheid in arbeidabsorberende industrieë.

Die uitdaging was egter dat ekonomiese groei nie merkbare werkskepping tot gevolg gehad het nie, met werkloosheid steeds die hoogste onder die jeug. In antwoord op hierdie uitdagings het die strategiese bemiddelings op besigheid, akademia, burgerlike gemeenskapsnetwerke en private en Verdere Onderwys en Opleiding betrokkenheid staatgemaak om te werk tot:

- 'n Verbeterde belyning tot die NOP om private belegging in arbeidsintensiewe gebiede te bevorder deur aangespoorde plasings, mentorskapskemas, toepaslike tegniese en sagte vaardigheidsopleiding, om te lei na vermindering van risiko om jonger werkers in diens te neem.
- Bevordering van plasing en moontlike indiensneming van jong mense in arbeidsabsorberende industrieë, waarvan die kernsektore is: groot- en kleinhandel, regering, vervaardiging, maritieme en gasvryheid. Hierdie sektore is in lyn met die voorspelde groei en indiensneming per sektor vir die Wes-Kaap (2000–11: Quantec-navorsing).
- Die verskaffing van oorbruggende tegniese en werkgereedheidsprogramme vir skoolverlaters, spesifiek ambagsmanne en matrikulante.
- Beter belyning met kurrikula en industriebehoeftes.
- Verhoogde betrokkenheid van die industrie in deelname en beïnvloeding van die Sektor, Opvoedkundige en Opleidingsgesag se Vaardigheidsplanne.

Hierdie strategiese bemiddelings behoort ook te help om die toekomstige sleutelvereistes van die ekonomiese rolspelers te bevredig in die voorspelde groei onder halfgeskoolde en geskoolde arbeid.

## 5. PRESTASIE-INLIGTING PER PROGRAM

### 5.1 Program 1: Administrasie

**Doel**

Om sterk innoverende leierskap te verskaf en om skoon, doeltreffende, koste-effektiewe, deursigtige en deelnemende korporatiewe dienste aan die Departement te lewer.

**Programstruktuur**

Subprogram 1.1: Kantoor van die DH

Subprogram 1.2: Finansiële Bestuur

Subprogram 1.3: Korporatiewe Dienste

**Strategiese doelwitte vir die finansiële jaar onder hersiening**

Vir die 2012/13 finansiële jaar het die Program die volgende strategiese doelwitte gestel:

a) Hou vlak 3 in stand en strewe vir die bereiking van 'n vlak 4 finansiële bestuursvermoë, en
b) Om horisontale en vertikale belyning met die Departementele Kommunikasiestrategie te verseker om die inwoners van die Wes-Kaap voldoende in te lig en te bemagtig deur toegang en konnektiwiteit met Departementele aktiwiteite te verskaf.

**Strategiese doelwitte, prestasie-aanwysers, beplande doelwitte en werklike prestasies**

Soos bo genoem, is die mandaat van die Program om innoverende leierskap te verskaf en om 'n skoon, effektiewe en doeltreffende korporatiewe diens aan die Departement te verskaf. As sodanig is die volgende twee kritiese areas geïdentifiseer. Hierdie is:

a) Om die migrasie na 'n vlak 4 finansiële bestuursvermoëgraad te verseker; en
b) Om 'n effektiewe kommunikasiestrategie te verseker wat die gemiddelde inwoner van die Wes-Kaap bemagtig.

Dit gesê, is vier kernstrategieë geïdentifiseer om die boublokke vir hierdie migrasie te vorm. Dit is:

a) Die verskaffing van uitstekende kliënteondersteuningsdienste;

b) Implementering van 'n deelnemende finansiële beleidsraamwerk;

c) Om te verseker dat alle personeel behoorlik bekwaam is om die finansiële en bestuurstandaarde wat vereis word, na te kom; en

d) Die verbetering van die Departement se kommunikasie-strategie.

**Verskaffing van uitstekende kliëntondersteuningsdienste**

'n Kritiese aspek binne die Program was om te identifiseer wie ons kliënte is. Hierdie vraag, terwyl dit eenvoudig mag klink, is uiters belangrik, omdat al die inligting wat geproduseer is, verpak moet word sodat dit die behoeftes van die geïdentifiseerde kliënte die beste pas. 'n Kritiese besluit is geneem om te verseker dat die Program nie 'n 'een grootte pas almal'-benadering volg nie. Die individuele behoeftes van ons kliënte moet in ag geneem word.

Tot hierdie mate het die Program nie net met ons interne kliënte (lyneenhede) geskakel nie, maar ook die inisiatief geneem om met die verskillende implementeringsagentskappe wat dienste lewer namens die Departement te ontmoet.

Sleuteluitkomste vir hierdie strategie was om te verseker dat alle deelhebbers in die ekonomiese ontwikkelingsfamilie op hoogte van sake was met wat nodig was om te doen, teen wanneer en die standaard van wat vereis word.

'n Verdere kritiese aspek van hierdie strategie was om vereenvoudigde prototipe te ontwikkel wat eenvormigheid en uitstekende kwaliteitstandaarde kan verseker. In hierdie verband is beste praktyk gedeel en minimum standaarde-prototipes is geproduseer vir verskeie dokumente, soos sakeplanne, voorleggings, projekplanne en projek moniteringsverslae.

Om aan die behoeftes van ons kliënte te voorsien, het die Program ook 'n hoeveelheid van sy rapporteringsmaatreëls verbeter. Die belangrikste hiervan is die kwartaallikse finansiële- en prestasieverslag aan die Gedeelde Ouditkomitee. Tydens die assessering van die behoeftes van die Gedeelde Ouditkomitee het die Program sy finansiële- en prestasieverslae saamgevoeg. Vir hierdie doel is die Departement deur die Gedeelde Ouditkomitee geprys vir die verskaffing van inligting wat bruikbaar, betroubaar en maklik om te lees is. Die komitee het ook genoem dat hulle die verslag met ander departemente sou deel as die maatstaf vir alle rapportering aan hulle.

Alhoewel die ontwikkeling van prototipes lank hou, het die Program ook die behoefte aan opleiding en bemagtiging beklemtoon. Die Program het grotendeels 'n aantal projekte bekendgestel wat gemik is op die versekering dat lyneenhede ten volle bemagtig is in alle aspekte van bestuur en finansiële bestuur. Hierdie bemiddelings het nie net op lyneenhede gefokus nie, maar ook die bykomende fokus gehad om seker te maak dat Finansiële Bestuurspersoneel op datum was met nuwe ontwikkelings in die finansiële bestuurspektrum.

'n Sleutelprojek wat deur die Finansiële Bestuurseenheid ingestel is om te help met kliënte-ondersteuning was om 'n nuwe IT-stelsel te inisieer om operasionele doeltreffendheid te bevorder binne die Departement, deur die fondasies te lê vir 'n hulpkantoor en kliëntondersteuningstelsel waar navrae gedoen, take toegedeel en die vordering aangeteken kan word. Die stelsel behoort binne die 2013/14 finansiële jaar geoperasionaliseer te word en deur die Batebestuurseenheid bestuur te word.

Verder, gedurende die jaar onder hersiening, het die program ook 'n projek onderneem om die beeld van die Departement te professionaliseer deur die herkapitalisering en opgradering van verouderde toerusting en die instelling van nuwe projekte wat die doeltreffendheid van personeel en verbruikers wat die dienste van die Departement gebruik, sal verbeter. Die eerste fase van hierdie projek was die opgradering van alle raadsale met nuwe gebruikersvriendelike toerusting. Hierdie projek sal ook bykomende voordele hê, omdat die lopende koste vir raadsale verminder sal word met meer omgewingsvriendelike toerusting. Daar moet ook op gelet word dat die verouderde toerusting wat uit hierdie projek gehaal is, herversprei is na verskeie nie-winsbejagte organisasies, soos die SOS Children's Village, Saartjie Baartman-sentrum, St Francis Volwasse Opvoedkundige sentrum en Sobambisana Gemeenskapsontwikkelingsprogram, en daardeur praktiese uitvoering aan die slagspreuk 'Verminder, Hergebruik en Herwin' en die 110% Groenprojek van die Provinsie gegee het.

**Implementering van 'n deelnemende finansiële beleidsraamwerk**

Die 2012/13 finansiële jaar het verskeie wysigings aan die finansiële bestuur beleidsraamwerk gesien wat deur beide die Nasionale en Provinsiale regerings ingestel is. Hierdie wysigings is primêr ingestel om uitvoering te gee aan die verskillende vorme van wetgewing soos die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, daaropvolgende

regulasies en Provinsiale Tesourie-instruksies, asook verkrygingspraktyknotas wat deur die Tesourie uitgereik is. 'n Verdere punt van die assesering van die behoefte om die beleidsraamwerk op datum te kry, is gesien in die hersiening van formele oudits wat met die Departement gedoen is en die hersiening van risiko-assesserings.

Tydens die jaar onder hersiening het die Program 'n streng proses onderneem om sy beleidsraamwerk (die Finansiële Handleiding) op datum te bring, wat 'n konsolidasie is van finansiële voorskrifte (PFMA, NTR's, PTI's en NT-praktyknotas) in een dokument vir maklike verwysing. Dit dien as 'n gids om finansiële ondernemings meer effektief en doeltreffend uit te voer.

'n Verdere verbetering gedurende die jaar was wysigings aan die begrotings- en beplanningsbenadering wat deur die Departement gevolg is. 'n Sleutelverbetering wat bekendgestel is wat die opstel van sakeplanne vir elke projek, wat die volgende voordele vir die Departement ingehou het:

a) Dit het verseker dat alle projekte wat deur die Departement onderneem is, in lyn was met algemene doelwitte;
b) Toewysing van doeltreffendheidsmaatreëls is verbeter omdat alle voorgestelde projekte teen mekaar vergelyk kan word, en dié met die grootste impak wat ondersteun word;
c) Projekbestuur en strategiese verkrygingsbeginsels is beklemtoon; en
d) Kontantvloeibestuurspraktyke is beklemtoon.

Met die skuif in die fokus na die effektiewe, doeltreffende en ekonomiese gebruik van hulpbronne, is prestasie-inligting en rapportering op die voorgrond van die bestuursomgewing geplaas. In 'n poging om te verseker dat al die prestasie-inligting aan die beginsels van betroubaarheid, geldigheid en akuraatheid voldoen, het die Finansiële Bestuur sy fokus op die Oudit op Prestasie-inligting (OOPI) versterk.

Voordele van die uitvoering van 'n OOPI-program is:

a) Dit help die Departement om die vordering na die bereiking van sy doelwitte te bestuur;
b) Dit stel die Departement in staat om ingeligte besluite te neem oor waar om hulpbronne te belê;
c) Dit gee die Departement die vermoë om implementeringsagentskappe verantwoordelik te hou vir prestasie; en
d) Dit gee versekering aan alle deelhebbers (Parlement, algemene publiek, ens.) dat die Departement sy hulpbronne toepas met die doel om doelwitte te behaal.

Interne Oudit het ook hierdie proses erken en het die oudit van prestasie-inligting wat deur die Interne Beheereenheid aangevoer is, binne die gekombineerde versekeringsmodel geïnkorporeer, wat by die laaste Ouditkomitee ter tafel gelê is. Die gekombineerde versekering het ander aspekte van werk wat deur die Interne Beheereenheid gedoen is, ingesluit by die gekombineerde versekeringsmodel.

**Geskikte bemagtigde personeel**

Die behoefte aan behoorlike bemagtigde personeel is van uiterste belang vir die suksesvolle bestuur van enige organisasie. Dit is ook van allerhoogste belang dat alle personeel bekend is met die verskillende finansiële voorskrifte wat 'n impak het op die werk van die Departement, om te verseker dat daar 'n behoorlike bestuurs- en oorsigomgewing is.

Verder, met meer bemagtigde personeel, sal minder klerklike foute plaasvind, wat vinniger omsettye, laer administratiewe koste en vinniger betaling van verskaffers tot gevolg sal hê. Dit kan duidelik gesien word in die gemiddelde hoeveelheid dae wat dit neem om krediteure te betaal, wat minder as 20 dae is vanaf die datum wat dit ontvang word deur die Finansiële Bestuurseenheid.

Nog 'n merkwaardige prestasie is persentasie van die begroting wat spandeer is, wat, vir die tydperk onder hersiening, 99,6% is van die gewysigde begroting. Hierdie prestasie kon net behaal word deur die onvermoeide werk van alle rolspelers in die projekbestuur-bestek, waar elke deelhebber, vanaf die diensverskaffer tot die projekbestuurder tot die finansiële bestuur, bewus was van hulle rolle en verantwoordelikhede en hoe elkeen inmekaarvloei om positiewe resultate by projekte te verseker.

Deur die onvermoeide pogings van die Bestuursrekeningkunde-span, in samewerking met die Interne Beheereenheid, het die Program verseker dat meer as 80% van die Departement se Voorafbepaalde Doelwitte (VBO's) bereik is. Hierdie poging kon slegs behaal word deur die konstante bemagtiging van alle personeel in die toeligting van die belangrikheid daarvan om na gestelde doelwitte toe te werk. Hierdie pogings is behaal deur

verskeie opleidingsessies, soos finansiële fokusvergaderings, verslae aan bestuur en publisering van verslae oor die Oudit op Prestasie-inligting (OOPI)-prosesse en 'n fokus op die monitering van projekte en programme deur die Departement.

**Kommunikasie-strategie**

Die Kommunikasie-eenheid het gedien as 'n skakel tussen die Departement en die Departement van die Premier se Korporatiewe Kommunikasie en Strategiese Kommunikasie-subdirektorate.

Die eenheid het verseker dat kommunikasieboodskappe oor die Departement se aanbiedings in lyn was met die Wes-Kaapse Regering se handelsmerkbelofte. Verder het die eenheid die leidende rol geneem om die Departement te lei in die bekendstelling van die Wes-Kaapse Regering se korporatiewe identiteit.

Die eenheid het 'n kommunikasieplan saamgestel en alle kommunikasie-bemiddelings, wat massamedia-veldtogte en publikasies insluit. Die eenheid het al die Programme gehelp met die voorligting van die kommunikasie-agentskap en koördinerende verkryging van kommunikasiedienste.

Die eenheid het ook 'n taaldiens aan die Departement gelewer, in lyn met die Wes-Kaapse Taalbeleid.

### Strategiese doelwitte

| Administrasie | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **Strategiese doelwitte** | **Werklike behaling 2011/12** | **Beplande doelwit 2012/13** | **Werklike behaling 2012/13** | **Afwyking van beplande doelwit tot werklike behaling vir 2012/13** | **Kommentaar op afwykings** |
| **Subprogram 1.2: Finansiële Bestuur** | | | | | |
| Finansiële bevoeg-dheidsmodel-syfer | 3+ | 3+ | **3+** | – | – |
| **Subprogram 1.3: Korporatiewe Dienste** | | | | | |
| Bewustheidsyfer | – | 70% | **70%** | – | – |

### Prestasie-aanwysers

| Administrasie | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **Prestasie-aanwyser** | **Werklike behaling 2011/12** | **Beplande doelwit 2012/13** | **Werklike behaling 2012/13** | **Afwyking van beplande doelwit tot werklike behaling 2012/13** | **Kommentaar op afwykings** |
| **Subprogram 1.2: Finansiële Bestuur** | | | | | |
| Persentasie voldoening tot die implementerings-raamwerk | 80% | 70% | **70%** | – | – |
| Getal finansiële doeltref-fendheids- bemiddelings geïmplementeer | 4 | 4 | **4** | – | – |
| Werklike besteding as persentasie van gewysigde begroting | 99.62% | 98% | **99.60%** | **1.60%** | Die Departement het beter presteer as wat verwag is as gevolg van 'n samewerkende poging onder al die rolspelers |
| Gemiddelde maan-delikse afwyking van kontantvloeiskatting | 6.59% | 5% | **3.83** | **1.17%** | Die Departement het beter presteer as wat verwag is as gevolg van die ho-eveelheid werk wat ingesit is om best-eding in lyn te kry met vooruitgeskatte projeksies |
| Getal IJ's voorgelê teen PT vervaldatum | 12 | 12 | **12** | – | – |
| Getal KPV's voorgelê teen PT vervaldatum | 4 | 4 | **4** | – | – |
| Graderings ontvang vanaf Interne Beheer teenoor Vlak 4-kriteria | 3+ | 3+ | **3+** | – | – |

| Administrasie | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **Prestasie-aanwyser** | **Werklike behaling 2011/12** | **Beplande doelwit 2012/13** | **Werklike behaling 2012/13** | **Afwyking van beplande doelwit tot werklike behaling 2012/13** | **Kommentaar op afwykings** |
| Opgedateerde Finansiële Handleiding | 100% Opgedateerde Finansiële Handleiding asook die Finansiële Bestuur Sakboekie | Opgedateerde finansiële handleiding | Opgedateerde finansiële handleiding | – | – |
| Gemiddelde getal dae vir die verwerking van betalings aan krediteure | Betalings aan krediteure binne 20 dae | Betalings aan krediteure binne 30 dae | Betalings aan krediteure binne 30 dae | – | – |
| Ongekwalifiseerde Ouditverslag met geen ander sake | Ongekwalifiseerde Ouditverslag | Ongekwalifiseerde Ouditverslag | Ongekwalifiseerde Ouditverslag | – | – |
| **Subprogram 1.3: Korporatiewe Dienste** | | | | | |
| Getal Departementele gebeurtenisse gekoördineer en ondersteun | 29 | 20 | **34** | **14** | Die Departement se behoefte aan hulp het die doelwit oorskry as gevolg van addisionele hulp benodig in terme van handelsmerkvoldoening. |
| Getal Jaarverslagkopieë in Engels | 300 | 300 | **300** | **–** | – |
| Getal amptelike dokumente vertaal | 28 | 20 | **50** | **30** | Die doelwitte is oorskry as gevolg van die aantal wetgewende veranderings wat die Departement gehad het. |
| Getal Departementele Nuusbriewe | 4 | 4 | **4** | **–** | – |
| Onderhoud van en opdatering van die Cape Gateway-webtuiste | 18 | 12 | **21** | **9** | Die Program was meer bewus van die voordele van kommunikasie via die web en met die Kommunikasie-eenheid se hulp, kon hierdie medium meer gebruik word as tevore. |

### Strategie om areas van onderprestasie te oorkom

Geen.

### Skakeling van prestasie met begrotings

**Subprogram-besteding**

| | 2012/2013 | | | 2011/2012 | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Subprogram-naam | Finale aanwending | Werklike Besteding | (Oor-)/ Onder-Besteding | Finale Aanwending | Werklike Besteding | (Oor-)/ Onder-Besteding |
| | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 |
| **Kantoor van die DH** | 3 486 | 3 486 | – | 2 259 | 2 259 | – |
| **Finansiële Bestuur** | 20 165 | 20 122 | 43 | 17 097 | 17 097 | – |
| **Korporatiewe Dienste** | 1 603 | 1 602 | 1 | 1 409 | 1 409 | – |
| **Totaal** | **25 254** | **25 210** | **44** | **20 765** | **20 765** | **–** |

## 5.2 Program 2: Geïntegreerde Ekonomiese Ontwikkelingsdienste

**Doel**

Om ekonomiese ontwikkeling te bevorder en te ondersteun deur gedeelde vennootskappe.

**Programstruktuur:**

Subprogram 2.1: Ondernemingsontwikkeling

Subprogram 2.2: Streeks- en Plaaslike Ekonomiese Ontwikkeling

Subprogram 2.3: Ekonomiese Bemagtiging

Subprogram 2.4: Rompslompvermindering

**Strategiese doelwitte vir die finansiële jaar onder hersiening:**

- Om 'n bemagtigde omgewing te skep wat die struikelblokke tot volhoubare besigheidsgroei, belegging en werkskepping minimaliseer;
- Verbetering van streeks- en plaaslike koördinering deur strategiese PEO-ondersteuning aan plaaslike ekonomiese rolspelers;
- Om 'n bemagtigende besigheidsomgewing te skep vir volhoubare ekonomiese bemagtiging deur die bevordering van verkrygingsgeleenthede vir plaaslike besighede; en
- Om 'n bemagtigende regulatoriese omgewing te skep en te onderhou deur die vermindering van rompslomp en ander onnodige lastige burokratiese prosesse en prosedures.

**Strategiese doelwitte, prestasie-aanwysers, beplande doelwitte en werklike prestasies**

**Ondernemingsontwikkeling**

**Verbeterde koördinering van en toegang tot ondernemingsontwikkelingsinisiatiewe en bemiddelings** was voortdurend die hooffokuspunt van die Subprogram. Die verandering in benadering van bemiddelaar tot die fasilitering van ekonomiese en ondernemingsontwikkeling, is tydens die afgelope finansiële periode subtiel ingefaseer in die manier wat die Departement sy sake doen. Een van die positiewe resultate van hierdie benadering was 'n toename in die getal toegangspunte vir professionele besigheidsontwikkelingsdienste (20 toegangspunte regoor die Wes-Kaap) deur die Vennootskapnetwerk (Seda, Weskus Besigheidsontwikkelingsentrum en The Business Place – Philippi). Die Ondernemingsontwikkelingseenheid het ook voorgegaan met sy werkende verhouding met die Suid-Afrikaanse Nasionale Apex-koöperatief. Dit het verseker dat die eenheid in 'n posisie was om koöperatiewe te bevorder as 'n manier om waarde te put uit die kollektiewe energieë en pogings van gemeenskapslede. Die nuutgevormde vennootskap met die Nasionale Bemagtigingsfonds (NBF) het tot gevolg gehad dat die NBF 'n bedrag van R12 miljoen bygedra het tot die Wes-Kaapse DEOET/NBF EO-fondsinisiatief. Hierdie vennootskap het ook gelei tot die daarstelling van 'n plaaslike NBF-kantoor in die Kaapstad sakedistrik. Die kantoor het in Junie 2012 in werking getree. Met dit het Wes-Kaapse gebaseerde ondernemings nou direkte toegang tot hierdie bron van befondsing – in teenstelling daarmee om met die nasionale kantoor in Gauteng te skakel.

**Besigheidsmededingendheid en groei** word gesien as 'n sleutelkomponent om werkskepping moontlik te maak. Die Ondernemingsontwikkelingseenheid het, vir die tydperk onder hersiening, sy Besigheidsmededingendheid-inisiatief geloods en voortgegaan met die Legacy Mentorskapprogram. Die Besigheidsmededingendheids-inisiatief is gerig daarop om vervaardigingsbelange toe te rus met moderne masjinerie en toerusting, terwyl die Legacy Mentorskapprogram toegang verleen het, teen geen koste vir die begunstigde besigheid, aan geakkrediteerde mentors.

Addisioneel tot die voorgenoemde bemiddelings, het die Ondernemingsontwikkeling ook gefokus op die **skepping van bewustheid en bevordering van entrepreneurskap** regdeur die provinsie. Dit het gelei tot die suksesvolle aanbieding, saam met die Stad Kaapstad, van die Kaapstad Entrepreneurskapweek. Die Departement het ook hierdie inisiatief suksesvol herhaal, alhoewel op kleiner skaal, in die Eden-gebied.

**Ekonomiese Bemagtiging**

Die bevordering van verkrygingsgeleenthede en toegang tot finansiering as bemagtigers vir die ontwikkeling en groei van klein besighede, is geïdentifiseer as die sleuteldoelwitte van die Ekonomiese Bemagtigingseenheid.

Die **Verskaffer Ontwikkelingsprogram** was 'n reuse sukses, en het gelei tot betekenisvolle uitkomste vir klein opkomende ondernemings. Die program, wat gemik is daarop om toegang te fasiliteer vir klein ondernemings na openbare en private sektorgeleenthede en om korporatiewes toe te laat om hulle aanvoerkettings te open vir

opkomende verskaffers, het bestaan uit praktiese werkswinkels en kapasiteitsbou-bemiddelings. Ons sterk vennootskap met die Provinsiale Tesourie het verseker dat die openbare sektorverkrygingskomponent van die program, soos in vorige jare, 'n reuse sukses was.

'n Tweede sleutelfokusarea vir die Ekonomiese Bemagtigingseenheid was **verhoging van toegang tot besigheidsfinansiering en aansporingskemas.** Hierdie het, na maande van beraadslagings, gelei tot die formalisering van 'n werkende verhouding tussen die Nasionale Bemagtigingsfonds (NBF) en die Departement. Die WK DEOET/NBF Fondsinisiatief het toegang tot laekoste finansiële produkte aan Wes-Kaap gebaseerde entrepreneurs gefasiliteer. Die Ekonomiese Bemagtigingseenheid, in sy pogings om die opneem van regeringsaansporings en inisiatiewe positief te beïnvloed, ook die leiding geneem om 'n 'Toegang tot Finansiering-promosietoer' te reël regoor die Wes-Kaap Provinsie (Kaapstad, Eden, Klein Karoo, Kaapse Wynlande, Overberg en Weskus).

In sy pogings om te help met **bepleiting en die verhoogde bewustheid** (van verkrygingsgeleenthede), het die eenheid verskeie inisiatiewe onderneem in samewerking met die Provinsiale Tesourie, SARS, verskeie SEB Verifikasie-agentskappe en ander deelhebbers. Hierdie het uit werkswinkels en sessies bestaan wat op voldoening van openbare sektor-tenderaanbiedings, kosteberekening en ander kwessies vir suksesvolle bieëry, gefokus het. Hierdie platform is ook gebruik om bewustheid te skep met betrekking tot verkrygingsgeleenthede vir goedgekeurde besighede. In verbinding met voortgaande bewustheid van voldoening met betrekking tot tenders, het ons BBSEB-verifikasieprogram – wat klein besighede gesubsidieer het wat BBSEB-sertifikate wou verkry – steeds aandag en opname deur klein besighede getrek.

As deel van al hierdie projekte en bemiddelings, is ons verkrygingsportaal steeds wyd bemark as 'n wesenlike 'eenstop-winkel' vir tendergeleenthede.

**Streeks- en Plaaslike Ekonomiese Ontwikkeling**

Met die fokus om 'n bemagtigende besigheidsomgewing te skep, het die subprogram 'n strategie ontwerp om strategiese PEO te ondersteun tesame met die versterking van streeks- en plaaslike koördinasie.

Deur die leiding van strategiese PEO-bemiddeling, het die subprogram twee kliëntfokusareas vir die jaar gehad – plaaslike besigheid en plaaslike regering – en aangehou om te verseker dat strategiese, maar praktiese, benaderings geneem is en dat toepaslike planne en ondersteuningsinstrumente gebruik is vir betekenisvolle lewering.

Die **Streeksprogram vir Uitmuntenheid** van die subprogram het gemik daarop om die kapasiteit van plaaslike regering om PEO te bevorder, 'n hupstoot te gee, en gefokus op die assessering van munisipale prestasie en gapings aangespreek wat ontstaan het, om die vermoë van munisipaliteite om vrugbare grond te skep vir besigheid om te floreer, te versterk. PEO Raadgewende- en Ondersteuningsdienste het **PEO Bekwaamheidsassesserings** en Kapasiteitsbouprojekte ingesluit. Die PEO-Bekwaamheidsassesserings meet die PEO bekwaamheidsindekse van die 30 munisipaliteite in die Provinsie, en help om te werk na en bereiking van PEO-Bekwaamheidsindekse in elke munisipaliteit. Dit verskaf 'n vinnige assessering van die gereedheid van 'n munisipaliteit om PEO suksesvol te onderneem. Die resultate van die eerste meting wys dat die ondersteuning wat gegee is, tot gevolg gehad het dat sewe munisipaliteite voordeel getrek het en verbeterde PEO-bekwaamheidsindekse vir die afgelope jaar getoon het, met 'n oorprestasie van ses op die doelwit. Sestien munisipaliteite het ondersteuning ontvang, met sommige van hulle wat toegang verkry het tot veelvuldige bemiddelings. Uit die 27 munisipaliteite wat die basis gevorm het van ons vergelyking vir die twee periodes (2011/12 en 2012/13), het 20 munisipaliteite (74%) positief presteer in hulle algehele PEO-punte.

Die **Kapasiteitsbou-projekte** is gemik op die bou van bewustheid binne munisipaliteite van die belangrikheid van deeglike PEO-planne, strategieë en aksies; die bou van die kapasiteit van munisipaliteite rondom ekonomiese ontwikkelingskwessies om hulle bevoegdheid om vir PEO te lewer, te versterk, en om 'n toename in die aanneem van strategiese ekonomiese projekte aan te moedig, wat meer bemagtigde ondernemings binne opkomende sektore in streke tot gevolg gehad het. Die projekte wat onderneem is, het kapasiteitsbou-bemiddelings, soos deur munisipaliteite aangevra, ingesluit. Die volgende vier bemiddelings is vir die jaar geprioritiseer: Beleggingsbevorderingsopleiding, die PEO-bestuursopleidingsprogram, wat aangebied is in venootskap met SAPRA, die Genesis-opleidingsprogram vir die Overberg-streek, en die PACA-oefening wat in die Sentrale Karoo-streek onderneem is, en Knysna is ook gehelp met die voltooiing van 'n besigheidsklimaat-opname.

Die LPEO-subprogram het sy ondersteuning aan plaaslike regering voortgesit, spesifiek met betrekking tot streekvlak PEO-forums en die aanbieding van die **Provinsiale PEO-forum**. Die inisiatiewe was daarop gemik om koördinasie tussen munisipaliteite, die provinsiale regering en strategiese vennote in ekonomiese ontwikkeling op te bou en te versterk. Distriksvlak PEO-forums word deur distriksmunisipaliteite gekoördineer, terwyl die Provinsiale PEO-forum, wat halfjaarliks plaasvind, deur hierdie Departement gekoördineer word. Twee suksesvolle provinsiale PEO-forums is gehou (in September 2012 en Februarie 2013 onderskeidelik) met die doelwit om 'n provinsiale ekonomiese agenda te dryf en plaaslike ekonomiese agendas te ondersteun, gebaseer op prioriteite. Die sub-

program het ook die eerste uitgawe van 'n elektroniese **PEO-nuusbrief** ontwikkel en versprei, wat vennote en PEO-praktisyns in die tweede helfte van die jaar bereik het.

In terme van groeiondersteuning aan groepe van streekgebaseerde besigheid, het die subprogram 'n gesamentlike inisiatief tussen subprogramme (binne Program 2) ondersteun, wat die verfyning en implementering van die **PEO-groeifonds** aangespreek het. Dit het daarna gekyk om finansiële ondersteuning te verskaf om groeigeleenthede aan bestaande, streekgebaseerde besighede in liggings regoor die provinsie te stimuleer. Met wesenlike aanvraag wat deur die private sektor gegenereer is, was die Provinsiale Groeifonds in staat om sy doelwit van dertig besighede (met drie) wat ondersteun word in die uitbreiding van hulle besigheidsprosesse. Dit het beteken dat slegs 13 projekte ondersteun is in stede van 15 teen die einde van die finansiële jaar. Gegewe die aard van die fonds (gerig daarop om lewensvatbare vraaggeleide besigheidsvoorleggings te ondersteun), moet kennis geneem word van die twee faktore wat 'n impak op lewering het. Eerstens gebeur implementering vir uitbreiding van 'n sake-onderneming nie netjies binne die regering se finansiële jaar tydraamwerke nie; en tweedens, en meer belangrik, as die Fonds moet voortgaaan as 'n volhoubare bemiddeling deur die regering, moet dit verseker dat gesonde bestuurs- en rekenpligtigheidstandaarde toegepas word. Ongelukkig is dit te moeilik om te behaal binne die regering se finansiële jaartydraamwerk. Die lesse wat geleer is in terme van die Fonds is egter gebruik om 'n meer doeltreffende Fonds vorentoe te vorm en is onskatbaar as die regering volhoubare praktyke wil verseker.

Om op verbeterde **streek- en plaaslike koördinasie** te lewer, het die subprogram die afgelope jaar sy visier op die provinsiale regering gestel. Die subprogram het die meriete ondersoek van die instelling van 'n PEO-werkgroep en die besluit is geneem om nie op daardie stadium 'n PEO-werkgroep in te stel nie, omdat skakeling met sleutelrolspelers die volgende bydraes opgelewer het – daar was 'n oorvloed van platforms en meganismes wat met PEO te doen het; 'n meer gekonsolideerde provinsiale visie en plan vir Plaaslike Ekonomiese Ontwikkeling is benodig; ernstige oorweging oor die ontwikkeling van mededingende streke as bydraer tot uitkomste van SD1 (bo en behalwe prioriteitsektore) moes onderneem word; tesame met 'n stewige fondasie en fokusarea vir 'n transversele werkgroep om te takel indien die program gesonde rigting wil gee aan beplanning binne ander SD's, byvoorbeeld Vervoer, Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning, Plaaslike Regering, ensovoorts. 'n Behoefte is geïdentifiseer om 'n benadering tot plaaslike ekonomiese ontwikkeling te ontwikkel. Die subprogram het 'n PEO-posisiedokument ontwikkel en met 'n wye reeks deelhebbers gekonsulteer, wat gesprekvoering geopen het wat 'n begrip van PEO daargestel het en het 'n konsensus bereik oor hoe om PEO te definieer; asook die voorstel van 'n posisie om te help met die ontwikkeling van 'n Wes-Kaapse Regeringsposisie oor hoe dit PEO sien en wat sy benadering sou wees om PEO aan te spreek. Die voorstel van die PEO-posisiedokument is aanvaar en 'n proefprojek, wat die streekkoördinasie in aksie sou illustreer, is voorgestel. Daar is ooreengekom op 'n Weskus streekproefprojek vir die komende jaar om die basis van die PEO-posisiedokument te toets, tesame met die bepaling van die tipe bemiddelings en strukture wat vereis word om die skepping en onderhouding van mededingende streke te ondersteun.

Laastens het die subprogram op hoogte gebly van streekontwikkelings deur die ondersteuning van en deelname in ander transversele bestuursprosesse vir beter integrasie en lewering, deur 'n wesenlike rol te speel in die assessering van 30 IOP's van die plaaslike regering en die IOP Indaba-prosesse van PSO 10, die OLOP-nodes van PSO 11 en bydraes tot die PROR-hersieningsproses van PSO7 – wat daarop gemik is om te verseker dat strategiese PEO-bemiddeling en streekkoördinasie en fasilitering plaasvind om 'n impak te hê op streeksgroei en -ontwikkeling.

**Rompslompvermindering**

In die soeke daarna om uitvoering te gee aan die Wes-Kaapse Regering se aanvaarding van die rompslompvermindering as 'n kritiese komponent om PSO1 te realiseer, het die subprogram sy aktiwiteite vir die jaar gestruktureer rondom drie hoofbemiddelings – bewustheid en bepleiting; gestruktureerde reaksies op rompslompverwante kwessies en blokkasies en sektor-spesifieke ondersoeke en oplossingsvoorleggings.

Met betrekking tot **bewustheid en bepleiting**, het die subprogram sy **Munisipale Rompslompverminderingsprojek** bekendgestel in die laaste helfte van die jaar, na uitgebreide beplanning. Dit was kragtens 'n analise van die inbelsentrum-statistieke (sien onder), asook die voorlopige soekresultate, wat 'n hoë vlak van ontevredenheid onder baie besighede en besigheidsassosiasies aangedui het met sekere aspekte van munisipale administrasie in verhouding tot die regulering van plaaslike klein besighede. Die plaaslike munisipaliteite binne die Kaapse Wynland Distriksmunisipaliteit is vir hierdie projek geoormerk. Na verskeie maande van intensiewe skakeling met besigheidsmense en munisipale amptenare (en party burgemeesters), is planne ontwikkel in samewerking met die besigheidsektor en munispale amptenare om rompslomp te verminder of te elimineer. Daar word beplan om hierdie planne in 2013/14 te implementeer, terwyl pogings om inkoop van die politieke leierskap in die Eden Distriksmunisipaliteit vir die bekendstelling van die projek in daardie DM te verkry, in die laaste gedeelte van die 2012/13 finansiële jaar, geïnisieer is.

Verder het die subprogram **samesprekings gevoer met verskeie ander provinsiale departemente**, asook nasionale regeringsdepartemente, openbare entiteite en regulerende liggame, met wisselende suksesvlakke. Die interaksie met die provinsiale Departement van Vervoer en Openbare Werke was veral vrugbaar, met die resultaat van die instelling van 'n inloopsentrum wat verskeie sakeprosesse (en openbare prosesse) bymekaargebring het en ook typd spaar vir mense wat lisensies moet hernu, fooie betaal en op ander maniere met die Departement moet werk. Dit het ook gelei daartoe dat die subprogram navorsing versoek het oor die abnormale vragindustrie in die Provinsie, watter navorsing deur daardie departement gebuik word om met die bepaalde industrie te skakel. Interaksie met ander besigheidsgeoriënteerde departemente, soos Landbou en Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning, het voortgeduur teen jaareinde, met merkbare vooruitgang wat gemaak is ten opsigte van doeltreffendheid-verbeteringsveranderings, wat in 2013/14 geïmplementeer sal word. **Skakeling met ander besigheidsassosiasies, kamers van handel, sektor-assosiasies en regeringsdepartemente** het regdeur die jaar plaasgevind en teen jaareinde die samestelling van 'n massiewe databasis van kontakte wat in die subprogramme se bewustheidsinisiatiewe in 2013/14 gebruik sal word, tot gevolg gehad.

Die subprogram wou die tekort aan kennis van sy bestaan aanspreek (en die diens wat deur die eenheid aangebied word) deur die instelling van 'n massieve **radioveldtog** in die laaste helfte van die jaar. Dit het behels dat 'n voorafopgeneemde boodskap deur Minister Winde daagliks uitgesaai is op drie hoofstroomradiostasies in die Provinsie oor 'n tydperk van twee maande. Die sukses van die veldtog is gedemonstreer deur 'n merkbare toename in die hoeveelheid oproepe wat by die inbelsentrum ontvang is tydens en onmiddellik na die veldtog. Die inbelsentrum het 'n "bron van kennis"-opname gedoen, wat bevestig het dat die radioveldtog, gepaardgaande met (tot 'n mindere mate) mondelingse oordrag van die boodskap, die oorsaak van die toename was.

Die subprogram het ook verskeie sektor-spesifieke ondersoeke geloods, deur opdrag te gee vir verskeie **navorsingsinisiatiewe** om 'n fondasie van navorsing te skep om sy bemiddelings te anker en lei. Ingelig deur sy betrokkenheid by industrie-sektore en 'n analise van die sake wat by die inbelsentrum aangemeld is, is navorsing gedoen in uiteenlopende areas van ekonomiese aktiwiteit, wat deur onnodige regulering beperk word. Hierdie het ingesluit: immigrasie; invoer- en uitvoerregulering; rompslomp in die abnormale vrag-industrie en die eiendomsontwikkelingsektor; die regering se gebruik van sonverwarmergeisers en soortgelyk. Ingevolge die genoemde navorsingsinisiatiewe, het skakeling met die spesifiekie industriesektore en die regeringsdepartemente en reguleerders wat reguleer, begin. Hierdie skakelings was moeilik, frustrerend en arbeids- en tydintensief, maar het resultate begin toon teen die einde van die verslagdoeningsperiode, met die genoemde navorsing, terwyl dit nie onbetwis is nie, wat 'n basis vir hierdie skakeling verskaf het.

Die **besigheidshulplyndiens**, of die inbelsentrum, soos die diens algemeen bekend is, het voortgegaan om die belangrikste platform te wees vir besigheidseienaars om rompslomp-verwante kwessies te registreer en besigheidsverwante inligting te verkry. Die hoeveelheid oproepe wat ontvang is, het die doelwit van 500 met amper die helfte (48,4%) oorskry. Die meerderheid van die navrae (tussen 60% en 75%) is dadelik opgelos (sogenaamde eerste oproep-oplossing), terwyl die res oorgedra is na die rompslompverminderingseenheid vir spesialis-aandag of verwysing na ander departemente of sfere van die regering wat beter geplaas was of toegerus is om dit te hanteer. 'n Algehele oploskoers van byna 90% is behaal.

Die jaar is ook gekenmerk deur baie voorbereidingswerk wat onderneem is vir projekte wat in 2013/14 bekendgestel word. Dit het die **Rompslomp-uitdaging** ingesluit, waarin werknemers van die Wes-Kaapse Regering die geleentheid gegee sal word om groot rompslomp-blokkasies en frustrasies wat hulle in die werksplek ondervind, of veroorsaak, te rapporteer en maniere voor kan stel om daarvan ontslae te raak. Die eenheid het ook begin met skakeling met die Globale Entrepreneurskap Monitor-span en die Wêreldbank met die doel om 'n **streek ekonomiese prestasie-indeks** vir die Provinsie te produseer.

**Strategiese doelwitte**

| Geïntegreerde Ekonomiese Ontwikkelingsdienste | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **Strategiese doelwitte** | **Werklike behaling 2011/12** | **Beplande doelwit 2012/13** | **Werklike behaling 2012/13** | **Afwyking van beplande doelwit tot werklike behaling vir 2012/13** | **Kommentaar op afwykings** |
| **Subprogram 2.1: Ondernemingsontwikkeling** | | | | | |
| Getal nuwe besighede gestig | 498 | 300 | **300** | **–** | – |
| Getal besighede uitgebrei/volgehou | 723 | 600 | **443** | **(157)** | Die bewys van die realisering van die uitkomste het langer geneem as verwag. Ten spyte hiervan is daar steeds insameling van die uitkomste, wat in die nuwe finansiële jaar bereik sal word. |
| Waarde van fondse gehef | R4.2m | R10m | **R14.55m** | **R4.55m** | Die aanwyser word bereken op die waarde van fondse oorgedra deur die Departement na die NBF. Die ooreenkoms vereis dat die NBF 1,5 keer bydra van die befondsing wat die WKR beskikbaar maak. Omdat addisionele versoeke ontvang is van klein ondernemings, is meer befondsing na die Fonds geallokeer, wat gelei het tot 'n toename in fondse wat gehef is. |
| Getal poste gefasiliteer/volgehou | 4 806 | 2000 | **3 696** | **1 696** | Die onvermoë van groot ondernemings om arbeid te absorbeer, het 'n direkte impak gehad op toenemende ekonomiese aktiwiteit binne die KMMO-sektor, wat 'n verhoogde opname van werkgeleenthede binne die KMMO-sektor tot gevolg gehad het. |
| **Subprogram 2.2: Streeks- en Plaaslike Ekonomiese Ontwikkeling** | | | | | |
| Getal munisipaliteite met verbeterde PEO-bekwaamheid assesseringsindekse | – | 6 | **7** | **1** | Benewens die aanbied van kapasiteitsbou ondersteuningsprogramme aan die ses geteikende munisipaliteite, is die programme aangebied aan 'n addisio- |

| Geïntegreerde Ekonomiese Ontwikkelingsdienste | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **Strategiese doelwitte** | **Werklike behaling 2011/12** | **Beplande doelwit 2012/13** | **Werklike behaling 2012/13** | **Afwyking van beplande doelwit tot werklike behaling vir 2012/13** | **Kommentaar op afwykings** |
| | | | | | nele munisipaliteit, wat die hulp aangevra het, omdat dit moontlik was om dit te doen binne die beskikbare begroting. |
| Getal plaaslike besighede uitgebrei regoor munisipale gebiede | 5 | 30 | **33** | **3** | Meer as 2 besighede per aansoek is gemiddeld goedgekeur deur die Fonds, wat daartoe gelei het dat meer besighede uitgebrei kon word. |
| **Subprogram 2.3: Ekonomiese Bemagtiging** | | | | | |
| Getal bestaande besighede uitgebrei/volgehou | 20 | 200 | **200** | **–** | – |
| Getal poste gefasiliteer | – | 200 | **1 747** | **1 547** | 'n Wesenlike getal besighede (meer as wat oorspronklik verwag is) het by die besigheidsondersteuning gebaat. Hierdie besighede het groter getalle individue in diens geneem as wat geskat was op die tyd toe die doelwit gestel is. |
| Waarde van fondse gehefp | – | R2m | **R4.380m** | **R2.380m** | Die toename in beplande prestasie kan toegeskryf word aan die toename van 30% tot 50% private sektor-bydrae vanaf drie van die goedgekeurde projekte. Die gemiddelde persentasie-bydrae, bo en behalwe die bogenoemde goedgekeurde projekte, is 30%. |
| Waarde van verkrygingsgeleenthede gefasiliteer | R45.7m | R10m | **R132.361m** | **R122.361m** | Baie van die verkrygings-geleenthede is verkry uit die konstruksie-sektor, waar die waarde van verkrygingsgeleenthede baie hoër is as ander sektore. |

| Geïntegreerde Ekonomiese Ontwikkelingsdienste | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **Strategiese doelwitte** | **Werklike behaling 2011/12** | **Beplande doelwit 2012/13** | **Werklike behaling 2012/13** | **Afwyking van beplande doelwit tot werklike behaling vir 2012/13** | **Kommentaar op afwykings** |
| **Subprogram 2.4: Rompslompvermindering** | | | | | |
| Persentasie oplossingskoers vir navrae | – | 85% | **93.62%** | **8.62%** | Die oplossingskoers van klagtes is, uit noodsaaklikhed, 'n skatting. Dit hang af van faktore wat buite die beheer van die eenheid is, ingesluit die moeilikheidsgraad van die saak wat gerapporteer word, die vlak van detail wat verskaf is en die gewilligheid of andersins van die departement of sfeer van die regering wat verantwoordelik is vir die gebied wat betrokke is. |
| Getal posisiedokumente ter tafel gelê aan EISSC en aanvaar vir verdere aksie | – | 4 | **4** | **–** | – |
| Getal transversele blokkasies opgelos | – | 4 | **4** | **–** | – |

**Prestasie-aanwysers**

| Geïntegreerde Ekonomiese Ontwikkelingsdienste | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **Prestasie-aanwyser** | **Werklike behaling 2011/12** | **Beplande doelwit 2012/13** | **Werklike behaling 2012/13** | **Afwyking van beplande doelwit tot werklike behaling vir 2012/13** | **Kommentaar op afwykings** |
| **Subprogram 2.1: Ondernemingsontwikkeling** | | | | | |
| Getal bestaande KMMO's wat ondersteun is | 5 201 | 1 560 | **2 398** | **838** | Met die instelling van die Ekonomiese Ontwikkelingsentrums deur SEDA regoor die provinsie, is besigheidsontwikkelings-ondersteuning aan bestaande besighede meer toeganklik. (In totaal is daar 20 toegangspunte). Dit het tot gevolg gehad dat meer besighede van die diens gebruik maak as wat verwag is. |

| Geïntegreerde Ekonomiese Ontwikkelingsdienste | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **Prestasie-aanwyser** | **Werklike behaling 2011/12** | **Beplande doelwit 2012/13** | **Werklike behaling 2012/13** | **Afwyking van beplande doelwit tot werklike behaling vir 2012/13** | **Kommentaar op afwykings** |
| Getal nuwe KMMO's wat ontwikkel is | 3 515 | 1 000 | **2 846** | **1 846** | Met die instelling van die Ekonomiese Ontwikkelingsentrums deur SEDA regoor die provinsie, is besigheidsontwikkelings-ondersteuning aan bestaande besighede meer toeganklik. (In totaal is daar 20 toegangspunte). Dit het tot gevolg gehad dat meer besighede van die diens gebruik maak as wat verwag is. |
| Getal bestaande koöperatiewe (COGTA) wat ondersteun word | 171 | 10 | **14** | **4** | Die Departement het 'n koöperatiewe ondersteuningsprogram in plek gesit. Daar is volgehoue belangstelling vanaf bestaande koöperatiewe wat hulp direk van die Departement of sy vennote af verlang. |
| Getal nuwe koöperatiewe wat ontwikkel is (COGTA) | 112 | 5 | **14** | **9** | Die Departement het 'n koöperatiewe ondersteuningsprogram in plek gesit. Daar is volgehoue belangstelling vanaf bestaande koöperatiewe wat hulp direk van die Departement of sy vennote af verlang. |
| Getal besighede gehelp | 3 552 | 1 570 | **2 412** | **842** | Met die stigting van die stigting van die Ekonomiese Ontwikkelingsentrums regoor die provinsie in die eerste kwartaal, is die beskikbaarheid van besigheidsontwikkeling-ondersteuning aan bestaande besighede meer toeganklik. In totaal is daar 20 toegangs punte. Die aantal individue wat besighede begin, neem aanhoudend toe. Met die stigting |

| Geïntegreerde Ekonomiese Ontwikkelingsdienste | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **Prestasie-aanwyser** | **Werklike behaling 2011/12** | **Beplande doelwit 2012/13** | **Werklike behaling 2012/13** | **Afwyking van beplande doelwit tot werklike behaling vir 2012/13** | **Kommentaar op afwykings** |
| | | | | | van die Ekonomiese Ontwikkelingsentrums regoor die provinsie, maak die toeganklikheid dit makliker vir nuwe besighede om hulp te kry. |
| Getal nuwe besighede gehelp | 3 515 | 1 005 | **2 860** | **1 855** | Met die stigting van die Ekonomiese Ontwikkelingsentrums regoor die provinsie, maak die toeganklikheid dit makliker vir nuwe besighede om hulp te kry. |
| Getal entrepreneurskap bevorderings-bemiddelings | – | 2 | **2** | **–** | – |
| **Subprogram 2.2: Streeks- en Plaaslike Ekonomiese Ontwikkeling** | | | | | |
| Getal nuwe ekonomiese ontwikkelingsprojekte ondersteun op plaaslike- en streeksvlak | 9 | 15 | **13** | **–2** | Omdat die tydsduur van goedgekeurde projekte gewoonlik gemiddeld tussen 6 en 12 maande neem, is slegs 13 projekte voltooi vir die finansiële jaar. Die getal projekte wat goedgekeur is en wag vir befondsing, is 21. |
| Getal kapasiteitsbou bemiddelings aan munisipaliteite | 3 | 4 | **4** | **–** | – |
| Getal PEO-strategieë in lyn met PGDS en ander ruimtelike ontwikkelingsplanne | – | – | **–** | **–** | – |
| Getal PEO-assesserings | – | 30 | **30** | **–** | – |
| Getal munisipale spesifieke ekonomiese ontwikkelingsprojekte | – | 3 | **3** | **–** | – |
| **Subprogram 2.3: Ekonomiese Bemagtiging** | | | | | |
| Getal teikengroep spesifieke geleenthede geïdentifiseer | 612 | 1 000 | **1 000** | **–** | – |
| Getal teikengroep spesifieke bemiddelings | 115 | 20 | **23** | **3** | Effektiewe vennootskappe en doeltreffende beplanning het tot gevolg gehad dat daar 'n toename is in die versoeke vir bemiddelings. |

| Geïntegreerde Ekonomiese Ontwikkelingsdienste | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **Prestasie-aanwyser** | **Werklike behaling 2011/12** | **Beplande doelwit 2012/13** | **Werklike behaling 2012/13** | **Afwyking van beplande doelwit tot werklike behaling vir 2012/13** | **Kommentaar op afwykings** |
| Getal bestaande besighede gehelp | 100 | 750 | **922** | **172** | Die eenheid het 'n baie effektiewe en hoogs suksesvolle registrasieproses (WKVO) met die gevolg dat baie meer besighede ondersteun is. |
| Getal besigheids/ entrepreneur bevorderingsbemiddelings | – | 25 | **30** | **5** | Addisionele verkrygingsbevorderingversoeke is van deelhebbers ontvang. |
| Getal besoeke aan die Provinsiale Tender-webtuiste | 6 993 | 15 000 | **223 745** | **208 745** | Die neiging van meer besighede om kwaliteit- en geloofwaardige inligting elektronies te verkry, het gelei tot 'n merkwaardige toename in die hoeveelheid mense wat die webtuiste besoek. |
| **Subprogram 2.4: Rompslompvermindering** | | | | | |
| Getal inbelsentrum-navrae ontvang | – | 500 | **752** | **252** | Die getal navrae ontvang, is uit noodsaaklikheid 'n skatting en is afhanklik van faktore wat ver bo die beheer van die eenheid is, soos behoefte en die reaksie van die besigheidsektor op die bemarkingsinisiatiewe wat deur die eenheid ingestel is. |
| Getal transversele blokkasies geïdentifiseer vir bemiddeling | – | 8 | **9** | **1** | 'n Addisionele blokkasie is geïdentifiseer as gevolg van die druk vanaf die betrokke sektor. |
| Getal posisiedokumente | – | 6 | **7** | **1** | 'n Addisionele posisiedokument is voorberei omdat dit nodig geag is vir die direktoraat om sy posisie te neem en te stel in terme van 'n addisionele kwessie wat deur die betrokke sektor geopper is. |
| Getal bepleitingsbemiddelings | – | 12 | **12** | **–** | – |

### Strategie om areas van onderprestasie te oorkom

'n Gesamentlike poging aan die kant van al die vennote en deelhebbers (intern en ekstern) om rapporteringstelsels en -meganismes te hersien om belyning tot die departementele aanwysers/doelwitte, is onderweg.

## Skakeling van prestasie met begrotings

### Subprogram-besteding

| | 2012/2013 | | | 2011/2012 | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Subprogram-naam** | **Finale Aanwending** | **Werklike Besteding** | **(Oor-)/ Onder-Besteding** | **Finale Aanwending** | **Werklike Besteding** | **(Oor-)/ Onder-Besteding** |
| | **R'000** | **R'000** | **R'000** | **R'000** | **R'000** | **R'000** |
| **Ondernemings-ontwikkeling** | 26 283 | 26 281 | 2 | 28 247 | 28 247 | – |
| **Streeks- en Plaaslike Ekonomiese Ontwikkeling** | 13 328 | 13 315 | 13 | 9 446 | 9 446 | – |
| **Ekonomiese Bemagtiging** | 5 506 | 5 505 | 1 | 5 989 | 5 989 | – |
| **Rompslomp** | 4 357 | 4 357 | – | – | – | – |
| **Bestuur** | 1 848 | 1 848 | – | 8 100 | 8 100 | – |
| **Totaal** | **51 322** | **51 306** | **16** | **51 782** | **51 782** | **–** |

## 5.3 Program 3: Handel- en Sektorontwikkeling

**Doel**

Om ekonomiese groei deur industrie-ontwikkeling, handel en beleggingsbevordering te stimuleer.

**Programstruktuur**

Subprogram 1: Handel- en Beleggingsbevordering

Subprogram 2: Sektorontwikkeling

Subprogram 3: Strategiese inisiatiewe

Subprogram 4: Handel- en Sektorontwikkelingsbestuur

**Strategiese doelwitte vir die finansiële jaar onder hersiening**

Die program, Handel- en Sektorontwikkeling, het drie strategiese doelwitte wat gekoppel is aan die fokus op handel- en beleggingsbevordering deur Wesgro, versterking en bevordering van geprioritiseerde ekonomiese sektore en ontwikkeling van strategiese infrastruktuurprojekte deur Strategiese Inisiatiewe.

- Die stimulering, fasilitering en verhoging van ekonomiese groei en geleenthede deur uitvoere en beleggingsbevordering en 'n sterk ekonomiese streekshandelsmerk;
- Om ekonomiese sektore as 'n sleutelbydraer tot die bereiking van die maksimalisering van ekonomiese geleenthede, volhoubaarheid en groei te ondersteun en ontwikkel; en
- Groei en ontwikkel die provinsiale ekonomie en fasilieer ekonomiese geleenthede deur die ontwikkeling van strategies mededingende en/of infrastrukturele inisiatiewe.

**trategiese doelwitte, prestasie-aanwysers, beplande doelwitte en werklike prestasie**

'n Intense fokus op alle vlakke van die regering op die behoefte vir groei en werkverskaffing het die soeklig laat val op sektorale programme as 'n sleutelmeganisme vir die land om sy ekonomiese potensiaal te bereik. Dit word gereflekteer in die Nasionale Ontwikkelingsplan, die Industriële Beleidsaksieplan (IBAP) en deur SO1. 'n Sektorale benadering verskaf die strategiese raamwerk vir handel en belegging, strategiese inisiatiewe, KMMO-ontwikkeling en vir vaardighede.

Die Departement het voortgegaan met sy fokus op die bou van strategiese bekwaamhede in sy "voortdrywende" groeisektore van BPU, olie en gas, IKT en inbelsentrums, en op die "werkverskaffingondersteuning"-sektore van klerasie en tekstiele, landbou en voedselverwerking, en in die kreatiewe- en ontwerpsektore. Die Groen Ekonomie as 'n "voortdrywende" sektor is verhef in lyn met sy status as 'n SO1-prioriteit, en die vroeëre afnemende ondersteuning vir die kleiner gereedskapsektor is herfokus op die breër metaal- en ingenieurswesesektor, om voordeel te trek uit die groter herkapitalisering- en verkrygingveldtog op nasionale vlak.

Die prestasie in terme van die uitkomste is grootliks uitstaande, alhoewel die JPP-doelwitte nie 'n volle weerspieëling van die suksesse van die sektorale bemiddelings verskaf nie, en 'n aantal uitsetdoelwitte is nie bereik nie. Die program het 'n 82% sukseskoers behaal op sy doelwitte in die 2012/13 finansiële jaar, met 'n aantal strekdoelwitte wat nie behaal is nie. In geheel het die program R3,4 biljoen handel- en beleggingsprojekte aangetrek, 21 906 werkgeleenthede gefasiliteer, in 1 506 firmas gehelp en sewe strategiese projekte bevorder.

Merkbaar in die bydrae tot die prestasies hierbo, was die dinamiese prestasie van die BPU-sektor, BpeSA wat 2 489 nuwe inbelsentrumposte gefasiliteer het. Dit is gevolg deur BpeSA wat die VK se Buitelandse Bestemming van die Jaar gewen het, wat onskatbaar sal wees in die globale posisionering van die industrie.

SAOGA het 17 640 werkgeleenthede geskep, met 'n oorvloedige jaar van lewering, en daarmee die bemarkingspogings van die organisasie en die groeiende erkenning van Kaapstad as die olie- en gasmiddelpunt van Afrika. Dit word gerugsteun deur die voltooiing van 'n positiewe lewensvatbaarheidstudie vir die Saldanha IDZ, wat gefokus sal wees op 'n olie en gas instandhouding- en verskaffingbasis. Dit het gelei tot 'n verbinding deur die TNHO om 'n paar biljoen in hawe-opgraderings en infrastruktuur te belê om vir die verwagte groei in die olie en gas-sektor voorsiening te maak.

Om te verseker dat maatskappye gereed is om in die vraag te voorsien, is 1 506 firmas deur bemiddelings ondersteun wat gemik was op die opgradering van standvastige kapasiteite en om mededinging te verseker. Hierdie is veral belangrik om die vervaardigingsektor om te keer en seker te maak hulle kan in die plaaslike en globale

waardekettings kompeteer. As gevolg van die ingewikkeldheid van die uitkomsdoelwitte, het opnames om die positiewe uitkomste van firmas wat voordeel trek uit die inligtingsplatforms wat verskaf is en die uitbreiding van besighede, 'n swak reaksiekoers gehad, wat gelei het daartoe dat doelwitte nie behaal is nie.

Die Departement en GreenCape was instrumenteel in die hefboomfinansiering van R105 miljoen vir die SAHEOS herwinbare energie-opleidingsentrum. Die sektorspan het ook R25 miljoen gefasiliteer in IKT en gereedskapvaardighede, wat oor die volgende drie jaar bekendgestel sal word.

In die geheel is dit duidelik dat die werk van die Departement, in samewerking met die SDV's, die trajekte van baie van die sektore waarin hulle werk, verander. Dit is egter 'n sinergistiese poging tussen die SDV's, wat die dag-tot-dag netwerkvorming hanteer en die lewering van projekte onder elke sektor se firmas, die Departement wat hoër vlak strategiese kwessies hanteer en vertikale en horisontale belyning regoor die regering verseker, Wesgro wat die leiding neem met handel en belegging, en ander eenhede binne die Departement wat temagebaseerde insette verskaf, soos vaardighede, rompslomp en KMMO-insette. Die klustermodel, wat hierbo uiteengesit is, is 'n kragtige een en word nou aangeneem as die sentrale ekonomiese rol wat na provinsies onder 'n nasionale/provinsiale tesourie-taakspan oor ekonomiese ontwikkeling voortspruit en wat 'n tegniese dokument oor Klusters in Julie 2012 vrygestel het.

### 5.3.1 Sektorontwikkeling

#### a) Vervaardiging

Die vervaardigingsektore het oor die 2012/13 tydperk veerkragtigheid getoon, en meer as 17% van die Wes-Kaapse BBP behou en bo verwagting gepresteer in die meeste lewerings, deur die behaling en oorskryding in 'n aantal sake in hulle Jaarlikse Prestasieplan-doelwitte en behaling van die doelwitte van PSO1 deur die versekering van 'n bevorderlike omgewing vir werkskepping. Die werk van olie en gas om handel en beleggingbestellings na die provinsie te trek is besonder merkwaardig, met industrie rolspelers wat daarna verwys as 'n "oorvloedige" jaar.

Die vervaardigingsektore het die hoogste vermenigvuldigers van alle industrieë, as gevolg van hulle diep rugwaartse en voorwaartse koppelings met alle aspekte van die ekonomie. Dit is vir hierdie rede dat die vervaardigingsektore gesien word as die "werktuig van groei" van enige ekonomie, en dis hoekom die nasionale Industriële Deelname Aksieplan (IDAP) oorheersend daarop gefokus is om mededingendheid regoor sy kernsektore te dryf. Die IDAP is gefokus op die fasilitering van mededingendheid oor alle vervaardigingsektore en bevorder daarmee 'n omgewing waarin werkverskaffing volgehou kan word en selfs groei onder sekere omstandighede. Globale mededinging het egter onverbiddelik gebly in sy meedoënloosheid oor markaandeelwinste en in baie gevalle, soos gereedskap en meubels, was die fokus op die herbou van die industriële vermoë wat deur buitelandse mededingers uitgedun was en deur beleidmakers afgeskeep is.

**Olie en Gas**

Dit is baie duidelik om te sien hoekom olie en gas 'n nasionale prioriteit is, en weereens ingesluit is in die IDAP; met die formulering van 'n nuwe DHN-span, om inter alia, sommige van die grootste infrastruktuuruitdagings wat die industrie in die gesig staar, en om lewering van die Saldanha IDZ te versnel. Met die ontploffing van olie- en gasontdekkings rondom die Oos en Weskus van Afrika, het ten minste 13 internasionale operateurs hulle streekskantore in Kaapstad gevestig. 'n Wesenlike verbetering in die verhouding tussen die industrie en TNHO is aangeteken, met voortdurende verbeterings tot die bestuur van die hawe van Kaapstad, insluitend die onderhoud van die hawe-infrastruktuur.

Ten spyte van ander areas van belang, het Kaapstad en Saldanha dit reggekry om 15 projekte te trek vir hierdie finansiële jaar, met die inwinning van R1,1 biljoen industriebestellings en skepping van 17 640 werkgeleenthede. Hierdie syfer sluit die kleiner vervaardiging- en onderhoudswerk en dienste wat plaaslike firmas verskaf, wat 'n geskatte addisionele R1 biljoen in die plaaslike ekonomie byvoeg, uit. Bo en behalwe die bogenoemde, was 15 inligtingplatforms gefasiliteer, 45 besighede was bygestaan met uitvoere en meer as R1 miljoen is gehefboomfinansier. Ses en twintig studente is geplaas binne die industrie en 102 werklose studente, ambagsmanne en bestuurspersoneel se vaardighede is verbeter en is opgelei. Lidmaatskap van SAOGA het gegroei tot 151 maatskappye van regoor die waardeketting en hou aan om belangstelling van 'n aantal nuwe maatskappye wat wil aansluit, te trek.

Gedurende die oorsigjaar, het die SAOGA, deur die Hawe Kluster-Leierskapspan (HTLS), opdrag gegee vir die "Ontwikkeling van die Olie- en Gasindustrieverslag 2012–2020", wat die Versoek vir Voorleggings in kennis sal stel vir die kaaiverlenging en die drywende dok vir Saldanha-hawe. Die pasvoltooide Hawehandboek sal ook

dien as 'n bemarkingsinstrument om huidige en potensiële beleggers in te lig. In die laaste deel van die jaar het SAOGA opdrag gegee vir 'n kort promosie-video, om die industrie en SAOGA te bevorder aan huidige en potensiële beleggers en deelhebbers.

**Klerasie en Tekstiele**

Met 'n 2,4% groei in die klerasie en tekstiele sektore oor die laaste dekade, en die merkbare omset in werkverskaffing, het die positiewe impak van die gesamentlik gedrewe en befondsde inisiatiewe in die klerasie en tekstiel waardeketting (Mode, Vervaardiging en Sny, Maak en Knip) vertroue gegee aan die poging wat ingesit is oor die laaste dekade, in die aandryf van 'n ekonomiese en industriële ontwikkelingsagenda, wat nie altyd gewild was in sy visie en bedoelde uitkoms nie. Die bekendstelling van die nuwe nasionale aansporingskema (KKTK), wat deur die klerasieklusters gekonseptualiseer was, het gelei tot 'n inspuiting van meer as R300 miljoen belegging in die klerasie-industrie en die langverwagte ommekeer. Dit het hand aan hand gegaan met die herstrukturering van die industrie, wat 'n totale nuwe model van verhoudings tussen kleinhandelaars en vervaardigers toon.

Die noue koördinasie van die drie SDV's wat die duidelike porsies van die klerasie waardeketting verteenwoordig, met die Kaapse Klerasie en Tekstielkluster (KKTK) wat die leiding geneem het in die verhouding met die kleinhandelaars, die Kaapstad Moderaad (KSMR) wat ingedring het in die bevordering van die kritiese rol van die plaaslike mode as 'n sleutelonderskeier regoor die industrie, en CLOTEX wat die kapasiteit van die CMT-sektor verhoog het om meer sistematies met die industrie te skakel.

Die Klerasiesektor-liggame het hulle doelwit oorskry en meer as 180 mense opgelei tydens die jaar onder hersiening. Tweehonderd en vyftien besighede is gehelp in die KMO-sektor en drie vennootskappe gevestig in die Mode-industrie. Hefboomfinansiering was laer as verwag. Met 'n doelwit van R7,5 miljoen, het die sektorliggame dit reggekry om getekende MVO's vir die volle bedrag te kry, maar uitdagings gehad rondom die papierwerk en tydige betalings; en dus nie hulle doelwit behaal nie. Met 324 werkgeleenthede gefasiliteer of volgehou, het die KKTK dit reggekry om hulle doelwit vir die tydperk te oorskry. Daar word gesê dat die nasionale groei van werkgeleenthede binne die sektor 'n verbetering getoon het, met 'n DHN-gestelde groei van 12 000 sedert 2010.

Meer merkwaardig gedurende die laaste jaar, was die voltooiing van die Tekstiel Karteringsverslag vir die DHN, en die dreigende implementering van wysigings aan huidige tarief-regime kan 'n omwenteling in die sektor bring; insetkoste met 11% of meer verminder en plaaslike produksie met miljoene kledingstukke laat groei. Aanwysing van klerasie en tekstiele onder die Wet op Voorkeurverkryging Beleidsraamwerk (PPPFA), sal ook 'n positiewe impak hê op werkgeleenthede, omdat die Regering se verkrygingvan hierdie produkte rekenskap gee vir miljoene Rande, en dus kan help met waardeketting mededingendheid en sektorgroei. Tans word slegs R14 biljoen van die totale R60 biljoen kledingsmark binne ons grense verkry. Dit gee plaaslike vervaardigers 'n baie groot geleentheid vir uitbreiding van markaandeel.

**Metale en Ingenieurswese**

Die grondslag wat gelê is deur die programme en bemiddelings oor die laaste drie tot vyf jaar deur die WKGI het 'n positiewe groei tot gevolg gehad vir maatskappye en die samewerking met beleggers het goeie potensiaal om werkgeleenthede in die industrie te skep. Die fokus van die projekte wat geïmplementeer is het geskuif om die breër vervaardigingsindustrie waardeketting in te sluit en het groot momentum geskep deur die mobilisering van die industrie en ander sleutelvennote en lede het toegevoegde waarde voordele ontvang.

Die ondersteuning en hulp wat van DEOET en NGIP (DHN) ontvang is, het die inisiatief in staat gestel om programme te implementeer wat die kapasiteit van die plaaslike verskafferbasis in die Wes-Kaap sal ontwikkel, wat hulle in staat sal stel om in potensiële besigheidsgeleenthede mee te ding, vernaamlik vanaf Maatskappye in Staatsbesit (MISB's), asook grootskaalse internasionale en plaaslike beleggers.

Die TDM-aangedrewe Program sal die eerste groep van 40 studente hê wat hulle vakleerlingskapprogram sal voltooi en nog 20 studente wat sal voortgaan met die program in die tweede jaar. WKGI, in samewerking met die Vaardigheidsontwikkeling-eenheid, het dit reggekry om R12 miljoen se befondsing vas te maak vir 'n addisionele 50 studente vanuit die Werkfonds om 'n vakleerlingskapprogram oor die volgende drie jaar te voltooi. Ses bestuurders en toesighouers van maatskappye het deelgeneem in die Bestuurontwikkelingprogram, gefasiliteer deur USB en nog 32 mense het deelgeneem in Prestasie Leerlingskapprogramme en CNC-opleidingsprogramme wat deur Produktiwiteit SA en Northlink-kollege onderskeidelik gefasiliteer is.

Die Kwaliteitbestuurstelsel en Besigheidverbetering-programme is voltooi en 'n aantal maatskappy het hulle ISO 9001/2008-sertifisering gefinaliseer. Die Markontwikkelingsprogram, wat die koppelaryproses met geleentheide van MISB's en internasionale vennote sal verbeter, is geloods met die profielsaamstelling van 72 maatskappye in die Wes-Kaap. Hierdie profiele sal opgelaai word na die NGIP- en UNIDO-databasisse. 'n

Voorbeeld webblad van een maatskappy is geskep en die res sal voltooi en opgelaai word teen die middel van die volgende kwartaal. Die maatstafoefening sal op twee vlakke met 10 maatskappye gedoen word, deur die UNIDO-maatstaf op een vlak en die WBA Werkzeugbau Akademie GmbH-maatstaf op die ander vlak, wat gevolg sal word met verskafferontwikkeling-bemiddelings vir hierdie maatskappye.

Die WKGI het tweemaandelikse inligtingplatforms gehou om lede in te lig oor die vordering op bestaande programme en beplande nuwe bemiddelings en moontlike markgeleenthede.

**Meubels**

Die meubelsektor het verander oor die afgelope dekade en het merkwaardige groei van 5,4% in die WK getoon. Die meubelindustrie het ook die IDAP as prioriteitsektor ingesluit, asook insluiting in die nuwe PPPFA, waar kantoor- en skoolmeubels, asook beddens en matrasse bestem is vir tussen 80 en 100% plaaslike inhoud. Hierdie bestemming in die sektor sal groot geleenthede skep vir die groei en ontwikkeling in die industrie.

Die eerste gedeelte van R2 650 600 is in Oktober 2012 ontvang vir die implementering van die Vaardigheidontwikkeling en Kluster-projek van die Departement van Nasionale Ekonomiese Ontwikkeling (DEO). Hierdie projek sal fokus op die opleiding van 200 mense in die meubelindustrie en die vestiging van 'n plaaslike meubelkluster. 'n Vaardigheidoudit is uitgevoer en die areas wat vir opleiding geïdentifiseer is, is bestuur, toesighoudend en tegniese vaardighede. Tien maatskappye het deelgeneem aan 'n Lenige (Lean) Vervaardigingsprogram om hulle produktiwiteit te verhoog; die program is geborg deur die FP&M SETA.

Die meubelontwerpkompetisie, wat oor die laaste drie jaar gefasiliteer is, het ondersteuning van die DHN en die FP&M SETA om 'n nasionale meubelontwerpkompetisie te hou, tot gevolg gehad. Maatskappye is gehelp om hulle produkte bekend te stel by die Design Indaba, wat in Februarie 2013 by KIKS gehou is en die wenners van die meubelontwerpkompetisie is ook by hierdie geleentheid aangekondig. Drie en dertig maatskappye is ook gehelp om aan die 2de Jaarlikse Trots Kaapstad Meubeluitstalling by Selection Warehouse deel te neem, waar plaaslike ontwerp en vervaardiging uitgestal is. Tien maatskappye het deelgeneem aan 'n handelsending na Angola as deel van die Afrika Markontwikkelingprogram en ander lande wat geteiken word is Ghana en Benin in 2013. Die WKMI het 'n aantal inligtingsplatforms gefasiliteer om lede in te lig oor projekte en programme, en ook 'n interaktiewe webtuiste bekendgestel wat inligting verskaf aan die verskillende deelhebbers in die meubelsektor.

**b) Groen Ekonomie**

Betekenisvolle werk is oor die afgelope finansiële jaar gedoen om 'n Groen Ekonomiese Strategiese Raamwerk te ontwikkel wat die Wes-Kaapse Regering (WKR) se bemiddelings in hierdie sektor sal lei. Die Strategiese Raamwerk identifiseer vyf sleutel fokusareas, naamlik slim lewenswyse en werk, slim mobiliteit, slim ekostelsels, slim agriverwerking en slim onderneming.

Sleutelhefbome ondersteun hierdie drywers waar die regering 'n rol het om te speel: regulering, infrastruktuurontwikkeling en versekering dat die provinsiale ekonomie die vermoë het om die groen ekonomie te ondersteun.

Die Raamwerk was die produk van skakeling met verskeie deelhebbers, en die Departement het nie net 'n leidende rol gespeel in hierdie proses nie, maar sou ook die leiding neem in die lewering van 'n aantal kwessies wat geopper is in die Raamwerk. Een van die addisionele voordele van die proses was dat die konsep van 'n groen ekonomie nou begin om 'n toonaangewende neiging regoor die Provinsie te word – alhoewel betekenisvolle groen ekonomie gefokusde besteding buite DEOET moontlik innoverende maniere om bemagtigende belegging in die gebied sal benodig.

Die Stad Kaapstad se projek om sonwaterverwarmers (SWV's) bekend te stel, het 'n dooie punt bereik as gevolg van administratiewe moeilikhede binne die Stad. Terwyl GreenCape en die Departement aangehou deelneem het aan die Stad se proses rondom die projek, is dit baie moontlik dat die projek nie sal voortgaan nie. GreenCape speel egter steeds 'n rol om die beleidkonteks vir die nasionale bekendstelling van SWV's te vorm, deur sy deelname in nasionale tegniese komitees binne die DHN, die Departement van Ekonomiese Ontwikkeling en die Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde.

GreenCape het steeds geskakel met nuwe en potensiële beleggers, deur te verseker dat die behoeftes van 'n ontluikende groen vervaardigingsindustrie deur die WKR verstaan word. Verder word die sektor direk beïnvloed deur administratiewe en beleidskwessies. In baie opsigte het die provinsiale regering nie die mag om die mark te beweeg nie, maar GreenCape het verseker dat hulle verstaan waar die hefbome is, en gebou op verhoudings met nasionale besluitnemingsliggame om die formulering van beleid in die groen ekonomie te beïnvloed. In hierdie opsig het die ontwikkeling van 'n hernubare energievervaardigende sektor 'n betekenisvolle hupstoot

gekry deur die toename in plaaslike inhoudvereistes in rondte drie van die nasionale verkryging van hernubare energie – 'n direkte gevolg van die werwingswerk wat GreenCape en DEOET oor die laaste 18 maande gedoen het. Baie inspanning het in die skepping van 'n groen vervaardigingspil in Atlantis ingegaan, en 'n aantal beleggingshindernisse is sover verwyder deur die samewerking tussen die Stad en die WKR. Die Stad Kaapstad het 75 hektaar industriële grond beskikbaar gemaak, en daar is op 'n ongekompliseerde en vinnige proses vir die instelling van grondeienaarskap ooreengekom. Verder het GreenCape opdrag gegee vir 'n Omgewingsimpakstudie vir die hele gebied, en daardeur 'n groot administratiewe vereiste vir voornemende beleggers uit die weg geruim en ernstige oponthoude vir die daarstelling van vervaardigingsaanlegte vermy. Tot op datum het 'n aantal tegnologievervaardigers Atlantis as 'n beleggingsligging oorweeg, maar daardie vervaardigers van groen ekonomie komponente wat alreeds hulle belegging gedoen het, het bruinveldterreine verkies as gevolg van hulle behoefte om die mark te diens in 'n relatiewe kort tydperk. Met plaaslike inhoudvereistes wat wesenlik verhoog het in die derde rondte van die HEBID (soos bo genoem), was windturbines- en toringvervaardigers – wat nie gebruik kan maak van bruinveld-ontwikkelings op ander plekke in die provinsie nie as gevolg van die bespreekte vereistes van sulke vervaardigingsfasiliteite – weereens in verbinding met GreenCape en die Stad oor hierdie vervaardigingspil.

Die volgende stap in die proses sal wees om met die DHN te skakel oor die instelling van 'n Spesiale Ekonomiese Sone vir groen en gevorderde vervaardiging in Atlantis. Daar word verwag dat 'n uitvoerbaarheidstudie vir die projek 'n aanvang sal neem in die 2de kwartaal van die 2013/14 finansiële jaar, en 'n bestuursgroep wat uit die Departement, die Stad, GreenCape, die EOP en die Kaapse Kamer van Koophandel bestaan, gevorm word om die proses plaaslik te lei. Die SES sal meer van die Stad se grond vereis om in die projek ingesluit te word, en ons sal van die WKR en die Stad vereis om 'n betekenisvolle belegging te doen in die soorte infrastruktuur wat so 'n SES sal ondersteun. Dit bied 'n unieke geleentheid om die provinsie te differensieër as 'n leier in groen en gevorderde vervaardiging, en – indien die aangewese belegging gedoen word in die ontwikkeling van die vaardigheidsbasis om hierdie sektor te ondersteun – sal lei tot groot privaat sektor-beleggings en vervaardigingswerkgeleenthede.

Die Departement en GreenCape het nie daarin geslaag om die doelwit van 50 opgeleide studente te behaal nie, as gevolg van SAQA wat die kwalifikasieproses na ses maande weer begin het, en daardeur die begin van die program vertraag het. GreenCape het egter hefboomfinansiering suksesvol vanaf die nasionale regering, die tersiêre en Verdere Opvoeding en Opleidingsektor en die private sektor verkry om die Suid-Afrikaanse Hernubare Energieopleidingsentrum (SAHEOS) by die Kaapse Skiereiland Universiteit van Tegnologie (CPUT) te vestig. Die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding het R105 miljoen oorgedra na CPUT vir die oprigting en bedryf van SAHEOS. Hierdie befondsing vanaf die Nasionale Vaardigheidsfonds bestaan uit R80 miljoen vir kapitale besteding, asook R25 miljoen vir bedryfsuitgawes oor drie jaar. Die aanvanklike inname van 30 studente sal in Duitsland opgelei word, te danke aan samewerking tussen die Gesellschaft für Internationale Zusammenarbeit (GIZ) en 'n aantal oorspronklike toerustingvervaardigers (OTV's) wat windenergietoerusting aan plaaslike windenergievervaardigers sal verskaf – op die basis dat die vakleerlinge deur hierdie hernubare energieontwikkelaars in diens geneem sal word. Hierdie samewerking is ook deur GreenCape bemiddel. Die bestek van die werk by SAHEOS sal uitgebrei word om te voorsien vir tegnologie-opleiding en uiteindelik navorsingspasie wat verwant is aan al die hernubare energietegnologieë, en die HE-installasies in hierdie en ten minste die Noord- en Oos-Kaapprovinsies sal diens.

#### c) Dienste-industrieë

Die Dienste-Industrieë Direktoraat fokus tans daarop om geleenthede in die stem BPU, middelkantoor BPU (finansiële dienste) en IKT-sektore sinergisties aan te gryp. Die groei van hierdie sektore is afhanklik van die beskikbaarheid van geskoolde arbeid teen mededingende pryspunte. Met dié doel het die direktoraat gefokus op die ontwikkeling van programme om sistematiese verandering aan die streekvaardgheidsomgewing in die toepaslike sektore te weeg te bring. Bevordering van die streekwaardeproposisie in die BPU-dienste-industrie, was ook 'n groot aktiwiteit, asook die hulp van IKT KMMO's en nuwe klein besighede. Die eenheid het ook begin om geleenthede rondom finansiële dienste te ondersoek. Hierdie sektor is ook 'n vername bydraer tot die plaaslike ekonomie en die Wes-Kaap het sentrums van uitnemendheid in die finansiële dienste-industrieë, wat wêreldwyd mededingend is. Die Dienste-Eenheid het met die Universiteit van Kaapstad saamgewerk om 'n dieper begrip van die sektor te ontwikkel, met die doel van die vestiging van 'n toegewyde finansiële dienste subdirektoreaat teen die 2014/15-jaar.

'n Doelwit vir die jaar was die ondersoek van sterk nisse binne die IKT-industrie, wat groter potensiaal demonstreer vir groei, ingesluit finansiële dienste (versekering, bankdienste en batebestuur), klein- en groothandel, besigheidsdienste en die ontwerpgeleide industrieë, wat kommunikasie en digitale media insluit. Die Departement het saam met UK gewerk om 'n verslag saam te stel oor die finansiële dienstesektor (ingesluit versekering, batebestuur, bankdienste, ens.) in die Wes-Kaap. Hierdie verslag sal die Departement toelaat om finansiële dienste te ontwik-

kel, bevorder en posisioneer om buitelandse finansiële markte te diens. Om voordeel te trek uit die kruisbesnyde aard van die IKT, het die Departement besluit om IKT binne finansiële dienste te bevorder as ‘n globale sentrum van uitnemendheid. Die Departement het met verskeie finansiële dienstemaatskappye geskakel rondom hulle IKT-vereistes, met die doel om hulle IKT-kapasiteit en infrastruktuur te hefboom om die sektor te laat groei.

HSO het hom ook verbind tot die navorsing van vergelykende en mededingende voordeel en waardeproposisie binne vertikale markte binne die Besigheidsproses Uitkontrakteersektor en die Departement het navorsing in die finansiële dienste en wetlike prosesse dienste nissegmente onderneem.

**Besigheidsproses Uitkontraktering (BPU)**

Die Wes-Kaap BPU-industrie het voortgegaan op sy pad van hoë groei en om internasionale erkenning te verhoog. Die sektor het 2 489 poste oor die periode toegevoeg – wat groei van 65% in die buitelandse dienste-industrie verteenwoordig. Totale agent-indiensneming in die provinsie het met 15% gegroei tot 32 000.

Die Departement het agt BPU-beleggings- of verkoopooreenkomste in die Provinsie gefasiliteer deur sy vennoot BPeSA Wes-Kaap. Merkbare beleggings in die streek deur die jaar was die vernaamste internasionale SERCO en Capita-uitkontrakteringsfirmas. Die aankoms van hierdie ondernemings toon die groeiende stand van die Wes-Kaap as ‘n wêreldklas BPU-diensteligging. Befondsing wat vir die tydperk gehefboomfinansier is, was meer as R1 miljoen, met bydraes vanaf verskeie industrielede.

Suid-Afrika het die Nasionale Uitkontrakteringsassosiasie (NUA) – VK Buitelandse Bestemming van die Jaar vir 2012 gewen. Die NUA is die VK se nasionale uitkontraktering industrieliggaam, en die toekenning verteenwoordig ‘n groot prestasie in die vertoning van die streek se BPU-aanbieding.

Die Departement en sy vennoot, BPeSA, het ook begin om die uitdaging van vaardigheidstekorte in die BPU-sektor aan te spreek. ‘n Raamwerk vir opleiding en vaardigheidsvlakke is geskep in samewerking met die industrie en die Departement en BPeSA is tans in kontak met die SETA’s en VOO’s om voortgesette befondsing vir opleiding vas te maak, gebaseer op die raamwerk dat die industrie toegang daartoe het.

**Inligtingkommunikasie Tegnologie (IKT)**

Die Departement het die streeks IKT-industrie ondersteun deur verskillende bemiddelings oor die afgelope jaar. Die primêre fokus was op vaardigheid- en ondernemingontwikkeling, met 113 poste wat gefasiliteer is deur vaardigheidbemiddelings van die CAPACITI1000-program, wat deur die Departement befonds word.

Die Departement het homself daartoe verbind om vier groot vaardigheidsinisiatiewe vir IKT-vaardighede te ontwikkel in samewerking met die akademia, firmas en die Vaardigheidskantoor. Bemiddelings sou primêr slegs op nagraadse vlak wees. Die volgende vaardigheidsbemiddelings is gelewer – vyf in totaal; Besigheid en Stelselanalise-programme, Java-ontwikkeling, SAP, IBM en IT-infrastruktuurbestuur. Die waarde van hierdie program is in 2012 deur die OBSA Werkfonds raakgesien toe hulle R12 miljoen in toelaagbefondsing aan die program oor die volgende drie jaar toegeken het.

Navorsing in sagteware prosesverbeteringstegnieke, om verbeterde sagtewarekwaliteit en verminderde sagteware ontwikkelingskoste te fasiliteer, is voortgesit. Die DHN het bygedra tot befondsing tot die werk wat die Kaap IT-inisiatief en UK Besigheidskool onderneem.

Program 3 het die taak gehad om ‘n Regulatoriese Impakassessering te doen van die wetlike en ekonomiese impak van die IKT regulatoriese omgewing in SA, tesame met Program 2: Geïntegreerde Ekonomiese Ontwikkelingsdienste. Hierdie werk word voortgesit en die HSO sal met IEOD skakel om assessering te produseer.

Die Departement se vennootskap met die Bandwidth Barn het 68 besighede en entrepreneurs gesien wat sy besigheidsmentorskappe en afrigtingsprogramme geneem het. Van hierdie, het 31 reeds verbeterde inkomste getoon of kostes verminder as gevolg van die bemiddelings.

Sektor-klusteraktiwiteite was suksesvol oor hierdie tydperk, met die Kaapse IT-inisiatief en sy filiaal wat 10 geleenthede en inligtingsplatforms gefasiliteer het. Fondse wat gehefboomfinansier is vir die tydperk was meer as R4,5 miljoen, waarvan die borge Old Mutual, Shoprite, die Foschini-groep en Telkom was. Om spesialisforums binne die IKT te versterk om industrie-samehang en mededingendheid te verbeter, het CITI verskeie geleenthede vir die industrie aangebied. Die Departement het ook geskakel met Wesgro en die Silicon Cape-forum om industrieskakelings te bou en bemiddelings te ontwikkel. Die taak van bevordering en benutting van waardeketting-sinergie binne die geïdentifiseerde vertikale, is aangespreek deur voortgesette klusteraktiwiteite wat verseker het dat sinergieë in die industrie herken en benut kan word.

Die Departement se taak was die versterking van 'n bemarkingsprogram om die Wes-Kaap te bevorder om invoere te verminder en BDB/uitkontraktering te verhoog. Dit was aangespreek via skakeling met Wesgro, Stad Kaapstad en PwC om die "Digitale Poort na Afrika: Kaapstad se Kreatiewe Sagteware Ontwerp en Ontwikkelingsektor"-verslag te ontwikkel en bekend te stel. Hierdie verslag sal vir beleggingsbevordering en bemarking gebruik word.

**d) Hulpbron Begunstigde Industrieë**

Die Hulpbron Begunstigde Industrieë (HBI) Eenheid het vir die oorsigjaar heelwat merkbare resultate behaal, spesifiek in die akwakultuursektor, wat reg is vir ontploffende groei met die aankondiging van die R800 miljoen aansporingprogram. Die fyn voedselinisiatief is ook besig om voort te beweeg, met al die doelwitte wat behaal word, en eksploratiewe werk en navorsing word gedoen in die natuurlike produktesektor, wat kulmineer in 'n aantal waardekettingstudies, befonds deur die Nederlandse regering.

Die HBI-eenheid tree op as katalisator vir die inwinning van groter belegging in hierdie sektor, wat die industrie help en 'n bevorderlike omgewing skep vir gesonde groei van die industrieë. Die 2012/13 finansiële jaar was 'n betekenisvolle stap vorentoe vir die HBI-eenheid in terme van beide benadering en die skaal van sy programme vir die hulpbronsektore. In die finansiële jaar onder hersiening het die Hulpbron Begunstigde Industrieë-eenheid gefokus op die volgende subsektore: Akwakultuur, Voedselverwerking en Natuurlike Produkte.

**Voedselverwerking**

Die HBI-eenheid het 'n aantal programme geïmplementeer om die industrie uit te brei. Dit het al sy doelwitte bereik in terme van besighede ondersteun, besighede gehelp en die uitkomste van firmas wat baat gevind het by die bemiddelings wat gedoen is. Die Eenheid het aan 100 voedselmaatskappye hulp verleen deur die implementering van die Voedsel Innovering Ondersteuning en die Voedselveiligheid en -Standaardprogram. Hierdie bemiddeling is belangrik om te verseker dat klein- en mediumspelers die kwaliteitstandaarde bereik om sodoende meer mededingend te wees, en daardeur meer doeltreffend mee te ding in die markplek, en om hulle in staat te stel om uitsette en indiensneming uit te brei.

Dit het die hefboomfinansiering-ondersteuning van R9 869 miljoen ingesluit deur die samewerking met sleuteldeelhebbers, soos die Agrifood Tegnologiestasie, Heuningtee-assosiasie en die Wes-Kaap Fyn Voedselinisiatief om programme oor navorsing en ontwikkeling, produkontwikkeling, voedseletikettering en KMMO-opgradering te ondersteun. Dit het 'n R6,5 miljoen belegging in 'n sjokolade ondersteuningsfasiliteit ingesluit. HSO het ook in vennootskap met Wesgro en die DHN gegaan om 20 maatskappye te ondersteun om deel te neem aan 'n handelsending na Ghana, asook na die Golf Voedsel Handelskou. Die Wes-Kaap Fyn Voedselinisiatief het ook 10 industriesessies gefasiliteer om maatskappye van netwerkgeleenthede en toepaslike industrie-inligting oor regulatoriese omgewing te voorsien, en die opleiding van 30 mense van die Heuningtee-gemeenskap in bewerking, kwekerypraktyke en die behandeling van saad, kunsmis en besproeiing gefasiliteer.

**Akwakultuur**

Die HBI-eenheid het al sy JPP-doelwitte vir akwakultuur bereik, en 'n betekenisvolle rol gespeel in die ontwikkeling (en bygedra tot die inhoud) van die DHN se eerste Akwakultuur-aansporingskema, naamlik die Akwakultuur Ontwikkelingsbevorderings-inisiatief (AOBI). Die skema, met 'n waarde van R800 miljoen, is einde Maart bekendgestel. Omdat die Wes-Kaap die hoogste aantal operasionele plase in die akwakultuur mariene- en varswatersektore het, word dit ook verwag dat die Wes-Kaap ongeveer 60% tot 70% van die aansporings sal kry.

Die Wes-Kaap Akwakultuur Ontwikkelingsinisiatief (WKAOI) het agt inligtingplatforms gefasiliteer, wat 20 maatskappye bygestaan het met aktiwiteite soos befondsing, tegnologie, terreinidentifikasie en uitbreiding. Tien addisionele maatskappye is ook direk gehelp met bemiddelings in dié verband. Die eenheid en WKAOI het, deur die ontwikkeling en implementering van die Dieregesondheidsprogram, 'n verdere tien maatskappye gehelp om hulle mededingendheid te verhoog, wat sal bydra tot hulle volhoubaarheid en groter marktoegang teen die einde Maart. Die eenheid en WKAOI het direkte befondsing ter waarde van R7 miljoen aan die WKAOI gehefboomfinansier, in vennootskap met die Departement van Landbou en die Internasionale Voedsel en Landbou-organisasie (VLO). Dit het ook ondersteuning vir die Community Abalone Farm in Doringbaai gefasiliteer en R2,4 miljoen se befondsing gehefboomfinansier vanaf die Omvattende Landbou-ondersteuningsprogram en 'n R8 miljoen private sektor bydrae om die eerste fase van die eerste Abalone gemeenskapplaas in die Wes-Kaap en Suid-Afrika te vestig. In samewerking met ander vennote het dit hefboomfinansiering van R3,4 miljoen gefasiliteer vanaf die Omvattende Landbou-ondersteuningsprogram om 'n 50/50 koste-aandeel-

houdingooreenkoms te realiseer tussen Viking Fishing en Tuna Marine Abalone in 'n perlemoenplaas in Buffelsjag aan die Suidkus.

Die eenheid het in noue samewerking met DLBV gewerk om die proses om die bestaande Perlemoen-kluster vanaf Hermanus na Gansbaai, as 'n Akwakultuur Ontwikkelingsone (AOS)/Spesiale Ekonomiese Ontwikkelingsone (SES) te verklaar. Die Eenheid en WKAOI, in samewerking met die Matzikama-munisipaliteit, het ook 'n aantal potensiële akwakultuurterreine in die Matzikana-distrik geïdentifiseer, wat die potensiaal het om as 'n AOS/SES verklaar te word.

### 5.3.2 Handel- en Beleggingsbevordering

**Beleggingsbevordering**

Vir die 2012/13 finansiële jaar het Wesgro sy laer band oortref deur R913 miljoen te lok, en 1 546 werkgeleenthede te fasiliteer, en sodoende sy doelwit vir die jaar oorskry. Die vooruitsig lyk positief met 'n sterk pyplyn in die nuwe jaar, aangesien die agentskap sy doelwit met 13 projekte oorskryf het. Die getal besighede bygestaan met uitvoere het die doelwit van 400 oorskry, met 646 firmas, en die agentskap het sy doelwit oorskry van die hoeveelheid projekte en bemiddelings ontwikkel met die SDM's.

### 5.3.3 Strategiese Inisiatiewe

Die Nasionale Regering en die Wes-Kaap het infrastruktuur as een van die vernaamste hefbome geïdentifiseer om ekonomiese potensiaal en werkskepping te ontsluit. Binne hierdie konteks het die Subprgram Strategiese Inisiatiewe, as sy huidige primêre klem, die Kaapse Katalisator-inisiatief, wat wentel rondom die inisiasie en ontwikkeling van ekonomiese, infrastruktuur-georiënteerde inisiatiewe wat ontwerp is om industriegroei en ekonomiese mededingendheid te stimuleer. Infrastruktuurontwikkeling vereis, uit sy aard, 'n drie tot vyfjaar projek voorbereidingsproses. Dit is hoofsaaklik omdat sy groot kapitale beleggingsvereistes streng prosedures noodsaak om te verseker dat projekte uitvoerbaar en lewensvatbaar is en dat projekte sy breër ekonomiese doelwitte volbring. Daarby het die Departement van Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme 'n streng nadruk geplaas daarop om nie net seker te maak projekte is vraaggelei nie, maar ook om te verseker dat daar inkoop en ondersteuning van ander regeringsentiteite (plaaslik, provinsiaal en nasionaal) is. Dit beteken dus dat wesenlike deelhebber koördinering moet plaasvind as 'n kernkomponent van die Kaapse Katalisator-projekte. Verder word die katalitiese aard van die Strategiese Inisiatiewe-projekte nie deur slegs infrastruktuur alleen gedefinieer nie, maar ook deur sy nadraai, deur die ondersteuning van inisiatiewe wat indiensnemingsmoontlikhede wil maksimaliseer en industriegroei en mededingendheid soos klusters, vaardigheidsontwikkeling, inkubasie en ander verwante infrastruktuurondernemings, ondersteun, wat nie moontlik sou gewees het sonder die Kaapse Katalisator-inisiatiewe nie.

Om responsief te wees, moet die Strategiese Inisiatief projekte die behoeftes van die deelhebbers en die bevindinge van die verskillende uitvoerbaarheidstudies en ondersoeke akkommodeer. Dit beteken dat die roete tot projekrealisasie dalk nie gebeur op die manier wat oorspronklik voorgestel is nie en partykeer nie binne die oorspronklik beplande tyd nie. Dit is te wagte, gegewe die komplekse aard van die projekte waar diverse entiteite se mandate en ondersteuning nodig is om saam te loop vir projekimplementering en sukses. Desnieteenstaande het die Subprogram: Strategiese Inisiatiewe gelewer op beplande mylpale en sy uitsetaanwysers, deur sewe infrastruktuurverwante projekte te ondersteun. Die vordering wat in elk van hierdie projekte gemaak is, is soos volg:

**Breëband-inisiatief:** Na aanleiding van die Wes-Kaapse Breëband Strategiese Raamwerk en die ontwikkeling van die aanvanklike besigheidsake in 2011/12, het die Departement die Breëband Programkantoor ingestel deur die nodige organisatoriese struktuur met OO en die inisiëring van die werwingsproses gestig, met 'n aantal interne poste wat gevul is. Bowendien het die Departement die Wes-Kaapse Breëband Publieke Private Venootskap by die Nasionale Tesourie geregistreer, wat die streng NT-proses vir die instelling van 'n PPP geïnisieer het. Dit het die verkryging van 'n Transaksie-adviseur ingesluit en 'n hupstoot gegee aan die uitvoerbaarheidstudie wat deur die Nasionale Regering genoodsaak is. Die Departement het ook die Stad Kaapstad ondersteun en meer spesifiek, die Saldanha-munisipaliteit met die ontwikkeling van die uitvoerbaarheidstudies van hulle Draadlose Netwerkprojekte, en die Departement van Onderwys bygestaan in die ontwikkeling van 'n besigheidsaak om hulle e-Opvoedkundige Visie te help realiseer, sodat die skoolomgewing maksimum voordeel kan trek uit die beskikbaarheid van breëband om die kwaliteit en standaarde van onderwys in die Wes-Kaap te verbeter.

**Saldanha Industriële Ontwikkelingsone.** Met die goedkeuring van die Provinsiale Kabinet om voort te gaan met die aansoek vir benoeming, het die IOS-span 'n gedetailleerde voorlegging aan die DHN saamgestel en ingedien. Die voorlegging het 'n positiewe aanbeveling verkry van die Vervaardigingsontwikkelingsraad, wat op sy

beurt 'n 60-dag openbare kommentaarproses geïnisieer het wat 'n openbare deelhebber inskakelingsprogram insluit. Na afloop van die finalisering van die openbare kommentaar-tydperk, is 'n Gemeenskap Vaardigheid en Opleidingskomitee, met twee verteenwoordigers uit elke wyk, gestig om maksimum ekonomiese voordele aan die plaaslike munisipaliteit te verseker. Die Saldanhabaai IOS Lisensiëringsmaatskappy het ook 'n kantoor gestig in Saldanhabaai om verhoogde koördinering met die gemeenskap en plaaslike regering te verskaf. Ten laaste het onderhandelings met die Industriële Ontwikkelingskorporasie die sluiting van 'n Memorandum van Begrip gesien in terme van IOK-grond wat op 'n langtermynbasis aan die IOS verhuur is.

**The Fringe.** Die hervorming van die Fringe-Inisiatief het in 2012/13 die ontwikkeling van die Wes-Kaapse Ontwerp-strategie gesien, gerugsteun deur 'n analise van die Wes-Kaapse Ontwerpindustrie en 'n normstellings-oefening wat ontwerp as 'n ekonomiese bemagtiger ondersoek. Die program het ook die pre-uitvoerbaarheid sakeplanne vir die ontwikkeling van 'n Ontwerppark en 'n "Kluster van Klusters"-spil geïnisieer. Die Ontwerppark sal fasiliteite verskaf vir die uitbreiding van vaardigheidsontwikkeling in die ontwerp en informatiewe dissiplines, 'n toetsgrond vir ontwerpprodukte en dienste wees en 'n uitstalspasie om ontwerp te vertoon en te bevorder, en die Departement werk in vennootskap met CPUT vir die ontwikkeling van hierdie produk. Met respek aan die "Kluster van Klusters"-hub, ondersoek die verskillende sektor SDM's van die Departement die uitvoerbaarheid om SDM's binne die Fringe te lokaliseer, met die doel om hulle aktiwiteite te sinergeer en om dienste te koördineer, met 'n bygevoegde beklemtoning om ontwerp te gebruik om die mededingingdheid van verskillende industrieë wat die Departement ondersteun, te verbeter.

**Lugtoegang.** Die Lugtoegangsprojek het ten doel om lugtoegang na en vanaf Kaapstad Internasionale Lughawe te verbeter, met 'n spesifieke fokus op die stigting van nuwe roetes en om die frekwensies van bestaande roetes na Afrika te verhoog. Deur saam te werk in vennootskap met die Lugvaart Maatskappy van Suid-Afrika, wat kundigheid en finansiering bygedra het tot hierdie projek, het die Departement 'n diensverskaffer verkry om drie besigheid gevallestudies te doen vir Ghanese, Nigeriese en Angolese roetes. Die resultate van hierdie studies sal in die laaste deel van 2013 gefinaliser wees en sal die basis verskaf om met lugrederye en toepaslike buitelandse regerings te skakel om roetes te open.

**Kaapstad Internasional Konvensiesentrum Uitbreiding.** Hierdie projek is gefokus daarop om KIKS se kapasiteit te vergroot om addisionele en/of groter konvensies, geleenthede en uitstallings in Kaapstad te akkommodeer, wat sal lei tot verhoogde besigheidstoerisme binne die omgewing. Behalwe die opmerklike koördineringsondersteuning deur die Departement met betrekking tot die provinsiale deelhebbers en die Stad Kaapstad, het 2012/13 die voorlegging van die Gewysigde Wet van die Convenco-wet, Wet 8 van 2000 gesien. Hierdie Wysigingswet is deur die Huis goedgekeur met een beswaar daarteen en afgeteken deur die Premier.

**Hawe van Kaapstad en Omgewing.** Met die projek wat rondom die geïntegreerde beplanning vir die ruimtelike-ontwikkeling in die Hawedistrik van die Stad Kaapstad wentel, is rasse skrede geneem tot die verbetering van die institusionele omgewing wat vereis word vir samewerking. Die Transnet Wes-Kaapse Strategiese Beplanningsforum is vir hierdie doel gestig om 'n koöperatiewe skakeling en beplanningsrol te speel vir sleutelprojekte en 'n spesifieke Werkstroom, wat bestaan uit Transnet, WKR en Stad Kaapstad, is saamgestel om sewe aksie-items te dryf waaruit groot projekte moontlik kan vloei.

**Kaapse Gesondheidstegnologiepark.** Die Park, wat geleë sal wees in die Pinelandsgebied, het ten doel om 'n kluster van gesondheidstegnologie en verwante organisasies en besighede te stig om te kapitaliseer op Kaapstad se vergelykende voordele in die veld en om markgeleenthede in Afrika aan te gryp. Die Fase 1 uitvoerbaarheidstudie is voltooi, met addisionele ondersoeke wat onderneem is in die hervestiging van 'n regeringsfasiliteit om die Park te akkommodeer. Die volgende stap sal wees om goedkeuring te verkry van die leierskap in die drie sfere van die regering vir goedkeuring om voort te gaan met die volgende fase van die projekvoorbereiding om konstruksie te begin in 2014/15.

### Strategiese doelwitte

| Handel en Sektorontwikkeling | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **Strategiese doelwitte** | **Werklike behaling 2011/12** | **Beplande doelwit 2012/13** | **Werklike behaling 2012/13** | **Afwyking van beplande doelwit tot werklike behaling vir 2012/13** | **Kommentaar op afwykings** |
| **Subprogram 3.1: Handel en Beleggingsbevordering** | | | | | |
| Waarde van beleggings en handel | R1.241bn | R765m tot R1.2bn | **R1.659bn** | **R459m** | Die afwyking is as gevolg van hoër as verwagte belegging vanaf die vervaardigings- en energiesektore. |
| Getal poste gefasiliteer/ volgehou | 1 313 | 765 to 1200 | **1 473** | **273** | Meer arbeidsintensiewe beleggings het 'n verhoging in poste tot gevolg gehad. |
| **Subprogram 3.2: Sektorontwikkeling** | | | | | |
| Waarde van befondsing / ondersteuning gehefboomfinansier | R 29.438m | R16.2m | **R124.244m** | **R108.044m** | Die afwyking is as gevolg van die hefboomfinansiering van befondsing vir die hernubare energie-opleidingsentrum. |
| Waarde van belegging en handel gefasiliteer | R1.879bn | R1.550bn | **R2.250bn** | **R700m** | As gevolg van die suksesvolle bekendstelling van groot projekte in die hernubare en BPU-sektore. |
| Getal poste gefasiliteer/ volgehou | 4 245 | 6 450 | **20 566** | **14 116** | Dit is as gevolg van die buitengewone sterk prestasie van die olie en gas en BPU-sektore. |
| Getal ledefirmas wat voordeel trek uit gefasiliteerde platforms | – | 541 | **–** | **(541)** | Die tydperk wat dit neem om 'n firmawye opname te doen, is onderskat en daarom nie moontlik in die tydraamwerke van die rapporteringsproses nie. |
| Getal bygestaande besighede uitgebrei | – | 170 | **38** | **(132)** | Die tydperk wat dit neem om 'n firmawye opname te doen, is onderskat en daarom nie moontlik in die tydraamwerke van die rapporteringsproses nie. |
| Randwaarde van kostebesparing | – | R5m | **R11.789m** | **R6.789m** | Die doelwit is gestel op vorige jare se prestasies en die doelwit is oorskry na 'n beter as verwagte wins op 'n suksesvolle program. |

| Handel en Sektorontwikkeling | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **Strategiese doelwitte** | **Werklike behaling 2011/12** | **Beplande doelwit 2012/13** | **Werklike behaling 2012/13** | **Afwyking van beplande doelwit tot werklike behaling vir 2012/13** | **Kommentaar op afwykings** |
| Waarde van skip/ touwerkherstelwerk | – | R1bn | **R1.100bn** | **R100m** | Die Olie en Gas-industrie het 'n beter as verwagte jaar gehad. |
| Randwaarde van uitvoere | – | R750 000 | **R7.141m** | **R6.391m** | Sterk vraag vanaf Afrika. |
| Salarisbydrae tot BBP | – | – | **–** | **–** | – |
| **Subprogram 3.3: Strategiese Inisiatiewe** | | | | | |
| Getal poste gefasiliteer/ volgehou | – | – | **–** | **–** | – |
| Waarde van infrastruktuurbelegging | – | – | **–** | **–** | – |

## Prestasie-aanwysers

| Handel en sektorontwikkeling | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **Prestasie-aanwyser** | **Werklike behaling 2011/12** | **Beplande doelwit 2012/13** | **Werklike behaling 2012/13** | **Afwyking van beplande doelwit tot werklike behaling vir 2012/13** | **Kommentaar op afwykings** |
| **Subprogram 3.1: Handel en Beleggingsbevordering** | | | | | |
| Getal handel en beleggingsprojekte gerealiseer | 10 | 10 | **6** | **(4)** | Die globale omgewing vir buitelandse belegging is steeds swak en is vererger deur binnelandse onstabiliteit. |
| Getal besighede bygestaan met uitvoere | 742 | 400 | **645** | **245** | Sterk vraag vanaf die uitvoergemeenskap. |
| Getal nuwe beleggingsprojekte in die pyplyn | 65 | 27 | **40** | **13** | 'n Gesonde pyplyn, moontlik as gevolg van belangstelling in Afrika. |
| Getal bemiddelings/ projekte gerealiseer met SDA's | 11 | 20 | **28** | **8** | As gevolg van beter werkverhoudinge regdeur die bank. |
| **Subprogram 3.2: Sektorontwikkeling** | | | | | |
| Getal mense opgelei | 38 | 330 | **416** | **86** | Die oorprestasie is as gevolg van die hoër vraag in die Klerasie-, Heuningtee- en IKT-sektore. |
| Getal besighede bygestaan | 1 760 | 445 | **445** | **–** | – |

| Handel en sektorontwikkeling | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **Prestasie-aanwyser** | **Werklike behaling 2011/12** | **Beplande doelwit 2012/13** | **Werklike behaling 2012/13** | **Afwyking van beplande doelwit tot werklike behaling vir 2012/13** | **Kommentaar op afwykings** |
| Getal handel en beleggingsprojekte gerealiseer | 17 | 10 | **24** | **14** | As gevolg van die uitstaande prestasie van olie en gas en BPU. |
| Getal inligtingplatforms gefasiliteer | – | 104 | **118** | **14** | Hoëvlak aktiwiteite van die SDM's. |
| Getal vennootskappe ingestel | – | 5 | **8** | **3** | Hierdie reflekteer die hoë graad van samewerking tussen SDM's en hulle vennote. |
| Getal beleggings gefasiliteer | – | 3 | **2** | **(1)** | Vertragings in die bekendstelling van die HEBOD-proses beteken dat die WK minder vooruitsigte het as wat verwag is. |
| Getal sektorintelligensieverslae/navorsing/katalogusse gelewer | – | 6 | **6** | **–** | – |
| Getal besighede bygestaan met uitvoere | – | 40 | **61** | **21** | As gevolg van hoër as verwagte vraag in die olie en gas en fyn voedselsektore. |
| **Subprogram 3.3: Strategiese Inisiatiewe** | | | | | |
| Getal mense opgelei | – | – | **–** | **–** | – |
| Getal infrastruktuurprojekte ondersteun | 10 | 6 | **7** | **1** | Die Subprogram was responsief tot die behoefte vir ondersteuning van die 7de projek. |

### Strategie om areas van onderprestasie te oorkom

Deel van die onderprestasie is as gevolg van faktore buite die beheer van die provinsiale regering, soos die vertragings in die HEBOD-proses, die getal beleggers wat tot 'n projek verbind het en die uitdagings met betrekking tot SAQA-goedkeuring van nuwe vaardigheidsprogramme.

## Skakeling van prestasie met begrotings

### Subprogram-besteding

| | 2012/2013 | | | 2011/2012 | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Subprogram-naam | Finale Aanwending | Werklike Besteding | (Oor-)/ Onder-Besteding | Finale Aanwending | Werklike Besteding | (Oor-)/ Onder-Besteding |
| | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 |
| **Handel en beleggingsbevordering** | 18 500 | 18 500 | – | 14 956 | 14 956 | – |
| **Sektorontwikkeling** | 45 083 | 44 803 | 280 | 35 616 | 35 577 | 39 |
| **Strategiese Inisiatiewe** | 37 571 | 36 871 | 700 | 16 854 | 16 183 | 671 |
| **Bestuur: Handel en sektorontwikkeling** | 1 122 | 1 122 | – | 1 830 | 1 821 | 9 |
| **Totaal** | **102 276** | **101 296** | **980** | **69 256** | **68 537** | **719** |

## 5.4 Program 4: Besigheidsregulering en bestuur

**Doel**

Om 'n billike, sosiaal verantwoordelike besigheidsomgewing in die Wes-Kaap te verseker – deur algemene bemiddelings binne die handelsomgewing en deur spesifieke bemiddelings waarvoor daar 'n mandaat in die Grondwet en nasionale en provisiale wetgewing en beleid bestaan.

**Programstruktuur**

Subprogram 4.1: Reguleringsdienste

Subprogram 4.2: Verbruikersbeskerming

Subprogram 4.3: Drankregulering

**Strategiese doelwitte vir die finansiële jaar onder hersiening**

- 'n Effektiewe provinsiale handelsomgewing wat gefasiliteer is deur 'n vermindering in regulatoriese hindernisse en inhiberende voldoeningsvereistes;
- 'n Sake-omgewing wat hoë vlakke van verbruikersregte-bewustheid onder die meerderheid van die Wes-Kaapse bevolking en sakegemeenskap weerspieël, ondersteun deur effektiewe klagtebestuur en oplosmeganismes; en
- 'n Regulatoriese omgewing wat 'n hoë vlak van openbare deelname weerspieël, die maksimalisering van voordele uit die drankindustrie vir die Provinsie en sy inwoners en die minimalisering van die negatiewe uitwerkings van drank deur verhoogde bewusmaking, verminderde beskikbaarheid van drank en beter wetstoepassing.

**Strategiese doelwitte, prestasie-aanwysers, beplande doelwitte en werklike prestasie**

In die 2012/13 finansiële jaar het die KVB goeie vordering gemaak om sy dienslewering te versterk en verfyn en daardeur die koppelvlak tussen kliënte en die Departement te verbeter. Die verskillende prestasieverwante verslae oor die strategiese doelwitte en prestasie-aanwysers word hieronder uitgeklaar:

**Regulatoriese hindernisse**

Dit moet genoem word dat die skepping van 'n bemagtigende besigheidsomgewing deur die aanspreek van hindernisse tot sake-ontwikkeling en groei, is een van die kernelemente van PSD1. In terme van Provinsiale Doelwit 1: "Skepping van Werksgeleenthede en Groei" is die vermindering van sogenaamde rompslomp wat sake-ontwikkeling en groei in die provinsie verhinder, beskou as een van die sleutelgebiede wat aangespreek moet word.

Hindernisse tot besigheidsgroei is 'n sluipende bedreiging vir besigheid en inhibeer spesifiek kleiner besighede wat so belangrik is vir die Wes-Kaapse ekonomie. Vir die jaar onder hersiening het die program die doelwit gehad om twee hindernisse te identifiseer en aan te spreek wat inhiberend geag is. In hierdie opsig moet dit genoem word dat die eenheid, as deel van die Departement se evaluering van voorgestelde wetgewing, sekere voorgestelde wetgewende wysigings geïdentifiseer het wat hindernisse tot besigheidsgroei en -ontwikkeling uitgemaak het of sou uitmaak. Die impak van hierdie hindernisse is daarna geïdentifiseer en 'n assessering van hierdie impak is daarna aan die nasionale struktuur voorgelê vir oorweging. Dit moet egter genoem word dat die eskalering vir beide provinsiale en nasionale owerhede van hierdie geïdentifiseerde sake nou die mandaat en funksie van die departementele rompslompverminderingseenheid geword het.

**Verbruikersvergoedingsdienste**

In die finansiële jaar onder hersiening het die KVB sy werk voortgesit met betrekking tot sy doelwit om 'n betroubare verbruikersdispuut-oplossingsowerheid te word vir verbruikers in die provinsie. Die KVB het daarom voortgegaan met sy gratis dispuutoplossingsdiens aan lede van die publiek in die provinsie en dit het beteken dat groot hoeveelhede verbruikersklagtes by die kantoor aangemeld is vir ondersoek. Die Wes-Kaapse KVB is steeds die provinsiale owerheid wat die grootste hoeveelheid sake onder die provinsies ontvang, ondersoek en oplos. Dit kan dus beweer word dat die groot volume sake wat aangemeld is, 'n direkte gevolg is van die vertroue onder inwoners om die diens van die KVB te gebruik. Boonop het die implementering van 'n statutêre vergoedingsdiens via die Wes-Kaapse Verbruikersake Tribunaal (WKVST) gerealiseer gedurende die finansiële jaar onder hersiening. Hierdie ontwikkeling het veroorsaak dat die KVB die WKVST gebruik het as 'n meganisme waardeur die oplos van sake versnel kon word. Dit is 'n betekenisvolle prestasie, omdat dit verbruikers die geleentheid gee om beslissings

te verkry op onopgeloste dispute, wat binne die jurisdiksie van die KVB en WKVST val. Die positiewe resultate wat deur die klagtebestuurspan van die KVB gelewer is, het 'n direkte verband met die bereiking van gestelde doelwitte.

In 'n poging om die impak van die resolusies wat deur die KVB gefasiliteer is, te monitor en aan te teken, is 'n spesifieke uitkomste-aanwyser ingesluit in die JPP vir die 2011/12 finansiële jaar. Die aanwyser het voortgegaan in die 2012/13 finansiële jaar. Hierdie prestasie-aanwyser is verwant aan die finansiële besparings wat oploop vir die verbruiker as gevolg van die KVB se bemiddeling. Die kriteria wat gebruik word om die finansiële besparing te bepaal is een wat voorgestel is deur die Departement van Handel en Nywerheid en is daarna deur alle provinsiale verbruikersbeskermingsowerhede aangeneem. In terme van hierdie spesifieke uitkomste-aanwyser het die bemiddeling deur die KVB in terme van klagtes aangemeld by sy kantoor, die geaffekteerde verbruikers 'n direkte totaal van net oor R5 miljoen gespaar. Hierdie bedrag is 'n oorprestasie van die gestelde doelwit, maar kan direk toegeskryf word aan die toename in die hoeveelheid klagtes wat die KVB ontvang het. Die toename in saakvolumes het natuurlik gelei tot 'n verhoogde geleentheid om meer sake op te los en daardeur meer geld vir verbruikers gespaar.

Die finansiële besparings weerspiëel óf die waarde van herstelwerk, óf terugbetalings, óf kontrakwaardebesparings óf produkvervangings wat aan verbruikers verskaf is. Dit is egter merkwaardig dat hierdie besparing die wetlike koste of ander fooie uitsluit, wat verbruikers sou moes betaal indien hulle hul klagtes via die formele wetlike proses geneem het. Indien hierdie addisionele koste in die KVB se berekening ingebring sou moes word, is dit vanselfsprekend dat die finansiële besparing vir die verbruiker baie hoër sou wees as die aangetekende bedrag. Dit is egter onteensegbaar dat die impak wat die KVB op die lewens van gewone verbruikers gehad het, duidelik sigbaar is met hierdie aanwyser.

As deel van die evaluering van die impak van die KVB se dienste binne klagtebestuur, is daar besluit om die persentasie van verbruikers wat tevrede is met die vlak en standaard van die diens wat die KVB gelewer het, te meet. Die resultate van so 'n assessering sou 'n aanduiding wees of die KVB werklik 'n waardevolle diens aan inwoners van die provinsie verskaf. Die opnameresultate het 'n oorprestering van hierdie doelwit aangedui. Hierdie prestasie is merkbaar, spesifiek in die lig van die uitdagings wat die KVB in die gesig gestaar het met betrekking tot die klagtebestuur. Soos gesien kan word in die inligting in hierdie verslag, het die KVB 'n instroming van verbruikersklagtes gehad as gevolg van die openbare belangstelling rondom die Wet op Verbruikersbeskerming. Dit het direk gelei tot druk op bestaande hulpbronne in die KVB om hierdie sake so gou moontlik te bestuur en op te los. Bo en behalwe die volumetoename, maak die beperkings op die mandaat van die KVB, soos daarvoor in die Wet op Verbruikersbeskerming (WOVB) voorsiening gemaak is, hierdie prestasie prysenswaardig. In terme van die WOVB is sekere sake eksklusief binne die domein en mandaat van die Nasionale Verbruikerskommissie en provinsiale owerhede soos die KVB het slegs 'n spesifieke mandaat. Die tevredenheidsvlakke wat bereik is moet daarom gesien word in hierdie konteks en die prestasie is meer as bevredigend.

**Verbruikersbewustheidsvlakke**

In die jaar onder hersiening het die KVB se verbruikersopvoeding en bewustheidseenheid sy uitstekende werk voortgesit in gemeenskappe, besighede, NWO's/NRO's, geloofgebaseerde organisasies, regeringsdepartemente en ander belangstellende deelhebbers. Die primêre mandaat van die verbruikersopvoedingseenheid is om die vlakke van bewustheid onder die voorgenoemde groepe oor verskeie belangrike verbruikersake te verhoog. Dit sluit die rol en funksie van die KVB, die inhoud van die Wet op Verbruikersbeskerming en basiese finansiële geletterdheid in. In lyn met hierdie mandaat het die KVB veelvuldige bewustheids-/inligtingsveldtogte en werkswinkels gehou met geteikende groepe regoor die provinsie. Die resultate van hierdie skakelings was positief, in besonder omdat die uitset- en uitkomste doelwitte soos gestel deur die KVB, bereik is. Dit moet genoem word dat, as deel van die Departement se monitering- en evaluasieprojek om die impak en sukses van die verskillende inisiatiewe wat uitgevoer is gedurende die finansiële oorsigjaar te verstaan, 'n opname gedoen is om die bewustheidsvlak onder verbruikers in die provinsie te bepaal. Die resultate het aangedui dat die verskillende inligtings- en verbruikersopvoedingsveldtogte wat regoor die provinsie uitgevoer is, doeltreffend was en baie positiewe resultate behaal het. In dié verband het die opnameresultate gedemonstreer dat 'n prysenswaardige verhoging in bewustheidsvlakke regoor die provinsie aangeteken is. Dit is duidelik dat die verskillende strategiese vennootskappe wat oor die afgelope paar jaar gevorm is, nou begin vrugte afwerp, veral binne die verbruikersbewustheid-kategorie. Een van die strategiese vennootskappe wat bygedra het tot hierdie toename in bewustheidsvlakke, is die verskillende skakelings met die drukmedia en radio (veral gemeenskapsradio)-sektor. Die oorgrote meerderheid van hierdie skakelings met hierdie sektor was op die basis dat beide partye die behoefte erken om inwoners met toegang tot inligting te voorsien wat hulle vermoë om hulself te beskerm, sal versterk. Die opnameresultate het die doeltreffendheid van hierdie en ander bewustheidsprojekte gedemonstreer

en daartoe gelei dat die KVB voort sal gaan om die verskillende bewustheidsveldtogte regoor die provinsie te bevorder en verfyn.

Een van die ander uitkomste wat deur die KVB gestel is, was om die persentasie verbruikers wat 'n verandering in finansiële gedrag toon ná KVB-bemiddeling, te meet. 'n Sleutel fokusarea van die verbruikersopvoedingsveldtogte wat tydens die tydperk onder hersiening gedoen is, is verwant aan die kwessie van finansiële geletterdheid en die behoefte om kwesbare verbruikers oor hierdie onderwerp te bemagtig. Hierdie spesifieke projek is 'n voortsetting van 'n inisiatief wat in die vorige jaar begin is. Omdat hierdie 'n voortsetting van 'n bestaande projek was, was dit geskik geag om 'n uitkomste-aanwyser te hê wat die sukses van die bemiddeling meet, om die impak te bepaal. Om die impak te bepaal, is 'n evaluasie daarom onder verbruikers wat die verskillende inisiatiewe bygewoon het, gedoen om te bepaal hoeveel van hulle 'n werklike verandering in hulle finansiële gedrag getoon het as gevolg van die inisiatiewe wat deur die KVB uitgevoer is. Hierdie evaluasie het getoon dat 'n groot volume mense wat die programme bygewoon het, 'n positiewe verandering in hulle finansiële bestuursgedrag getoon het.

'n Sleutelfokus van die KVB se benadering om sy mandaat uit te voer, veral in die lig van die geweldige toename in belangstelling van inwoners oor die kwessie van verbruikersbeskerming, was om sleutelvennootskappe met strategiese vennote te ontwikkel en onderhou. Die logika hieragter was dat 'n effektiewe en sterk werkverhouding met ander sleuteldeelhebbers sou dien as 'n bevordering van die dienste van die KVB. Boonop sou verskeie strategiese vennote in staat wees om deel te neem in verbruikersopvoedingsveldtogte wat deur die KVB aangebied is en daardeur die fokusgebiede wat aan mense wat die veldtogte bygewoon het, bevorder het. Die jaar onder hersiening het daarom gesien dat die KVB sy werk voortsit in die vestiging van effektiewe werkverhoudings en vennootskappe met 'n wye spektrum van rolspelers binne die verbruikersbeskermingsarena. Die vennootskappe wat ontwikkel is, het statutêre liggame wat verantwoordelik is vir verbruikersbeskerming, asook nie-regeringsorganisasies ingesluit. Sommige van die belangrike nie-regeringsvennootskappe het die volgende ingesluit:

**Verbruikersgoedereraad van Suid-Afrika:** 'n Strategiese vennootskap was voltooi met die Verbruikersgoedereraad van Suid-Afrika in soverre dit die bemiddeling en onderhandeling van klagtes teen hulle lede betref. Hierdie vennootskap het buitengewone positiewe resultate gelewer, wat verbruikers bevoordeel het. Dit het grootliks bygedra tot die vermindering van druk op die hulpbronne van die KVB, omdat sake gesamentlik effektief opgelos is. Hierdie vennootskap sal in die nuwe finansiële jaar voortgesit word.

**Die Banksektor:** Die KVB het 'n werkende verhouding ontwikkel met 'n aantal van die groot banke in Suid-Afrika. Die primêre fokus van hierdie vennootskappe is die verbetering van basiese finansiële geletterdheid onder die Wes-Kaap se inwoners. Hierdie vennootskap het volhoubare veldtogte oor finansiële geletterdheid regoor die provinsie tot gevolg gehad.

**Kaapse Skiereiland Universiteit van Tegnologie:** Hierdie instelling van Hoër Onderwys het 'n waardevolle vennoot van die KVB geword binne die arena van gemeenskapskakeling en die sogenaamde diensopvoedkunde. Die konsep van diensopvoedkunde is geskoei op die idee daarvan om studente geleentheid te gee om hulle teoretiese kennis op 'n praktiese manier toe te pas in gemeenskappe. Dit het studente uit verskillende beroepsrigtings die geleentheid gegee om aan gemeenskapsuitreikveldtogte deel te neem.

**Skole en Geloofsgebaseerde Organisasies:** Verbruikerstudies vorm deel van die kurrikulum van leerders binne die ekonomiese stroom by skole. Vanweë hiervan is vennootskappe met verskeie skole regoor die provinsie gevorm in terme waarvan werkswinkel-/inligtingsveldtogte gehou is met die leerders in hierdie spesifieke stroom. Net so het die bestuur van verskeie geloofsgebaseerde organisasies die behoefte aangedui om met die KVB in vennootskap te gaan om hulle lede van verskeie kennisinstrumente te voorsien, veral binne die finansiële geletterdheidomgewing.

**Verbruikersbeskermingsforum:** Hierdie forum is 'n assosiasie van al die provinsiale owerhede en uitgesoekte owerhede in die land. Die fokus van hierdie vennootskap is om te verseker dat daar 'n gekoördineerde benadering en respons tot verbruikersbeskermingsake is op nasionale vlak.

**Drankregulering**

Die 2012/13 finansiële jaar het die implementering van die Wes-Kaapse Drankwet, Wet 4 van 2008 gesien. Die Wes-Kaapse Drankraad is herdoop tot die Wes-Kaapse Drankowerheid (WKDO). Die Bestuursraad van die WKDO is op 12 Maart 2012 aangewys. Dit het die Raad in staat gestel om die nodige raamwerk en korporatiewe beleid in plek te sit, wat die operasionalisering van die WKDO verseker het. Dit het bestuur- en voldoeningsraamwerke soos MH-beleid, Finansiële Bestuursbeleid en die aanstellings tot die Dranklisensietribunaal en die Hoofuitvoerende

Beampte (HUB) ingesluit. Gedurende die 2012/13 finansiële jaar het die WKDO meeste van sy poste van die organogram wat deur die Organisatoriese Ontwikkeling (binne die Departement van die Premier) gevul en dit is deur die Kabinet goedgekeur. Gesekondeerde personeel van die Departement van Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme (DEOET) is teruggeabsorbeer in die Departement in teen 1 April 2013. 'n Standaard Bedryfsprosedureplan en 'n implementeringsplan om dranklisensie agterstande aan te spreek, is geformuleer en goedgekeur deur die Bestuursraad en deur die HUB geïmplementeer.

Die WKDO het die volgende gedurende die finansiële jaar bereik:

- Die lisensie-eenheid het op al sy JPP-doelwitte gelewer met die bystand van die Departement soos benodig. Die jaarlikse doelwit in die JPP vir die aantal aansoeke ontvang, was 3 364, wat die doelwit van 1 500 ver oorskry het. Die getal lisensies uitgereik was 916, wat ook die doelwit van 500 oorskry het.
- Die Voldoeningseenheid het proses- en uitsetverbeterings oor die 2012/13 finansiële jaar ondergaan. Inspeksies is gedoen om beter voldoening met lisensievoorwaardes onder lisensiehouers te verseker. Die eenheid het sy doelwit met betrekking tot die hoeveelheid inspeksies wat gedoen is, met 404 oorskry, met 'n totaal van 2 404 inspeksies gedoen vir die 2012/13 finansiële jaar.
- Die Bepleiting en Bewustheideenheid het met sy veldtog voortgegaan om alle deelhebbers, veral bestaande lisensiehouers, SAPS en die algemene publiek op te voed oor die implikasies van die nuwe Wes-Kaapse Drankwet, Wet 4 van 2008. Dit is gedoen via inligtingsessies en werkswinkels, in samewerking met gemeenskapspolisiëringsforums, die Suid-Afrikaanse Polisiediens, ander regeringsdepartemente en industrielede. Dit het regoor die Wes-Kaap plaasgevind en 123 inligtinsessies is gehou in samewerking met die toepaslike deelhebbers.
- Die Besigheidsondersteuningseenheid het verseker dat die daaglikse bedryfsfunksies van die Drankowerheid volgehou is. Dit het versekering van effektiewe en doeltreffende Finansiële Bestuur en Menslike Hulpbronbestuursprosesse ingesluit, met 'n goedgeorganiseerde registerdiens en 'n IT Infrastruktuurstelsel wat in plek is.
- Die WKDO het 'n suksesvolle Wes-Kaapse Drankkonferensie aangebied, waar toepaslike deelhebbers bymekaargekom het om toekomstige skakelings en die inhoud daarvan te bespreek, en te debatteer. Aktuele kwessies is bespreek en oor verslag gedoen.

### Strategiese doelwitte

| Besigheidsregulering en bestuur | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **Strategiese doelwitte** | **Werklike behaling 2011/12** | **Beplande doelwit 2012/13** | **Werklike behaling 2012/13** | **Afwyking van beplande doelwit tot werklike behaling vir 2012/13** | **Kommentaar op afwykings** |
| **Subprogram 4.1: Reguleringsdienste** | | | | | |
| Getal geïdentifiseerde regulerende hindernisse verminder | – | 2 | **2** | **–** | – |
| **Sub-program 4.2: Verbruikersbeskerming** | | | | | |
| Bewustheidsvlakke | 14% | 30% | **92% (463 mense wat aan op-name deel-geneem het)** | **62%** | Die aktuele belang in verbruikersregte-kwessies het 'n rol gespeel in die verhoging van bewustheidsvlakke onder verbruikers. Hierdie aktuele belang het wye mediabelangstelling gelok en verslae oor verskeie kwessies, inkluis die rol en funksie van die provinsiale kantoor. Dit het gelei daartoe dat meer verbruikers bewus geraak het van die provinsiale kantoor. Boonop is volgehoue opvoe-dingsveldtogte gehou in samewerking met verskeie deelhebbers regoor die provinsie, met die spesifieke voorneme om die bewustheidsvlakke onder inwoners te verhoog. Die resultate dui aan dat die gekoördineerde benadering 'n positiewe impak gehad het. |
| Getal strategiese verbrui-ker NRO-vennootskappe gevestig | 20 | 20 | **22** | **2** | Die toename in die hoeveelheid verbrui-kersbewustheids-pro-gramme wat deur die KVB gehou is, het direk gelei tot die versterking van ven-nootskappe tussen die KVB en ander toepaslike deelheb-bers. As gevolg hiervan is nog strategiese vennoot-skappe gevestig. |

| Besigheidsregulering en bestuur | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **Strategiese doelwitte** | **Werklike behaling 2011/12** | **Beplande doelwit 2012/13** | **Werklike behaling 2012/13** | **Afwyking van beplande doelwit tot werklike behaling vir 2012/13** | **Kommentaar op afwykings** |
| Monetêre waarde besparing aan verbruikers | R2.9m | R3m | **R5m** | **R2m** | Die verhoogde saakvolumes het verdere geleenthede geskep om verbruikers te help. Die natuurlike resultaat van die verhoogde oplossings is die toename in die Randwaardebedrag wat deur verbruikers gespaar is. Die voorspelling van die hoeveelheid sake, oplossings en Randwaarde-besparings is daarom moeilik om te maak, omdat 'n aantal faktore buite die Departement se beheer 'n impak sal hê. Die toename moet daarom in hierdie konteks gesien word. |
| Persentasie verbruikers wat tevrede was met die vlak en standaard van diens wat deur die KVB verskaf is | 51% | 50% | **83% (217 mense wat aan opname deelgeneem het)** | **33%** | Die toename in die tevredenheidspersentasie onder verbruikers is uiters positief en kan direk toegeskryf word aan die verbetering in dienslewering wat in die KVB ingestel is. Dit het vennootskappe met die toepaslike deelhebbers ingesluit in 'n poging om saam klagtes binne sektore aan te spreek wat verband hou met die strategiese vennote. As voorbeeld, het die vennootskap met Verbruikersgoedereraad van Suid-Afrika (VGRSA) positiewe resultate gelewer met betrekking tot die oplos van klagtes binne die verbruikersgoedere kleinhandel en vervaardigingsektor. |

| Besigheidsregulering en bestuur | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **Strategiese doelwitte** | **Werklike behaling 2011/12** | **Beplande doelwit 2012/13** | **Werklike behaling 2012/13** | **Afwyking van beplande doelwit tot werklike behaling vir 2012/13** | **Kommentaar op afwykings** |
| Persentasie van verbruikers wat 'n verandering in finansiële gedrag aangedui het ná die KVB-bemiddeling | 0% | 30% | **93%** **200 mense wat aan opname deelgeneem het)** | **63%** | Die verhoogde persentasieverandering in finansiële gedrag van verbruikers wat aan die KVB se skakelings deelgeneem het, kan deels toegeskryf word aan die erkenning onder verbruikers met skuld dat die enigste manier om hulle situasies op te los, sal wees om hulle finansiële gedrag te verander. |
| **Subprogram 4.3: Drankregulering** | | | | | |
| Persentasie van drankwinkels wat gelisensieer is | 30% (basislyn: 28 000) | 32.6% (basislyn: 26000) | **30.23%** | **(2.37%)** | 'n Laer as verwagte getal drankwinkels het die WKDO genader het vir die goedkeuring van lisensies. |

**Prestasie-aanwysers**

| Besigheidsregulering en bestuur | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **Prestasie-aanwyser** | **Werklike behaling 2011/12** | **Beplande doelwit 2012/13** | **Werklike behaling 2012/13** | **Afwyking van beplande doelwit tot werklike behaling vir 2012/13** | **Kommentaar op afwykings** |
| **Subprogram 4.1: Reguleringsdienste** | | | | | |
| Getal hindernisse geïdentifiseer | 0 | 2 | **2** | **–** | – |
| Getal hindernisse aangespreek | 0 | 2 | **2** | **–** | – |
| **Subprogram 4.2: Verbruikersbeskerming** | | | | | |
| Getal verbruikersopvoedings-programme uitgevoer | 203 | 200 | **275** | **75** | Die KVB het 'n statutêre verpligting om soveel as moontlik versoeke wat ontvang word vir verbruikersopvoedings-programme te akkommodeer. As sodanig is baie skakeling na-ure en oor naweke gedoen om aan die vraag te voldoen. |

| Besigheidsregulering en bestuur | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **Prestasie-aanwyser** | **Werklike behaling 2011/12** | **Beplande doelwit 2012/13** | **Werklike behaling 2012/13** | **Afwyking van beplande doelwit tot werklike behaling vir 2012/13** | **Kommentaar op afwykings** |
| Getal klagtes ontvang | 14 179 | 12 000 | **15 597** | **3 597** | Die voortgesette aktuele belang verwant aan die Wet op Verbruikers-beskerming het tot gevolg gehad dat meer dispute aan-geteken is as wat verwag is. Die KVB was daarom onder 'n statutêre ver-pligting om die addisionele sake wat aangemeld word, te ondersoek. |
| Getal klagtes opgelos | 8 728 | 9 000 | **19 039** | **10 039** | Die toename in die getal klagtes ontvang het direk daartoe gelei dat die hoeveelheid klagtes wat opgelos is, die doelwit oorskry het. |
| Getal klagtes aange-stuur aan die tribunaal vir oorweging | 0 | 100 | **149** | **49** | As gevolg van die verwagte getal komplekse sake wat ontvang is. |
| Getal verbruikersop-voeding-publikasies ontwikkel | – | 10 | **10** | **–** | – |
| Getal streekskantore wat geoperasionaliseer is | 3 | 4 | **3** | **(1)** | Die Departement het besluit dat, as gevolg van opera-sionele redes, sal 'n formele kantoor nie in die Sentrale Karoo gevestig word nie. Hierdie streek was egter gediens deur hoofkantoor-personeel en die koördineerder vir die Suid-Kaap/Eden-streek. |
| Getal navorsingsverslae voltooi | – | 2 | **2** | **–** | – |
| Getal finansiële gelet-terdheid werkswinkels aangebied | 100 | 60 | **84** | **24** | Die vraag na finan-siële werkswinkels styg voortdurend as gevolg van die finansiële probleme wat wêreldwyd ervaar word. Die KVB moes positief reageer op hierdie |

| Besigheidsregulering en bestuur | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **Prestasie-aanwyser** | **Werklike behaling 2011/12** | **Beplande doelwit 2012/13** | **Werklike behaling 2012/13** | **Afwyking van beplande doelwit tot werklike behaling vir 2012/13** | **Kommentaar op afwykings** |
| | | | | | versoeke. Die KVB het uitnodigings aanvaar en sommige van die werkswinkels is na-ure of oor naweke aangebied. |
| Getal mense wat finansiële werkswinkels bygewoon het | 4 069 | 1 000 | **2 509** | **1 509** | Die vraag na finansiële geletterdheid het 'n toename gesien in die hoeveelheid mense wat die gereelde sessies bywoon. Die KVB is verplig om groot hoeveelhede verbruikers in elke werkswinkel te aanvaar om in die toename in vraag te voorsien. |
| **Subprogram 4.3: Drankregulering** | | | | | |
| Getal aansoeke ontvang (nuwe lisensies en sekondêre aansoeke) | 2 456 | 1 500 | **3 364** | **1 864** | Hierdie doelwit was gebaseer op die aanname dat die aantal aansoeke wat ontvang word, wesenlik sou toeneem as gevolg daarvan dat aansoekers uit die informele sektor aansoeke sou indien voor die implementering van die nuwe Wet. |
| Getal lisensies uitgereik | 1 172 | 500 | **916** | **416** | Die toename in die aantal lisensies uitgereik kan toegeskryf word aan 'n toename in Raadsittings. |
| Getal bewustheidsbemiddelings uitgevoer | 103 | 100 | **123** | **23** | Die Bepleiting en Bewustheidseenheid het voortgegaan met sy veldtog om alle deelhebbers op te voed, veral bestaande lisensiehouers, die SAPS en die algemene publiek, oor die implikasies van die nuut-geïmplementeerde Wes-Kaapse Drankwet, Wet 4 van 2008. |

| Besigheidsregulering en bestuur | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **Prestasie-aanwyser** | **Werklike behaling 2011/12** | **Beplande doelwit 2012/13** | **Werklike behaling 2012/13** | **Afwyking van beplande doelwit tot werklike behaling vir 2012/13** | **Kommentaar op afwykings** |
| Getal mense bereik deur bewustheidprogram-bemiddelings | 1 695 | 800 | **1 212** | **412** | Die Bepleiting en Bewustheidseenheid het voortgegaan met sy veldtog om alle deelhebbers op te voed, veral be staande lisensie-houers, die SAPS en die algemene publiek, oor die implikasies van die nuut-geïmplementeerde Wes-Kaapse Drankwet, Wet 4 van 2008. |
| Getal inspeksies uitgevoer | 2 306 | 2 000 | **2 404** | **404** | 'n Werkprogram vir alle inspeksies is vooruit uitgevoer en streng by gehou, wat verseker het dat inspeksies en blitsses-sies uitgevoer is. |
| Getal sosiale verantwoordelikheids-programme uitgevoer | – | – | **–** | **–** | – |

## Skakeling van prestasie met begrotings

### Subprogram-besteding

| | 2012/2013 | | | 2011/2012 | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Subprogram-naam** | **Finale Aanwending** | **Werklike Besteding** | **(Oor-)/ Onder-Besteding** | **Finale Aanwending** | **Werklike Besteding** | **(Oor-)/ Onder-Besteding** |
| | **R'000** | **R'000** | **R'000** | **R'000** | **R'000** | **R'000** |
| **Bestuur** | – | – | – | – | – | – |
| **Regulering** | – | – | – | – | – | |
| **Verbruikers-beskerming** | 9 846 | 9 795 | 51 | 9 688 | 9 688 | – |
| **Drankregulering** | 25 025 | 25 025 | – | 9 333 | 9 333 | – |
| **Totaal** | **34 871** | **34 820** | **51** | **19 021** | **19 021** | **–** |

## 5.5 Program 5: Ekonomiese Beplanning

**Doel**

Die doel van die Program is om ondersteuning te verskaf aan die leierskap, d.i. die Minister, DH en die Departementele Topbestuur (DTB), in die onderneming van beplanningsprosesse wat 'n samehangende visie en strategiese uitkomste verskaf. Beleide en programme moet ontwikkel, verhoog of toegepas word om die bestemde doelwitte te bereik. Met ander woorde, die fokus is op die langtermyn perspektief en op die vasberadenheid en realisering van die Departement se visie, sodat dit korter termynplanne, hulpbronallokering, kompromieë en die opeenvolging van beleide kan inlig.

**Programstruktuur**

Subprogram 5.1: Beleid en Beplanning

Subprogram 5.2: Navorsing en Ontwikkeling

Subprogram 5.3: Kennisbestuur

Subprogram 5.4: Monitering en Evaluering

Subprogram 5.5: Bestuur

**Strategiese Doelwitte vir die Finansiële Jaar onder Hersiening**

- Versterking van institusionele bestuur vir verbeterde dienslewering; en
- Om navorsing te verskaf wat die strategiese doelwit van die Departement inlig.

**Strategiese Doelwitte, Prestasie-aanwysers, Beplande Doelwitte en Werklike Prestasies**

**Koödinering van Strategiese Beplanningsprosesse**

Deur die fasilitering van strategiese doelwitte en die versekering dat hulle omgesit word in departementele beleide, programme en projekte wat in lyn is met Strategiese Doelwit 1, was die hoof uitkomste-doelwit die omskakeling van die Provinsiale Mediumtermyn Strategiese Raamwerk na 'n samehangende strategie vir die Provinsie. Deur gebruik te maak van Provinsiale Strategiese Doelwit 1 as die basis en vertrekpunt, soos deur die Provinsiale Kabinet onderskryf in 2011, is **OneCape 2040** saamgestel om uitvoering te gee aan die visie van PSO1, en om 'n aksieplan te verskaf vir die Provinsie se algehele ekonomiese ontwikkeling. **OneCape 2040** is 'n voortgesette en ontwikkelende strategie, wat bestuur word deur die Ekonomiese Ontwikkeling Vennootskap, en onderskryf deur die Provinsiale Kabinet in November 2012, en wat poog om 'n oorgang na 'n meer inklusiewe en veerkragtige ekonomiese toekoms vir die Wes-Kaap te stimuleer, en wat 'n algemene rigting soek om beplanning en aksie na langtermyn vooruitgang te lei.

Die Provinsie se Strategiese Agenda is in 2011 ontwikkel en in die 2012/13 finansiële jaar het die Departement sy mandaat van Strategiese Doelwit 1 in werking gestel deur die ontwikkeling van pertinente en toepaslike ekonomiese strategieë, d.i. **OneCape 2040** en die **Ekonomiese Sinteseverslag**.

Die **OneCape 2040**-visie is om 'n "veerkragtige, inklusiewe en mededingende Wes-Kaap met hoër koers van indiensneming, wat groeiende inkomstes produseer, groter gelykheid en 'n verbeterde lewenskwaliteit" te ontwikkel. Om hierdie visie te implementeer, is OneCape reeds betrokke by 'n aantal sleutelprojekte en programme wat gefokus is op indiensneming, belegging, onderneming en innovering.

Die doelwit van die **Ekonomiese Sinteseverslag** was om 'n "diepe begrip van die beleidomgewing waarbinne 'n provinsiale ekonomie opereer, gekoppel aan 'n diepe begrip van die Wes-Kaap se makro-ekonomie, wat nodig is om die aktiwiteite te identifiseer en kwantifiseer wat die provinsiale regering in moet skakel om te verseker dat die ekonomiese visie van PSO1 bereik word", te genereer. Die verslag het die makro-ekonomie van die Provinsie aangespreek en wat, in terme van beleid, die Provinsiale regering kan doen om 'n impak te hê op die makro-ekonomie, inkluis aanbevelings om die Provinsie se vergelykende voordeel te ontsluit. Die verslag sal die basis vorm vir 'n ekonomiese strategie vir die Provinsie.

Om beleid en strategie lynrigting te verseker, het die eenheid nasionale en provinsiale beleide en strategieë hersien. Hierdie het, inter alia, die Streeks Industriële Ontwikkelingsplan, die DHN se Industriële Ontwikkelingsplan, die Nasionale Beplanningskommissie se Nasionale Ontwikkelingsplan, Voorgestelde Wysigings tot die BBSEB Wetgewende Raamwerk en 'n Tweejaar Verslag oor die implementering van die Nuwe Groeipad, ingesluit.

Die program het die **Bestuursprestasie Asseseringsinstrument** (BPAI)-oefening vir die nasionale regering bestuur en gekonsolideer, om die Departement se administrasie en bestuur te moniteer en te verbeter en het die Departement se merietetelling van 3 bekragtig.

**Ekonomiese Ontwikkelingsvennootskap Wetgewing**

Die eenheid het ook konsepwetgewing geïnisieer en gelei, wat die provinsiale regering in staat gestel het om 'n lid van die Ekonomiese Ontwikkeling Vennootskap te word. Hierdie wetgewing sal aan die Kabinet voorgelê word vir onderskrywing in 2013/14.

**Koördinering van Transversele Bestuurstelsel**

Die Transversele Bestuurstelsel is uitgedink om provinsiale strategiese projekte wat meer as 'n enkele provinsiale departement omvat, te koördineer en administreer, om te verseker dat hierdie projekte optimaal bestuur en gerig word. Die Reëlingskomitee en Werkgroepe is suksesvol gekoördineer en kwartaallikse vergaderings is gehou

**Bestuur van Hoëvlak Strategiese Projekte deur die Uitvoerende Paneelbord**

Die eenheid monitor die Departement se aktiwiteite op 'n strategiese vlak om belyning van programme en projekte binne die breër departementele en provinsiale strategiese agenda. Dit word gedoen deur middel van die **Uitvoerende Projekte Paneelbord**, wat die prestasie van die Departement se strategiese projekte naspeur. Die eenheid het alle departementele strategiese projekte op die Paneelbord suksesvol gelaai en gemonitor en kwartaallikse verslae uitgereik oor die vordering wat behaal is.

**Navorsing en Ontwikkeling**

Die subprogram se mikpunt is om gevestig en herken te word as die bron van geloofwaardige ekonomiese intelligensie. Die doel van navorsing en ontwikkeling is om departementele programme te ondersteun om bewysgebaseerde besluite te neem wat die behaling van die doelwitte van die skepping van geleenthede vir groei en werkskepping, sal bevorder, soos in PSO1 beskryf word.

Tydens die 2012/13 finansiële jaar het die Departement vir homself die doelwit gestel van die ontwikkeling en verskaffing van gesonde ekonomiese intelligensie. Die Navorsing en Ontwikkeling subprogram se prestasie in terme van geassosieerde subdoelwitte, word hier onder weergegee.

**Navolging en Analise van Makro-ekonomiese Ontwikkelings**

Die Departement het die Ekonomiese Sinteseverslag suksesvol voltooi om die Wes-Kaap se makro-ekonomie te verstaan, wat die Departement in staat gestel het om die Provinsie se vergelykende voordeel te identifiseer en kwantifiseer. As deel van die Sinteseverslag het die Departement vyf ekonomiese posisiedokumente, d.i. die arbeidsmark, agri-verwerking, provinsiale bevoegdheid en KMMO's en die informele sektor, voltooi.

**Produksie van Opgedateerde en Betroubare Statistiek en Ekonomiese Aanwysers vir die Provinsie**

Die Departement, in vennootskap met die BEN, het 'n kwartaalverslag geproduseer oor die toestand en vooruitsigte van die Suid-Afrikaanse en Wes-Kaapse ekonomieë. Hierdie verslag is wyd met entrepreneurs en besigheidmense in die Provinsie, by 'n geleentheid wat in Langa in Julie 2012 gehou is, gedeel.

**Skepping en Onderhoud van 'n Ekonomiese model om opgedateerde statistiese data te produseer**

Die omvang van die vereiste ekonomiese model is voltooi en ontwikkeling en verkryging van die model sal in die 2013/14 finansiële jaar voltooi word.

**Sektorgebaseerde Navorsing, ingesluit Sektorvaardigheidsgaping**

Tydens die jaar onder hersiening het die navorsingseenheid die volgende sektornavorsingstudies voltooi:

- Volstruisstudie
- Loopbaanvoorligting-navorsing
- Provinsiale ambagstudie
- Sektor basislynnavorsing
- Kartering van die hernubare energiesektor

Die bogenoemde navorsing sal gebruik word in die ontwikkeling van die ekonomiese strategie vir die Provinsie.

**Kennis- en Inligtingsbestuur**

Die doel van hierdie subprogram is om te verseker dat inligting, wat van toepassing is op die uitvoering van die Departement se ekonomiese ontwikkelingsmandaat, tydig beskikbaar gemaak word aan departementele gebruikers, deur gebruik te maak van behoorlike ontwerp, berging en disseminasietegnologieë. Die inligting moet relevant wees tot die ontwikkeling van die provinsiale ekonomie binne die nasionale agenda.

**Ontwikkeling en Onderhoud van 'n Betroubare Stelsel om Ekonomiese Inligting te Stoor**

Tydens die jaar onder hersiening het die eenheid SharePoint geïmplementeer met die doel om die inwinning, berging en verspreiding van inligting te verbeter. Hierdie stelsel het die Departement in staat gestel om inligting van betroubare ekonomiese statistiese databasisse te stoor.

**Implementering van Onderneming Inhoudbestuur**

Tydens die jaar onder hersiening het die Departement e-liassering geïmplementeer, waar departementele lêers geskandeer is en gestoor is in Sharepoint vir bewaring en maklike herkryging. As gevolg van die sukses van die eerste fase, sal e-liassering in die Departement geïmplementeer word in die 2013/14 finansiële jaar.

**Monitering en Evaluering**

Die algehele doel van hierdie subprogram is om die effektiwiteit en impak van departementele strategieë te bepaal (deur die meting van programme en projekte). Dit kan slegs gedoen word deur 'n verhoogde fokus op uitkomsbepaling. Die resultaatgebaseerde M&E-stelsel is saamgestel binne die strategiese bestuursprosesse en die fokus is op die vasstelling van uitsette en uitkomste.

Tydens die jaar onder hersiening het die subprogram die volgende inisiatiewe geïmplementeer:

**M&E Databestuur**

Die subprogram het deelgeneem in die bekendstelling van die Besigheidsintelligensie (BI)-inisiatief, met die doel om databestuursprosesse te versterk en data kwaliteitsversekering in plek te sit. Die subprogram het die toepasbaarheid van provinsiale inligtingstelsels op die inligtingbestuursbehoeftes van die Departement geassesseer. Die resultate van hierdie proses het tot gevolg gehad dat die Departement nie net die toepaslike stelsels vir sy besigheid geïdentifiseer het nie, maar ook sommige van sy 2012/13 prestasiemonitering en evaluasie-aktiwiteite getoets het.

**Transversale Departementele Uitkomsbestuur**

Tydens die jaar onder hersiening het die Eenheid die sleutel strategiese uitkomste nagespeur, waar data versamel, geanaliseer en geplaas is teenoor die werklike prestasie teenoor gestelde doelwitte. In dié verband is inligting met betrekking tot die vier groot areas, d.i. geleenthede vir groei, werkskepping, fondse gehefboomfinansier en KMMO uitgebrei, bymekaargemaak, geanaliseer en gerapporteer om die departementele prestasie te demonstreer.

**Uitkoms en Impakevaluasie van Strategiese Projekte, Programme en Inisiatiewe**

Tydens die jaar onder hersiening het die eenheid vyf uitkomsevaluasies van strategiese projekte suksesvol uitgevoer om prestasie te assesseer teen gestelde uitkomste, d.i. groei en werkskepping. Die evaluasieverslae het 'n objektiewe vlak van prestasie vir elke projek verskaf en die mate waartoe dit bydra tot die gestelde uitkomste. Die resultate het ook areas van beste praktyk aangetoon, wat gekommunikeer en gevier sal word, asook areas van verbetering en vroeë waarskuwingstelsels wat die verbeteringsplan vir die projekte sal vorm.

**Monitering en Evaluering Deskundige Ondersteuning regoor die DEOET**

As deel van die kernfunksie van die eenheid, het dit in die jaar onder hersiening deskundige raad verskaf aan alle lynfunksieprogramme op die projekmonitering. Verder het die Eenheid M&E planne vir 'n totaal van vyf programme gefasiliteer. Boonop het die eenheid projekbestuurders ondersteun met die implementering van hulle projekplanne deur instrumente te ontwikkel en, in party gevalle, deelname in veldwerk.

**Vennootskappe met Navorsingsinstellings**

Tydens die jaar onder hersiening het die eenheid 'n sterk verhouding met die Universiteit van Stellenbosch se Monitering en Evaluaeringsprogram gesmee. Om hierdie verhouding te demonstreer, het 'n nagraadse student

twee maande in die Departement gespandeer en die eenheid gehelp met die monitering en evaluering van finansiële geletterdheidsprojekte.

**Ekonomiese Ontwikkelingsvennootskap**

Onder die mandaat van Provinsiale Strategiese doelwit 1: Skepping van geleenthede vir groei en werkskepping, is die **Wes-Kaapse Ekonomiese Ontwikkelingsvennootskap** (EOV) gestig en geregistreer as 'n nie-winsgewende organisasie, soos bepaal in die Nuwe Maatskappyewet (2010) en bekendgestel deur die Premier in April 2012. Die EOV-Raad, van wie die voorsitter Barbara Hogan is, is in Oktober aangestel. Die doel van die EOV is om die Wes-Kaapse ekonomiese ontwikkelingstelsel te lei, koördineer en dryf om hoër vlakke van inklusiewe groei te behaal.

Die EOV het die volgende behaal en gevestig in sy eerste operasionele jaar:

- **Paaie tot Belegging**sprogram, waarvan die hoeksteen tans die ontwikkeling van die Streeks Ekonomiese Prestasie-Indeks (Streeks EPI) is, as 'n manier om ekonomiese streekprestasie te meet wat verder as BBP kyk. Die bekendstelling van die Streeks EI is 16 April 2013.
- **Paaie tot Indiensneming**sprogram, waarvan die fokus is om die aansoeke tot die Werkfonds vir 'n Skole Ondersteuningsprogram te koördineer, wat uiteindelik 10 000 werksgeleenthede wat oor drie jaar sal bekend stel as ondersteuningsdienste vir 414 van die armste skole in die Wes-Kaap.
- **Paaie tot Onderneming**program, 'n gesamentlike aanbieding met 'n Groen Ekonomie-tema wat ten doel het om te bou op 'n suksesvolle loodsprogram deur die Stad Kaapstad, om die Volhoubare Bestaansprojek te omskep in 'n onderneming ondersteuningsproposisie, wat direk poste in die mark sal ontsluit. Die projekgrootte word geskat op R100 miljoen, wat 'n impak sal hê op meer as 50 000 huishoudings in ondergediensde gebiede, met 'n potensiële bekendstelling in soortgelyke buurte op 'n later stadium.
- **Paaie tot Innovering:** om 'n Streek Innoveringstelsel te vestig en onderhou.
- **Streeks Ekonomiese Ontwikkelingleierskapkursus** in vennootskap met die Universiteit van Kaapstad Besigheidskool se Ontwikkelingsbeleid en Praktyk-eenheid en die Tegniese Bystandeenheid (TBE) by die Nasionale Tesourie.
- **Ekonomieë van Streeksleernetwerk (ESLN):** die vierde streeksvergadering van die ESLN is in Kaapstad gehou van 5–6 Maart met die oorkoepelende tema van "Streeksmededingendheid en sy betekenis en afmeting".
- **Streeks Ekonomiese Prestasie-Indeks,** wat drie subkomponente inkorporeer, wat ekonomiese mededingendheid, inklusiwiteit en veerkragtigheid meet. 'n Konsep SEPI is vrygestel.

### Strategiese doelwitte

| Ekonomiese Beplanning | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **Strategiese doelwitte** | **Werklike behaling 2011/12** | **Beplande doelwit 2012/13** | **Werklike behaling 2012/13** | **Afwyking van beplande doelwit tot werklike behaling vir 2012/13** | **Kommentaar op afwykings** |
| **Subprogram 5.1: Beleid en Beplanning** | | | | | |
| Opgedateerde Provinsiale Ekonomiese Ontwikkelingstrategie | 1 | 1 | **1** | **–** | – |
| **Sub-programme 5.2: Research and Development** | | | | | |
| Gevestig en herken as die "pakhuis" van geloofwaardige provinsiale ekonomiese intelligensie. | – | Volledig funksionerende navorsingseenheid | **Volledig funksionerende navorsingseenheid** | **–** | – |
| **Subprogram 5.3: Kennisbestuur** | | | | | |
| Vlak van personeel bewustheid verhoog<br>(252 personeellede) | 87% van personeel ingelig en effektief – om gemeet te word deur interne jaarlikse opname | 176 | **109** | **(67)** | Minder personeellede as verwag het aan elektroniese opnames deelgeneem. |
| **Subprogram 5.4: Monitering en Evaluasie** | | | | | |
| 100% Monitering en Evaluasie resultate gebruik | 83% resultate gebruik regdeur die Departement | 100 % Monitering en Evaluasie resultate gebruik | **95% Monitering en Evaluasie resultate gebruik** | **(5%)** | 'n Vyf persent afwyking is aangeteken as gevolg van omstandighede buite die eenheid se beheer, soos die staking van projekte en die feit dat sommige projekte transverseel was en die Departement het nie 'n mandaat gehad om die resultate te implementeer buite sy eie raamwerk nie. |
| **Subprogram 5.5: Bestuur** | | | | | |
| Opgedateerde Provinsiale Ekonomiese Ontwikkelingstrategie | – | 1 | **1** | **–** | – |

## Prestasie-aanwysers

| Ekonomiese Beplanning | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **Prestasie-aanwyser** | **Werklike behaling 2011/12** | **Beplande doelwit 2012/13** | **Werklike behaling 2012/13** | **Afwyking van beplande doelwit tot werklike behaling vir 2012/13** | **Kommentaar op afwykings** |
| **Subprogram 5.1: Beleid en Beplanning** | | | | | |
| Getal ekonomiese strategieë ontwikkel | 9 | 2 | **2** | **–** | – |
| Getal ekonomiese strategieë hersien | 4 | 4 | **7** | **3** | Oorprestering het plaasgevind as gevolg van nuwe beleide en strategieë wat afkomstig is van die nasionale regering – die DHN, Nasionale Beplanningskommissie en Departement van Ekonomiese Ontwikkeling. |
| Getal strategiese beplanningsessies | 3 | 2 | **2** | **–** | |
| Getal Kwartaallikse Projek Paneelbordanalise | 4 Kwartaalverslae | 4 | **4** | **–** | |
| Getal vergaderings (transversele bestuurstelsel) | – | 4 | **4** | **–** | |
| **Subprogram 5.2: Navorsing en Ontwikkeling** | | | | | |
| Getal navorsingsverslae saamgestel | 11 | 10 | **15** | **5** | Die behoefte aan addisionele navorsing spruit uit die hersiening van die Departement se strategiese plan gedurende die jaar. |
| Getal Navorsing en Ontwikkelings- inisiatiewe ondersteun | 1 | 1 | **1** | **–** | – |
| **Subprogram 5.3: Kennisbestuur** | | | | | |
| Getal Provinsiale ekonomiese intelligensieverslae geproduseer | 4 | 4 | **4** | **–** | – |
| | 100 % funksionerende hulpbronsentrum | 100 % funksionerende hulpbronsentrum | **100% ten volle funksionerende hulpbronsentrum** | **–** | – |
| Ten volle funksionerende hulpbronsentrum | – | Vestiging van e-liassering binne die Departement | Vestiging van e-liassering binne die Departement | – | – |
| Volledig funksionerende e-liassering ooreenkomstig Provinsiale riglyne | 4 | 4 | **4** | – | – |
| Getal opvoedkundige netwerke gefasiliteer | | | | | |

| Ekonomiese Beplanning | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **Prestasie-aanwyser** | **Werklike behaling 2011/12** | **Beplande doelwit 2012/13** | **Werklike behaling 2012/13** | **Afwyking van beplande doelwit tot werklike behaling vir 2012/13** | **Kommentaar op afwykings** |
| **Subprogram 5.4: Monitering en Evaluasie** | | | | | |
| Getal moniteringsverslae geproduseer | 11 | 10 | **11** | **1** | Oorprestasie van doelwit is die gevolg van addisionele versoeke vir programmonitering |
| Getal evaluasieverslae geproduseer | 6 | 5 | **5** | **–** | – |
| Bestuur van 'n M&E-raamwerk | Ontwikkeling van konsep M&E raamwerkstelsel | Loods die M&E databestuurstelsel | **–** | **–** | Verskeie stelsels is ondersoek en hersien. Dit is egter uitgestelomdat die Departement vir die Departement van die Premier se stelsel vir M&E wag. |
| Getal transversele uitkomsteverslae geproduseer | – | 4 | **4** | **–** | – |
| Getal subprogram M&E planne ontwikkel | – | 4 | **5** | **1** | Oorprestering van doelwit is as gevolg van meer programme wat M&E prosesse aanneem as wat verwag is. |
| **Subprogram 5.5: Bestuur** | | | | | |
| Getal ondersteuningsinisiatiewe tot Ekonomiese Ontwikkelings-vennootskap | – | 4 | **4** | **–** | – |

### Strategie om areas van onderprestasie te oorkom

Bekendstelling van die Moniterings en Evaluasie Opvoedkundige Netwerk sal die implementering van monitering en evaluasieresultate kwartaalliks assesseer. As deel hiervan sal Programme gevra word om planne te ontwikkel en te implementeer om gebruiksresultate van alle moniterings en evaluasie-oefeninge aan te spreek.

## Skakeling van prestasie met begrotings

### Subprogram-besteding

| | 2012/2013 | | | 2011/2012 | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Subprogram-naam | Finale Aanwending | Werklike Besteding | (Oor-)/ Onder-Besteding | Finale Aanwending | Werklike Besteding | (Oor-)/ Onder-Besteding |
| | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 |
| **Beleid en Be-planning** | 9 555 | 9 547 | 8 | 1 294 | 1 294 | – |
| **Navorsing en Ontwikkeling** | 6 805 | 6 805 | – | 4 167 | 4 155 | 12 |
| **Kennisbestuur** | 3 014 | 3 009 | 5 | 2 611 | 2 515 | 96 |
| **Monitering en Evaluasie** | 2 644 | 2 644 | – | 2 116 | 2 115 | 1 |
| **Bestuur** | 2 742 | 2 732 | 10 | 4 744 | 4 715 | 29 |
| **Totaal** | **24 760** | **24 737** | **23** | **14 932** | **14 794** | **138** |

## 5.6 Program 6: Toerisme, Kunste en Vermaak

**Doel**

Om die geleenthede vir die groei en verhoogde inklusiwiteit van die toerisme-, kunste- en vermaaksektore te fasiliteer.

**Programstruktuur**

Subprogram 6.1: Bestuur: Toerisme, Kunste en Vermaak

Subprogram 6.2: Toerismegroei

Subprogram 6.3: Toerisme-deelname

Subprogram 6.4: Bestemmingsbemarkingorganisasie (BBO)

Subprogram 6.5: Kommersiële Kunste en Vermaak

**Strategiese doelwitte vir die finansiële jaar onder hersiening**

- Om globale beste praktyk te behaal in openbare sektor organisasielewering;
- Die behaling van bogemiddelde volhoubare ekonomiese groei (gemeet deur uitset en deur waarde), wat aanleiding gee tot betekenisvolle hoeveelhede nuwe volhoubare werksgeleenthede;
- Die bereiking van 'n situasie waar geleentheid bestaan om aan die ekonomie deel te neem, deur werksgeleenthede en besigheiseienaarskap vir almal wat sulke geleenthede soek; en
- Die behaling van bogemiddelde volhoubare ekonomiese groei (gemeet deur uitset en deur waarde), wat aanleiding gee tot betekenisvolle hoeveelhede nuwe volhoubare werksgeleenthede

**Strategiese doelwitte, prestasie-aanwysers, beplande doelwitte en werklike prestasies**

Die Provinsiaal goedgekeurde Strategiese Doelwit 1: Skepping van geleenthede vir groei en werkskepping, herbevestig dat 'n sleutelkenmerk van die provinsiale ekonomie is "'n florerende multi-dimensionele internasionale toerisme-industrie met sterk skakels tot die kreatiewe en kulturele sektor. Hierdie is nog 'n sektor wat, tot die afswaai wat in 2008 begin het, 'n sterk toename in bydraes tot die Wes-Kaap ekonomie getoon het". Strategiese Doelwit 1 beklemtoon bestemmingsbemarking vir toerisme, bestemmingsbemarking vir groot geleenthede en groeisektore, ingesluit ondersteuning vir die Toerisme-sektor.

Die Toerisme-uitkomste is in lyn met die elemente in die Nasionale Toerisme Begrotingstruktuur (Nasionale Tesourie) en die Nasionale Toerisme-sektor Strategie (NTSS), waarvoor daar 'n wet ontwerp word. Lewering in toerisme sal verseker dat verslagdoening op nasionale vlak kan plaasvind, soos dit vereis word.

Openbare sektor bemiddelings in die toerisme-industrie in die Wes-Kaap word teweeggebring deur die aktiwiteite van toerismebemarking, toerisme-ontwikkeling en toerismeregulering. Die strategiese rigting en beleidimperatiewe vir toerisme as geheel word deur die Departement uiteengesit. Toerisme-ontwikkeling en toerismeregulering is in die 2012/13 finansiële jaar deur die Departement geïmplementeer. Toerisme Bestemmingsbemarking is deur Wesgro geïmplementeer.

**Toerisme bestemming prestasie**

Internasionale toerisme het globaal merkbare prestasie getoon, soos voorspel deur die Verenigde Nasies Wêreldtoerisme Organisasie (VNWTO). Internasionale toeriste-aankomste het met 4% in 2012 toegeneem, wat die rekord van 1 biljoen toeriste vir die eerste keer in die geskiedenis oorskry het. Volgens die Januarie 2013-uitgawe van die VNWTO Wêreldtoerisme Barometer, is 'n verdere 39 miljoen toeriste wêreldwyd aangeteken, met 'n betekenisvolle totaal van 1 035 miljoen in 2012, op vanaf 996 miljoen in 2011, en gedryf deur die robuuste groei vanaf Asië en die Stille Oseaan, wat die grootste groei (7%) getoon het onder alle streke.

Ten spyte van die voortgesette ekonomiese uitdagings, het internasionale toeriste-aankomste volgehoue globale groei getoon, voorspellings vanaf die VNTWO toon dat daar verwag word dat aankomste wêreldwyd teen 'n soortgelyke pas (3% tot 4%) in 2013 sal voortgaan, in lyn met die VNWTO se langtermyn vooruitsig Tourism Towards 2030.

Suid-Afrika het 'n totaal van 9 188 368 internasionale toeriste-aankomste in 2012 ontvang, wat 'n 10,2% groei verteenwoordig wanneer dit vergelyk word met die 8 339 354 toeriste wat die land besoek het in 2011. Suid-Afrika se toeriste groeikoers in 2012 was meer as dubbel die koers van gemiddelde globale toeristegroei van omtrent 4%, soos geskat deur die VNWTO in 2012. Die totale Buitelandse Direkte Besteding (TBDB) vanaf toeriste wat Suid-

Afrika besoek het vir die tydperk Januarie tot September 2012, het R55,7 biljoen bereik, wat 'n 7,7% toename weerspieël teenoor die R51,7 biljoen oor dieselfde tydperk in 2011.

Europa het die hoogste bron van oorsese toeriste na Suid-Afrika gebly, met 'n groei van 9,5% op die 2011 syfers en verlede jaar het 'n totaal van 1 396 978 Europese toeriste die land besoek – meer as helfte van die totale hoeveelheid oorsese toeriste. Die Verenigde Koninkryk is steeds Suid-Afrika se grootste oorsese toerismemark, met 438 023 VK-toeriste wat na Suid-Afrika gereis het in 2012 (4% meer as die 2011 syfers). Amerika is Suid-Afrika se twee grootste oorsese toerismemark, met 326 643 toeriste uit die VSA wat SA in 2012 besoek het (13,6% meer as die 2011 syfers), met Duitsland die derde grootste oorsese mark met 266 333 toeriste (13% meer as die 2011 syfers). China het Suid-Afrika se vierde grootste oorsese toerismemark geword, met 132 334 toeriste (55,9% meer as die 2011 syfers), en Frankryk is nou Suid-Afrika se vyfde grootste toerismemark, met 122 244 toeriste in 2012 (6% meer as in 2011). Besondere sterk groei is in 2012 aangeteken vir Asië (33,7% meer as die syfers wat in 2011 aangeteken is), gedryf deur groei vanaf China en Indië, en Sentrale en Suid-Amerika (37% meer), te danke aan die goeie toeristegroei vanaf Brasilië. Vir die eerste drie kwartale van 2012 (Januarie tot September 2012) het die Wes-Kaap 965 587 toeriste-aankomste ontvang en 'n Totale Buitelandse Direkte Besteding van R13,4 miljoen oor dieselfde tydperk.

In die eerste kwartaal van 2012 het die Wes-Kaap 426 348 toeriste-aankomste gehad, wat 'n 12,3% groei verteenwoordig wanneer vergelyk word met die 379 579 toeriste-aankomste gedurende die eerste kwartaal van 2011. Die geskatte Totale Buitelandse Direkte Besteding (TBDS; uitgesluit kapitale besteding) gedurende die eerste kwartaal van 2012 in die Wes-Kaap, was R5,1 biljoen, wat 'n 2% groei verteenwoordig in vergelyking met die R5 biljoen se besteding wat ontvang is in die eerste kwartaal van 2011. Die getal bednagte wat deur toeriste gespandeer is tydens die eerste kwartaal van 2012 in die Wes-Kaap was 4 611 754, in vergelyking met die 4 541 643 bednagte gedurende die eerste kwartaal van 2011, wat 'n groei van 1,5% verteenwoordig. Die totale getal binnelandse reise in die Wes-Kaap gedurende die eerste kwartaal van 2012 was 448 000, wat 'n 36,4% afname verteenwoordig wanneer dit vergelyk word met die 704 000 binnelandse reise wat in die eerste kwartaal van 20116 aangeteken is.[6]

**Toerisme, Kunste en Vermaak Bestuur**

Die Wes-Kaap Toerisme, Kunste en Vermaak Vennootskap, wat 'n meganisme vir konsulterende bestuur verskaf, is in stand gehou in die 2012/13 finansiële jaar. Die Toerisme, Kunste en Vermaak Bestuurseenheid het sekretariële ondersteuning aan die vennootskap verskaf, wat 25 skakelings gefasiliteer het, met 602 lede betrokke. Hierdie skakelings het volkome sessies vir beide toerisme en rolprentdeelhebbers ingesluit, met Minister Alan Winde as die voorsitter. Sleutelkwessies soos lugtoegang en meewerkende toerisme bestemmingsbemarking tussen die plaaslike, provinsiale en nasionale regering is geopper en bespreek in die Toerisme-vergaderings. Tydens die Rolprentvergaderings is kritiese kwessies soos die visa-aansoekproses aangespreek, asook verbetering van deursigtigheid wanneer daar met befondsingaansoeke gehandel word. Die Toerisme MHD-subkomitee het ook vier vergaderings tydens die finansiële jaar gehou oor toerisme menslike hulpbronontwikkelingsake.

**Toerisme Ontwikkeling**

Groei in die toerisme-industrie is gefokus daarop om 'n agressiewe en proaktiewe rol te speel in die ontwikkeling van toersime nismarkte, roetes, infrastruktuur, terreine, aantreklikhede en fasiliteite, die omgewing in die algemeen, asook die uitbreiding van toerismeprodukte. Die Wes-Kaapse Toerisme Ontwikkelingsplan beklemtoon 'n wyer verspreiding van besoekers regdeur die Provinsie en die identifisering van ekonomiese geleenthede, veral met betrekking tot plaaslike toerisme-ontwikkeling.

**Stad tot Weskus roete-ontwikkeling en terreinverhoging – Fase 1**

Die doel van hierdie projek was om 'n roete te ontwikkel wat deel vorm van die driepunt toerismeroete-ontwikkelingsprojek wat gemik is daarop om die Stad met die streke in die Provinsie te koppel. Die roete bestaan tans uit vier nodusse, met ruimte om meer in die toekoms by te voeg. Die nodusse is: !Khwa ttu, Weskus Fossielpark, Clanwilliam Lewende Landskapprojek en Griekwa Ratelgat.

Wesgro het die Stad na die Weskus roete-ontwikkeling bygestaan met 'n bemarkingsplan vir bevordering. Dit is in Februarie 2013 aan die nodes voorgelê en het die verpakking van !Khwa ttu en die Fossielpark ingesluit as deel van die aanbieding vir die Jazz op die Rots-fees wat in Februarie 2013 plaasgevind het. Wesgro sal regdeur die 2013/14 finansiële jaar saam met hierdie nodes werk. Fase 2, wat ten doel het om die nodes verder te ontwikkel in vennootskap met die Nasionale Departement van Toerisme (NDT), sal in die 2013/14 finansiële jaar geïmplementeer word.

[6]Let asseblief daarop dat die voljaar-syfers vir toeriste-aankomste in die Wes-Kaap, Totale Buitelandse Direkte Besteding, asook binnelandse reise, nie beskikbaar was op die datum van rapportering nie, en daar word verwag dat dit in Junie 2013 deur Suid-Afrikaanse Toerisme vrygestel sal word.

**!Khwa ttu**

!Khwa ttu het die ontwikkeling van die voetpad en opelug uitstalling gefinaliseer, wat die opruiming van plantegroei en die konstruksie van plekke van belangstelling behels het. Dit het verder intensiewe plantnavorsing behels. Gebaseer op die navorsing, is uitstaletikette gedruk en op die belangrikste plante op die voetpaaie aangebring. Die etikette dien ook as merkers vir die voetpad. Die tweede fase van die ontwikkeling van die voetpaaie het die insluiting van 'n vierde voetpaduitstalling ondersoek, met spesifieke fokus op die moontlikheid van die genot van die interaksie met die natuurlike hulpbronne en landskap. Die uitstallingsvoetpad is ontwerp op so 'n manier dat maklike toegang verkry kan word vanaf die besoekersentrum, vanwaar die verhoogde aansig die beste uitsig op die water verskaf. Die hooffokus van hierdie fase het meer in besonder gekonsentreer op die ontwerp en drukwerk van verklarende inligtingsborde, as 'n gids wat besoekers sal gebruik deur die voetpaaie en buiteluguitstalling.

**Weskus Fossielpark**

Die Fossielpark het die ou myngebou, wat gebruik word as 'n "hougebied" of wat 'n "halfwegstasie" genoem word vir groepe voordat hulle na die uitgrawingsterrein geneem word, opgegradeer. Dit sal gebruik word as 'n ontvangsgebied vir groepe en sal inligting hê oor die opgrawings. Groepe sal hier ingelig word voordat hulle na die terrein geneem word. Hierdie gebou sal ontwikkeling wat gedoen word om die hele gebied op te gradeer, komplementeer, wat 'n nuwe gebou vir die opgrawingsterrien sal insluit.

**Clanwilliam Lewende Landskap**

Ontwikkelings tot op hede sluit die finalisering van die *Time Garden* in, wat geplante voorbeelde van botaniese materiaal bevat wat deur voorkoloniale San gebruik is en deur sistematiese uitgrawings van plaaslike argeologiese terreine gevind is. Daar is voorbeelde van plante wat deur plaaslike jagters en versamelaars geëet is, plante wat vir medisinale doeleindes gebruik is, plante wat vir vuurmaakhout en beddegoed gebruik is, asook plante wat gebruik is vir die vervaardiging van 'n reeks kunswerke. Die begeleide toer om hierdie ontwikkelende tuin is op sigself 'n kurrikulum en 'n inleiding tot die etnies-botaniese vaardighede van die Sanmense. Hulle het ook die ontwikkeling van die *Time Garden* gefinaliseer, wat die leerervaring van besoekers sal vergroot deur die tentoonstelling van 'n verteenwoordigende stel klipartefakte, wat die evolusie van jagters en versamelaars wat klipgereedskap gebruik het, illustreer.

**Griekwa Ratelgat**

Ratelgat het die ontwikkeling van 33 mathuise vir akkommodasie voltooi. Hierdie mathuise beeld hoe hierdie huise in die ou dae deur Griekwas gebou is, uit en word meestal gebruik vir rugsakreisigers.

**Kultuur- en Erfenisprodukte Oudit Toerisme Nisontwikkeling**

Die Departement het die Provinsiale Kultuur- en Erfenisstrategie gefinaliseer. Die strategie word toegelig deur aanbevelings wat verskaf is in die oudit wat in Julie 2012 uitgevoer is. Dit is ook in lyn met die Nasionale Toerisme Kultuur- en Erfenisstrategie. Uitgebreide konsultasie met alle streke en ander deelhebbers is gehou tydens die proses van die ontwikkeling van die strategie. Aanbevelings vanaf die strategie sal deel vorm van die implementering van die Kultuur- en Erfenis nisprodukontwikkeling in die 2013/2014 finansiële jaar. Aanbevelings sluit die vier passe en haweroete, rotskuns en fossielroete en streek Indabas in.

**Kaap Agulhas**

Die tweede fase van die uitbreiding van die promenade en terreinverbeteringskenmerke, soos naamborde en banke, is voltooi. 'n Befondsingaansoek na NDT is gedoen vir die ontwikkeling van die ikoniese struktuur, wat waarde sal toevoeg aan sommige van die ontwikkelings wat die Departement reeds gedoen het in vennootskap met SANParke.

**Valsbaai Ekologiese Park**

Hierdie projek is in vennootskap met die Stad Kaapstad en die Nasionale Departement van Toerisme (R25 miljoen gehefboomfinansier). Hierdie projek behels die rehabilitasie van die Valsbaai Ekologiepark, met 'n fokus op die Zeekoevlei Natuurreservaat.

Die MVB is gewysig om die Stad Kaapstad toe te laat om die verkryging te finaliseer. Daar word voorsien dat die projek teen September 2013 voltooi sal wees.

**Toerisme Ondersteuningsdienste**

Die Toerisme Veiligheid- en Ondersteuningsprogram, nou in sy agtste jaar van implementering, het op 23 insidente van toeriste wat in nood was, gereageer. Die Houtbaai toerboot-insident, wat baie erger kon gewees het as dit nie vir die uitmuntende werk van reddingsdienste was nie, het die meeste publisiteit ontvang. Meer as 10 000 toerisme veiligheidswenke is versprei deur 160 verskillende organisasies en toerisme-assosiasies.

'n Totaal van 603 Kwaliteitsversekering minimum standaard assesserings is deur die Departement uitgevoer op versoek van die Plaaslike Toerisme-organisasies. Nadat 'n ooreenkoms aangegaan is met die Toerisme Graderingsraad van Suid-Afrika (TGRSA), is daar besluit dat, om duplisering te vermy, die Departement die Kwaliteitsversekeringsprogram vir minimum standaarde sou uitfaseer en stergradering sou bevorder. Om geen-ster gegradeerde akkommodasie-ondernemings op die departementele databasis aan te moedig om stergraderings te kry, is gratis graderings deur die TGRSA in die laaste kwartaal van die 2012/13 finansiële jaar aangebied. Die Departement sal in die 2013/14 finansiële jaar 'n subsidie verskaf aan die ondernemings wat op die Departement se databasis is om 'n gladde oorgang na die stergraderingstelsel van die TGRSA te verseker.

Die Toerisme Padtekenraamwerk word steeds geïmplementeer deur die Streek Toerisme Skakelkomitees (STSK) in elke streek. Twaalf vergaderings het 61 nuwe aansoeke hanteer bo en behalwe die 14 toerisme-oudits en aansoeke vir Kaapse Natuurreservate en 44 vir die Kaapse Bergpasse-projek. Die geouditeerde inligting sal op 'n spesiaal ontwerpte Algemene Toerisme Inligtingsbord (ATI) geplaas word, wat in geselekteerde padlangse rusplekke in bergpasse regdeur die Wes-Kaap geplaas sal word om landelike toerisme te bevorder en aan te moedig.

**Toerismedeelname**

Die Toerisme, Kuns en Vermaak se Hoofdirektoraat het 'n Memorandum van Ooreenkoms (MVO) aangegaan met die Kultuur, Kuns, Toerisme, Gasvryheid, Sport, Sektoropvoeding en Opleidingsowerheid (KKTGSETA) vir die voorsiening van Toerisme, Gasvryheid, Kuns en Vermaak samewerkende strategiese vaardigheidbemiddelings of opleiding aan werklose jong mense. Die MVO is geteken vir 'n tydperk van vier jaar en sal verhoogde toegang tot gevolg hê vir werklose jong mense om hulle vaardighede te verbeter om Toerisme-kwalifikasies en werksgeleenthede te verkry. Die waarde van die KKTGSETA-befondsing is R10 miljoen vir die 2012/2013 finansiële jaar.

Deur die Nasionale Departement van Toerisme se vennootskap in die implementering van die Uitgebreide Openbare Werke Program (UOWP) het 359 leerders deelgeneem aan die program en werksgeleenthede in die industrie verkry vir 'n tydperk van 3 tot 12 maande. Hierdie leerders is ook opgelei in Voedsel- en Drankbestuur en Huishouding. Die UOWP is bekendgestel in al ses streke van die Provinsie, met die ondersteuning van die industrie.

As gevolg van die vennootskappe wat ingestel/gehefboomfinansier is, het **Toerisme menslike hulpbronontwikkeling** 2 452 leerders aan opleidingsgeleenthede blootgestel. Die leerders is opgelei om vraaggeleide kwalifikasies in Professionele Kookkuns, Assistant Sjef, Nasionale Sertifikaat Beroep en kelnerdiens te verkry deur openbare VOO-kolleges, om die huidige vaardigheidsgapings in die industrie aan te spreek. Die eenheid het ook die SA Gasheer-/Diensuitmuntenheidprogram vir 325 werknemers in die toerisme- en gasvryheidsindustrie aangebied in die volgende munisipaliteite/dorpe: Stellenbosch, Saldanha, Kleinmond, Kaapstad, Breedekloof, Caledon, Hessequa, Beaufort-Wes en Bredasdorp. Die SA Gasheer is 'n nasionale program wat gemik is daarop om diensuitmuntendheid te ontwikkel en om 'n kultuur van kliëntediens in Suid-Afrika te bevorder. Dit word gedoen deur die skepping van bewustheid van die belangrikheid van die individu se rol in die lewering van kliëntediens in sy werkplek en die gemeenskap. Teen die einde van die tweedag-opleiding, het deelnemers sertifikate en lapelspelde ontvang, wat hulle identifiseer as mense wat verbind is aan die verskaffing van uitstekende diens en wat ambassadeurs is in hulle gemeenskappe en vir Suid-Afrika.

**Toerisme Ondernemingsontwikkeling** het ondersteuning aan 716 toerismebesighede gegee. Die besighede is ondersteun deur die volgende bemiddelings: Toerisme Besigheidsvaardighede, Aanlynbemarking en Sosiale Media, Toeroperateurprogramme, Gastehuisbestuursprogram en die Toerisme Mentorskapprogram. Sosiale media-opleiding het baie aandag geniet, wat 'n vennootskap tot gevolg gehad het met die Kaapstad-Noord Akkom-

modasie, wat 'n plek gereël het vir die lede om opgelei te word oor hoe om Sosiale Media te gebruik om hulle Gastehuise en B&O'e te bemark. Nog 'n produktiewe venootskap was met Produktiwiteit Suid-Afrika, wat Besigheidsprestasie Verbeteringswerkwinkels (BPVW) aan toerismebesighede aan die Weskus en Eden aangebied het. BPVW het hierdie besighede gehelp om hulle winsgewendheid en groei te verbeter. Deur die Memorandum van Ooreenkoms wat tussen DEOET en die Toerisme Ondernemingsvenootskap (TOV) aangegaan is, het die Toerisme Mentorskapprogram 30 studente ondersteun, wat deur mentors bygestaan is met hulle groeiplanne.

In vennootskap met DEOET se Ekonomiese Bemagtigingseenheid, het die subdirektoraat 64 toerismebesighede ondersteun om SEB-sertifikate te verkry. Die eenheid het ook met Kaapstad Toerisme, die Stad Kaapstad en Wesgro saamgewerk om netwerksessies vir toerismebesighede te organiseer. Verskillende sprekers vanuit die industrie is genooi om besighede toe te spreek oor verskillende onderwerpe van belang.

**Toerisme Regulering** het 1 633 toergidse geregistreer. Hierdie toename is die gevolg van die verskerping in onwettige gidsinspeksies, wat bewustheid geskep het oor die gebruik van geregistreerde toergidse. Die hoeveelheid toergidse wat geïnspekteer is, was 1 077. As gevolg van die onwettige gidsinspeksieprogram, het DEOET in vennootskap gegaan met private sektorbesighede om sommige van die toergidse wat onwettig werk, op te lei/se vaardighede te verbeter. Die inligtingsessies, gefokus op kennisverbetering en produkontwikkeling, was baie gewild onder toergidse. As gevolg hiervan, was sekere onderwerpe volbespreek en moes dit herhaal word. Verder het Metrorail met DEOET in vennootskap gegaan om toergidse op 'n opvoedkundige uitstappie te neem om spoortoerisme as 'n alternatiewe produk te bevorder.

**Toerisme Bestemmingsbemarking**

Tydens die 2012/13 finansiële jaar het die Konvensieburo 17 botte vir konferensies en konvensies verkry, wat 'n ekonomiese waarde van R338,13 miljoen verteenwoordig en omtrent 267 780 konferensiegangers sal trek. Die Konvensieburo het 35 nuwe botte vir die 2012/13 finansiële jaar vir toekomstige konferensies verkry. Die waarde van die nuwe ingediende botte word geskat op R785 miljoen, met die potensiaal om 81 450 afgevaardigdes na die bestemming te trek. Oor dieselfde tydperk is vyf Gesamentlike Bemarkingsooreenkomste verseker, met 'n ekonomiese waarde van R115 miljoen. 'n Totaal van 19 geleenthede is ondersteun deur die jaar, wat 'n ekonomiese waarde van R1,301 biljoen opgelewer het.

Toerisme Bestemmingsbemarking is onwankelbaar in sy verbintenis tot die industrie se transformasie, wat 'n sleutel strategiese imperatief van die toerisme bemarkingstrategie bly. Die bemarkingsondersteuningsprogram, gemik op meestal swart opkomende ekonomiese entrepreneurs, het bystand aan 180 klein- en mediumgrootte toerisme-ondernemings verleen, wat jeugbegunstigdes insluit. Die sukses van hierdie program kan toegeskryf word aan die voortgesette pogings om met industrievennote saam te span om innoverende bemarkingsplatforms te produseer om KMMO's te bevoordeel.

**Bemarkingsnavorsing en Intelligensie projekte (BN&I)**

Die Toerisme Bemarkingsnavorsing en Intelligensie (BN&I)-eenheid, wat met die Wesgro IQ Navorsingseenheid saamgesmelt het, effektief 1 April 2012, het verskeie inhuis navorsingsprojekte uitgevoer, ingesluit maar nie beperk tot: vier kwartaallikse Wes-Kaapse Toerisme Barometerverslae, 'n toerisme-industrie persepsiestudie (industrieverwysing paneelopname), voorsiening van noodsaaklike en professionele industrie-opinies en -persepsies, en 'n KMMO Evaluasiestudie, wat die impak van die bemarkingspogings toegewys aan KMMO-produkte wat ondersteun word, monitor.

BN&I versamel verder sleutel toerisme-aanwysers, verkry van sekondêre data wat vrygestel word deur Suid-Afrikaanse Toerisme en STATSSA, en het vier Bestemmingsprestasieverslae vir die Wes-Kaap geproduseer.

Boonop, vir die hersieningsperiode, is twee uitgekontrakteerde navorsingsprojekte uitgevoer, naamlik 'n Geleentheidsimpakstudie (Prins Albert Olyffees 2012) en 'n Besoekerstudie, geadministreer om sleutel besoekerneigings en -patrone van toeriste wat Kaapstad en die Wes-Kaap besoek, te administreer.

**Kommersiële Kunste en Vermaak**

Kommersiële Kunste en Vermaak het toegang tot R3,5 miljoen van KKTGSETA se diskresionêre fonds verkry, wat 'n totale allokasie van R5 miljoen verkry. Die begunstigdes van hierdie befondsing sluit die Visuele Kunste, Uitvoerende Kunste, Rolprent, Musiek en Handwerk in. Geografies bevoordeel die befondsing stedelike en landelike gebiede van die provinsie; Wellington, Paarl, Worcester, Weskus (!Khwa ttu); Clanwilliam (Lewende Landskappe); *City Bowl* (Joule City). Hierdie befondsing het aan werklose gegradueerdes die geleentheid gegee om ervaringspleiding in ondernemingsontwikkeling en produkontwikkeling te verkry om hulle meer indiensneembaar te maak.

**Handwerk**

Kommersiële Kunste en Vermaak het die instelling van koöperatiewe in die handwerkindustrie bevorder en gefasiliteer om ekonomiese aktiwiteit en lewering te versterk deur die kommersialisering van handwerkers en handwerksektor-ontwikkeling. Die Kaapse Handwerk- en Ontwerpersinstituut (KHOI) is 'n toonaangewende instelling in die ontwikkeling van die handwerksektor in Suid-Afrika. Sommige van sy prestasies sluit in: die instelling van die Fablab (in vennootskap met DWT en die WNNR) in 2006; die erkenning van die KHOI deur die DHN as die beste praktyk-instelling en model vir provinsiale handwerkhubs in 2007; en deur die MAPPP-SETA as 'n Instituut van Sektorale Uitmuntenheid in 2009. Hierdie erkenning het dit vir die organisasie moontlik gemaak om sy produklewering te konsolideer en verfyn tot so 'n mate dat dit betroubaar, aanpasbaar, toeganklik en tersaaklik is vir meer as 3 500 handwerkprodusente wat op sy databasis geregistreer is.

Met die fokus op kommersialisering van handwerkers en die KHOI se bemiddelings om die produkte na die mark te bring, het die Departement in vennootskap gegaan met die Koöperatiewe Kantoor van die DHN om die marktoegangsgeleenthede vir die handwerkers in die Provinsie te verhoog. Die Departement het toegang tot die markte in die VSA, Frankryk, Italië en Birmingham gefasiliteer. Hierdie handwerkers het die waarde van hulle handel aan die KHOI gerapporteer, wat op hulle beurt 'n jaarlikse totale handelswaarde van R3,5 miljoen gerapporteer het. Die Departement het twee koöperatiewe vir die Too Good to Waste-handwerkgroep geregistreer. Verder het die Departement drie koöperatiewe geregistreer met die Genadendal Handwewers, asook 'n inkubator vir wewery in kunsvaardigheid. Hierdie proses gee hulle die geleentheid om toegang te verkry tot die DHN KAS-befondsing om 'n permanente handelspasie te skep vir die Too Good Too Waste-koöperatief.

In vennootskap met die DHN, is die Genadendal Handwewers se primêre koöperatiewe ingestel en het hulle 'n inkubator by die DHN geregistreer. Die inkubators sal in Genadendal, Firlands (Somerset-Wes), Kleinmond en Houtbaai geleë wees. Drie van die Too Good Too Waste-koöperatiewe lede (maatskappye) het aan die Charley's Cake Angels-realiteitstelevisieprogram deelgeneem, gebaseer op hulle assosiasie met die Too Good Too Waste-koöperatief wat binnekort op BBC gebeeldsaai sal word. Die maatskappye wat deelgeneem het is: Genadendal Handwewers, Recreate en Relive, Relove, Reuse. Hierdie geleentheid skep 'n waardevolle bemarkingsplatform vir die verantwoordelike toerisme en ekonomiese groei van hierdie spesifieke koöperatief.

In terme van handwerksektor-ontwikkeling, het die KHOI 'n aanlyn en internetgebaseerde verkope en bestelling-fasiliteringsproses ontwikkel. Die KHOI het hulle sosiale media platform, die KHOI Facebookbladsy, ontwikkel en bekendgestel vir die doel van bemarking en verspreiding.

As deel van die handwerk ondernemingsontwikkeling, het die KHOI 'n inligtingsbrosjure oor organisatoriese bestuur ontwikkel om belasting- en registrasievoldoening by SARS vir al hulle lede te verseker. Dit is versprei vanaf hulle kantore, asook in die landelike streke.

In terme van Mentorskap, het die KHOI 'n besigheidsfasiliteerder in diens geneem om die KHOI te bekwaam as 'n organisasie en om koste vir konsultante te bespaar en om hulle lede te bekwaam en die kwaliteit van die diens wat hulle lewer, te beheer.

Die KHOI het met Wesgro in vennootskap gegaan om toegang te fasiliteer en handel te verhoog deur die handel- en beleggingsgeleenthede te verbeter, asook om marktoegangsgeleenthede te verhoog. Die KHOI het ook gefokus op handwerkprodukte en innovering gedurende die finansiële jaar en 'n 3D-drukmasjien aangeskaf, wat die innoveringsondersteuning aan beide handwerkers en ontwerpers verhoog en verbeter. Deur hulle innoverende benadering tot ontwerp en handewerk, asook hulle vennootskap met Wesgro, het die KHOI die bod gewen om die eerste Suid-Afrikaanse gasheer van die Kreatiewe Ekonomiese Konferensie in 2014 te wees.

**Rolprente**

In vennootskap met die Stad Kaapstad is toegang tot befondsing gefasiliteer vir die Suid-Afrikaanse rolprentvervaardigers van die Oscar-genomineerde dokumentêr en kortrolprent; ASAD en Searching for Sugarman. Toegang tot befondsing is gefasiliteer deur die Nasionale Rolprent- en Videostigting (NRVS) vir akkommodasie en vlugte vir die drie regisseurs. Toegang tot befondsing en borgskappe van korporatiewe maatskappye soos Woolworths en private beleggers soos Oasis en Mayat Internasionaal, is ook gefasiliteer. Dit het geborgde mediablootstelling vanaf e-tv en Expresso Breakfast Show (SABC 3) ingesluit.

Die Departement het gefokus op die kommersialisering van rolprentondernenmings gedurende die finansiële jaar en in vennootskap gegaan met die Stad Kaapstad en Big Fish Digitale Rolprentskool en 'n intense ondernemingsontwikkeling opleidingsprogram vir 20 swart rolprentmakers ontwikkel. Hierdie program het gefokus op die sakebestuursvaardighede van die rolprentmakers – om hulle kapasiteit te verhoog om toegang te verkry tot

medeproduksie-befondsing en ander verwante geleenthede in die industrie. In vennootskap met XCon-rolprente het die Departement 20 animeerders (poppespelers) opgelei wat deur XCon-rolprente in diens geneem sal word vir hulle produksies vir die SABC. Dit het aan dié andersins geïsoleerde entrepreneurs die geleentheid gegee om toegang te verkry tot werksgeleenthede by die SABC as poppespelers ná 'n opleidingsprogram in poppespeler-vaardighede.

Gedurende die 2012/13 finansiële jaar is die bevordering van handel en belegging in die rolprentsektor deur Wesgro geïmplementeer. Dit het die verskaffing van bystand aan die plaaslike rolprentbesigheid om effektief die globale markte te betree en ook die verbetering van vaardighede en kapasiteit binne die sektor ingesluit. Die Departement en Wesgro werk ook ten nouste saam met die Kaapstad Rolprentstudios om voort te gaan om globale rolprentmaatskappye te lok om Kaapstad en die Wes-Kaap te gebruik om hulle rolprente te verfilm en ook om sommige produksie-aktiwiteite in die Stad te lokaliseer.

### Strategiese doelwitte

| Toerisme, Kunste en Vermaak | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **Strategiese doelwitte** | **Werklike behaling 2011/12** | **Beplande doelwit 2012/13** | **Werklike behaling 2012/13** | **Afwyking van beplande doelwit tot werklike behaling vir 2012/13** | **Kommentaar op afwykings** |
| **Subprogram 6.1: Bestuur: Toerisme, Kunste en Vermaak** | | | | | |
| Kwalitatiewe en Kwantitatiewe profiele vir Toerisme, kunste en vermaak | 2 | 1 | **1** | **–** | – |
| **Subprogram 6.2: Toerismegroei** | | | | | |
| Persentasie toerisme-instellings wat minimum-standaarde onderhou (totale getal instellings op die databasisse soos op 31 Maart 2013) | 96% | 80% | **95%** | **15%** | Addisionele assesserings en gratis stergraderings verskaf. |
| **Subprogram 6.3: Toerismedeelname** | | | | | |
| Getal poste gefasiliteer/volgehou: Toerisme menslike hulpbronne ontwikkeling | 388 | 300 | **269** | **(31)** | Die program het 'n aansienlike getal leerders gesien wat die program verlaat voor die einde van die program. |
| Getal poste gefasiliteer/volgehou: Toerisme ondernemings-ontwikkeling | – | 300 | **549** | 249 | Vennootskap met die Toerisme Ondernemings-program (TOP) het die Departement gehelp om meer besighede te help. |
| Getal bestaande besighede uitgebrei/volgehou deur toerisme ondernemings-ontwikkeling | – | 100 | **95** | **(5)** | Party besighede was nie in staat om die nodige dokumentasie te verskaf wat ondersoek kon word om te bepaal of hulle uitgebrei is of volhoubaar is nie. |
| Persentasie toergidse geregistreer (Totale getal toergidse op die databasis soos op 31 Maart 2013) | 55% | 65% | **99.62%** | **34%** | Voortdurende kommunikasie met deelhebbers het gelei tot verhoogde |

| Toerisme, Kunste en Vermaak | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **Strategiese doelwitte** | **Werklike behaling 2011/12** | **Beplande doelwit 2012/13** | **Werklike behaling 2012/13** | **Afwyking van beplande doelwit tot werklike behaling vir 2012/13** | **Kommentaar op afwykings** |
| Persentasie toergidse geregistreer (Totale getal toergidse op die databasis soos op 31 Maart 2013) | | | | | bewustheid in die registrasie van toergidse. |
| **Subprogram 6.4: Bestemmingsbemarkingsorganisasie** | | | | | |
| Getal internasionale aankomste na die Wes-Kaap | 981 019 | 1 658 929 | **539 239** | **(1 119 690)** | Hierdie syfer is afhanklik van die SA Toerisme kwartaalverslae. Die data vir die oorblywende kwartale was nie beskikbaar teen die rapporteringsdatum nie. Hierdie syfer reflekteer die eerste twee kwartale van die finansiële jaar 2012/13 (April –September 2012). |
| Getal internasionale aankomste toegeskryf aan die bemarkingspogings van BBO | 51 994 | 87 923 | **28 580** | **(59 343)** | Die internasionale toeriste-aankomste toegeskryf aan die pogings van die BBO word op 5,3% geskat, wat in lyn is met die Internasionale Bestemmingsbemarking Prestasiehandboek. Hierdie syfer reflekteer die toegeskryfde pogings vir die eerste twee kwartale van die finansiële jaar 2012/13 (April – September 2012). |
| Internasionale Buitelandse Direkte Spandering | R13.3bn | R24bn | **R8.3bn** | **(R15.7bn)** | Hierdie syfer is afhanklik van die SA Toerisme kwartaalverslae. Die data vir die oorblywende kwartale was nie beskikbaar teen die rapporteringsdatum nie. |
| Internasionale Besteding toegeskryf aan die pogings van BBO | R705m | R1.27bn | **R0.4bn** | **(R0.87bn)** | Die internasionale spandering toegeskryf aan die pogings van BBO word geskat op 5,3%, wat in lyn is met die Internasionale Bestemmingsbemarking |

| Toerisme, Kunste en Vermaak | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **Strategiese doelwitte** | **Werklike behaling 2011/12** | **Beplande doelwit 2012/13** | **Werklike behaling 2012/13** | **Afwyking van beplande doelwit tot werklike behaling vir 2012/13** | **Kommentaar op afwykings** |
| | | | | | Prestasiehandboek. Hierdie syfer is egter afhanklik van die bogenoemde. |
| Getal binnelandse besoekers | 1 843 800 | 3 000 000 | **910 000** | **(2 090 000)** | Hierdie syfer is afhanklik van die SA Toerisme kwartaalverslae. Die data vir die oorblywende kwartale was nie beskikbaar op die rapporteringsdatum nie. |
| Getal binnelandse besoekers toegeskryf aan die bemarkingspogings van BBO | 184 380 | 300 000 | **91 000** | **(209 000)** | Die getal binnelandse besoekers toegeskryf aan die pogings van BBO word geskat op 10%, wat in lyn is met die Internasionale Bestemmingsbemarking Prestasiehandboek. Hierdie syfer is egter afhanklik van die bogenoemde. |
| **Subprogram 6.5: Kommersiële Kunste en Vermaak** | | | | | |
| Getal poste gefasiliteer/ volgehou: (Handwerk Ondernemings-ontwikkeling) | – | 300 | **70** | **(230)** | Die KHOI het 'n aanlyn moniteringstelsel geïmplementeer. Hierdie stelsel is in sy ontwikkelingsfase en het nog nie al die toepaslike inligting vasgelê soos in die bewysraamwerk vereis word nie. Hierdie stelsel sal opgedateer word om bewyse aan te spreek in die 2013/14 finansiële jaar. |
| Getal poste gefasiliteer/ volgehou: (Handwerk Innovering) | – | 180 | **–** | **(180)** | Die KHOI het 'n aanlyn moniteringstelsel geïmplementeer. Hierdie stelsel is in sy ontwikkelingsfase en het nog nie al die toepaslike inligting vasgelê soos in die bewysraamwerk vereis word nie. Hierdie stelsel sal opgedateer word om bewyse aan te spreek in die 2013/14 finansiële jaar. |

| Toerisme, Kunste en Vermaak | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **Strategiese doelwitte** | **Werklike behaling 2011/12** | **Beplande doelwit 2012/13** | **Werklike behaling 2012/13** | **Afwyking van beplande doelwit tot werklike behaling vir 2012/13** | **Kommentaar op afwykings** |
| Getal besighede uitgebrei/volgehou: (Handwerk Ondernemingsontwikkeling) | – | 150 | **60** | **(90)** | Die KHOI het 'n aanlyn moniteringstelsel geïmplementeer. Hierdie stelsel is in sy ontwikkelingsfase en het nog nie al die toepaslike inligting vasgelê soos in die bewysraamwerk vereis word nie. Hierdie stelsel sal opgedateer word om bewyse aan te spreek in die 2013/14 finansiële jaar. |
| Getal besighede uitgebrei/volgehou: (Handwerk Innovering) | – | 90 | **2** | **(88)** | Die KHOI het 'n aanlyn moniteringstelsel geïmplementeer. Hierdie stelsel is in sy ontwikkelinfafase en het nog nie al die toepaslike inligting vasgelê soos in die bewysraamwerk vereis word nie. Hierdie stelsel sal opgedateer word om bewyse aan te spreek in die 2013/14 finansiële jaar. |
| Waarde van belegging en handel (Rolprent en Handwerk) | R3.228m | R1.27bn | **R109.679m** | **(R1.160m)** | Die begroting en lewering vir Rolprent-uitkomste is op hierdie oomblik nie heeltemal in passing met mekaar om die vereiste uitkomste te behaal nie. Hierdie saak sal aangespreek word in die 2013/14 finansiële jaar om te verseker dat die pogings en bewyse die bewysraamwerk aanspreek. |
| Waarde van fondse gehefboomfinansier (Kommersiële Kunste en Vermaak) | R10.271m | R2.050m | **R8.826m** | **R6.776m** | Die KHOI het, as gevolg van hulle konstante en volhoubare prestasie binne die Handwerk en Ontwerpsektor, befondsers aangemoedig om te belê in hulle ontwikkelings-metodologie van die sektor; |

| Toerisme, Kunste en Vermaak | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **Strategiese doelwitte** | **Werklike behaling 2011/12** | **Beplande doelwit 2012/13** | **Werklike behaling 2012/13** | **Afwyking van beplande doelwit tot werklike behaling vir 2012/13** | **Kommentaar op afwykings** |
| | | | | | daarom die verhoogde bedrag van fondse wat gehefboomfinansier is. |

**Prestasie-aanwysers**

| Toerisme, Kunste en Vermaak | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **Prestasie-aanwyser** | **Werklike behaling 2011/12** | **Beplande doelwit 2012/13** | **Werklike behaling 2012/13** | **Afwyking van beplande doelwit tot werklike behaling vir 2012/13** | **Kommentaar op afwykings** |
| **Subprogram 6.1: Bestuur: Toerisme, Kunste en Vermaak** | | | | | |
| Getal lede betrokke by die WK Toerisme, Kunste en Vermaak-vennootskap | 816 | 300 | **602** | **302** | Addisionele voltallige sessies is geskeduleer met die Minister, wat tot gevolg gehad het dat meer mense die Venootskap-geleenthede bygewoon het. |
| Getal strategiese ondersteunings-bemiddelings vir Toerisme, Kunste en Vermaak | 2 Jaarliks opgedateerde sektor-strategieë | 1 jaarliks opgedateerde sektor-strategieë | **1** | **–** | – |
| | 2 navorsingsdokumente (basislyn) | 2 posisiedokumente | **2** | **–** | – |
| | 2 uitkomste-aanwysers gemonitor | 2 Uitkomste-aanwysers gemonitor en geevalueer. | **4** | **2** | 'n M&E-studie is uitgevoer vir alle transversele uitkoms-aanwysers regoor die Departement en vier van hierdie aanwysers is geëvalueer vir Program 6. |
| **Subprogram 6.2: Toerismegroei** | | | | | |
| Getal toerismeprodukte ondersteun/ontwikkel | – | 2 | **2** | **–** | – |
| Getal toerismeverwante infrastruktuurprojekte geïdentifiseer | 2 | 2 | **2** | **–** | – |
| Getal toerisme-instellings of individue ondersteun/bygestaan | – | 788 | **950** | **162** | Addisionele assesserings en gratis gradering is verskaf. |

| Toerisme, Kunste en Vermaak | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **Prestasie-aanwyser** | **Werklike behaling 2011/12** | **Beplande doelwit 2012/13** | **Werklike behaling 2012/13** | **Afwyking van beplande doelwit tot werklike behaling vir 2012/13** | **Kommentaar op afwykings** |
| **Subprogram 6.3: Toerismedeelname** | | | | | |
| Getal mense opgelei in Toerisme<br>(Toerisme menslike hulpbron ontwikkeling) | 2 173 | 1 870 | **2 452** | **582** | Die vennootskap met die Nasionale Departement van Toerisme en KKTG-SETA het die Departement gehelp om meer werklose jongmense op te lei. |
| Getal bestaande besighede bygestaan (toerisme ondernemings-ontwikkeling) | – | 625 | **716** | **91** | Die vennootskap met die Toerisme Ondernemings-vennootskap het die Departement in staat gestel om meer toerismebesighede by te staan. |
| Getal individue geregistreer (toergidse) | 1 422 | 1 000 | **1633** | **633** | Verhoogde bewustheid as gevolg van die verspreiding van inligtingsbewustheid-boekies het daartoe gelei dat meer toergidse geregistreer is. |
| Getal individue/ toerisme verwante besighede geïnspekteer of gemoniteer (toergidse) | 1 057 | 1 000 | **1 077** | **77** | Gesamentlike inspeksies saam met Metropolisie op toergidse het gehelp dat 'n groter hoeveelheid geïnspekteer is. |
| **Subprogram 6.4: Bestemmingsbemarkingorganisasie** | | | | | |
| Getal Gesamentlike Bemarkings-ooreenkomste vasgemaak | 7 | 5 | **5** | **–** | – |
| Waarde van Gesamentlike Bemarkings-ooreenkomste vasgemaak | R126m | R42m | **R114.7m** | **R72.7m** | As gevolg van hoë waarde-opbrengste in die VK-mark. |
| Getal Konferensiebotte vasgemaak | 20 | 16 | **17** | **1** | Daar is 'n lang lewertyd vir die goedkeuring van botte. |
| Waarde van konferensiebotte vasgemaak | R254m | R360m | **R310.23m** | **(R49.77m)** | Daar was 'n afname in die waarde van konferensies as gevolg van die globale ekonomiese klimaat. |
| Getal afgevaardigdes wat konferensies bygewoon het | 20 510 | 34 000 | **24 080** | **(9 920)** | Daar was 'n afname in die aantal afgevaardigdes na konferensies as gevolg van die globale ekonomiese klimaat. |

| Toerisme, Kunste en Vermaak | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **Prestasie-aanwyser** | **Werklike behaling 2011/12** | **Beplande doelwit 2012/13** | **Werklike behaling 2012/13** | **Afwyking van beplande doelwit tot werklike behaling vir 2012/13** | **Kommentaar op afwykings** |
| Getal geleenthede ondersteun | 14 | 6 | **19** | **13** | Die oorprestasie op hierdie doelwit is as gevolg van Gesamentlike Vennootskappe met die Premier se kantoor op die groter geleenthede wat in hierdie finansiële jaar plaasgevind het. |
| Waarde van geleenthede ondersteun | R1.5bn | R1bn | **R1.301bn** | **R301m** | Die oorprestasie op hierdie doelwit is as gevolg van Gesamentlike Vennootskappe met die Premier se kantoor op die groter geleenthede wat in hierdie finansiële jaar plaasgevind het. |
| **Subprogram 6.5: Kommersiële Kunste en Vermaak** | | | | | |
| Getal besighede bygestaan: (Handwerk Ondernemings-ontwikkeling) | – | 300 | **657** | **357** | KHOI het hulle uitreikprogramme uitgebrei, wat tot gevolg gehad het dat meer besighede bereik is. |
| Getal besighede bygestaan: (Handwerk Innovering) | 642 | 200 | **373** | **173** | Binne die huidige ekonomiese klimaat het die handwerkindustrie baie mededingend geword, eerstens omdat dit so maklik is om die mark te betree en tweedens as gevolg van die globale blootstelling. Daarom het handwerkbesighede die belangrikheid van ontwerp en innovering besef en dus hulle gebruik van die KHOI FABLAB-funksie verhoog. |
| Getal beleggings en handelsprojekte gerealiseer in rolprente | – | 50 | **37** | **(13)** | As gevolg van die vertraging in die finalisering van hierdie opleidingsprogramme, is opleiding eers teen die einde van April 2013 voltooi. Dit sal egter in die eerste kwartaal van die 2013/14 finansiële jaar gerapporteer word. |

| Toerisme, Kunste en Vermaak | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **Prestasie-aanwyser** | **Werklike behaling 2011/12** | **Beplande doelwit 2012/13** | **Werklike behaling 2012/13** | **Afwyking van beplande doelwit tot werklike behaling vir 2012/13** | **Kommentaar op afwykings** |
| Getal bestaande besighede bygestaan met geleenthede in handel en uitvoere (plaaslike en internasionale uitvoere van handwerk) | 231 | 350 | **435** | **85** | In die huidige ekonomiese klimaat moes die KHOI alternatiewe en addisionele marktoegangsprogramme ondersoek om beter waarde vir hulle toegelate begroting te verkry. Hulle het daarom meer gefokus op internetbemarking en marktoegang, plaaslike oordragmarkte en vennootskap marktoegangsprojekte met ander deelhebbers. |
| Getal Handwerk-lede | 896 | 50 | **313** | **263** | Die handwerkindustrie het 'n bewese winsgewende sektor vir ekonomiese groei en deelname geword. |
| Getal ekonomiese sektor intelligensieverslae | 5 | 2 | **2** | **–** | – |

## Skakeling van prestasie met begrotings

### Subprogram-besteding

| | 2012/2013 | | | 2011/2012 | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Subprogram-naam** | **Finale Aanwending** | **Werklike Besteding** | **(Oor-)/ Onder-Besteding** | **Finale Aanwending** | **Werklike Besteding** | **(Oor-)/ Onder-Besteding** |
| | **R'000** | **R'000** | **R'000** | **R'000** | **R'000** | **R'000** |
| **Bestuur: Toerisme,Kunste en Vermaak** | 3 561 | 3 533 | 28 | 2 964 | 2 940 | 24 |
| **Toerismegroei** | 4 574 | 4 564 | 10 | 7 562 | 7 506 | 56 |
| **Toerisme deelname** | 8 538 | 8 508 | 30 | 7 418 | 7 382 | 36 |
| **Bestemmingsbemarkings-organisasie** | 25 000 | 25 000 | – | 35 439 | 35 439 | – |
| **Kommersiële Kunste en Vermaak** | 8 740 | 8 740 | – | 9 556 | 9 556 | – |
| **Totaal** | **50 413** | **50 345** | **68** | **62 939** | **62 823** | **116** |

## 5.7 Program 7: Vaardigheidsontwikkeling en Innovering

### Doel

Om die voorsiening van Menslike Kapitaal en Innoveringsvaardighede te fasiliteer om te lewer op die ekonomiese Menslike Hulpbronontwikkelingsbehoefte van die Wes-Kaap.

**Programstruktuur**

Subprogram 7.1: Provinsiale Vaardigheidskoördinering

Subprogram 7.2: Werkerskorps-ontwikkeling

Subprogram 7.3: Innovering

**Strategiese doelwitte vir die finansiële jaar onder hersiening**

- Om 'n bemagtigde vaardigheidsomgewing te skep wat die menslike hulpbronontwikkeling-struikelblokke tot besigheidsgroei, belegging en werkskepping minimaliseer;
- Om institusionele reëlings te koördineer deur toegang tot beroepsgerigte programme te verhoog, wat sal lei tot toegangs-, intermediêre- en hoëvlakopvoeding; en
- Die Streek Innoveringsforum, SIF, sal die innoveringsomgewing stimuleer om ekonomiese groei en ondernemingsmededinging te verhoog.

**Strategiese doelwitte, prestasie-aanwysers, beplande doelwitte en werklike prestasies**

Die Vaardigheidsontwikkeling- en Innoveringsprogram is in lyn met Provinsiale Strategiese Doelwit 1: Skepping van geleenthede vir groei en werkskepping, deur die versekering van verbetering van en industriebetrokkenheid in verskillende aspekte van kurrikula-ontwikkeling, meer spesifiek, ambagopleiding, aangespoorde plasing van werklose jeug in die werksplek, metodes van opleiding, mentorskap, sagte vaardigheidsopleiding en loopbaanontwikkeling in hoofsaaklik arbeidsektore. Hierdie inisiatiewe het ten doel om die gaping tussen aanbod en vraag van arbeid te verminder en die werkloosheidskoers in die Wes-Kaap te beïnvloed.

Om die vaardigheidsgaping tussen aanbod en vraag aan te spreek, vereis 'n samewerkende poging tussen die industrieë en werkgewers wat die vaardigheid aanvra en die opvoedings- en opleidingsentiteite wat die vaardighede verskaf. Die rol van die **Provinsiale Vaardigheidsforum** (PVF) is daarom om hierdie rolspelers bymekaar te bring om vaardigheidsuitdagings te identifiseer, toegang tot hulpbronne te fasiliteer en inisiatiewe te ondersteun wanneer van toepassing, maar uiteindelik is die PVF se hoofdoelwit om bemagtigende verhoudings vir dinamiese en voortgaande programme binne die vaardigheids-ekostelsel te stimuleer. As sulks is die toepaslike uitkomste vir die subprogram die aantal geïdentifiseerde uitdagings wat opgelos is en die waarde van befondsing wat gehefboomfinansier is. In terme van befondsing wat gehefboomfinansier is, het die PVF se pogings die ontwikkeling van 'n vennootskap tussen die Weskus-kollege en die Konstruksie SETA (KETA) gesien, wat R4,3 miljoen se befondsing vir 100 leerders wat hulle ambagtoetse afgelê het, internskappe vir 30 gegradueerdes, en vaardigheidsverbetering van 10 VOO-personeel, onder ander lewerbares, behels het.

In terme van die lewerbare, "getal geïdentifiseerde uitdagings wat opelos is", is die doelwit vier vir 2013/13, maar die werklike behaling was vyf oplossings, wat bestaan het uit:

a) **Koppeling van Weskus VOO-kollege met die Industrie:** Een van die prioriteite wat in die Nasionale Vaardigheid Ontwikkelingstrategie (NVOS) III bepaal is, is die instelling van vennootskappe tussen openbare VOO-kolleges en die industrie. Weskus VOO-kollege het 'n behoefte aangedui om ondersteun te word met die bou van vennootskappe met toepaslike maatskappye langs die Weskus. Die PVF-projekkantoor het 'n vennootskap tussen Weskus-kollege en Atlantis Foundries gefasiliteer, waar die vennootskap die vaardigheidsverbetering van werkgewers van Atlantis Foundries deur Weskus VOO-kollege insluit; industrieblootstelling vir die lektore van Weskus VOO-kollege by Atlantis Foundries, werksplekblootstelling vir die kollegeleerdes by Atlantis Foundries en moontlike werksgeleenthede by die maatskappy vir die maatskappy vir die kollege-leerders ná die voltooiing van hulle studies.

b) **Binding van vennootskappe tussen Boland VOO-kollege en SETA's.** Boland VOO-kollege het die behoefte uitgespreek om bygestaan te word om vennootskappe te bou met die toepaslike Sektor Opvoedkundige Opleidingsowerhede (SETA's) in die provinsie, en as 'n gevolg van die ondersteuning deur die PVF, het Boland-kollege nou bilaterale vennootskappe met vyf SETA's. Hierdie vennootskappe het die Kollege in staat gestel om akkreditasie en programgoedkeuring vir meer SETA-opvoedkundige programme te verkry, wat die kollege toelaat om sy mandjie van vaardigheidsontwikkelingsaanbiedings te vergroot,

ingesluit EW SETA bystand met Elektriese Ingenieurswese, ‘n navorsingsprogram oor watersuiwering as ‘n drieparty-ooreenkoms met ‘n munisipaliteit en ondersteuning van die MERSETA vir hulle Automotive Ambagtoetssentrum.

c) **Aanspreek van die uiteensetting van befondsingsinligting-kommunikasie onder deelhebbers.** PVF het baie opleidingsrolspelers teëgekom wat navraag gedoen het oor moontlike befondsingsbronne vir hulle vaardigheidsontwikkeling-inisiatiewe, spesifiek gegewe die veranderings in die Nasionale Vaardigheidsfondsreëls vir private sektor-aansoeke. Die PVF-projekkantoor het proaktief ‘n goed bygewoonde inligting- en inskakelingsessie aangebied oor befondsingsgeleenthede vir vaardigheidsontwikkeling, met aanbieders wat wissel van Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SAID) tot die Nasionale Vaardigheidsfonds (NVF). Die positiewe terugvoer wat van deelnemers ontvang is, het bevestig dat die PVF-werkswinkel die massiewe inligtingstekort wat gelei het tot frustrasie en in party gevalle, potensiële staking van opleidingskursusse, aangespreek het.

d) **Verbetering van toegang tussen besighede van die Kaapse Kamer van Koophandel en SETA’s.** Die lede van die Kaapse Kamer van Koophandel het gesukkel om toegang te verkry tot SETA’s om hulle inhuis-opleiding te ondersteun. Die PVF-projekkantoor het, via die Wes-Kaapse SETA-kluster wat die Departement help befonds, die ontwikkeling en opdatering van ‘n kontakdatabasis van alle streek SETA-verteenwoordigers gefasiliteer en hierdie lys op die Kaapse Kamer van Koophandel se webtuiste aangebring. Verder het die Wes-Kaapse SETA-kluster administreerder die eerste kontakpunt geword vir die Kaapse Kamer-maatskappye om hulle toegang tot SETA’s te stroomlyn en te fasiliteer. Dit is gekomplementeer deur skakelings tussen die Kaapse Kamer van Koophandel en die Wes-Kaapse SETA-kluster om ‘n gedeelde begrip van opleidinguitdagings te verdiep en om die institusionele verhoudings tussen die entiteite te verbeter.

e) **Bystand met befondsing vir die Kaapstad-kollege.** Die Kaapstad VOO-kollege het die PVF-projekkantoor genader vir medebefondsing van ‘n laser sweismasjien. Kuns en Ontwerp, spesifiek Juwelevervaardiging en -ontwerp, is geïdentifiseer as een van die Kaapstad-kollege se nisgebiede binne die VOO-sektor in die Wes-Kaap. Dit is die enigste kollege in die Wes-Kaap wat programgoedkeuring het by die Mynkwalifikasie-owerheid (MKO) om SETA-geakkrediteerde Juweliersware-programme aan te bied. Die Provinsiale Vaardigheidsforum (PVF) het die Kaapstad VOO-kollege bygestaan in sy versoek vir medebefondsing vir die aankoop van ‘n hoogs gespesialiseerde laser sweismasjien, wat as krities beskou word vir die opleiding van leerders.

Die **Werkerskorps-ontwikkeling** Subprogram het twee sleutelstrategieë wat in lyn is met Provinsiale Strategiese Doelwit 1: Skepping van geleenthede vir groei en werkskepping, en die Nasionale Ontwikkelingsplan (NOP) in die realisering van ‘n omgewing vir volhoubare indiensneming, inklusiewe groei en bevordering van indiensneembaarheid in arbeidabsorberende industrieë en dit is:

1. Om werklose jongmense te fasiliteer/ondersteun om toegang tot werksgeleenthede te kry.
2. Om die gaping tussen die aanbod en aanvraag tussen alle sektore te oorbrug deur die skepping van ‘n poel van geskoolde werkers in geïdentifiseerde ambags-, tegniese- en professionele velde wat noodsaaklik is vir die ontwikkeling en groei van ons ekonomie.

Die sleutelstrategieë het hierdie jaar ingevoer in die koördinering van vaardigheidsontwikkeling-bemiddelings vir werklose jongmense en dié in leerinstellings: ondersteun deur stewig gebaseerde werkondervinding en verskaffing van ‘n pyplyn van toepaslik opgeleide ambagvakleerlinge om die tekort aan ambag- en tegniese vaardighede wat deur die ekonomie vereis word, aan te spreek, asook die opleiding van afrigters in afrigting en mentorskap.

**Ambagsman Ontwikkelingsprogram**

Die 2012/13 Ambagsman Ontwikkelingsprogram was instrumenteel in die skepping van openbare en private vennootskappe om die ontwikkeling van Ambagsmanne te vermeerder en te verhoog. Die program is ontwerp, geloods en gepionier as ‘n voorloper tot die Nasionale Ambagsman Ontwikkelingstrategie. Die waarde van lesse geleer is teruggevoer na die toepaslike deelhebbers om toekomstige aksies te verbeter. Die algehele strategiese doelwit is om die halfgeskoolde arbeidspoel in die Provinsie te verhoog om ekonomiese ontwikkeling en werkskepping te bevorder.

**Ambagte gedek in die 2012/13 opleiding in die Ambagsman Ontwikkelingsprogram:**

| Sektor | Ambag |
|---|---|
| **Ingenieurswese** | Passer en draaier<br>Passer<br>Sweiswerk<br>Ketelmaker<br>Meulmaker<br>Elektrisiën<br>Gereedskapmaker<br>Vervaardiger |
| **Motors** | Motorwerktuigkundige Diesel<br>Motorwerktuigkundige Petrol<br>Spuitverwer Paneelklopper |
| **Konstruksie** | Messelaar<br>Timmerman<br>Skrynwerker en Houtmasjinis<br>Pleister en Teël<br>Elektries<br>Loodgieter<br>Verwer Binneversierder<br>Verwer |
| **Toerisme** | Sjef |

*In 2012/13 het die Ambagsman Ontwikkelingsprojek 500 leerders suksesvol opgelei in die Werkgereedheidsprogram en 105 gekwalifiseerde ambagsmanne in Opleiding en Mentorskap*

Vyfhonderd werklose leerders het 'n driemaande intensiewe (werkgereedheid) gesimuleerde praktiese opleidingsprogram (by 'n VOO) voltooi, gebaseer op die Vakleerlingskapmodules. Leerders wat hierdie program begin moes reeds hulle teoretiese opleiding (NCV4 of NTC2-6) voltooi het, soos vereis vir hulle toepaslike Ambag-dissiplines. Nota: hierdie is 'n praktiese vaardigheidsprogram, daarom het leerders produktiewe vaardighede geleer wat toepaslik is op hulle Ambagte. Leerders het drie verpligte modules wat van toepassing is op hulle ambagte voltooi, naamlik:

1. Induksie
2. Veiligheid
3. Hand- en Werkwinkelgereedskap

Daarna word die verskillende ander ambagverwante modules soos Sweiswerk, Passer en Elektries, gebaseer op die leerders se kwalifikasies en industrievraag, bygevoeg om leerders se produktiwiteit in die werkplek te verseker. Alle opleiding word in 'n vakleerlingjoernaal aangeteken, wat na die werkplek geneem sal word sodat vaardighede wat verkry word voortdurend aangeteken word as deel van 'n portfolio van bewyse wat vereis word om toegang te kry tot die Nasionale Ambagtoets.

Hierdie Ambagsman Ontwikkelingsprojek het daarom die gaping tussen vaardigheidsaanbod en -vraag oorbrug, wat groter geleenthede vir leerders skep wat uit VOO-kolleges gaan om werkplekondervinding op te doen. Die sleutel VOO-kolleges wat in 2012/13 deelgeneem het, gebaseer op die aanbod van leerders wat aan die vaardigheidsvraag voldoen, was: Kaapstad-kollege, Northlink VOO, Weskus-kollege en Valsbaai-kollege (Openbare VOO's) en Private VOO's, soos Japanese, Taiwanese en Koreaanse (JTK) en Die Toerisme en Besigheidsinstituut van Suidelike Afrika (DTBISA).

Die Ambagsman Ontwikkelingsprojek sal vermeerder word in die volgende finansiële jaar as gevolg van Nasionale Beleid lynrigting en sal sodoende die hoeveelheid Gekwalifiseerde Ambagsmanne in die Wes-Kaap en Suid-Afrika vermeerder. Hierdie ontwikkeling sal ook vaardighede vir ekonomiese ontwikkeling aanspreek en begin om die verouderende werkerskorps aan te spreek.

As gevolg van hierdie bemiddeling is 147 leerders met afrigters saamgespen en geplaas in gasheermaatskappye in die eerste twee maande van die 2013/14 finansiële jaar. Plasings is vir 'n tydperk van 18 maande om toegang te verkry tot die Nasionale Ambagtoets.

**Werk- en Vaardigheidsprogram**

Deur openbare private vennootskappe, gedryf deur die Werkerskorps Ontwikkelingsubprogram, het die Werkfonds homself verbind om R112,194 miljoen te spandeer op drie vaardigheidsbemiddelings vir werklose jongmense: Die Werk- en Vaardigheidsprogram, 'n Ambagsprogram in Gereedskapmakery en die CAPACITI 1 000-program. 'n Bedrag van R65,140 miljoen is spesifiek gehefboomfinansier vir die Werk- en Vaardigheidsprogram vanaf die Werkfonds oor die volgende drie jaar.

Vanaf 31 Desember 2012 het 'n totaal van 790 leerders die Lewensvaardighede en Werkgereedheidsopleiding voltooi in al ses streke van die Wes-Kaap, Kaap Metro, Weskus, Kaapse Wynlande, Sentraal, Suid-Kaap en Overberg. Die kursus se opleidingsinhoud het uit die volgende onderwerpe bestaan: emosionele intelligensie, persoonlike finansies, hoe om spanning te hanteer, tydbestuur, basiese diensvoorwaardes en kommunikasie in die besigheidsomgewing, spanwerk, gesondheid en welstand. Die meerderheid van die plasings, 53%, is deur die Kaap Metro-gebied gedomineer en deur die gasvryheid en groot- en kleinhandelsektor gedomineer. Meeste van die posisieleerders is geplaas in administrasie en datavaslegging. Gebaseer op aanvraag, was plasings op intreevlak en tegnies, byvoorbeeld Hisense (Atlantis), Anchor Testing en Precision Press. Die aard van die tegniese plasings het sweiswerk, passer en draaier, montering en kwaliteitsbeheer behels.

Alhoewel die Werk- en Vaardigheidsprogram suksesvol was in die plasing van 763 jong mense in die werksektor in 92 organisasies vir ses maande, is die uitkomste van werkgeleenthede nie gerealiseer in hoofsaaklik industrieë in die landelike gebiede nie.

Die impak van besoldiging op die Wes-Kaapse Ekonomie vanaf die Werk- en Vaardigheidsprojek was ongelooflik met betrekking tot die medium- en langtermyn impak op groei en werkskepping, soos gereflekteer in 'n studie deur onafhanklike navorsers van Urban Economics (2013).

Ekonomiese impak verwys na die effek op die vlak van ekonomiese aktiwieit in 'n gegewe area as gevolg van enige vorm van eksterne bemiddeling in die ekonomie. In die geval van hierdie studie sal die plaaslike impakte op streeksvlak impakteer. Hierdie impakte word gemeet as gevolg van die kapitale belegging gemaak deur die betaling van die leerders se besoldiging. Die analise fokus op die veranderings wat verwag kan word in die ekonomie en gemeenskap en kan geskat word deur gebruik te maak van 'n tegniek wat bekendstaan as die SAM-model.

Die volgende kan afgelei word vir die bedrag van besoldigingsgeld wat in die ekonomie gespandeer is:

- DEOET het R37 miljoen gespandeer op besoldigings aan Leerders oor 'n vyfjaar-tydperk (Fase 1 – 5 van die Werk- en Vaardigheidsprogram).
- As 'n gevolg van die leerders wat hierdie geld spandeer het in die Wes-Kaapse ekonomie (oor 'n tydperk van 5 jaar) is R72,8 miljoen gegenereer in nuwe besigheidsverkope; waarvan R19 miljoen in indirekte nuwe besigheidsverkope was, en R16 miljoen in geïnduseerde nuwe besigheidsverkope.
- Die verhoging in produksieuitset, of nuwe besigheidsverkope, het 'n verhoging in die bruto toegevoegde waarde in die Wes-Kaap tot gevolg gehad, met 'n waarde van R29,7 miljoen.

Bron: Impakassessering van die Werk- en Vaardigheidsprogram; 2013 (Urban Economics)

**Innovering**

Die Streek Innoveringsforum het met die Finland-ambassade vergader om vordering te bespreek en te deel oor die implementering van die Streek Innoveringstelsel in die Wes-Kaap asook lesse van regoor Afrika en hoe dit verbeter kan word. Die behoefte aan 'n sektorbenadering om mededingendheid en innovering te verhoog, was 'n sleutelonderwerp in die onderhandelings, asook die rol van die aanmoediging van beter leierskap en hulpbronne van die regering en die private sektor om so te doen.

Die SIF Werkgroep het in 2012/13 'n bestekopname gedoen vir 'n bemiddeling vir die kapasitering en hefboomfinansiering van fondse vir die operasionalisering van die aktiwiteite van die SIF. Hierdie bemiddeling is met en het die inkoop gehad van sleutel deelhebbers, wat die Wes-Kaapse Ekonomiese Ontwikkelingsvennootskap (WKEOV) en die Tegnologie Innoveringsagentskap (TIA) insluit. TIA is 'n inisiatief van die Departement van Wetenskap en Tegnologie (DWT), met 'n streek voetspoor om tegnologiese innovering oor al die sektore van die ekonomie in staat te stel en te ondersteun om globale mededingendheid te verhoog.

Die SIF sal oor tyd toelaat vir groter integrasie en kohesie van innoveringsaktiwiteite met openbare private vennootskappe om duplikasie van inisiatiewe te verminder, fondse te hefboomfinansier en om aansporings vir kommersialisasie te verbeter.

Menslike kapitaalontwikkeling is lewensbelangrik vir innovering om te floreer in 'n kennisgebaseerde ekonomie. In 2012/13 het die Departement van Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme 'n bemiddeling onderneem om 'n Produktiwiteit Verbeteringsprogram (PVP) in agt besighede in die Wes-Kaap te implementeer. Hierdie loodsing van PVP is 'n voortsetting van die 2011/12 inisiatief, waar 12 besighede deelgeneem het.

Die bemiddelings het ook 'n geleentheid vir studente by CPUT geskep om kennis aan die besighede en omgekeer, oor te dra; wat vraaggeleide oplossings bevorder in die nastrewing van 'n "wêreldklas diens" wat in die provinsie aangebied word. Hierdie nastrewing verhoog die toepaslikheid van opleiding om industriebehoeftes te bevredig en verhoog die moontlikheid om aanbod en aanvraag te pas by toepaslike vaardighede vir indiensneming.

Die sukses van die bemiddelings kan grootliks toegeskryf word aan die vereenvoudige model wat gebruik is om fondse beskikbaar te maak aan die maatskappye en besighede, wat die bottelnekke in die verkryging van 'n mededingende voorsprong identifiseer en proaktief definieer. In meeste gevalle moet daarop gelet word dat die finansiële bystand wat aan almal verskaf is, 'n porsie was van die totale projekwaarde en in sommige gevalle het dit gehelp om addisionele hulpbronne te hefboomfinansier, wat andersins nie moontlik sou wees nie. Die geloodsde model wat in hierdie innoveringsamewerking gebruik is, versterk die drievoudige spiraal (Industrie, Regering en Akademia) van die Streek Innoveringstelsels Raamwerk.

Die finansiële ondersteuning wat beskikbaar gemaak is aan deelnemende besighede het verskeie projekte gerealiseer wat andersins nie voltooi sou word nie. As gevolg van hierdie projekte het verskeie Megatroniese studente ondervinding, insig en geleenthede verkry en die deelnemende besighede was in staat om oplossings te ontwikkel wat sou help met die verbetering van produktiwiteit en/of innovering oor die medium- tot langtermyn.

Deelnemende maatskappye in PVP vir 2012/13 was:

| Projeknaam | Toelaag-ontvanger |
|---|---|
| Verlaging in Prototipe Produksietyd | Special Products and Technologies |
| Filmkamera Bewegingsbeheerraam | Productive Engineering |
| Tafelblad spuitdroër vir gepoeierde voedselprodukontwikkeling | CPUT |
| PLC Opleidingstelsel vir tegnici | HB Stelsels |
| Lugdrukmeterontwerp 3D CAD werkstasie | Escape Gauges |
| Prototipe ritsluitertoetser | CPUT |
| Melk Ontvanger Dataverkrygingstelsel | Sonnendal Melkery |
| Tegnikus Telemetrie Opleidingstelsel | SSE Cape |

### Strategiese doelwitte

| Vaardigheidsontwikkeling en Innovering | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **Strategiese doelwitte** | **Werklike behaling 2011/12** | **Beplande doelwit 2012/13** | **Werklike behaling 2012/13** | **Afwyking van beplande doelwit tot werklike behaling vir 2012/13** | **Kommentaar op afwykings** |
| **Subprogram 7.1: Provinsiale Vaardigheidskoördinering** | | | | | |
| Getal geïdentifiseerde uitdagings wat opgelos is | – | 4 | **5** | **1** | Die PVF is nie in staat om die getal uitdagings wat deur die jaar te voorskyn kom, presies te voorspel nie omdat dit moet reageer op die behoeftes van deelhebbers. |

| Vaardigheidsontwikkeling en Innovering | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **Strategiese doelwitte** | **Werklike behaling 2011/12** | **Beplande doelwit 2012/13** | **Werklike behaling 2012/13** | **Afwyking van beplande doelwit tot werklike behaling vir 2012/13** | **Kommentaar op afwykings** |
| Waarde van fondse gehefboomfinansier | R565 000 | R4m | **R4.3m** | **R300 000** | Die beplande doelwit is ingestel gebaseer op die voorlopige waarde van befondsing benodig vir die projek. Befondsingsvereiste was meer as wat verwag is en daarom is addisionele fondse gehefboomfinansier. |
| **Subprogram 7.2: Werkerskorps-ontwikkeling** | | | | | |
| Getal werksgeleenthede: Werk en Vaardighede | 443 | 750 | **260** | **(490)** | Industrieë het arbeid oor die algemeen stadiger geabsorbeer as wat voorspel is, wat die verstandhouding dat ekonomiese groei nie betekenisvolle werkskepping vir ongeskoolde en intreevlakposisies tot gevolg gehad het nie, ondersteun. Vraagfaktore wat ekstern is tot die projek, soos hoë insetkoste, uiterste beperkende arbeidswetgewing, en lae totale produktiwiteit het ook arbeidabsorpsie beperk. |
| Getal mense ambaggetoets (Ambagsmanne) | – | – | **–** | **–** | – |
| Waarde van fondse gehefboomfinansier | R5.635m | R5m | **R1.175m** | **(R3.825m)** | Die fondse vanaf die OBSA is toegewys in 2012/13, maar, as gevolg van vertragings vanaf Nasionaal, sal die fondse eers na DEOET oorgedra word in 2013/14. |
| **Subprogram 7.3: Innovering** | | | | | |
| Funksionerende Streek Innoveringsforum, verteenwoordig deur toepaslike deelhebbers | 1 | 1 | **1** | **–** | – |

**Prestasie-aanwysers**

| Vaardigheidsontwikkeling en Innovering | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **Prestasie-aanwyser** | **Werklike behaling 2011/12** | **Beplande doelwit 2012/13** | **Werklike behaling 2012/13** | **Afwyking van beplande doelwit tot werklike behaling vir 2012/2013** | **Kommentaar op afwykings** |
| **Subprogram 7.1: Provinsiale Vaardigheidskoördinering** | | | | | |
| Skepping van 'n gestandardiseerde raamwerk vir vaardigheids-intelligensie | – | 1 | **1** | **–** | – |
| Getal werkgroepe ingestel om beleide en projekte vir vaardigheidsprogramme te ontwikkel | 3 | 2 | **2** | **–** | – |
| Getal navorsingsverslae ontwikkel | 2 | 2 | **2** | **–** | – |
| Getal webblad-besoeke bereik deur loopbaan-mediums | 125 382 | 36 000 | **475 402** | **439 402** | 'n Proaktiewe mediastrategie is geïmplementeer, wat 'n wesenlike toename in besoeke gesien het. |
| **Subprogram 7.2: Werkerskorps-ontwikkeling** | | | | | |
| Getal mense opgelei: Werk en Vaardighede | 512 | 750 | **790** | **40** | Die doelwit is oorskry as gevolg van 'n gepaste aanbod van leerders met die vereiste vraag vanaf die industrie. |
| Getal mense geplaas in gasheermaatskappy | – | 750 | **763** | **13** | Die doelwit is oorskry in 2012/13 as gevolg van die vraag vir leerders om werkondervinding op te doen, in hoofsaaklik landelike gebiede. |
| Getal mense opgelei: Ambagsmanne | 18 | 600 | **605** | **5** | Die program het in die tweede kwartaal van 2012 begin en oorgeloop na die vierde kwartaal as gevolg van die beperkte kapasiteit by VOO-kolleges en maatskappye wat ambagsmanne nie kon vrystel in die werkplek nie. Daarom was daar 'n toename in opleiding in die derde kwartaal en buigsame skedules vir die opleiding van mentors is ingestel, wat die vraag na opleiding vanaf die |

| Vaardigheidsontwikkeling en Innovering | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **Prestasie-aanwyser** | **Werklike behaling 2011/12** | **Beplande doelwit 2012/13** | **Werklike behaling 2012/13** | **Afwyking van beplande doelwit tot werklike behaling vir 2012/2013** | **Kommentaar op afwykings** |
| | | | | | industrie verhoog het en tot die oorskryding van die doelwit gelei het. |
| Getal gasheermaatskappye ingesluit by Werk en Vaardighede | – | 70 | **92** | **22** | Die doelwit is oorskry as gevolg van die toename in vraag vanaf die industrie, wat gehelp het om werklose leerders te plaas. |
| **Subprogram 7.3: Innovering** | | | | | |
| Getal werkgroepe ingestel vir die Streek Innoveringsforum | – | 1 | **1** | **–** | – |

## Skakeling van prestasie met begrotings

### Subprogram-besteding

| | 2012/2013 | | | 2011/2012 | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Subprogram-naam** | **Finale Aanwending** | **Werklike Besteding** | **(Oor-)/ Onder-Besteding** | **Finale Aanwending** | **Werklike Besteding** | **(Oor-)/ Onder-Besteding** |
| | **R'000** | **R'000** | **R'000** | **R'000** | **R'000** | **R'000** |
| **Provinsiale Vaardigheids-koördinering** | 3 805 | 3 805 | – | 2 343 | 2 335 | 8 |
| **Werkerskorps-ontwikkeling** | 20 908 | 20 870 | 38 | 12 964 | 12 964 | – |
| **Innovering** | 888 | 873 | 15 | 2 054 | 2 054 | – |
| **Bestuur: Vaardigheids-ontwikkeling** | 1 088 | 1 082 | 6 | 1 014 | 1 014 | – |
| **Totaal** | **26 689** | **26 630** | **59** | **18 375** | **18 367** | **8** |

## 6. OPSOMMING VAN FINANSIËLE INLIGTING

### 6.1 Departementele inkomste

| | 2012/2013 | | | 2011/2012 | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Departementele inkomste | Skatting | Werklike Bedrag Ingevorder | Oor/(Onder) Invordering | Skatting | Werklike Bedrag Ingevorder | Oor/(Onder) Invordering |
| | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 |
| **Casino-belastings** | – | – | | – | – | – |
| **Perdewedren-belasting** | – | – | | – | – | – |
| **Dranklisensies** | 13 315 | 24 822 | 11 507 | 5 064 | 6 551 | 1 487 |
| **Belastinginkomste** | **13 315** | **24 822** | **11 507** | **5 064** | **6 551** | **1 487** |
| **Motorvoertuig-lisensies** | – | – | – | – | – | |
| **Verkope van goedere en dienste buiten kapitaabates** | 270 | 418 | 148 | 270 | 400 | 130 |
| **Oordragte ontvang** | – | – | – | – | – | – |
| **Boetes, strawwe en verbeurings** | – | – | – | – | – | – |
| **Rente, dividende en huur op grond** | – | 9 | 9 | – | – | – |
| **Verkope van kapitaalbates** | – | – | | – | – | – |
| **Finansiële transaksies op bates en laste** | 3 755 | 4 320 | 565 | 2 706 | 3 867 | 1 161 |
| **Totaal** | **17 340** | **29 569** | **12 229** | **8 040** | **10 818** | **2 778** |

Vir die 2012/13 finansiële jaar is 'n bedrag van R17,340 miljoen geskat vir inkomste-invordering, maar 'n bedrag van R29,519 miljoen in inkomste is egter ingevorder. Hierdie inkomste het uit die volgende bronne gekom:

a) Dranklisensiefooie: R24,822 miljoen
b) Verkope van goedere en dienste (Toergidsregistrasiefooie): R418 000
c) Rente, dividende en huur op grond: R9 000
d) Finansiële transaksies op bates en laste: R4,320 miljoen

Begrote inkomste vir dranklisensiefooie is ingevorder in terme van die tariewe aangeteken in die Drankwet 2003 (Wet 59 van 2003) en die toergidsregistrasie-inkomste in terme van die Tweede Wysigingswet op Nasionale Toerisme, 2000 (Wet 70 van 2000).

Gedurende die 2012/13 finansiële jaar het die Departement R12,229 miljoen of 70,52% meer ingevorder. Hierdie oorinvordering kan hoofsaaklik toegeskryf word aan die oorinvordering van dranklisensiefooie, wat R11,507 miljoen beloop het.

Die totale inkomste wat die Departement ingevorder het, het R29,519 miljoen vir die 2012/13 finansiële jaar beloop.

## 6.2 Programbesteding

| | 2012/2013 | | | 2011/2012 | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Programnaam** | **Finale Aanwending** | **Werklike Besteding** | **(Oor-)/ Onder- Besteding** | **Finale Aanwending** | **Werklike Besteding** | **(Oor-)/ Onder- Besteding** |
| | **R'000** | **R'000** | **R'000** | **R'000** | **R'000** | **R'000** |
| **Administrasie** | 25 254 | 25 210 | 44 | 20 765 | 20 765 | – |
| **Geïntegreerde Ekonomiese Ontwikkelingsdienste** | 51 322 | 51 306 | 16 | 51 782 | 51 782 | – |
| **Handel en Sektorontwikkeling** | 102 276 | 101 296 | 980 | 69 256 | 68 537 | 719 |
| **Besigheidsregulering en Bestuur** | 34 871 | 34 820 | 51 | 19 021 | 19 021 | – |
| **Ekonomiese Beplanning** | 24 760 | 24 737 | 23 | 14 932 | 14 794 | 138 |
| **Toerisme, Kunste en Vermaak** | 50 413 | 50 345 | 68 | 62 939 | 62 823 | 116 |
| **Vaardigheidsontwikkeling en Innovering** | 26 689 | 26 630 | 59 | 18 375 | 18 367 | 8 |
| **Totaal** | **315 585** | **314 344** | **1 241** | **257 070** | **256 089** | **981** |

Gedurende die 2012/13 finansiële jaar was die Departement se oorspronklike toegekende begroting R291,117 miljoen. Hierdie begroting is soos volg toegeken:

Program 1: Administrasie – R27,738 miljoen

Program 2: Geïntegreerde Ekonomiese Ontwikkelingsdienste – R45,228 miljoen

Program 3: Handel en Sektorontwikkeling – R95,658 miljoen

Program 4: Besigheidsregulering en Bestuur – R24,404 miljoen

Program 5: Ekonomiese Beplanning – R19,929 miljoen

Program 6: Toerisme, Kunste en Vermaak – R53,040 miljoen

Program 7: Vaardigheidsontwikkeling en Innovering – R25,120 miljoen

Tydens die Aanpassingsproses is 'n addisionele bedrag van R24,468 miljoen aan die Departement toegeken. Daarvan is R7,5 miljoen toegeken aan die breëbandprojek en R3,6 miljoen is toegeken aan die Wes-Kaapse Ekonomiese Ontwikkelingvennootskap. 'n Verdere R1,487 miljoen is toegeken aan die Wes-Kaap Drankowerheid as 'n gevolg van inkomste terughouding en R8,251 miljoen is toegeken aan die Wes-Kaapse Drankowerheid as gevolg van verhoogde eie inkomste en R3,755 miljoen is toegeken aan die Nasionale Bemagtigingsfonds.

Ná die Aanpassingsproses is die aangepaste begroting van R315,585 miljoen as volg per program toegeken:

Program 1: Administrasie – R27,286 miljoen

Program 2: Geïntegreerde Ekonomiese Ontwikkelingsdienste – R48,297 miljoen

Program 3: Handel en Sektorontwikkeling – R103,269 miljoen

Program 4: Besigheidsregulering en Bestuur – R34,532 miljoen

Program 5: Ekonomiese Beplanning – R23,679 miljoen

Program 6: Toerisme, Kunste en Vermaak – R51,517 miljoen

Program 7: Vaardigheidsontwikkeling en Innovering – R27,005 miljoen

Sewe oordragte is teweeggebring na Aanpassings, wat die Programtoekennings na die volgende verander het

| Program | Aangepaste Aanwending | Verskuiwing van fondse | Oordrag | Finale aanwending | Werklike Besteding | Verandering |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 |
| **Administrasie** | 27 286 | – | (2 032) | 25 254 | 25 210 | 44 |
| **Geïntegreerde Ekonomiese Ontwikkelings-dienste** | 48 297 | – | 3 025 | 51 322 | 51 306 | 16 |
| **Handel en Sek-torontwikkeling** | 103 269 | – | (993) | 102 276 | 101 296 | 980 |
| **Besigheidsregu-lering en Bestuur** | 34 532 | – | 339 | 34 871 | 34 820 | 51 |
| **Ekonomiese Beplanning** | 23 679 | – | 1 081 | 24 760 | 24 737 | 23 |
| **Toerisme, Kunste en Vermaak** | 51 517 | – | (1 104) | 50 413 | 50 345 | 68 |
| **Vaar-digheidsontwik-keling en In-novering** | 27 005 | – | (316) | 26 689 | 26 630 | 59 |
| **Totaal** | **315 585** | **–** | **–** | **315 585** | **314 344** | **1 241** |

Op 31 Maart het die Departement 99,6% of R314,344 miljoen van sy toegekende begroting verbruik in die uitvoering van sy mandaat soos bepaal in Strategiese Doelwit 1: Skepping van geleenthede vir groei en werkskepping.

### 6.3 Oordragbetalings, uitgesluit openbare entiteite

Die tabel hieronder reflekteer die oordragbetalings gemaak vir die periode 1 April 2012 tot 31 Maart 2013:

| Naam van begunstigde | Doel waarvoor die fondse gebruik is | Voldoening met afdeling 38 (1) (j) van die WOFB | Bedrag oorgedra (R'000) | Bedrag deur die entiteit bestee (R'000) | Redes vir fondse nie deur die entiteit bestee nie |
|---|---|---|---|---|---|
| **Program 2: Geïntegreerde Ekonomiese Ontwikkelingsdienste** | | | | | |
| **Klein Onderne-ming Ontwikke-lingsagentskap (Seda)** | Besigheids-ontwikkelingsdi-enste | Ja | 4 500 | 4 500 | |
| **Ontwikkelings-bank van Suid-Afrika** | Implemente-ring van die Koöperatiewe Ondersteunings-program | Ja | 500 | 410 | Begunstigdes vind nie verskaf-fers wat aan aanbodketting-vereistes vol-doen nie. Daar-om is befondsing nie gebruik nie. |
| **Ontwikkelings-bank van Suid-Afrika** | Implemente-ring van die Besigheids Mededingings-program | Ja | 500 | 268 | Begunstigdes vind nie verskaf-fers wat aan aanbodketting-vereistes vol-doen nie. Daarom is befondsing nie gebruik nie. |
| **Ontwikkelings-bank van Suid-Afrika** | Implementering van die Provin-siale Groeifonds | Ja | 3 000 | 3 000 | |

| Naam van begunstigde | Doel waarvoor die fondse gebruik is | Voldoening met afdeling 38 (1) (j) van die WOFB | Bedrag oorgedra (R'000) | Bedrag deur die entiteit bestee (R'000) | Redes vir fondse nie deur die entiteit bestee nie |
|---|---|---|---|---|---|
| **The Business Place** | Ondersteuning aan Vennootskap-netwerk | Ja | 750 | 750 | |
| **Weskus Besigheidsontwikkeling-sentrum** | Ondersteuning aan Vennootskap-netwerk | Ja | 750 | 648 | Befondsingstydperk tot April 2013. |
| **Nasionale Bemagtigingsfonds** | Implementering van die WKDEOET/NBF EO Fonds Inisiatief | Ja | 9 755 | 8 808 | Aansoeke vir befondsing nie gefinaliseer teen finansiële jaareinde nie – hierdie aansoeke sal in die nuwe (2013/14) finansiële jaar evalueer word. |
| **Casidra** | Implementering van die Provinsiale Groeifonds | Yes | 4 054 | 0 | Gegewe die ongekende vraag gegenereer deur die PGF en 'n oorvolskrywing van aansoeke aan die PGF, is addisionele fondse verkry in die laaste kwartaal van die jaar en toegeken vir die implementering van 'n verdere vyf goedgekeurde projekte. Hierdie projekte is goedgekeur gedurende Desember 2012 en Januarie 2013. Die aard van die fonds vereis dat voordat die begunstigde toelaagbefondsing aanvra, die begunstigde 30% of 50% van die projek (fase)-koste moet bydra. Vir begunstigdes om voort te gaan met die projekimplementering, word geskrewe verbintenis vanaf die Fonds vereis ('n getekende ooreenkoms). |

| Naam van begunstigde | Doel waarvoor die fondse gebruik is | Voldoening met afdeling 38 (1) (j) van die WOFB | Bedrag oorgedra (R'000) | Bedrag deur die entiteit bestee (R'000) | Redes vir fondse nie deur die entiteit bestee nie |
|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | Vir die geskrewe verbintenis om gewaarborg te word, vereis die implementeringsagent 'n ooreenkoms en die oordrag van die fondse vanaf die Departement. Die fondse wat oorgedra word aan Casidra is dus ten volle verbind tot die implementering van die goedgekeurde ekonomiese ontwikkelingsprojekte binne die komende jaar. |
| **Besigheidsprosessering wat Suid-Afrika bemagtig (BPeSA)** | Vaardigheid, Beleggingbevordering en Klusters | Ja | 7 669 | 6 146 | R960 000 vir die Vaardigheidsprojek is eers oorgedra aan die einde van Januarie 2013. Hierdie is verbonde besteding, wat tans gespandeer word ooreenkomstig met die goedgekeurde Besigheidsplan. R500 000 is verbind tot die Spanleierprojek, in samewerking met Sanlam en sal teen die einde van Junie 2013 gespandeer word. |
| **GreenCape** | Klustering van Atlantis Vervaardigingspil | Ja | 3 053 | 2 988 | Die oorblywende fondse sal gebruik word vir die programme en aktiwiteite soos wat op ooreengekom is in die MVO en die Besigheidsplan, hoofsaaklik die bestemde betaling na 'n |

| Naam van begunstigde | Doel waarvoor die fondse gebruik is | Voldoening met afdeling 38 (1) (j) van die WOFB | Bedrag oorgedra (R'000) | Bedrag deur die entiteit bestee (R'000) | Redes vir fondse nie deur die entiteit bestee nie |
|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | hersiene bemarkingsprospektus vir die Atlantis groen vervaardigingsspil. Die vertraging in betaling is veroorsaak as gevolg van die vertragings in die Stad Kaapstad se verkrygingprosesse. Enige ander oorblywende fondse is alreeds toegeken vir betaling binne die volgende 30 dae. |
| **Suid-Afrikaanse Heuningtee-assosiasie** | Klusterontwikkeling | Ja | 200 | 187 | Balans van fondse verbind vir SAHTA-programme, wat verder as die finansiële jaareinde strek. |
| **Kaapse Handwerk en Ontwerpinstituut (KHOI)** | Ontwikkelingstrategie | Ja | 2 100 | 872 | R1,228 miljoen is verbind tot die implementering van die volgende stappe in die Voorbereidingsfase van die Ontwikkelingstrategie. Dit sal spandeer word teen Junie 2013 soos in die besigheidsplan uiteengesit. |
| **Wes-Kaapse Meubelinisiatief (WKMI)** | Klusterontwikkeling | Ja | 400 | 360 | Die organisasie het befondsing teruggehou as gevolg van die bedanking van die administratiewe beampte maar die balans (R40 000) sal voor die einde van Mei 2013 gespandeer word. |
| **Suid-Afrikaanse Olie en Gas Alliansie (SAOGA)** | Klusterontwikkeling | Ja | 5 400 | 5179 | Uitstaande bemarkingsaktiwiteite is oorgedra weens die aktiwiteite wat geskuif is na die nuwe jaar. |

| Naam van begunstigde | Doel waarvoor die fondse gebruik is | Voldoening met afdeling 38 (1) (j) van die WOFB | Bedrag oorgedra (R'000) | Bedrag deur die entiteit bestee (R'000) | Redes vir fondse nie deur die entiteit bestee nie |
|---|---|---|---|---|---|
| **Kaapse IT inisiatief (KITi)** | Sektorontwikkel ling | Ja | 5 900 | 2 511 | Program vind plaas oor twee finansiële jare, laaste oordrag het eers in Januarie 2013 deurgegaan. Sommige besparings as gevolg van vertragings in die vul van poste. |
| **Kaapse Klerasie en Tekstielkluster (KKTK)** | Klusterontwikkeling | Ja | 2 500 | 1 600 | R1,250 miljoen is eers oorgedra in Januarie 2013 en lidmaatskapfooie is ook in Januarie ontvang, wat die balans in die rekening vergroot het. |
| **Wes-Kaap Gereedskap Inisiatief (WKGI)** | Kluster en Markontwikkeling | Ja | 855 | 806 | Die balans van R49 000 is vir die markontwikkelingsprogram, wat eers teen einde Junie 2013 voltooi sal wees, as gevolg van die beskikbaarheid van maatskappye. |
| **Clotex** | Klusterontwikkeling | Ja | 2 000 | 1 167 | Die ongespandeerde bedrae wat in die beleggingsrekening oorgebly het, word soos volg toegeken: *Ondernemingsontwikkeling – R116 000; *Klustering – R167 000; *Noodprogram – R526 000 |
| **Kaapstad Moderaad (KSMR)** | Klusterontwikkeling | Ja | 2 913 | 2 525 | Die befondsingsurplus is toegeken aan webtuiste- en sagteware opgraderings. Daar was ook 'n paar uitstaande huurbetalings wat vir prosessering ingedien is. |

| Naam van begunstigde | Doel waarvoor die fondse gebruik is | Voldoening met afdeling 38 (1) (j) van die WOFB | Bedrag oorgedra (R'000) | Bedrag deur die entiteit bestee (R'000) | Redes vir fondse nie deur die entiteit bestee nie |
|---|---|---|---|---|---|
| **Wes-Kaap Akwakultuur Ontwikkelingsinisiatief (WKWOI)** | Klusterontwikkeling | Ja | 1 300 | 1 130 | Balans van fondse verbind tot Akwakultuur opgraderingsprogram, wat verder as die finansiële jaareinde strek. |
| **Suid-Afrikaanse Fyn Voedselassosiasie** | Klusterontwikkeling | Ja | 600 | 542 | Balans van fondse verbind tot Fyn Voedselprogramme, wat verder as die finansiële jaareinde strek. |
| **Kaapstad-vennootskap** | Die Rand | Ja | 1 000 | 616 | R384 000 is verbind tot die voortgesette sekretariaat en bemarkings- en kommunikasiepligte wat die KSV vervul vir die Fringe-gebied. Die bedrag sluit kostes vir April tot Junie 2013 in. Belangrik tot hierdie bedrag is die finale kommunikasieplan wat in Junie gelewer sal word. |
| **Program 5: Ekonomiese Beplanning** | | | | | |
| **Wes-Kaap Ekonomiese Ontwikkelingsvennootskap (WKEOV)** | Operasionalisering van die EOP | | 7 850 | 7 850 | – |
| **Program 6: Toerisme, Kunste en Vermaak** | | | | | |
| **Kaapse Handwerk en Ontwerpinstituut** | Handwerk Sektorontwikkeling | Ja | 4 920 | 4 852 | |
| **Program 7: Vaardigheidsontwikkeling en Innovering** | | | | | |
| **Kaapstad-kollege** | Versterking van vaardighede in die ontwerpindustrie | Ja | 85 | 85 | |
| **Industriële Ontwikkelings korporasie Ontwikkelings-korporasie (IOK)** | Vaardigheidsontwikkeling Navorsingstudie | Ja | 300 | – | Begunstigde vind nie verskaffers wat aan aanbodketting vereistes voldoen nie. Daarom is befondsing nie gebruik nie. |

| Naam van begunstigde | Doel waarvoor die fondse gebruik is | Voldoening met afdeling 38 (1) (j) van die WOFB | Bedrag oorgedra (R'000) | Bedrag deur die entiteit bestee (R'000) | Redes vir fondse nie deur die entiteit bestee nie |
|---|---|---|---|---|---|
| **Northlink-kollege** | Ambagsman Ontwikkelings-program | Ja | 10 980 | 9 417 | Balans van fondse is vir verpligtinge wat verder as die 2012/13 finan-siële jaar strek. |
| **Learning Cape-inisiatief (LCI)** | | Ja | 1 300 | 931 | Die balans van die fondse is verbind tot operasionele vereistes tot op 31 Julie 2013. |

Die tabel hieronder reflekteer die oordragbetalings wat begroot is vir die tydperk 1 April 2012 tot 31 Maart 2013, maar geen oordragbetalings is gedoen nie:

| Naam van begunstigde | Doel waarvoor fondse gebruik moes word | Begrote bedrag (R'000) | Bedrag oorgedra (R'000) | Redes hoekom fondse nie oorgedra is nie |
|---|---|---|---|---|
| **Program 3: Handel en Sektorontwikkeling** | | | | |
| **Accelerate Cape Town** | | **700** | **–** | **Vissery haweprojek is gestaak.** |
| **Wes-Kaapse Akwakultuur Ontwikkelingsinisiatief** | | **780** | **500** | **Lewering van finale akwakultuur standaardeprojek word in Oktober 2013 gefinaliseer.** |
| **Totaal** | | **1 480** | **500** | |

## 6.4 Openbare Entiteite

| Naam van openbare entiteit | Dienste gelewer deur die openbare entiteit | Bedrag oorgedra aan openbare entiteit (R'000) | Bedrag gespandeer deur die openbare entiteit (R'000) | Prestasies van die openbare entiteit |
|---|---|---|---|---|
| **Wes-Kaap Belegging en Handelsbevorderings-agentskap (Wesgro)** | Handel, belegging en bemarking van die streek | 26 762 | 26 762 | Sien Deel B Program 3: Handel en Sektorontwikkeling. |
| **Wes-Kaapse Drankowerheid** | Regulering van die WK drankindustrie | 24 762 | 24 762 | Sien Deel B Program 4: Besigheidsregulering en Bestuur. |
| **Bestemmingsbemarkingsorganisasie** | Om die WK te bemark as 'n toeristebestemming van keuse | 25 000 | 25 000 | Sien Deel B Program 6: Toerisme, Kunste en Vermaak. |

## 6.5 Voorwaardelike toelaes en bestemde fondse ontvang

Nie van toepassing nie

## 6.6 Skenkerfondse

Nie van toepassing nie

## 6.7 Kapitaal-investering, onderhoud en batebestuursplan

- Vordering gemaak op die implemetering van die kapitaal-investering en batebestuursplan.

  Nie van toepassing nie

- Infrastruktuurprojekte wat voltooi is in die huidige jaar en die vordering in vergelyking tot wat beplan is aan die begin van die jaar. Verskaf redes vir wesenlike veranderings (2% verandering).

  Nie van toepassing nie

- Infrastruktuurprojekte wat tans in aan die gang is (lys die projekte) en wanneer daar verwag word dit voltooi sal wees.

  Bates sal vervang word in terme van die batebestuursbeleid. Boonop sal die Departement sy infrastruktuur verbeter waarby WI-FI-toegang aan die Departement verskaf sal word.

- Planne om enige bestaande fasiliteite te sluit of af te gradeer.

  Nie van toepassing nie

- Vordering gemaak op die onderhoud van infrastruktuur.

  Nie van toepassing nie

- Ontwikkelings verwant aan die bogenoemde waarvan daar verwag word 'n impak sal hê op die Departement se huidige besteding.

  Nie van toepassing nie

- Detail oor hoe batebesit oor die tydperk onder hersiening verander het, ingesluit inligting oor wegdoening, skraping en verlies as gevolg van diefstal.

  'n Totaal van 198 bates is mee weggedoen gedurende die 2012/13 finansiële jaar.

- Maatreëls geneem om te verseker dat die Departement se bateregister op datum gebly het tydens die tydperk onder hersiening.

  Die baterekords word daagliks opgedateer, met inagneming van alle toepaslike voorskrifte en batebestuurriglyne. Die bateregister, LOGIS-registers en die BAS-stelsel word maandeliks gerekonsilieer om te verseker dat alle registers volledig en korrek is.

- Die huidige toestand van die Departement se kapitale bates, byvoorbeeld watter persentasie is in 'n goeie, gemiddelde of slegte toestand.

  60% is in 'n goeie toestand

  35% is in 'n gemiddelde toestand

  5% is in 'n slegte toestand

- Ernstige onderhoudprojekte wat in die tydperk onder hersiening onderneem is.

  Geen ernstige onderhoudprojekte is onderneem in die tydperk onder hersiening nie. Bates word onderhou ooreenkomstig die vervaardigers se diensboekie, en soos benodig.

- Vordering gemaak in die aanspreek van die onderhoudagterstand in die tydperk onder hersiening, byvoorbeeld, het die agterstand gegroei of kleiner geword? Is die koers van vordering volgens plan? Indien nie, hoekom nie en watter maatreëls is gedoen om op koers te bly.

  Bates word aangekoop met waarborge en vervang wanner die waarborg verstryk. Bates word onderhou ooreenkomstig die vervaardigers se diensboekies. Die waarborg behels die onderhoudplan en verseker dat onderhoud stiptelik gedoen word.

| | 2012/2013 | | | 2011/2012 | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Infrastruktuur-projekte** | **Finale aanwending** | **Werklike Besteding** | **(Oor-)/ Onder-Besteding** | **Finale aanwending** | **Werklike Besteding** | **(Oor-)/ Onder-Besteding** |
| | **R'000** | **R'000** | **R'000** | **R'000** | **R'000** | **R'000** |
| Nuwe en vervangde bates | 2 693 | 2 477 | 216 | 2 806 | 2 806 | – |
| Bestaande infrastruktuur bates | | | | | | |
| - Opgraderings en byvoegings | | | | | | |
| - Rehabilitasie, opknappings en herstelwerk | | | | | | |
| - Onderhoud en herstelwerk | | | | | | |
| Infrastruktuur oordrag | | | | | | |
| - Lopende | | | | | | |
| - Kapitaal | | | | | | |
| **Totaal** | **2 693** | **2 477** | **216** | **2 806** | **2 806** | **–** |

# DEEL C: BESTUUR

## 1. INLEIDING

Die Departement het sy voortdurende verbintenis tot die hoogste standaarde van bestuur in die 2012/13-jaar drievoudig geartikuleer. Eerstens het en onderhou die Departement 'n Departementele Bestuurskomitee, onder voorsitterskap van die Rekeningkundige Beampte en ten volle verteenwoordigend van alle senior bestuur en daardeur al die programme. Die dryfkrag vir die komitee se agenda, sy doel, doelwitte en grondbeginsels, spruit uit die King III Verslag oor Korporatiewe Bestuur. Die komitee word in werking gestel volgens sy jaarlikse goedgekeurde opdragte, aanstellingsbriewe van alle lede en kwartaallikse vergaderings waar alle bestuursake oorweeg word, wat insluit, maar nie beperk is tot, die onderwerpe wat in hierdie Deel aangespreek word.

Tweedens, plaas die Departement 'n hoë waarde op personeelopleiding en -ontwikkeling vir sy bevoegdheidsopbrengs en hoe hierdie belegging in menslike kapitaal oorgedra word na verbeterde dienslewering. Vir hierdie rede is die verkryging van personeelopleiding 'n gestruktureerde proses waar slegs toepaslike, hoogs gesogte en geakkrediteerde opleiding verseker word. As 'n huldeblyk tot hierdie bemagtiging deur kapasiteitsverbeteringtema en in verhouding tot die Departementele Bestuurskomitee, het die 2012/13-jaar 'n besondere prestasie bereik toe Dr. Mervin King verkry is om spesifieke opleiding te verskaf aan die Bestuurskomitee en die Departement se implementeringsvennote.

Derdens, en in die gees van verbeterde bestuur van staatsfondse, het die Departement weer gekyk na die prosesse vir oordragte aan begunstigdes, in oorleg met die Departement van die Premier se Wetlike Diensteeenheid.

'n Uitbreiding van bestuursvereistes is gedurende 2012/13 geïmplementeer, wat beide begunstigdes verplig het om te verseker dat staatsfondse wat ontvang is, effektief, doeltreffend en ekonomies bestuur word en die Departement versekering verskaf het van dieselfde.

## 2. RISIKOBESTUUR

Inwoners vertrou op die regering om noodsaaklike dienste te lewer. Hulle verwag goedbestuurde programme en dat belastinggeld verantwoordelik spandeer word. Die regering neem van nature die grootste risiko's in die samelewing en verskaf kritiese dienste waar foute duur kan wees, lewens geaffekteer kan word en dienste in gevaar gestel kan word. As 'n gevolg hiervan, vereis die regering 'n formele benadering tot risiko.

Risiko is hoofsaaklik die gevolg van onsekerheid oor die regering se doelwitte en wat beide gevaar en geleenthede bring. Die regering se vermoë en vlugheid om reg te reageer, spesifiek in tye van onsekerheid, is nodig om langtermyn volhoubaarheid te verseker.

Die Rekeningkundige Beampte (RB) neem verantwoordelikheid vir ORB ooreenkomstig die Nasionale Tesourie se Openbare Sektor Risikobestuur-raamwerk en die Direktoraat Ondernemingsrisikobestuur in die Departement van die Premier en verskaf 'n gesentraliseerde strategiese ondersteuningsdiens. Hierdie diens dryf 'n volhoubare ORB-reis sistematies.

Die Departement het progressief ontwikkel tot 'n punt waar betekenisvolle risiko's, wat toepaslik is vir doelwitte, geassesseer word in terme van die waarskynlikheid en impak, en waar risiko-reaksies bepaal word. In die voltooide en gereeld hersiene risikoregisters word risiko-eienaars aangestel en verantwoordelik gehou teen kwartaallikse hersiening (KPV) en/of ondernemingsrisikobestuur (Bestuurskomitee) vergaderings.

Terwyl dit erken word dat nie alle risiko's geëlimineer kan word nie, is dit goeie praktyk vir leiers om te erken dat risikobestuur 'n noodsaaklike bemagtiger is vir die verlangde risikobestuur-kultuur wat die WKR sal ondersteun in sy pogings om sy doelwitte te bereik, geleenthede te maksimaliseer en nadelige gevolge te minimaliseer.

## 3. BEDROG EN KORRUPSIE

Die Wes-Kaapse Regering het 'n Anti-Korrupsie Strategie aanvaar, wat die Provinsie se nulverdraagsaamheid-houding teenoor bedrog en korrupsie bevestig. Die Departement het verder 'n goedgekeurde Bedrogvoorkomingsplan.

Forensiese Ondersoeke is voortdurend aangebied deur die gedeelde Forensiese Ondersoekeenheid, wat ingekorporeer is in die Korporatiewe Dienssentrum van die Departement van die Premier. Verskeie kanale vir die aanmelding van

aantygings van bedrog en korrupsie bestaan, en dit word in detail beskryf in die Anti-Korrupsie Strategie en die Departementele Bedrogvoorkomingsplan. Elke aantyging wat deur die Forensiese Ondersoekeenheid ontvang word, word in 'n Saakbestuurstelsel aangeteken, wat gebruik word as 'n bestuurinstrument om verslag te doen oor vordering wat gemaak is met sake wat betrekking het op die Departement.

Ons beskerm werknemers wat verklikkers is oor vermoedelike bedrog, korrupsie en diefstal indien die onthulling 'n beskermde onthulling (d.i. kwaadwillig) is. Die geleentheid om anoniem te bly word aan elke persoon gegee wat dade van bedrog, diefstal en korrupsie wil aanmeld en indien hulle dit in persoon wil doen, word hulle identiteite vertroulik gehou deur die persoon aan wie hulle die onthulling maak.

Sodra bedrog of korrupsie bevestig is na die voltooiing van 'n ondersoek, word die persoon wat in hierdie dade deelgeneem het, aan 'n dissiplinêre verhoor onderwerp. In alle gevalle word daar van die WKR se verteenwoordiger wat die dissiplinêre verrigtinge begin het, verwag om die afdanking van die betrokke werknemer aan te beveel. Waar prima facie getuienis bespeur word, word 'n kriminele saak aan die Suid-Afrikaanse Polisiediens gerapporteer.

## 4. MINIMALISERING VAN BOTSING VAN BELANGE

Die Departement beskou die botsing van belange as 'n belangrike fokusarea binne aanbodkettingbestuur. Alle departementele bodkomiteelede teken 'n verklaring van belange vir elke bod/kwotasie en indien enige botsing van belange bestaan, word die betrokke lede verskoon uit die vergadering. Daar word van verskaffers vereis om die WCBD4-dokument te voltooi, wat van hulle vereis om enige familielede wat in die verkrygingsproses betrokke is of in diens van die Departement is, bekend te maak. Die inligting op die WCBD4 word deur die Departement geverifieer vóór die evaluasie van die bod/kwotasie.

## 5. GEDRAGSKODE

Alle aanbodkettingbestuursamptenare teken 'n gedragskode wanneer hulle aangestel word. Die inhoud van die gedragskode word met elke personeellid bespreek sodat hulle bewus is van die erns van die dokument.

## 6. GESONDHEID, VEILIGHEID EN OMGEWINGSKWESSIES

Met die aanstelling van 'n toegewyde Sekuriteitsbestuurder en Sekuriteitskomitee by die Waldorf-gebou, is 'n bewustelike poging aangewend om die veiligheidsmaatreëls in die Departement te verhoog. Die Departement word ook verteenwoordig op die Wes-Kaapse Regering Transversele Veiligheid- en Sekuriteitsforum, wat die implementering van veiligheidsmaatreëls in departemente monitor.

Gedurende 2012 het die Departement 'n Besigheidskontinuïteitsplan ontwikkel en goedgekeur om gebeurlikhede te hanteer. 'n Proses is in werking gestel om die aanbevelings van die Inligtingsekuriteit Analiseverslag van die Staat se Sekuriteitsagentskap te implementeer. Die Departement het verder deelgeneem in die provinsiale Veiligheid en Sekuriteit Diagnostiek, waarvan die doel is om 'n Meester Sekuriteitsplan te ontwikkel. Op 4 Oktober 2012 het die Regering se Sekuriteitsreguleerder: Oudit en Inspeksiespan, Suid-Afrikaanse Polisiediens, 'n fisiese sekuriteitsoudit by die Departement uitgevoer. Die Departement het 91% behaal.

'n Toegewyde persoon is aangestel om Beroepsgesondheid en Veiligheidskwessies in die Departement te bestuur. As gevolg van personeel- en organisatoriese veranderings, is die Departementele Gebeurlikheidsplan onder hersiening. 'n Ontruimingsoefening vir die gebou is suksesvol uitgevoer. Standaard Bedryfsprosedures is in plek wat dag-tot-dag huishouding en onderhoud bepaal.

## 7. INTERNE BEHEEREENHEID

Die beheeromgewing is die grondslag vir alle ander komponente van interne beheer. Die bestuurskomitee en senior bestuur bepaal die stemming aan die bokant met betrekking tot die belangrikheid van interne beheer en die verwagte gedragstandaarde. Die beheeromgewing verskaf dissipline, proses en struktuur. Die beheeromgewing word ondersteun deur beleid en prosedures wat ontwikkel is binne die Departement. Hierdie beleid en prosedures word deur verskillende versekeringsverskaffers gemoniteer, insluitende die Ouditeur-Generaal, Provinsiale Tesourie, Interne Oudit en die Interne Beheereenheid.

Die verwagte verantwoordelikhede binne die Interne Beheereenheid word in die operasionele plan uiteengesit en word deur verskillende mediums ingelig. Die Interne Beheereenheid het die verantwoordelikhede binne die operasionele plan, in standaard bedryfsprosedures, werkspapiere en/of kontrolelyste uiteengesit om te help met die monitering en rapportering van interne beheerleemtes en gevalle van nie-voldoening.

Vir die 2012/13 finansiële jaar het die Interne Beheereenheid spesiale oudits uitgevoer op Aanbodkettingprojeklêers, oordragbetalingprojeklêers en Menslike Hulpbronlêers. As deel van die herhalende oudits voer die Interne Beheereenheid oudits uit op alle betalings, bates, huurkontrakte, inkomste, die interim en jaarlikse finansiële state en die oudit op prestasie-inligting. Gedurende die jaar het die Interne Beheereenheid alle interne beheerpersoneel verkry en opgelei op 'n rekenaargesteunde ouditinstrument, naamlik ACL. Hierdie instrument het die span gehelp om voorbeelde te kies, asook om analitiese prosedures en besteding uit te voer.

In die afwesigheid van 'n formele interne beheerraamwerk, wat tans opgestel word deur die Provinsiale Tesourie, het die Interne Beheereenheid 'n interne beheerraamwerk ontwikkel wat huidiglik in konsep-formaat is. Hierdie dokument word gebruik as 'n basis vir alle werk wat deur die eenheid gedoen word.

Die eenheid het ook 'n finansiële bestuursverbeteringsplan ontwikkel, wat al die risikogebiede binne elke finansiële bestuurseenheid lys en 'n verantwoordelike werknemer per risiko identifiseer. Hierdie verantwoordelikhede word aan werknemers toegedeel, nie net binne die finansiële bestuur nie, maar ook ander bestuur en personeel binne die Departement. Hierdie finansiële bestuursaksieplan is deur die Hoof Rekeningkundige Beampte ter tafel gelê by die uitvoerende bestuurskomitee. Die Interne Beheereenheid monitor die implementering en vordering van die aksies wat geïdentifiseer word in die finansiële bestuursaksieplan as deel van die verskillende beheeraktiwiteit en voldoeningkontroles wat binne die eenheid uitgevoer word.

## 8. OUDITKOMITEEVERSLAG

Dit is vir ons aangenaam om ons verslag vir die finansiële jaar geëindig 31 Maart 2013 aan te bied. Ons prys die Departement daarvoor dat hulle 'n skoon oudit verkry het.

**Ouditkomiteelede en Bywoning**

In terme van Kabinetresolusie 55/2007 word die Departement van Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme deur die Ekonomiese Kluster Ouditkomitee bedien. Die Ouditkomitee bestaan uit die ondergenoemde lede en moet ten minste vier keer per jaar volgens sy goedgekeurde verwysingsopdragte vergader. Gedurende die finansiële jaar onder hersiening is sewe vergaderings gehou.

| Naam van Lid | Getal vergaderings bygewoon |
|---|---|
| Me J Gunther (Aangestel as Voorsitter vanaf 01 Januarie 2013) | 1 |
| Mnr Z Hoosain (Voorsitter tot 30 November 2012) | 6 |
| Mnr R Kingwill | 6 |
| Mnr K Larkin | 6 |
| Mnr B Van Staaden | 7 |
| Mnr F Barnard (Aangestel vanaf 01 Januarie 2013) | 1 |

**Ouditkomitee Verantwoordelikheid**

Die Ouditkomitee verklaar dat dit aan sy verantwoordelikhede na aanleiding van Afdeling 38 (1) (a) (ii) van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur en Tesourieregulasie 3.1 voldoen het. Die Ouditkomitee verklaar ook dat hy toepaslike formele verwysingsopdragte as sy Ouditkomitee Handves aangeneem het, sy sake gereguleer het in voldoening van sy handves en alle verantwoordelikhede soos wat daarin vervat is, onthef het.

**Die Doeltreffendheid van Interne Beheer**

Ons het die verslae van die Interne Ouditeure, die Ouditverslag oor die Jaarlikse Finansiële State en die Bestuursverslag van die Ouditeur-Generaal van Suid-Afrika (OGSA) hersien. Behalwe die sake wat in die OGSA se oudit- en bestuursverslae gereflekteer word en die sake wat hieronder uitgelig is, is geen materiële tekorte in die interne beheerstelsel opgemerk nie.

Gedurende die jaar is sleuteltekorte deur die Interne Oudit in die volgende areas opgemerk:

- Toerismegroei
- Verbruikersbeskerming

Korrektiewe aksies is deur bestuur goedgekeur en word deur die Ouditkomitee gemonitor.

Ons het voorheen genoem dat die Departement volle verantwoordelikheid en eienaarskap van die implementering van die Ondernemingswye Risikobestuur (ORB)-metodologie en funksie geneem het. Die uitdaging bestaan om ORB regdeur die Organisasie te institusionaliseer. Die Ouditkomitee het 'n aantal moontlike risiko's opgemerk en sal dit op 'n gereelde basis monitor.

Ons het bestuur se aanvaarding van die OGSA se bestuursverslag hersien en onderskryf. Ons kan bevestig dat daar geen onopgeloste kwessies is nie. Die Ouditkomitee is tevrede met die inhoud en kwaliteit van kwartaallikse verslae in terme van injaar-bestuur en kwartaalikse prestasieverslae wat in terme van die WOFB en die Wet op Verdeling van Inkomste en voorberei en uitgereik deur die Rekeningkundige Beampte van die Departement, tydens die jaar onder hersiening voorgelê het.

Ons het voldoen aan ons mandaat met betrekking tot die jaarlikse finansiële state, soos hieronder genoem.

**Evaluasie van Finansiële State**

Die Ouditkomitee het:

- die geouditeerde Jaarlikse Finansiële State, wat in die Jaarverslag ingesluit moet word, met die OGSA en die Rekeningkundige Beampte hersien en bespreek;
- Die OGSA se Bestuursverslag en Bestuur se antwoord daarop, hersien;
- veranderings aan rekeningkundige beleid en praktyke soos vermeld is in die Jaarlikse Finansiële State, hersien;
- die Departement se prosesse vir voldoening aan wetlike en regulerende voorsienings hersien;
- die inligting oor voorafbepaalde doelwitte, soos aangedui is in die jaarverslag, hersien;
- beduidende wysigings wat uit die oudit van die Departement voortgevloei het, hersien; en
- die tussentydse finansiële state, soos voorgelê deur die Departement vir die ses maande geëindig 30 September 2012, hersien en waar van toepassing, veranderings aanbeveel.

Die Ouditkomitee stem staam en aanvaar die OGSA se opinie met betrekking tot die Jaarlikse Finansiële State, en stel voor dat die Geouditeerde Jaarlikse Finansiële State aanvaar word en saam met die verslag van die OGSA gelees word.

**Interne Oudit**

In lyn met die WOFB en die King III-verslag oor Korporatiewe Bestuursvereistes, gee Interne Oudit aan die Ouditkomitee en Bestuur redelike versekering dat interne kontroles voldoende en doeltreffend is. Dit word bereik deur 'n risikogebaseerde Interne Ouditplan, interne oudit wat die geskiktheid van kontroles wat die risikos versag en die ouditkomitee wat implementering van korrektiewe aksies monitor.

Die volgende interne oudits is gedurende die jaar onder hersiening goedgekeur en voltooi:

- Verbruikersbeskerming
- Toerismegroei

- Vaardigheidsontwikkelingsforum
- Oordragbetalings

Die Ouditkomitee is steeds bekommerd dat verdere ouditdekking benodig word om 'n wesenlike persentasie Hoë Risiko-areas te dek. Die Ouditkomtee sal verhoogde versekering oor wesenlike risiko's bevorder deurdat hulle oor die implementering van gekombineerde versekeringsbeginsels sal toesig hou.

**Ouditeur-Generaal se Verslag**

Ons het die Departement se implementeringslan vir ouditkwessies wat in die vorige jaar kwartaalliks hersien. Die Ouditkomitee het vergaderings met die OGSA gehou om te verseker dat daar geen onopgeloste kwessies uit die regulatoriese oudit voortspruit nie. Korrektiewe aksies vir die gedetailleerde bevindings wat uit die huidige regulatoriese oudit mag voortspruit, sal kwartaalliks deur die Ouditkomitee gemonitor word.

**Waardering**

Die Ouditkomitee wil sy dank aan die Bestuur van die Departement, die OGSA, Provinsiale Ondernemingsrisiko Bestuurseenheid, Forensiese Ondersoekeenheid en die Interne Ouditeenheid betuig vir die samewerking en inligting wat hulle gegee het om ons in staat te stel om hierdie verslag saam te stel.



**Me J Gunther**

**Voorsitter van die Ekonomiese Kluster Ouditkomitee**

**Augustus 2013**

# DEEL D: MENSLIKE HULPBRONBESTUUR

## 1. WETGEWING WAT MENSLIKE HULPBRONBESTUUR BEHEER

Die inligting verskaf in hierdie deel, word voorgeskryf deur die Openbare Diensregulasies (Hoofstuk 1, Deel III J.3 en J.4).

Addisioneel tot die Openbare Diensregulasies, 2001 (soos gewysig op 30 Julie 2012), bepaal die volgende voorskrifte Menslike Hulpbronbestuur binne die Openbare Diens:

- **Wet op Gesondheid en Veiligheid, Wet 85 van 1993**

Om te voorsien vir die gesondheid en veiligheid van mense by die werk en vir die gesondheid en veiligheid van mense in verband met die gebruik van toerusting en masjinerie; die beskerming van mense buiten persone by die werk teen gevare tot gesondheid en veiligheid wat voortspruit uit of verband hou met die aktiwiteite van persone by die werk; om 'n raadgewende raad vir beroepsgesondheid en -veiligheid in te stel; en om te voorsien vir sake wat verbind is daaraan.

- **Wet op Openbare Diens 1994, soos gewysig deur Wet 30 van 2007**

Om te voorsien vir die organisering en administrasie van die openbare diens van die Republiek, die regulering van die voorwaardes vir indiensneming, dienstyd, dissipline, aftrede en ontslag van lede van die openbare diens, en sake wat daarmee verband hou.

- **Wet op Arbeidsverhoudinge, Wet 66 van 1995**

Om die werkgewer te reguleer en leiding te gee in die herkenning en vervulling van sy rol om arbeidsvrede en die demokratisering van die werkplek toe te pas.

- **Wet op Basiese Diensvoorwaardes, Wet 75 van 1997**

Om uitwerking te gee aan die reg tot regverdige arbeidspraktyke waarna in artikel 23(1) van die Grondwet verwys word deur die instelling en deur voorsiening te maak vir die regulering van basiese voorwaardes vir indiensneming; en daarmee te voldoen aan die verpligtinge van die Republiek as 'n lidstaat van die Internasionale Arbeidsorganisasie; en om te voorsien vir sake wat hiermee verband hou.

- **Vaardigheidsontwikkelingswet, Wet 97 van 1998**

Om 'n institusionele raamwerk te verskaf om nasionale-, sektorale- en werkplek-strategieë te bepaal en implementeer om die vaardighede van die Suid-Afrikaanse werkerskorps te ontwikkel en verbeter; om daardie strategieë te integreer binne die Nasionale Kwalifikasie-raamwerk wat in die Wet op Suid-Afrikaanse Kwalifikasie-owerheid, 1995 verwag word; om leerlingskappe te verskaf wat lei tot erkende beroepskwalifikasies; om te voorsien vir die finansiering van vaardigheidsontwikkeling deur middel van 'n heffingstoelaagskema en 'n Nasionale Vaardigheidsfonds; om te voorsien vir en regulering van indiensnemingsdienste; en om te voorsien vir sake wat daarmee verband hou.

- **Wet op Diensbillikheid, Wet 55 van 1998**

Om gelykheid te bevorder, onregverdige diskriminasie in indiensneming te verwyder en om implementering van diensbillikheidmaatreëls te verseker om die effek van diskriminasie te herstel; om 'n uiteenlopende en doeltreffende werkerskorps te behaal wat verteenwoordigend is van die demografie van die provinsie.

- **Wet op Openbare Finansiële Bestuur, Wet 1 van 1999**

Om finansiële bestuur in die nasionale regering en provinsiale regerings te reguleer; om te verseker dat alle inkomste, uitgawes, bates en laste van daardie regerings doeltreffend en effektief bestuur word; om te voorsien vir die verantwoordelikhede van mense wat met finansiële bestuur toevertrou is in daardie regerings; en om te voorsien vir sake wat hiermee verbind hou.

- **Wet op Vaardigheidsontwikkelingsheffing, Wet 9 van 1999**

Om enige openbare dienste werkgewer in die nasionale en provinsiale sfere van die Regering van vrystelling te voorsien om 'n vaardigheidsontwikkelingsheffing te betaal; en vir vrystelling van sake wat daarmee verband hou.

- **Wet op bevordering van Toegang tot Inligting, Wet 2 van 2000**

Om uitvoering te gee aan die grondwetlike reg van toegang tot inligting van die Staat en en enige inligting wat deur 'n ander persoon gehou word en wat vereis word vir die uitoefening of beskerming van enige regte; en om te voorsien vir sake wat daarmee verband hou.

- **Wet op Bevordering van Administratiewe Geregtigheid(WBAG) van 2000**

Om uitwerking te gee vir die reg tot administratiewe aksie wat wetlik, redelik en regverdig volgens prosedure is en tot die reg tot geskrewe redes vir administratiewe aksie soos voorsien in afdeling 33 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996; en om te voorsien vir sake wat bykomend daartoe is.

## 2. INLEIDING

**Die waarde van menslike kapitaal in die Departement**

Ons werknemers is die vernaamste bydraers tot die prestasies van die Departement en van die suksesse van die Wes-Kaapse Regering. Diensuitnemendheid is afhanklik van die welstand van ons organisasie en sy mense. Hieruit:

- waardeer ons werknemers wat met integriteit optree, en wat verbind is, omgee, bekwaam is, rekenpligtig en deelnemend is;
- sien ons menslike bestuur as die verantwoordelikheid van almal;
- grond ons die bestuur van ons werknemers in die beginsels van waardigheid, respek, deursigtigheid en billikheid;
- groei, ontwikkel, bemagtig en stel ons ons werknemers om hulle ware volle potensiaal te bereik; en
- omarm ons diversiteit en het ons 'n groot respek vir mekaar se kulture, individualiteit, taal, waardes en gelowe.

**Oorsig van menslike hulpbronsake**

Werknemers is die sleutelelement in die bereiking van die strategiese doelwitte van die Departement. Daarom het die menslike hulpbronbeplanning ten doel om te verseker dat die Departement die regte mense, die regte vaardighede en op die regte plek op die regte tyd, altyd het. Dit is in hierdie konteks dat die Departement se strategiese MH-plan ontwikkel en geïmplementeer is vir die periode **1 April 2013 tot 31 Maart 2018**. Die MH-plan is hersien om te bepaal of die menslike hulpbron strategiese doelwitte steeds geldig is en of dit die MH-prioriteite in die Departement aanspreek. Halfjaarlikse vorderingsverslae het die implementering van die sleutelaktiwiteite wat in die MH-plan vervat is, gemonitor en is aan die DODA voorgelê soos voorgeskryf. Deur middel van werkerskorpsbeplanning het die Departement die huidige en toekomstige menslike hulpbronbehoeftes geïdentifiseer en die aandag op potensiële uitdagings gevestig wat 'n impak kon hê op die bereiking van die Departement se strategiese doelwitte.

**Stel menslike hulpbron-prioriteite vir die jaar onder hersiening en die impak van hierdie prioriteite**

Na die analisering van die huidige werkerskorpsprofiel en toekomstige vraag, is die volgende MH-prioriteite geïdentifiseer.

| NR. | MH PRIORITEIT | IMPAK |
|---|---|---|
| 1 | **Opleiding en ontwikkeling** | Om 'n geleerde organisasie te skep met 'n fokus op skaars en kritiese vaardighede.<br>Beskikbaarheid van 'n poel van bekwame werknemers wat reg is om vakante poste te vul. |
| 2 | **Werwing en keuring** | Verminderde tydraamwerke om geadverteerde poste te vul.<br>Verminderde vakante pos-koers en meer doeltreffende werwing en keuringsproses.<br>Die Departement word erken as 'n "Werkgewer van keuse". |
| 3 | **Diensbillikheid en diversiteitbestuur** | 'n Diverse werkerskorps met gelyke geleenthede vir almal. |
| 4 | **Opvolging en loopbaanbestuur** | Om die beskikbaarheid van 'n pyplyn van opvolgers vir sleutel- of kritiese posisies te verseker.<br>Opvolgingbeplanning verseker bestendigheid van organisatoriese sukses. |
| 5 | **Retensie** | 'n Bestendige en stabiele werkerskorps. |

**Werkerskorps beplanningsraamwerk en sleutelstrategieë om 'n vaardige en bekwame werkerskorp te lok en werf**

Sonder werknemers, kan die Departement nie 'n optimale diens lewer nie en sonder 'n voldoende begroting, kan dit nie mense wat benodig word om optimale dienste te lewer, werf, ontwikkel of behou nie.

Die uitdagings wat die Departement in die gesig staar, is geïdentifiseer. Hierdie uitdagings is aangespreek deur die identifisering van sleutelaktiwiteite wat in die Aksieplan ingekorporeer is.

Die volgende is sleutelaktiwiteite soos in die Aksieplan vervat is:

| NR. | SLEUTELAKTIWITEITE |
|---|---|
| 1 | **Opleiding en ontwikkeling**<br>Gestruktureerde mentorskap- en afrigtingsprogramme om geïmplementeer te word.<br>Uitvoer van opleidingsbehoefte-analise om vaardigheidstekorte te bepaal, en die belyning met die departementele Risikoregister en die risiko's geïdentifiseer.<br>Die koördinering deur die Departementele Opleidingskomitee van alle opleidingsgapings en ontwikkelingbemiddelings en sluit in monitering en verslagdoening aan die Departementele Topbestuur-struktuur op 'n voortgesette basis. |
| 2 | **Werwing en keuring**<br>Implementeer maatreëls om omsettydperk vir die vul van permanente poste te verminder, bv. e-Werwing, Werwingsplan, interne werwing, ens.<br>Alle nuwe aanstellings moet 'n induksie binne die eerste maand van aanstelling bywoon, asook die hersiening en implementering van die Aanboordprogram, wat 'n sterk fokus op veranderingnavigasie, waardes, mentorskap en vaardigheidsontwikkeling behoort te hê.<br>Bekendstelling van ingangsonderhoude vir nuwe aanstellings op MMS en ook vir gespesialiseerde en kritiese vaardigheidsberoepe. |
| 3 | **Diensbillikheid en diversiteitbestuur**<br>Fokus werwing en ontwikkelingsinisiatiewe na die bereiking van numeriese doelwitte, spesifiek om onderverteenwoordiging op alle salarisvlakke en in alle direktorate aan te spreek.<br>Invoer van Regstellende Aksie (RA) -maatreëls in die Diensbillikheid (DB) -plan (instelling van vennootskappe met Ongeskiktheidsorganisasies/netwerke) om 'n poel van PWD's en Vroue in MMS te skep om vir bevordering na SBD-poste beskikbaar te wees wanneer 'n pos oopgaan. |
| 4 | **Opvolging en loopbaanbestuur**<br>Aftrede en uitgangsbeplanning om te verseker vaardighede en kennisoordrag<br>(bv. in dokumentvorm) en hoë risikogroepe (bv. jeug – jonger as 35, skaars en kritiese beroepe en verwagte aftredende personeel, ingesluit DH/SBD).<br>Verken die moontlikheid om 'n uitgangsmetgesel te identifiseer waar personeel aftree-ouderdom nader, met die visie om institusionele geheue te behou en om beide konkrete en stilswyende kennis oor te dra. |
| 5 | **Retensie**<br>Implementeer retensiemaatreëls soos per die transversele Retensiestrategie.<br>Ondersoek die uitgangsonderhoud-proses met die doel om sy geloofwaardigheid te bevorder en identifiseer vaardighede wat vir die Departement verlore is. |

Daar word verwag dat die Departementele bestuur en die Korporatiewe Dienssentrum gedeelde verantwoordelikheid sal neem vir die uitvoering van die aksieplanne, asook eienaarskap vir die lewering van die nodige uitkomste.

**Werkgewer Prestasiebestuurraamwerk**

| 3. Het die Departement 'n Werknemer Hulp- of Gesondheidsbevorderingsprogram bekendgestel aan werknemers? Indien wel, dui die sleutelelemente/dienste van hierdie program aan. | ✓ | | Die Departement het 'n diensvlak ooreenkoms met ICAS (Diensverskaffer) aangegaan om 'n Werknemer Gesondheid en Welstanddiens aan die elf departemente te lewer by die Korporatiewe Dienstesentrum (KDS).<br>Die Departement het bemiddelings uitgevoer, naamlik Bestuursinduksie, Werknemer-induksie, Spanningbestuur, Mishandeling en Seksuele Gesondheidsbewustheid, Persoonlike finansies, Bestuursverwysing, Middelmisbruik, Finansiële Welstand, Bestuursverwysing en Afrigting vir werknemers. Hierdie bemiddelings is beplan gebaseer op die neigings wat kwartaalliks gerapporteer word deur die Werknemergesondheid en Welstand-program (WGWP)-verslae wat deur die diensverskaffer, ICAS, vir die periode 2012/13 verskaf is. Die verslae is gebaseer op die gebruik van die WGW-dienste en bestuursinligting om die nodige bemiddelings te teiken en om hierdie neigings aan te spreek.<br>Die geteikende bemiddelings is gemik daarop om die werknemer-verbintenis deur bewustheid en opvoedkundige bemiddelings te verbeter, wat gesonde leefstyle en hanteermeganismes bevorder. Dit behels voorleggings om bewustheid te skep en moedig werknemers aan om 'n proaktiewe benadering te hê om die impak van hierdie probleme in die werkplek te benader. Die bogenoemde bemiddelings is uitgevoer vir die geteikende departemente, ingesluit bestuurders en toesighouers. Die Departement het ook inligtingsessies verskaf, soos versoek deur verskillende Departemente in die Wes-Kaap Regering (WKR), om werknemers in te lig van die WGW-diens, hoe om toegang te kry tot die Werknemergesondheid en Welstand-program. Promosiemateriaal soos pamflette, plakkate en brosjures is versprei. |
| 4. Het die Departement ('n) kommittee(s) soos verwag in Deel VI E.5 (e) van Hoofstuk 1 van die Openbare Diensregulasies ingestel? Indien wel, verskaf asseblief die name van lede van die kommittee en die deelhebber(s) wat hulle verteenwoordig. | ✓ | | 'n Nuwe Gesondheids en Welstand Bestuurskommittee is ingestel met lede wat deur elke departement genomineer is.<br>Die departementele lede is:<br>C Julies en P Martin |

| Vraag | Ja | Nee | Detail, indien Ja |
|---|---|---|---|
| 5. Het die Departement sy indiensnemingsbeleide en praktyke hersien om te verseker dat hierdie nie onregverdig diskrimineer teen werknemers op die basis van hulle MIV-status nie? Indien wel, gee ‘n lys van die werknemersbeleide/praktyke wat hersien is. | ✓ | | Die Transversele Bestuursraamwerk vir Werknemergesondheid en Welstandprogram in die Wes-Kaap is in werking en is aangeneem deur die Koördineringskamer van die OSKBK vir die Wes-Kaap Provinsie op 10 Augustus 2005.<br>DODA het verskeie nasionale beleidsdokumente ontwikkel in 2007/8 wat Werknemergesondheid en Welstand in die Openbare Diens bestuur en wat programme en dienste op ‘n eenvormige wyse koördineer.<br>In hierdie verband maak alle werknemerbeleide voorsiening vir regverdige praktyke, ongeag die MIV-status van personeel of aansoekers.<br>Tydens die tydperk onder hersiening het die Departement van die Premier ‘n Transversele Werknemergesondheid en Welstand-beleid ontwikkel. Die konsepdokument word gekonsulteer vir bekragtiging. Verder het die Departement van gesondheid die Transversele MIV en VIGS/SOS Werkplekbeleid en program goedgekeur, wat van toepassing sal wees op alle departemente van die Wes-Kaap Regering. Die dokument is in lyn met die vier pilare van die WGW Strategiese Raamwerk 2008. |

| Vraag | Ja | Nee | Detail, indien Ja |
|---|---|---|---|
| 6. Het die Departement maatreëls ingestel om MIV-positiewe werknemers of diegene wat gedink word MIV-positief is, te beskerm teen diskriminasie? Indien wel, lys die sleutelelemente van hierie maatreëls. | ✓ | | Die Departement het bestaande wetgewing en beleidsraamwerke geïmplementeer, asook Moniterings- en Evaluasieriglyne, wat deur DPSA ontwikkel is.<br>Die oorkoepelende doel van hierdie raamwerke is om MIV-positiewe werknemers te beskerm deur die implementering van die Drie Nulle te bepleit in lyn met die Gesamentlike Verenigde Nasies-programme en inligtingsessies wat ontwikkel is om stigma en diskriminiasie te verwyder en om bewustheid te skep deur:<br>• Nul nuwe MIV, SOS en TB-infeksies<br>• Nul sterftes geassosieer met MIV en TB<br>• Nul diskriminasie<br>Die Departement onderneem die HCT en Welstandtoetse om te verseker elke werknemer in die Departemente van die Wes-Kaap is getoets vir MIV en gesif vir TB, ten minste jaarliks. Die doel was om:<br>• MIV en TB-diskriminasie te verminder in die werkplek. Dit het ingesluit veldtogte teen onregverdige diskriminasie en bemagtiging van werknemers.<br>• Onregverdige diskriminasie in die toegang tot dienste te verminder. Dit het ingesluit om te verseker dat die Werknemerverhoudingsdirektoraat klagtes of griewe aanspreek en opleiding aan werknemers verskaf.<br>• Ander sleutelelemente wat MIV/VIGS diskriminasiekwessies aanspreek, is: Welstandsiftings en TB-toetssessies met spesifieke versoeke van departemente, plakkate en pamflette is versprei, MIV/VIGS berading (HCT) en TB-toetsing is gedoen, kondoomprogramme en praatjies, ingesluit MIV/VIGS-uitpraatprogram is ook gedoen. |

| Vraag | Ja | Nee | Detail, indien Ja |
|---|---|---|---|
| 7. Moedig die Departement sy werknemers aan om vrywillige berading en toetsing (VCT) te ondergaan? Indien wel, lys die resultate wat jy behaal het. | ✓ | | **HCT-SESSIES**<br>Die volgende siftingsessies is gedoen:<br>Bloeddruk, Glukose, Cholesterol, TB, LMI (liggaamsmassa-indeks) en praatjies.<br>• Die Departement van **Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme** het in 3 HCT en Welstandsiftings deelgeneem.<br>• **Een en dertig** werknemers is getoets en berading gegee vir MIV, Tuberkulose en Seksueel Oordragbare siektes (SOS).<br>• Daar was 0 kliniese verwysings vir TB, MIV en enige ander SOS'e. |
| 8. Het die Departement maatreëls/ aanwysers ontwikkel om die impak van sy gesondheidsbevorderingsprogram te monitor en evalueer? Indien wel, lys die maatreëls/ aanwysers. | ✓ | | Die impak van gesondheidsbevorderingsprogramme is aangedui deur inligting verskaf deur die Werknemer Gesondheid en Welstandkontrak (eksterne EAP diensverskaffer).<br>Die Werknemer Gesondheid en Welstandprogram word gemonitor deur Kwartaallikse en Jaarlikse verslagdoening. Die verslagdoening word verskaf deur die Eksterne Diensverskaffer. Die mees onlangse gesondheid hersieningsperiode was 1 Apri 2012/13.<br>Die kwartaallikse en jaarlikse hersiening verskaf 'n uiteensetting van die WGWP Menslike Kapitaal Demografie, d.i. ouderdom, geslag, lengte van diens, afhanklike gebruik, taalgebruik, werknemer vs. bestuurder gebruik, aantal sake.<br>Die hersiening verskaf verder, onder meer, diensbenutting, probleemontleding en -neigings, assessering van werknemer en organisatoriese risiko en die impak daarvan op die individu wat in die werkplek funksioneer. |

## 3.12 Arbeidsverhoudinge

Die volgende kollektiewe ooreenkomste is aangegaan met vakunies binne die Departement.

**Tabel 3.12.1: Kollektiewe ooreenkomste, 1 April 2012 tot 31 Maart 2013**

| Totale kollektiewe ooreenkomste | Geen |
|---|---|

Tabel 3.12.2 gee 'n opsomming van die uitkomste van dissiplinêre verhore wat binne die Departement gehou is vir die jaar onder hersiening.

**Tabel 3.12.2: Wangedrag en dissiplinêre verhore gefinaliseer, 1 April 2012 tot 31 Maart 2013**

| Uitkomste van dissiplinêre verhore | Getal | % van totaal |
|---|---|---|
| Korrektiewe berading | 0 | 0.0 |
| Mondelingse waarskuwing | 0 | 0.0 |
| Geskrewe waarskuwing | 0 | 0.0 |
| Finale geskrewe waarskuwing | 1 | 100.0 |
| Skorsing sonder betaling | 0 | 0.0 |
| Boete | 0 | 0.0 |
| Demosie | 0 | 0.0 |
| Ontslag/drostery | 0 | 0.0 |
| Nie skuldig | 0 | 0.0 |
| Saak onttrek | 0 | 0.0 |
| **Totaal** | **1** | **100.00** |
| Persentasie van totale werkerskorps | 0.3 | |

***Nota:*** *Uitkomste van dissiplinêre verhore verwys slegs na formele sake.*

**Tabel 3.12.3: Soorte wangedrag aangespreek by dissiplinêre verhore, 1 April 2012 tot 31 Maart 2013**

| Tipe wangedrag | Getal | % van totaal |
|---|---|---|
| Ongemagtigde Toegang tot Vertroulike Inligting | 1 | 100.0 |
| **Totaal** | **1** | **100.00** |

**3.12.4: Griewe ingedien, 1 April 2012 tot 31 Maart 2013**

| Griewe ingedien | Getal | % van totaal |
|---|---|---|
| Getal griewe opgelos | 1 | 25.0 |
| Getal griewe nie opgelos nie | 3 | 75.0 |
| **Totale getal griewe ingedien** | **4** | **100.0** |

***Nota:*** *Griewe ingedien verwys na sake wat gefinaliseer is binne die rapporteringstydperk. Griewe nie opgelos nie verwys na sake wat gefinaliseer is, maar waar die uitkoms nie ten gunste van die verontregte was nie en ongegrond was.*

### Tabel 3.12.5: Dispute ingedien by Rade, 1 April 2012 tot 31 Maart 2013

| Dispute ingedien by Rade | Getal | % van totaal |
|---|---|---|
| **Getal dispute gehandhaaf** | 0 | 0.0 |
| **Getal dispute afgewys** | 2 | 100.0 |
| **Totale getal dispute aangemeld** | **2** | **100.0** |

***Nota:*** *Rade verwys na die Openbare Diens Koördinerende Bedingingsraad (ODKBR) en Algemene Openbare Sektor Bedingingsraad (AOSB).*

### Tabel 3.12.6: Staakaksies, 1 April 2012 tot 31 Maart 2013

| Staakaksies | Getal |
|---|---|
| **Totale getal menslike werksdae verlore** | 0 |
| **Totale koste (R'000) van werksdae verlore** | 0 |
| **Bedrag (R'000) verhaal as gevolg van geen werk, geen betaling** | 0 |

### Tabel 3.12.7: Voorkomende skorsings, 1 April 2012 tot 31 Maart 2013

| Voorkomende skorsings | Getal |
|---|---|
| **Getal mense geskors** | 0 |
| **Getal mense wie se skorsing 30 dae oorskry het** | 0 |
| **Gemiddelde getal dae geskors** | 0 |
| **Koste (R'000) van skorsings** | 0 |

***Nota:*** *Voorkomende skorsings verwys na personeel wat geskors is met betaling terwyl hulle sake ondersoek word.*

## 3.13. Vaardigheidsontwikkeling

Hierdie afdeling beklemtoon die pogins van die Departement met betrekkinng tot vaardigheidsontwikkeling. Tabe 3.13.1 reflekteer die opleidingsbehoeftes soos aan die begin van die hersieningsperiode, en Tabel 3.13.2 die werklike opleiding verskaf.

**Tabel 3.13.1: Opleidingsbehoeftes geïdentifiseer, 1 April 2012 tot 31 Maart 2013**

| Poskategorieë | Geslag | Getal werknemers soos op 1 April 2012 | Opleidingsbehoeftes geïdentifiseer aan die begin van die rapporteringstydperk | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | Leerlingskappe | Vaardigheidsprogramme en ander kort kursusse | Ander vorme van opleiding | **Totaal** |
| Wetgewers, senior amptenare en bestuurders | Vroulik | 7 | 0 | 8 | 0 | 8 |
| | Manlik | 10 | 0 | 10 | 0 | 10 |
| Professionele mense | Vroulik | 12 | 0 | 64 | 0 | 64 |
| | Manlik | 8 | 0 | 35 | 0 | 35 |
| Technici en geassosieerde professionele personeel | Vroulik | 65 | 0 | 180 | 0 | 180 |
| | Manlik | 36 | 0 | 51 | 0 | 51 |
| Klerke | Vroulik | 51 | 0 | 151 | 0 | 151 |
| | Manlik | 22 | 0 | 44 | 0 | 44 |
| Diens en verkopepersoneel | Vroulik | 1 | 0 | 0 | 0 | 0 |
| | Manlik | 3 | 0 | 0 | 0 | 0 |
| Geskoolde landbou en visserywerkers | Vroulik | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 |
| | Manlik | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 |
| Handwerk en verwante handelswerkers | Vroulik | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 |
| | Manlik | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 |
| Toerusting en masjinerie-operateurs en monteurs | Vroulik | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 |
| | Manlik | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 |
| Elementêre beroepe | Vroulik | 2 | 0 | 0 | 0 | 0 |
| | Manlik | 2 | 0 | 0 | 0 | 0 |
| Subtotaal | Vroulik | 140 | 0 | 403 | 0 | 403 |
| | Manlik | 82 | 0 | 140 | 0 | 140 |
| **Totaal** | | **222** | **0** | **543** | **0** | **543** |
| **Werknemers met ongeskikthede** | Vroulik | 2 | 0 | 0 | 0 | 0 |
| | Manlik | 1 | 0 | 0 | 0 | 0 |

***Nota:*** *Die bogenoemde tabel indentifiseer die opleidingsbehoeftes aan die begin van die rapporteringstydperk soos per die Departement se Werkplek Vaardigheidsplan.*

**Tabel 3.13.2: Opleiding verskaf, 1 April 2012 tot 31 Maart 2013**

| Poskategorieë | Geslag | Getal werknemers soos op 1 April 2012 | Opleidingsbehoeftes geïdentifiseer aan die begin van die rapporteringstydperk | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | Leerlingskappe | Vaardigheidsprogramme en ander kort kursusse | Ander vorme van opleiding | **Totaal** |
| Wetgewers, senior amptenare en bestuurders | Vroulik | 7 | 0 | 9 | 0 | 9 |
| | Manlik | 10 | 0 | 11 | 0 | 11 |
| Professionele mense | Vroulik | 10 | 0 | 25 | 0 | 25 |
| | Manlik | 8 | 0 | 18 | 0 | 18 |
| Technici en geassosieerde professionele personeel | Vroulik | 62 | 0 | 82 | 0 | 82 |
| | Manlik | 41 | 0 | 55 | 0 | 55 |
| Klerke | Vroulik | 61 | 0 | 78 | 0 | 78 |
| | Manlik | 28 | 0 | 49 | 0 | 49 |
| Diens en verkopepersoneel | Vroulik | 1 | 0 | 1 | 0 | 1 |
| | Manlik | 1 | 0 | 1 | 0 | 1 |
| Geskoolde landbou en visserywerkers | Vroulik | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 |
| | Manlik | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 |
| Handwerk en verwante handelswerkers | Vroulik | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 |
| | Manlik | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 |
| Toerusting en masjinerie-operateurs en monteurs | Vroulik | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 |
| | Manlik | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 |
| Elementêre beroepe | Vroulik | 2 | 0 | 0 | 0 | 0 |
| | Manlik | 1 | 0 | 0 | 0 | 0 |
| Subtotaal | Vroulik | 145 | 0 | 195 | 0 | 195 |
| | Manlik | 90 | 0 | 134 | 0 | 134 |
| **Totaal** | | **235** | **0** | **329** | **0** | **329** |
| **Werknemers met ongeskikthede** | Vroulik | 2 | 0 | 0 | 0 | 0 |
| | Manlik | 1 | 0 | 0 | 0 | 0 |

***Nota:*** *Die bostaande tabel identifiseer die getal opleidingskursusse wat vir die tydperk onder hersiening deur individue bygewoon is.*

## 3.14. Besering aan diens

Tabel 3.14.1 verskaf basiese inligting oor beserings aan diens.

**Tabel 3.14.1: Besering aan diens, 1 April 2012 tot 31 Maart 2013**

| Aard van besering aan diens | Getal | % van totaal |
|---|---|---|
| **Vereis slegs basiese mediese aandag** | 0 | 0.0 |
| **Tydelike ongeskiktheid** | 2 | 100.0 |
| **Permanente ongeskiktheid** | 0 | 0.0 |
| **Fataal** | 0 | 0.0 |
| **Totaal** | **2** | **100.0** |
| **Persentasie van totale werkerskorps** | | 0.6 |

## 3.15. Benutting van konsultante

**Tabel 3.15.1: Verslag oor konsultante-aanstellings wat toegewysde fondse gebruik**

| Projektitel | Totale getal konsultante wat op die projek gewerk het | Duur van die kontrak (Maande) | BBSEB-gradering | Bedrag betaal |
|---|---|---|---|---|
| Ambagsman-ontwikkeling navorsingstudie | 4 | 5 Maande | 2 | R836 920.00 |
| BBSEB-verifikasie | 3 | 7 Maande | 4 | R356 367.92 |
| Besigheidsmededingingsprogram | 15 | 3 Maande elke konsultant | 3 or 4 | R858 868.00 |
| Kaapse gesondheidstegnologiepark | 1 | 1 Maand | 2 | R297 600.00 |
| Kaapse bergpasse | 1 | 1 Maand | N/A | R23 078.69 |
| Loopbaanbewustheid | 6 | 5 Maande | 4 | R297 430.00 |
| Ontwerperspark | 5 | 5 Maande | 4 | R1 039 483.00 |
| Ekonomiese sinteseverslag | 4 | 8 Maande | N/A | R498 000.00 |
| E-onderwys | 6 | 3 Maande | 2 | R1 533 006.00 |
| EMC-stelsel | 13 | 1 Maand | 1 | R313 040.80 |
| Entrepreneurskap-innovering | 3 | 6 Maande | 4 | R300 000.00 |
| Visafval | 5 | 1 Maand | 2 | R197 500.00 |
| Voedselstandaarde en veiligheidsprodukte | 14 | 4 Maande | N/A | R1 000 000.00 |
| Buitelandse taalopleiding | 3 | 6 Maande | 4 | R94 360.00 |
| Future Cape 2040 | 18 | 7 Maande | 3 | R1 490 000.00 |
| Jelbrandstof- uitvoerbaarheidstudie | 5 | 6 Maande | N/A | R414 800.00 |
| Green Cape | 3 | 2 Maande | 4 | R153 900.00 |

| Projektitel | Totale getal konsultante wat op die projek gewerk het | Duur van die kontrak (Maande) | BBSEB-gradering | Bedrag betaal |
|---|---|---|---|---|
| Groen ekonomie-strategie | 3 | 2 Maande | 4 | R473 632.00 |
| Onwettige gids-inspeksies | 14 | 9 Maande | 4 | R105 926.00 |
| Internet-bemarking | 4 | 4 Maande | 5 | R207 753.60 |
| Knysna besigheidsklimaat-opname | 10 | 3 Maande | 4 | R199 400.00 |
| PEO-groeifonds | 2 | 9 Maande | N/A | R716 000.00 |
| PEO-bekwaamheidsassessering | 1 | 5 Maande | N/A | R299 000.00 |
| Erfenis mentorskap | 77 | 3 Maande elke konsultant | 3 or 4 | R1 225 350.06 |
| Monitering en Evaluasieprojekte | 7 | 2 Maande elke projek | 3 or 4 | R1 017 626.20 |
| Natuurlike gas | 1 | 3 Maande | 4 | R299 999.00 |
| Volstruisstudie | 7 | 2 Maande | 4 | R46 740.00 |
| Toergids voorlegging en kommunkasievaardighede | 2 | 6 Maande | 4 | R62 820.00 |
| Prioriteitsektor-studie | 7 | 1 Maand | 2 | R95 683.16 |
| Professionele fasiliteerder hawegebied | 1 | 6 Maande | N/A | R120 000.00 |
| Kwartaallikse ekonomiese hersiening | 3 | 1 Maand | N/A | R41 474.00 |
| Breëband gereedheidsadviseur | 1 | 36 Maande | 3 | R1 646 458.64 |
| Rompslompvermindering | 1 | 4 Maande | 4 | R296 274.87 |
| Rompslompvermindering – immigrasie | 2 | 12 Maande | 3 | R48 147.91 |
| Navorsing in vyf munisipaiteite | 6 | 6 Maande | 4 | R475 000.00 |
| SA-gasheer-opleiding | 2 | 4 Maande | 3 | R309 846.30 |
| Saldanha IDZ -projek | 1 | 4 Maande | 3 | R487 920.00 |
| Saldanha draadlose netwerk | 4 | 15 Maande | 2 | R99 931.98 |
| SAOGA-hawe | 6 | 8 Maande | N/A | R205 200.00 |
| Verskafferontwikkeling | 13 | 1 Maand elke kontrak | 3 or 4 | R645 351.60 |
| Toerisme beskigheidsadviseur Eden en Sentrale Karoo | 2 | 9 Maande | 3 | R198 000.00 |
| Breëband tegniese-adviseur | 1 | 2 Maande | 3 | R499 590.00 |

| Projektitel | Totale getal konsultante wat op die projek gewerk het | Duur van die kontrak (Maande) | BBSEB-gradering | Bedrag betaal |
|---|---|---|---|---|
| Toerisme onderneming intermediêre 201-opleiding | 11 | 5 Maande | 3 | R322 648.50 |
| Toerisme nismark produksie-oudit | 3 | 2 Maande | N/A | R117 312.00 |
| Toergids-opleiding | 2 | 6 Maande | 4 | R169 946.00 |
| Transaksie-adviseur | 42 | 18 Maande | 3 | R13 232 533.93 |
| Werk- en vaardighede program-bekendstelling | 12 | 11 Maande | 3 | R7 598 050.00 |
| Werk- en vaardighede program-opleiding | 19 | 6 Maande | 1 | R1 368 000.00 |
| Kaapstad entreneurskapweek | 1 | 5 Maande | N/A | R500 000.00 |
| Voedselstandaarde en sertifisering ondersteuningsprogram | 6 | 7 Maande | N/A | R400 000.00 |
| Informele sektor navorsingstudie | 3 | 7 Maande | 4 | R740 000.00 |
| M&E groeifonds | 1 | 2 Maande | 3 | R210 900.00 |
| Sosiale media-opleiding | 1 | 4 Maande | 3 | R101 680.00 |
| Bedrog risiko-assessering | 4 | 12 Maande | 2 | R284 675.33 |
| PEO-kapasiteitsbou 2 | 3 | 1 Maand | 3 | R50 000.00 |
| PEO-kapasiteitsbou 1 | 2 | 1 Maand | 3 | R147 000.00 |
| Koöperatiewe ondersteuningsprojek | 9 | 3 Maande elke konsultant | 3 or 4 | R224 529.51 |
| PEO-kapasiteitsbou 4 | 1 | 3 Maande | N/A | R9 600.00 |
| PEO-kapasiteitsbou 3 – PACA-proses | 2 | 5 Maande | 4 | R399 000.00 |
| Onderneming-sontwikkeling-assesserings | 8 | 1 Maand | 3 | R188 500.00 |
| Toerisme besigheidsadviseur Kaapstad en Weskus | 1 | 9 Maande | 4 | R208 450.00 |
| SDM-bestuurassessering | 1 | 3 Maande | | R165 699.00 |
| Integrasie tussen Pastel en dranklisensie-stelsel | 2 | 1 Maand | 4 | R45 144.00 |
| Rompslomp informele sektor | 7 | 1 Maand | 2 | R57 243.64 |
| Kultuur en Erfenis strategie | 2 | 4 Maande | 3 | R95 000.00 |
| **Groottotaal** | | | | **R45 952 491.64** |

# DEEL E: FINANSIËLE INLIGTING

## VERSLAG VAN DIE REKENINGKUNDIGE BEAMPTE VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 MAART 2013

### 1. Verslag deur die Rekeningkundige Beampte aan die Uitvoerende Owerheid en die Parlement/Provinsiale Wetgewer van die Republiek van Suid-Afrika

### 1.1. Algemene oorsig van die toestand van finansiële sake

Gedurende die 2012/13 finansiële jaar, is die Departement 'n oorspronklike begroting van R291,117 miljoen toegeken. Hierdie begroting is soos volg toegewys:

Program 1: Administrasie – R27,738 miljoen

Program 2: Geïntegreerde Ekonomiese Ontwikkelingsdienste – R45,228 miljoen

Program 3: Handel- en Sektorontwikkeling – R95,658 miljoen

Program 4: Besigheidsregulering en Bestuur – R24,404 miljoen

Program 5: Ekonomiese Beplanning – R19,929 miljoen

Program 6: Toerisme, Kuns en Vermaak– R53,040 miljoen

Program 7: Vaardigheidsontwikkeling en Innovering – R25,120 miljoen

Gedurende die Aansuiweringramingsproses is 'n addisionele toewysing van R24,468 miljoen aan die Departement toegeken. Hiervan is R7,5 miljoen toegeken aan die breëbandprojek; R3,6 miljoen is toegeken aan die Wesk-Kaapse Ekonomiese Ontwikkelingsvennootskap. 'n Verdere R1,487 miljoen is toegeken aan die Wes-Kaapse Drankowerheid as gevolg van inkomsteretensie en R8,251 miljoen is toegeken aan die Wes-Kaapse Drankowerheid as 'n gevolg van 'n toename in eie inkomste en R3,755 miljoen is toegeken aan die Nasionale Bemagtigingsfonds.

Na die aansuiweringramingsproses is die aangepaste begroting van R315,585 miljoen per program toegewys soos volg:

Program 1: Administrasie – R27,286 miljoen

Program 2: Geïntegreerde Ekonomiese Ontwikkelingsdienste – R48,297 miljoen

Program 3: Handel- en Sektorontwikkeling – R103,269 miljoen

Program 4: Besigheidsregulering en Bestuur – R34,532 miljoen

Program 5: Ekonomiese Beplanning – R23,679 miljoen

Program 6: Toerisme, Kuns en Vermaak– R51,517 miljoen

Program 7: Vaardigheidsontwikkeling en Innovering – R27,005 miljoen

Die Departement het, soos op 31 Maart, 99,6% of R314,344 miljoen van sy toegewysde begrotings bestee in die uitvoering van sy mandaat, soos in Strategiese Doelwit 1: Skepping van Geleenthede vir groei en werkskepping, bepaal. Die finansiële posisie van die Departement word in die tabel hieronder weergegee.

| Program | Aangepaste aanwending | Verskuiwing van fondse | Oordrag | Finale aanwending | Werklike besteding | Afwyking |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 |
| 1. Administrasie | 27 286 | – | (2 032) | 25 254 | 25 210 | 44 |
| 2. Geïntegreerde Ekonomiese Ontwikkelings-dienste | 48 297 | – | 3 025 | 51 322 | 51 306 | 16 |
| 3. Handel- en Sektorontwik-keling | 103 269 | – | (993) | 102 276 | 101 296 | 980 |
| 4. Besigheids-regulering en Bestuur | 34 532 | – | 339 | 34 871 | 34 820 | 51 |
| 5. Ekonomiese Beplanning | 23 679 | – | 1 081 | 24 760 | 24 737 | 23 |
| 6. Toerisme, Kuns en Vermaak | 51 517 | – | (1 104) | 50 413 | 50 345 | 68 |
| 7. Vaardigheids-ontwikkeling en Innovering | 27 005 | – | (316) | 26 689 | 26 630 | 59 |
| **Total** | **315 585** | **–** | **–** | **315 585** | **314 344** | **1 241** |

## 2. DIENSTE GELEWER DEUR DIE DEPARTEMENT

### 2.1 Dienste gelewer

Gedurende die 2012/13 finansiële jaar het die Departement dienste gelewer in terme van toergidsregistrasie. Die uitreik van dranklisensies is deur die Wes-Kaapse Drankowerheid aanvaar vanaf 1 April 2012, met hulle inkorporasie as 'n wetlike entiteit.

### 2.2 Tariefbeleid

Alle tariewe word in die Provinsiale Tesourie se goedgekeurde tariefregister weerspieël, wat hersien word soos wat wetgewing mag bepaal.

### 2.3 Voorrade

Geen voorrade was voorhande teen jaareinde nie. Alle items word uitgereik by ontvangs.

## 3. KAPASITEITSBEPERKINGS

Soos in vorige Jaarverslae gestel, is die primêre uitdaging wat die Departement ondervind het, verwant aan sy vermoë om gepaste gekwalifiseerde persone te lok, asook vertragings in die werwings- en keuringsproses. Die verlies aan sleutelpersoneel het hierdie uitdaging verder vererger. Hierdie verlies het nie net die verlies aan 'n menslike hulpbron tot gevolg nie, maar sonder uitsondering ook die verlies aan institusionele geheue.

Verder het die instelling van SD1: Skepping van geleenthede vir groei en werkskepping, die Departement genoodsaak om 'n rolverandering te ondergaan – van 'n bemiddelaarrol tot 'n leierskaprol in die ekonomie. Hierdie skuif in fokus het tot gevolg gehad dat die Departement 'n organisatoriese ontwerpoefening onderneem het wat gemik is daar op om nie net die regte menslike hulpbronne te plaas waar dit meeste benodig word nie, maar ook om te verseker dat daar genoegsame personeel is om die Departement se ingrypings te onderneem.

## 4. BENUTTING VAN SKENKERFONDSE

Geen skenkerfondse is vir die jaar onder hersiening ontvang nie.

## 5. HANDELDRYWENDE ENTITEITE EN OPENBARE ENTITEITE

Die Departement het drie Openbare Entiteite wat in terme van Artikel 47(1) van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet 1 van 1999) aan hom rapporteer. Hierdie is:

a) Wes-Kaapse Belegging- en Handelsbevorderingsagentskap (Wesgro)
b) Die Bestemmingsbemarkingsorganisasie (handeldrywend as Cape Town Routes Unlimited)
c) Die Wes-Kaapse Drankowerheid.

**Wes-Kaapse Belegging- en Handelsbevorderingsagentskap (Wesgro)**

Wesgro is gestig in terme van die Wes-Kaapse Belegging en Handelsbevorderingswet, 1996 (Wet 3 van 1996). Die hoofdoelwit van hierdie agentskap is om belegging in en handel met die Wes-Kaap te bevorder.

'n Bedrag van R26,762 miljoen is aan Wesgro in die 2012/13 finansiële jaar oorgedra. Dit verteenwoordig 'n toename van 78,93% in vergeleke met die 2011/12 finansiële jaar, waar 'n bedrag van R14,956 miljoen oorgedra is.

Die primêre doel van hierdie toekenning is om vir operasionele kostes, salarisse ingesluit, te voorsien en om vir projekte wat deur die Departement geïdentifiseer is, te voorsien.

**Bestemmingsbemarkingsorganisasie (BBO)**

Die BBO is gestig in terme van die Provinsiale Wes-Kaapse Toerismewet (Wet 1 van 2004). Die hoofdoelwit van die BBO is om die Wes-Kaap en Kaapstad as 'n eersteklas toeristebestemming te bevorder. 'n Bedrag van R25 miljoen is in die 2012/13 finansiële jaar aan die BBO oorgedra. Dit verteenwoordig 'n afname van 29,45% in vergeleke met die 2011/12 finansiële jaar, waar 'n bedrag van R35,439 miljoen oorgedra is.

Die primêre doel van hierdie toewysing is om vir operasionele koste, salarisse ingesluit, te voorsien en om vir projekte wat deur die Departement geïdentifiseer is, te voorsien.

**Wes-Kaapse Drankowerheid (WKDO)**

Die WKDO is gestig in terme van die Wes-Kaapse Drankwet Nr. 4 van 2008 en die daaropvolgende Wes-Kaapse Drank Wysigingswet, 2010 (Wet 10 van 2010).

'n Bedrag van R24,762 miljoen is in die 2012/13 finansiële jaar aan die WKDO oorgedra. Gedurende die 2011/12 finansiële jaar is 'n bedrag van R9,333 miljoen bestee vir die uitvoer van sy funksies.

Die primêre doel van hierdie toewysing is om vir die begin en operasionele koste van die entiteit, salarisse ingesluit, te voorsien.

## 6. ORGANISASIES WAARAAN OORDRAGBETALINGS GEDOEN IS

'n Lys van oordragte wat aan organisasies gedoen is, word ingesluit in Bylaes 1A, 1B, 1C, 1D, 1E en 1F van die Finansiële Jaarstate.

## 7. OPENBARE PRIVATE VENNOOTSKAPPE (OPV)

Geen aktiwiteite is gedurende die 2012/13 finansiële jaar onderneem nie.

## 8. KORPORATIEWE REGERINGSREËLINGS

Die Wes-Kaapse Regering het 'n Anti-Korrupsiestrategie aangeneem, wat die provinsie se zero verdragsaamheidhouding teenoor bedrog en korrupsie bevestig. Die Departement het verder 'n Bedrogvoorkomingsplan goedgekeur.

Die Forensiese Ondersoekeenheid het voortgegaan om forensiese ondersoeke aan te bied, wat in die Korporatiewe Dienssentrum in die Departement van die Premier gekorporatiseer is. Verskeie kanale vir die rapportering van bewerings van bedrog en korrupsie bestaan en word in besonderhede in die Anti-Korrupsiestrategie en die Departementele Bedrogvoorkomingsplan beskryf. Elke bewering wat deur die Forensiese Ondersoekeenheid ontvang word, word in 'n Saakbestuurstelsel aangeteken, wat as 'n bestuursinstrument gebruik word om verslag te doen oor sake wat met die Departement verband hou.

Ons beskerm werknemers wat verklikkers is oor vermoedelike bedrog, korrupsie en diefstal indien die openbaarmaking 'n beskermde openbaarmaking (d.i. nie kwaadwillig) is. Die geleentheid om anoniem te bly word aan enige persoon wat dade van bedrog, diefstal en korrupsie wil aanmeld, gegee en sou hulle dit persoonlik doen, word hulle identiteite vertroulik gehou deur die persoon aan wie hulle dit aanmeld.

Sodra bedrog en korrupsie bevestig is nadat 'n ondersoek voltooi is, word die toepaslike werknemer wat aan hierdie dade deelgeneem het, onderwerp aan 'n dissiplinêre verhoor. Daar word in alle gevalle van die WKR-verteenwoordiger wat hierdie dissiplinêre verrigtinge begin, verwag om aan te beveel dat die betrokke werknemer ontslaan word. Waar prima facie bewyse van kriminele optrede ontdek word, word 'n kriminele saak aan die Suid-Afrikaanse Polisiedienste gerapporteer.

Die vereistes van die King III-verslag met betrekking tot die verantwoordelikhede van Rekeningkundige Beamptes, moet ook aangespreek word. Departemente moet die vereistes wat in Afdeling 38 en 40 van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur (WOOFB) volg.

Die Departement beskou die botsing van belange as 'n belangrike fokusarea binne aanbodkettingbestuur. Alle aanbodkettingamptenare onderteken 'n gedragskode kort nadat hulle diens aanvaar. Die inhoud van die gedragskode word met elke werknemer bespreek sodat hulle bewus is van die ernstige aard van hierdie dokument. Alle departementele bodkomiteelede teken 'n verklaring van belange vir elke bod/kwotasie en indien enige botsing van belange bestaan, word die relevante lede uit die vergadering verskoon. Daar word van verskaffers verwag om 'n WCBD4-dokument te voltooi, wat van hulle vereis om enige familielede wat betrokke is in die verkrygingsproses of wat in diens van die Departement is, te verklaar. Die inligting in die WCBD4 word deur die Departement nagegaan voordat die bod/kwotasie evalueer word.

## 9. GESTAAKTE AKTIWITEITE/AKTIWITEITE OM GESTAAK TE WORD

Geen aktiwiteite is gedurende die 2012/13 finansiële jaar gestaak nie.

## 10. NUWE/VOORGESTELDE AKTIWITEITE

Gedurende die 2013/14 finansiële jaar het die Departement 'n nuwe subprogram onder die Ekonomiese Ontwikkelingsprogram geskep wat deelhebbers sal mobiliseer en leierskap sal bou rondom 'n gedeelde ekonomiese visie en strategie, 'n gemeenskaplike agenda en gesamentlike aksieplanne en projekte. Die nuwe subprogram is die Wes-Kaapse Ekonomiese Ontwikkelingsvennootskap genoem.

Verder, om die aanvaarding van die nuwe Provinsiale ekonomiese tema van die Groen Ekonomie in werking te stel, is 'n nuwe element in Program 5: Ekonomiese Beplanning geskep om die Groen Ekonomie Strategiese Raamwerk te implementeer en om beleggingsgeleenthede vir Groen Tegnologieë na die Provinsie te lok.

## 11. BATEBESTUUR

Alle bates wat gedurende die huidige en vorige periodes verkry is, is in die bateregister ingesluit. Die inhoud van die bateregister is in lyn met die minimumvereistes, soos in die Nasionale Tesourie se riglyne vir batebestuur vervat is. Maandelikse rekonsiliasies word tussen BAS en ons Excel-bateregister voltooi. Die rede vir die onderhoud van die Excel-bateregister is as gevolg daarvan dat hierdie die eerste jaar van implementering van die LOGIS-stelsel is en die Departement het 'n doelwit gehad om die akkuraatheid en volledigheid van die bates op die LOGIS-stelsel te verseker.

## 12. VOORRADE

Die Departement het die voorrade in die toepaslike bylaes openbaar gemaak soos in terme van die riglyne vir die voorbereiding van die finansiële state vereis word. Die Departement het nie 'n fisiese stoor nie omdat ons net

voorrade aanskaf gebaseer op die vraag deur die eindgebruiker, en wanneer die voorrade afgelewer word, word dit dadelik aan die toepaslike personeel uitgereik.

## 13. GEBEURE NA DIE DATUM VAN VERSLAGDOENING

Geen betekenisvolle gebeure het na die datum van verslagdoening plaasgevind nie.

## 14. INLIGTING OOR VOORAFBEPAALDE DOELWITTE

Die Bestuursrekeningkundige-subdirektoraat evalueer verder alle prestasies teenoor besteding. Dit word later in die Kwartaallikse Prestasieverslae saamgestel en in die Departement se Jaarverslag gekonsolideer.

Alle werklike inligting wat verskaf is, word ook deur die Interne Beheereenheid nagegaan, wat gereeld Oudits oor Prestasie-inligting uitvoer om die werklike prestasies wat deur bestuur beweer word tydens die kwartaallikse en jaarlikse verslagdoeningsproses, na te gaan.

Bestuursverslae word later opgestel en via die Kantoor van die Hoof Finansiële Beampte na die Rekeningkundige Beampte ingedien, vir bespreking in die Departementele Topbestuurskomitee-vergadering.

## 15. SKOOR-BESLISSINGS

| Grondoorsaak van probleem | SKOOR-beslissing | Aksie geneem oor SKOOR-beslissings, insluitende geassosieerde koste | Impak op toekomstige finansiële jare |
|---|---|---|---|
| Interne Oudit: Die Komitee deel die besorgdheid wat deur die Ouditkomitee, die Minister en Departementshoofde van alle departemente uitgespreek is dat verdere ouditdekking vereis word en dat daar 'n behoefte is aan addisionele kapasiteit, spesifiek finansieël, om die toenemende dekking van hoë risikogebiede te ondersteun. Die ouditdekking vir die 2011/12 finansiële jaar is op 25%, vergeleke met 27,78% vir die 2010/11 finansiële jaar. | Interne Oudit: Die Ministers en Departementshoofde is in hierdie verband in voortdurende skakeling met die Kabinet en Provinsiale Tesourie, met die vooruitsig om ouditdekking wesenlik oor die mediumtermyn te verhoog, om die negatiewe impak op toekomstige ouditultkomste, dienslewering en op die behaling van voorafbepaalde doelwitte, spesifiek in hoërisikogebiede, te verminder. | Die Departementshoof het alle hoërisiko gebiede wat in die strategiese risikoregister geïdentifiseer is, in die Interne Ouditplan ingesluit en indien verdere gebiede in die 2013/14 finansiële jaar geïdentifiseer word, sal dit by die oorspronklike Plan teen 'n addisionele koste gevoeg word. Die Departement het ook ander versekeringsverskaffers binne die gekombineerde versekeringsmodel geïdentifiseer om te verseker dat alle risiko vir die Departement tot 'n aanvaarbare vlak verminder word. | Die Departement sal verseker dat alle risiko's wat met die Departement geassosieer word, in die interne ouditplan ingesluit word waar ander versekeringsverskaffers dit nie dek nie. |
| 'n Omvattende ontleding van die uitgawes wat deur die Wes-Kaapse Drankowerheid aangegaan is, is nie aan SKOOR verskaf nie. | Die Departement berei 'n voorlegging met besonderhede van die Wes-Kaapse Drankraad se aktiwiteite en finansiële state vir die jaar vir die Komitee voor. | Die Wes-Kaapse Drankowerheid het 'n voorlegging oor die uitgawes wat deur die entiteit aangegaan is, aan SKOOR voorgelê. Hierdie voorlegging het ook ander besonderhede oor die entiteit, insluitende die status van die Wes-Kaapse Drankowerheid as 'n nuutgestigde entiteit, ingesluit. | Die Wes-Kaapse Drankowerheid sal 'n gedetailleerde stel Jaarlikse Finansiële State voorberei, wat deur die Ouditeur-Generaal geoudit sal word. |
| SKOOR-beslissings: Die komitee het die Departement bedank dat hulle | 'n Nuwe verslagdoeningsformaat moet ontwerp word met betrekking tot | Die Departement het die nuwe formaat ontvang en voltooi. | Hierdie formaat sal vir alle toekomstige finansiële jare gebruik word, tensy anders voorgeskryf word. |

| Grondoorsaak van probleem | SKOOR-beslissing | Aksie geneem oor SKOOR-beslissings, insluitende geassosieerde koste | Impak op toekomstige finansiële jare |
|---|---|---|---|
| die Komitee se beslissings in die vorige jaar aangespreek het en dat hulle dit in die jaarverslag vir die tydperk onder hersiening ingesluit het. | die Departement se aksies op SKOOR-beslissings en daar word versoek dat die Departement die ou verslagdoeningsformaat met die nuwe een vir die 2012/13 jaarlikse verslag en toekomstige verslae vervang sodra dit ontvang word. | | |
| Verkryging en Kontrakbestuur: Die Komitee het kennis geneem van die Ouditeur-Generaal se bevinding dat goedere en diense met 'n transaksiewaarde onder R500 000 verkry is sonder dat die nodige vereiste pryskwotasies gekry is, soos deur Tesourieregulasie 16A6.1 vereis word. | Die Departement stel prosedures en meganismes in om sulke gevalle op te spoor en te voorkom dat dit in die toekoms weer gebeur. | Die Departement het alle NTR's en PTI's weer nagegaan om te verseker dat alle wetgewing korrek na die departementele Finansiële Handleiding oorgedra is. | Die Departement sal alle NTR's en PTI's jaarliks hersien om nakoming te verseker. |
| Finansiële- en Prestasiebestuur: Die Komitee is bekommerd dat aanbodketting- en menslike hulpbronbestuurders nie die nodige beheer uitoefen om nakoming van AKB-regulasies en Openbare Diensregulasies te verseker nie. | Die Departement implementeer en beoefen voldoende moniteringsbeheer om nakoming van AKB-regulasies en Openbare Diensregulasies te verseker. | Die Departement het 'n AKB-projeklêer hersiening uitgevoer om nakoming van tesourieregulasies te verseker en 'n Menslike Hulpbronoudit gedoen om te verseker dat Openbare Diensregulasies nagekom is. Die bevindinge is aan bestuur gekommunikeer vir verdere aksie waar benodig. | Die Aanbodketting- en Menslike Hulpbroninspeksies sal jaarliks uitgevoer word. |
| Bestedingsbestuur: Die komitee is bekommerd dat die Rekeningkundige Beampte nie effektiewe stappe gedoen het om onreëlmatige besteding van R5,49 miljoen te voorkom nie, soos in Afdeling 38(1)(c)(ii) van die WOFB en Tesourie Regulasie 9.1.1 vereis word. | Die Departement het dringend voldoende voorkomings- en opsporingsbeheer ontwerp en geïmplementeer om te verseker dat onreëlmatige besteding nie gebeur nie. | Die Departement het 'n aanbodketting bestuurskontrolelys ontwerp, wat alle nakomingsvereistes wat deur 'n finansiële bestuurstaakspan gebruik word lys, om nakoming van alle voorskrifte te verseker. | Die kontrolelys sal jaarliks hersien word om nakoming van voorskrifte te verseker. |
| Menslike Hulpbronbestuur: Die komitee is bekommerd dat aanstellings wat gedoen is sonder die betrokkenheid en aanbevelings van 'n keuringskomitee, strydig is met die Openbare Diensregulasie 1/V11/1–4; dat werknemers aangestel is sonder dat 'n behoorlike proses | Die Departement verseker dat kontroles ontwikkel en geïmplementeer word wat sulke gevalle opspoor en voorkom sodat dit nie weer in die toekoms gebeur nie. | Die Departement het 'n menslike hulpbronoudit uitgevoer om alle gevalle van nie-nakoming te identifiseer en het aanbevelings ter versagting van die sake van nie-nakoming, asook sake van beheertekortkomings binne die proses, voorgestel. Hierdie aanbevelings is | Die menslike hulpbroninspeksie sal jaarliks by die Korporatiewe Dienssentrum en by die Departement uitgevoer word. |

| Grondoorsaak van probleem | SKOOR-beslissing | Aksie geneem oor SKOOR-beslissings, insluitende geassosieerde koste | Impak op toekomstige finansiële jare |
|---|---|---|---|
| gevolg is om die bewerings in hulle aansoeke na te gaan, strydig met Openbare Diensregulasie 1/v11/D.8; en dat MH-beleid en praktyke nie voldoende geïmplementeer is om die volledigheid en akkuraatheid van werknemer- en verwante lêers en dokumentasie te fasiliteer nie. | | aan beide Korporatiewe Dienste en die Departementshoof deurgegee. Ons het ook bevestig dat sommige van die aanbevelings geïmplementeer is. | |
| Leierskap: Die Komitee is bekommerd dat die Rekeningkundige Beampte nie voldoende evalueer het of bestuur effektiewe interne beheer geïmplementeer het om te verseker dat senior bestuur sy verantwoordelikhede nagekom het nie. | Die Departement verseker dat 'n meganisme ontwikkel en geïmplenteer word vir die voorkoming van die oortreding van die Openbare Diensregulasie 1/VII/1–4. | Die Departement het 'n menslike hulpbronoudit uitgevoer om alle gevalle van nie-nakoming te identifiseer en het aanbevelings ter versagting van die sake van nie-nakoming, asook sake van beheertekortkomings binne die proses, voorgestel. Hierdie aanbevelings is aan beide Korporatiewe Dienste en die Departementshoof deurgegee. Ons het ook bevestig dat sommige van die aanbevelings geïmplementeer is. | Die menslike hulpbroninspeksie sal jaarliks by die Korporatiewe Dienssentrum en by die Departement uitgevoer word. |
| Besonderhede per Program 6 – TOERISME, KUNS EN VERMAAK vir die jaar geëindig 31 Maart 2013 | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 2012/13 | | | | | | | 2011/12 | |
| Besonderhede per subprogram | Aangepaste Begroting R'000 | Verskuiwing van fondse R'000 | Oordrag R'000 | Finale Begroting R'000 | Werklike Besteding R'000 | Afwyking R'000 | Besteding as % van finale begroting % | Finale Begroting R'000 | Werklike Besteding R'000 |
| **6.1 BESTUUR: TOERISME** | | | | | | | | | |
| Lopende betaling | 3 648 | (142) | - | 3 506 | 3 506 | - | 100.0% | 2 866 | 2 842 |
| Betaling vir kapitaalbates | 55 | - | - | 55 | 27 | 28 | 49.1% | 98 | 98 |
| **6.2 TOERISMEGROEI** | | | | | | | | | |
| Lopende betaling | 4 978 | (477) | - | 4 501 | 4 500 | 1 | 100.0% | 4 960 | 4 904 |
| Oordragte en subsidies | 3 | - | - | 3 | 3 | - | 100.0% | 2 500 | 2 500 |
| Betaling vir kapitaalbates | 34 | 36 | - | 70 | 61 | 9 | 87.1% | 102 | 102 |
| **6.3 TOERISME DEELNAME** | | | | | | | | | |
| Lopende betaling | 7 898 | 572 | (1 104) | 7 366 | 7 366 | - | 100.0% | 6 392 | 6 356 |
| Oordragte en subsidies | 1 100 | 11 | - | 1 111 | 1 111 | - | 100.0% | 866 | 866 |
| Betaling vir kapitaalbates | 70 | (24) | - | 46 | 16 | 30 | 34.8% | 160 | 160 |
| Betaling vir finansiële bates | 15 | - | - | 15 | 15 | - | 100.0% | - | - |
| **6.4 BESTEMMINGSBEMARKINGSORGANISASIE** | | | | | | | | | |
| Oordragte en subsidies | 25 000 | - | - | 25 000 | 25 000 | - | 100.0% | 35 439 | 35 439 |
| **6.5 KOMMERSIËLE KUNSTE EN VERMAAK** | | | | | | | | | |
| Lopende betaling | 1 750 | 36 | - | 1 786 | 1 786 | - | 100.0% | 1 440 | 1 440 |
| Oordragte en subsidies | 6 925 | - | - | 6 925 | 6 925 | - | 100.0% | 8 095 | 8 095 |
| Betaling vir kapitaalbates | 41 | (12) | - | 29 | 29 | - | 100.0% | 21 | 21 |
| **Totaal** | **51 517** | **-** | **(1 104)** | **50 413** | **50 345** | **68** | **99.9%** | **62 939** | **62 823** |

# BEGROTINGSTAAT VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 MAART 2013

| Besonderhede per Program 6 – TOERISME, KUNS EN VERMAAK vir die jaar geëindig 31 Maart 2013 | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 2012/13 | | | | | | | 2011/12 | |
| Program 6 Per Ekonomiese Klassifikasie | Aange-paste Begro-ting R'000 | Verskui-wing van fondse R'000 | Oordrag R'000 | Finale Begro-ting R'000 | Werklike Beste-ding R'000 | Afwyking R'000 | Beste-ding as % van finale begro-ting % | Finale Begro-ting R'000 | Werklike Beste-ding R'000 |
| **Lopende betalings** | | | | | | | | | |
| Vergoeding aan werknemers | 12 877 | (541) | – | 12 336 | 12 336 | – | 100.0% | 11 205 | 11 178 |
| Goedere en dienste | 5 396 | 530 | (1 104) | 4 822 | 4 821 | 1 | 100.0% | 4 452 | 4 363 |
| Rente en huur van grond | – | – | – | – | – | – | | 1 | 1 |
| **Oordragte en subsidies** | | | | | | | | | |
| Provinsies en munisipaliteite | – | – | – | – | – | – | | 1 000 | 1 000 |
| Departementele agentskappe en rekeninge | 27 000 | – | – | 27 000 | 27 000 | 27 000 | 100.0% | 36 439 | 36 439 |
| Instansies sonder winsbejag | 4 920 | – | – | 4 920 | 4 920 | 4 920 | 100.0% | 8 595 | 8 595 |
| Huishoudings | 1 109 | 11 | – | 1 120 | 1 120 | – | 100.0% | 866 | 866 |
| **Betalings vir kapitaalbates** | | | | | | | | | |
| Masjinerie en toerusting | 200 | – | – | 200 | 133 | 67 | 66.5% | 381 | 381 |
| **Betalings vir finansiële bates** | 15 | – | – | 15 | 15 | – | 100.0% | – | – |
| **Totaal** | **51 517** | **–** | **(1 104)** | **50 413** | **50 345** | **68** | **99.9%** | **62 939** | **62 823** |

# BEGROTINGSTAAT VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 MAART 2013

| Besonderhede per Program 7 – VAARDIGHEIDSONTWIKKELING EN INNOVERING vir die jaar geëindig 31 Maart 2013 | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 2012/13 | | | | | | | 2011/12 | |
| Besonderhede per subprogram | Aangepaste Begroting R'000 | Verskuiwing van fondse R'000 | Oordrag R'000 | Finale Begroting R'000 | Werklike Besteding R'000 | Afwyking R'000 | Besteding as % van finale begroting % | Finale Begroting R'000 | Werklike Besteding R'000 |
| **7.1 PROVINSIALE VAARDIGHEIDSKOÖRDINERING** | | | | | | | | | |
| Lopende betaling | 2 546 | (120) | (316) | 2 110 | 2 110 | – | 100.0% | 1 630 | 1 622 |
| Oordragte en subsidies | 1 300 | 385 | – | 1 685 | 1 685 | – | 100.0% | 500 | 500 |
| Betaling vir kapitaalbates | 4 | 6 | – | 10 | 10 | – | 100.0% | 213 | 213 |
| **7.2 WERKERSKORPSONTWIKKELING** | | | | | | | | | |
| Lopende betaling | 9 935 | (46) | – | 9 889 | 9 889 | – | 100.0% | 516 | 516 |
| Oordragte en subsidies | 10 980 | – | – | 10 980 | 10 980 | – | 100.0% | 12 400 | 12 400 |
| Betaling vir kapitaalbates | 45 | (6) | – | 39 | 1 | 38 | 2.6% | 48 | 48 |
| **7.3 INNOVERING** | | | | | | | | | |
| Lopende betaling | 844 | 29 | – | 873 | 873 | – | 100.0% | 641 | 641 |
| Oordragte en subsidies | – | – | – | – | – | – | | 1 400 | 1 400 |
| Betaling vir kapitaalbates | 15 | – | – | 15 | – | 15 | | 13 | 13 |
| **7.4 BESTUUR: VAARDIGHEIDSONTWIKKELING** | | | | | | | | | |
| Lopende betaling | 1 313 | (248) | – | 1 065 | 1 065 | – | 100.0% | 962 | 962 |
| Betaling vir kapitaalbates | 23 | – | – | 23 | 17 | 6 | 73.9% | 52 | 52 |
| **Totaal** | **27 005** | **–** | **(316)** | **26 689** | **26 630** | **59** | **99.8%** | **18 375** | **18 367** |

| Besonderhede per Program 7 – VAARDIGHEIDSONTWIKKELING EN INNOVERING vir die jaar geëindig 31 Maart 2013 | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 2012/13 | | | | | | | 2011/12 | |
| Program 7 Per Ekonomiese Klassifikasie | Aangepaste Begroting R'000 | Verskuiwing van fondse R'000 | Oordrag R'000 | Finale Begroting R'000 | Werklike Besteding R'000 | Afwyking R'000 | Besteding as % van finale begroting % | Finale Begroting R'000 | Werklike Besteding R'000 |
| **Lopende betalings** | | | | | | | | | |
| Vergoeding aan werknemers | 4 195 | 47 | – | 4 242 | 4 242 | – | 100.0% | 3 022 | 3 022 |
| Goedere en dienste | 10 444 | (432) | (316) | 9 696 | 9 695 | 1 | 100.0% | 727 | 719 |
| **Oordragte en subsidies** | | | | | | | | | |
| Universiteite en tegnikons | 10 980 | (10 980) | – | – | – | – | | 1 400 | 1 400 |
| Openbare korporasies en private ondernemings | – | 300 | – | 300 | 300 | – | 100.0% | 6 200 | 6 200 |
| Instansies sonder winsbejag | 1 300 | 11 065 | – | 12 365 | 12 365 | – | 100.0% | 6 700 | 6 700 |
| **Betalings vir kapitaalbates** | | | | | | | | | |
| Masjinerie en toerusting | 86 | – | – | 86 | 28 | 58 | 32.6% | 326 | 326 |
| **Totaal** | **27 005** | **–** | **(316)** | **26 689** | **26 630** | **59** | **99.8%** | **18 375** | **18 367** |

# AANTEKENINGE BY DIE BEGROTINGSTAAT VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 MAART 2013

## 1. BESONDERHEDE VAN OORDRAGTE EN SUBSIDIES SOOS PER BEGROTINGSWET (NÁ OORDRAG)

Besonderhede van hierdie transaksies kan in Aantekening 7 oor oordragte en subsidies, in die openbaarmakings-aantekeninge en Bylaag 1 (A–F) tot die Finansiële Jaarstate gesien word.

## 2. BESONDERHEDE VAN SPESIFIEKE EN EKSKLUSIEWE BEGROTE BEDRAE GESTEM (NÁ OORDRAG)

Besonderhede van hierdie transaksies kan in Aantekening 1 (Jaarlikse Begroting) tot die Finansiële Jaarstate gesien word.

## 3. BESONDERHEDE OOR BETALINGS VIR FINANSIËLE BATES

Besonderhede van hierdie transaksies per program kan in die Aantekening 6 oor betalings vir finansiële bates tot die Finansiële Jaarstate gesien word.

## 4. VERDUIDELIKINGS OOR WESENLIKE AFWYKINGS TOT BEDRAE GESTEM (NÁ OORDRAG)

### 4.1 Per program

| | Finale Begroting R'000 | Werklike besteding R'000 | Afwyking R'000 | Afwyking as 'n % van finale begroting |
|---|---|---|---|---|
| Administrasie | 25 254 | 25 210 | 44 | 0.17% |
| Geïntegreerde Ekonomiese Ontwikkelingsdienste | 51 322 | 51 306 | 16 | 0.03% |
| Handel- en Sektorontwikkeling | 102 276 | 101 296 | 980 | 0.96% |
| Oordragte en subsidies – Accelerate Cape Town: Vissery-haweprojek nie geïmplementeer nie. Die Wes-Kaapse Akwakultuur Ontwikkelingsinstituut sal hierdie projek in die 2013/14 finansiële jaar implementeer en 'n verlenging is aangevra. | | | | |
| Besigheidsregulering en Bestuur | 34 871 | 34 820 | 51 | 0.15% |
| Ekonomiese Beplanning | 24 760 | 24 737 | 23 | 0.09% |
| Toerisme, Kuns en Vermaak | 50 413 | 50 345 | 68 | 0.13% |
| Vaardigheidsontwikkeling en Innovering | 26 689 | 26 630 | 59 | 0.22% |

## 4.2 Per Ekonomiese Klassifikasie

| | Finale Begroting R'000 | Werklike besteding R'000 | Afwyking R'000 | Afwyking as 'n % van Finale begroting |
|---|---|---|---|---|
| **Lopende betalings** | | | | |
| Vergoeding aan werknemers | 80 296 | 80 253 | 43 | 0.05% |
| Goedere en dienste | 68 736 | 68 734 | 2 | 0.00% |
| **Oordragte en subsidies** | | | | |
| Departementele agentskappe en rekeninge | 81 024 | 81 024 | - | 0.00% |
| Openbare korporasies en private ondernemings | 8 354 | 8 354 | - | 0.00% |
| Instansies sonder winsbejag | 73 260 | 72 280 | 980 | 1.34% |
| Huishoudings | 1 164 | 1 164 | - | 0.00% |
| **Betalings vir kapitaalbates** | | | | |
| Masjinerie en toerusting | 2 693 | 2 477 | 216 | 8.02% |
| Sagteware en ander ontasbare bates | 43 | 43 | - | 0.00% |
| **Betalings vir finansiële bates** | 15 | 15 | - | 0.00% |

Besparings in Oordragte en Subsidies: As gevolg van Accelerate Cape Town– Vissery-haweprojek wat nie geïmplementeer is nie. Die Wes-Kaapse Akwakultuur Ontwikkelingsinstituut sal die projek in die 2013/14 finansiële jaar implementeer en 'n verlenging is by Provinsiale Tesourie aangevra.

Betalings vir kapitaalbates: Tekort aan beskikbaarheid van kapitaalbates vanaf verskaffers voor jaareinde.

## STAAT VAN FINANSIËLE PRESTASIE VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 MAART 2013

| PRESTASIE | *Aantekening* | 2012/13 R'000 | 2011/12 R'000 |
|---|---|---|---|
| **INKOMSTE** | | | |
| Jaarlikse begroting | *1* | 315 585 | 257 070 |
| Departementele inkomste | 2 | 12 229 | 5 484 |
| **TOTALE INKOMSTE** | | **327 814** | **262 554** |
| **BESTEDING** | | | |
| **Lopende uitgawes** | | | |
| Vergoeding aan werknemers | *3* | 80 253 | 74 970 |
| Goedere en dienste | *4* | 68 734 | 43 800 |
| Rente en huur van grond | *5* | - | 3 |
| **Totale lopende uitgawes** | | **148 987** | **118 773** |
| **Oordragte en subsidies** | | | |
| Oordragte en subsidies | *7* | 162 822 | 134 201 |
| **Totale oordragte en subsidies** | | **162 822** | **134 201** |
| **Besteding aan kapitaalbates** | | | |
| Tasbare kapitaalbates | *8* | 2 477 | 2 806 |
| Sagteware en ander ontasbare bates | *8* | 43 | 267 |
| **Totale besteding vir kapitaalbates** | | **2 520** | **3 073** |
| **Betalings vir finansiële bates** | 6 | 15 | 42 |
| **TOTALE BESTEDING** | | **314 344** | **256 089** |
| **OORSKOT VIR DIE JAAR** | | **13 470** | **6 465** |
| **Rekonsiliasie van Netto Oorskot vir die jaar** | | | |
| Bewilligde fondse | | 1 241 | 981 |
| Departementele inkomste en NRF-ontvangste | *14* | 12 229 | 5 484 |
| **OORSKOT VIR DIE JAAR** | | **13 470** | **6 465** |

# STAAT VAN FINANSIËLE POSISIE SOOS OP 31 MAART 2013

| POSISIE | *Aantekening* | 2012/13 R'000 | 2011/12 R'000 |
|---|---|---|---|
| **BATES** | | | |
| **Bedryfsbates** | | **1 462** | **6 558** |
| Kontant en kontantekwivalente | *9* | 926 | 5 890 |
| Vooruitbetalings en voorskotte | *10* | 25 | 10 |
| Ontvangbare rekeninge | *11* | 511 | 658 |
| **Niebedryfsbates** | | **142 000** | **142 000** |
| Beleggings | *12* | 142 000 | 142 000 |
| **TOTALE BATES** | | **143 462** | **148 558** |
| **LASTE** | | | |
| **Bedryfslaste** | | **1 306** | **6 516** |
| Bewilligde fondse vir oorgawe aan die Inkomstefonds | *13* | 1 241 | 981 |
| Departementele inkomste en NRF-ontvangste vir oorgawe aan die Inkomstefonds | *14* | 60 | 67 |
| Bankoortrekking | *15* | - | 5 443 |
| Betaalbaar | *16* | 5 | 25 |
| **TOTALE LASTE** | | **1 306** | **6 516** |
| **NETTO BATES** | | **142 156** | **142 042** |
| **Verteenwoordig deur:** | | | |
| Kapitaliseringsreserwe | | 142 000 | 142 000 |
| Verhaalbare inkomste | | 156 | 42 |
| **TOTAAL** | | **142 156** | **142 042** |

# STAAT VAN VERANDERINGS IN NETTO BATES VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 MAART 2013

| NETTO BATES | *Aantekening* | 2012/13 R'000 | 2011/12 R'000 |
|---|---|---|---|
| **Kapitaliseringsreserwes** | | | |
| Beginsaldo | | 142 000 | 142 000 |
| Eindsaldo | | **142 000** | **142 000** |
| **Verhaalbare inkomste** | | | |
| Beginsaldo | | **42** | **64** |
| Oordragte: | | **114** | **(22)** |
| Skuld hersien | | 4 | -1 |
| Skuld ingewin (ingesluit by departementele ontvangste) | | -1 | -21 |
| Skuld gehef | | 111 | – |
| Eindsaldo | | **156** | **42** |
| **TOTAAL** | | **142 156** | **142 042** |

## KONTANTVLOEISTAAT VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 MAART 2013

| KONTANTVLOEI | Aantekening | 2012/13 R'000 | 2011/12 R'000 |
|---|---|---|---|
| **KONTANTVLOEI UIT BEDRYFSAKTIWITEITE** | | | |
| **Ontvangste** | | **345 154** | **267 888** |
| Jaarlikse begrote fondse ontvang | 1.1 | 315 585 | 257 070 |
| Departementele inkomste ontvang | 2 | 29 569 | 10 818 |
| Netto afname/(toename) in bedryfskapitaal | | 112 | (405) |
| Teruggestort in Inkomstefonds | | (30 557) | (12 726) |
| Lopende betalings | | (148 987) | (118 773) |
| Betalings vir finansiële bates | | (15) | (42) |
| Oordragte en subsidies betaal | | (162 822) | (134 201) |
| **Netto kontantvloei beskikbaar uit bedryfsaktiwiteite** | 17 | **2 885** | **1 741** |
| **KONTANTVLOEI UIT BELEGGINGSAKTIWITEITE** | | | |
| Betalings vir kapitaalbates | 8 | (2 520) | (3 073) |
| **Netto kontantvloei uit beleggingsaktiwiteite** | | **(2 520)** | **(3 073)** |
| **KONTANTVLOEI UIT FINANSIERINGSAKTIWITEITE** | | | |
| Toename/(afname) in netto bates | | 114 | (22) |
| **Netto kontantvloei uit finansieringsaktiwiteite** | | **114** | **(22)** |
| Netto toename/(afname) in kontant en kontantekwivalente | | 479 | (1 354) |
| Kontant en kontantekwivalente aan begin van tydperk | | 447 | 1 801 |
| **Kontant en kontantekwivalente aan einde van tydperk** | 18 | **926** | **447** |

# REKENINGKUNDIGE BELEIDE VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 MAART 2013

Die Finansiële State is ooreenkomstig die volgende beleide voorberei, wat tensy anders aangedui in alle wesenlike opsigte konsekwent toegepas is. Waar dit toepaslik en van waarde is, word bykomende inligting egter openbaargemaak om die bruikbaarheid van die Finansiële State te verhoog en om aan die statutêre vereistes van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, Wet 1 van 1999 (soos gewysig deur Wet 29 van 1999) en die Tesourieregulasies, uitgevaardig kragtens dié Wet en die Wet op die Verdeling van Inkomste, Wet 1 van 2010, te voldoen. Addisionele inligting is egter, waar van toepassing en betekenisvol, openbaargemaak om die nuttigheid van die Finansiële State uit te lig en om aan die statutêre vereistes van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, Wet 1 van 1999 (soos gewysig deur Wet 29 van 1999) te voldoen en die Tesourieregulasies wat in terme van die Wet en die Wet op Verdeling van Inkomste, Wet 1 van 2010, uitgereik is.

## 1. AANBIEDING VAN DIE FINANSIËLE STATE

### 1.1 Basis vir voorbereiding

Die finansiële state is op ‘n aangepaste kontantbasis van rekeningkunde voorberei.

Op hierdie basis word die uitwerking van transaksies en ander geleenthede binne die finansiële rekords erken wanneer die gevolglike kontant ontvang of uitbetaal word. Die “aanpassing” is die resultaat van die erkenning van sekere naby-kontantsaldo’s in die finansiële state, asook die revaluasie van buitelandse beleggings en lenings en die erkenning van die gevolglike revaluasie winste en verliese.

Verder word aanvullende inligting in die openbaarmakingsaantekeninge tot die finansiële state verskaf waar dit nuttig vir die gebruikers van die finansiële state gereken word.

### 1.2 Geldeenheid van aanbieding

Alle bedrae word in die geldeenheid van die Suid-Afrikaanse Rand (R) aangebied, wat ook die funksionele geldeenheid van die Departement is.

### 1.3 Afronding

Tensy anders vermeld, is alle finansiële syfers tot die naaste eenduisend Rand (R’000) afgerond.

### 1.4 Vergelykende syfers

Vergelykende inligting vir die vorige tydperk word in die lopende jaar se finansiële state aangebied. Waar nodig, is syfers wat in die vorige tydperk se finansiële state ingesluit is, herklassifiseer ten einde te verseker dat die formaat waarin die inligting aangebied word, ooreenstem met die formaat van die huidige jaar se finansiële state.

### 1.5 Vergelykende syfers – Begrotingstaat

‘n Vergelyking tussen werklike bedrae en finale begroting per hoofklassifikasie van besteding word by die Begrotingstaat ingesluit.

## 2. INKOMSTE

### 2.1 Toegewysde fondse

Toegewysde fondse bestaan uit departementele toekennings, sowel as ’n regstreekse las teen die Inkomstefonds (d.w.s. statutêre toewysing).

Toegewysde fondse word in die finansiële rekords erken op die datum waarop die toewysing in werking tree. Aansuiwerings wat ooreenkomstig die aansuiweringbegrotingsproses gemaak word, word in die finansiële rekords erken op die datum waarop die aansuiwerings in werking tree.

Onbestede toegewysde fondse word in die Provinsiale Inkomstefonds teruggestort. Enige bedrae wat aan die einde van die finansiële jaar aan die Provinsiale Inkomstefonds verskuldig is, word in die staat van finansiële posisie as betaalbaar erken.

Enige bedrag wat aan die einde van die finansiële jaar deur die Provinsiale Inkomstefonds verskuldig is, word as ’n ontvangbare in die staat van finansiële posisie erken.

## 2.2 Departementele inkomste

Alle departementele inkomste word by ontvangs in die staat van finansiële prestasie erken en word daarna in die Provinsiale Inkomstefonds inbetaal, tensy anders vermeld.

Enige bedrag wat aan die Provinsiale Inkomstefonds aan die einde van die finansiële jaar verskuldig is, word in die staat van finansiële posisie as betaalbaar erken.

Geen oploping word gemaak vir bedrae ontvangbaar vanaf die laaste datum van ontvangs tot die einde van die verslagtydperk nie. Hierdie bedrae word egter in die openbaarmakingsaantekeninge tot die finansiële jaarstate bekendgemaak.

## 2.3 Regstreekse skatkisontvangstes

Alle regstreekse skatkisontvangstes word in die staat van finansiële prestasie erken wanneer die kontant ontvang word, en word daarna in die Nasionale/Provinsiale Inkomstefonds inbetaal, tensy anders vermeld.

Enige bedrag wat aan die einde van die finansiële jaar aan die Provinsiale Inkomstefonds verskuldig is, word as betaalbaar in die staat van finansiële posisie erken.

## 2.4 Regstreekste skatkisbetalings

Alle regstreekse skatkisbetalings word in die staat van finansiële prestasie erken wanneer finale magtiging vir betaling op die stelsel ingevoer word (teen nie later as 31 Maart van elke jaar nie).

## 2.5 Bystandshulp

Bystandshulp word by ontvangs as inkomste erken.

Alle in natura bystandshulp word teen billike waarde op die datum van ontvangs in die bylaes tot die Finansiële Jaarstate openbaar gemaak.

Die kontantbetalings wat gedurende die jaar ten opsigte van bystandshulpprojekte gemaak word, word as uitgawes in die staat van finansiële prestasie erken wanneer finale magtiging vir betalings op die stelsel ingevoer word (nie nie later as 31 Maart van elke jaar nie).

Die waarde van die bystand wat voor die ontvangs van die fondse bestee word, word as 'n ontvangste in die staat van finansiële posisie erken.

Bedrae wat onvanpas bestee word deur bystandshulp te gebruik en enige onbenutte bedrae word as betaalbaar in die staat van finansiële posisie erken.

Alle KBVR-fondse wat ontvang word, moet as inkomste by ontvangs van die fondse aangeteken word. Die kontantbetalings verwant aan KBVR-gemerkte projekte wat gedurende die jaar gemaak word, word as uitgawes in die staat van finansiële prestasie erken wanneer magtiging vir betaling op die stelsel ingevoer word (teen nie later as 31 Maart van elke jaar nie).

Bedrae wat onvanpas bestee word deur KBVR-fondse te gebruik, word as betaalbaar in die staat van finansiële posisie erken. Enige onbenutte bedrae word na onaangewende fondse oorgedra aangesien dit nie in die inkomstefonds teruggestort word nie.

# 3. UITGAWES

## 3.1 Vergoeding aan werknemers

### 3.1.1 Salarisse en lone

Salarisse en lone word in die staat van finansiële prestasie erken wanneer die finale magtiging vir betaling op die stelsel ingevoer word (teen nie later as 31 Maart van elke jaar nie).

Ander werknemervoordele wat aanleiding gee tot 'n heersende wettige of konstruktiewe verpligting, word teen sigwaarde in die openbaarmakingsaantekeninge tot die finansiële state openbaar gemaak en word nie in die staat van finansiële prestasie of posisie erken nie.

Werknemerkoste word na die koste van 'n kapitaalprojek gekapitaliseer wanneer 'n werknemer meer as 50% van sy/haar tyd aan die projek bestee. Hierdie betalings vorm deel van uitgawes vir kapitaalbates in die staat van finansiële prestasie.

#### 3.1.2 Sosiale bydraes

Werkgewerbydraes tot na-diensvoordeelplanne ten opsigte van huidige werknemers word in die staat van finansiële prestasie erken wanneer die finale magtiging op die stelsel ingevoer word (teen nie later as 31 Maart van elke jaar nie).

Geen voorsiening is in die finansiële state van die Departement vir aftreevoordele gemaak nie. Enige potensiële verpligtinge word in die finansiële state van die Nasionale Inkomstefonds openbaar gemaak en nie in die finansiële state van die werkgewerdepartement nie.

Werkgewerbydraes wat deur die Departement vir sekere van sy vorige werkgewers gemaak is (soos mediese voordele) word as oordragte aan huishoudings in die staat van finansiële prestasie geklassifiseer.

### 3.2 Goedere en dienste

Betalings wat gedurende die jaar vir goedere en/of dienste gemaak is, word as 'n uitgawe in die staat van finansiële prestasie erken wanneer die finale magtiging vir betaling op die stelsel ingevoer is (teen nie later nie as 31 Maart van elke jaar).

Die uitgawe word as kapitaal geklassifiseer indien die goedere en/of dienste vir 'n kapitaalprojek verkry is of indien die totale koopprys die kapitalisasie-drumpel (tans R5 000) oorskry. Alle ander uitgawes word as lopende uitgawes geklassifiseer.

Huur wat betaal is vir die gebruik van geboue of ander vaste strukture word as *goedere en dienste* en nie as *huur van grond geklassifiseer nie*.

### 3.3 Rente en huur van grond

Rente en huurbetalings word as 'n uitgawe in die staat van finansiële prestasie erken wanneer finale magtiging op die stelsel ingevoer word (teen nie later nie as 31 Maart van elke jaar). Hierdie item sluit huur vir die gebruik van geboue en ander vaste strukture uit. Indien dit nie moontlik is om tussen betaling vir die gebruik van grond en die vaste strukture daarop te onderskei nie, moet die hele bedrag onder goedere en dienste aangeteken word.

### 3.4 Betalings vir finansiële bates

Skuld word afgeskryf wanneer dit as onverhaalbaar geïdentifiseer word. Afgeskrewe skulde word beperk tot die bedrag van besparing en/of onderbesteding van begrote fondse. Die afskrywings vind teen jaareinde plaas of wanneer fondse beskikbaar is. Geen voorsiening word vir onverhaalbare bedrae gemaak nie, maar 'n raming word by die openbaarmakingsaantekeninge tot die bedrae in die finansiële state ingesluit.

Alle ander verliese word erken wanneer magtiging vir die erkenning daarvan toegestaan word.

### 3.5 Oordragte en subsidies

Oordragte en subsidies word as 'n uitgawe erken wanneer finale magtiging vir betaling op die stelsel ingevoer word (teen nie later nie as 31 Maart van elke jaar).

### 3.6 Ongemagtigde besteding

Wanneer ongemagtigde besteding bevestig word, word dit as 'n bate in die staat van finansiële prestasie erken tot tyd en wyl die besteding deur die tersaaklike gesag goedgekeur word, van die verantwoordelike persoon verhaal word of as onverhaalbaar in die staat van finansiële prestasie afgeskryf word.

Ongemagtigde besteding wat met befondsing goedgekeur word, word in die staat van finansiële prestasie onerken wanneer die ongemagtigde besteding goedgekeur en die verwante fondse ontvang word.

Waar die bedrag sonder befondsing goedgekeur word, word dit as besteding in die staat van finansiële prestasie op die datum van goedkeuring erken.

### 3.7 Vrugtelose en verkwiste besteding

Vrugtelose en verkwiste besteding word in die staat van finansiële prestasie as uitgawes erken na gelang van die aard van die betaling, en word nie as 'n afsonderlike lynitem op die staat aangedui nie. Indien die uitgawe verhaalbaar is, word dit as 'n bate beskou totdat dit van die verantwoordelike persoon verhaal word, of dit word as onverhaalbaar afgeskryf in die staat van finansiële prestasie.

### 3.8 Onreëlmatige besteding

Onreëlmatige besteding word as uitgawes in die staat van finansiële prestasie erken. Indien die uitgawe nie deur die betrokke gesag gekondoneer word nie, word dit as 'n bate beskou totdat dit verhaal word of as onverhaalbaar afgeskryf word.

## 4. BATES

### 4.1 Kontant en kontantekwivalente

Kontant en kontantekwivalente word teen kosprys in die staat van finansiële posisie gedra.

Bankoortrekkings word afsonderlik in die staat van finansiële posisie aangedui.

Vir die doeleindes van die kontantvloeistaat, sluit kontant en kontantekwivalente kontant voorhande, deposito's wat gehou word, ander korttermyn hoogs likiede beleggings en bankoortrekkings in.

### 4.2 Ander finansiële bates

Ander finansiële bates word teen kosprys in die staat van finansiële posisie gedra.

### 4.3 Vooruitbetalings en voorskotte

Bedrae wat vooruit betaal of voorgeskiet word, word in die staat van finansiële posisie erken wanneer die betalings gemaak word, en word onterken as en wanneer die goedere/dienste ontvang word of die fondse aangewend word.

Vooruitbetalings en voorskotte wat teen die einde van die jaar uitstaande is, word teen kosprys in die staat van finansiële posisie gedra.

### 4.4 Ontvangbare rekeninge

Ontvangbare rekeninge wat by die staat van finansiële posisie ingesluit is, spruit voort uit kontantbetalings wat gemaak is en van 'n ander party verhaal kan word (insluitende departementele werknemers) en word by ontvangs of afskrywe onterken.

Ontvangbare rekeninge wat teen jaareinde uitstaande is, word teen kosprys plus enige opgelope rente in die staat van finansiële posisie gedra. Bedrae wat potensieel onverhaalbaar is, word by die openbaarmakingsaantekeninge ingesluit.

### 4.5 Beleggings

Gekapitaliseerde beleggings word teen kosprys in die staat van finansiële posisie aangedui.

Beleggings word vir 'n waardedalingsverlies getoets wanneer gebeure of veranderinge in omstandighede daarop dui dat die belegging benadeel word. Enige waardedalingsverlies is by die openbaarmakingsaantekeninge ingesluit.

### 4.6 Lenings

Lenings word in die staat van finansiële posisie erken wanneer die kontant aan die begunstigde betaal word. Lenings wat teen jaareinde uitstaande is, word teen kosprys plus opgelope rente in die staat van finansiële posisie gedra.

Bedrae wat potensieel onverhaalbaar is, word by die openbaarmakingsaantekeninge ingesluit.

## 4.7 Voorraad

Voorraad wat vir erkenning kwalifiseer moet aanvanklik teen kosprys weerspieël word. Waar voorraad teen geen koste of vir nominale oorweging verkry word, sal die koste daarvan die billike waarde op die datum van verkryging wees.

Alle voorraaditems word teen jaareinde deur middel van die geweegde gemiddelde koste of die EIEU kosteformule weerspieël.

## 4.8 Kapitaalbates

### 4.8.1 Roerende bates

**Aanvanklike erkenning**

'n Kapitaalbate word teen kosprys in die bateregister aangeteken wanneer die item teen kosprys ontvang word. Die kosprys van 'n bate word gedefinieer as die totale koste van verkryging. Waar die kosprys nie akkuraat bepaal kan word nie, word die kapitaalbate teen R1 in die bateregister aangeteken.

Alle bates wat voor 1 April 2002 verkry is, word in die register as R1 aangeteken.

**Daaropvolgende erkenning**

Daaropvolgende uitgawes van 'n kapitale aard word in die staat van finansiële prestasie as "uitgawes vir kapitaalbates" aangeteken en word by voltooiing van die projek in die Departement se bateregister gekapitaliseer.

Herstelwerk en onderhoud word as lopende uitgawes "goedere en dienste' in die staat van finansiële prestasie aangedui.

### 4.8.2 Onroerende bates

**Aanvanklike erkenning**

'n Kapitaalbate word teen kosprys by ontvangs van die item aangeteken. Die kosprys van 'n bate word gedefinieer as die totale koste van verkryging. Waar die kosprys nie akkuraat bereken kan word nie, word die roerende kapitaalbate teen R1 in die bateregister ingesluit.

Alle bates wat voor 1 April 2002 verkry is, word in die register teen R1 ingesluit.

**Daaropvolgende erkenning**

Onvoltooide werk van 'n kapitale aard word in die staat van finansiële prestasie as "uitgawes vir kapitaalbates" aangeteken. By voltooiing word die totale koste van die projek by die bateregister van die Departement aanspreeklik vir die bate ingesluit.

Herstelwerk en instandhouding word as lopende uitgawes "Goedere en Dienste" in die staat van finansiële prestasie erken.

### 4.8.3 Ontasbare bates

**Aanvanklike erkenning**

'n Ontasbare bate word in die bateregister aangeteken by ontvangs van die item teen kosprys. Koste van 'n ontasbare bate word as die totale koste van aanskaffing gedefinieer. Waar die koste nie akkuraat bepaal kan word nie, word die ontasbare bate teen billike waarde aangedui. Waar billike waarde nie bepaal kan word nie, word die ontasbare bate in die bateregister teen R1 ingesluit.

Alle ontasbare bates wat voor 1 April 2002 aangeskaf is, kan in die bateregister teen R1* ingesluit word.

**Daaropvolgende Besteding**

Daaropvolgende besteding van 'n kapitale aard word in die staat van finansiële prestasie as "besteding vir kapitale bate" aangeteken en in die bateregister van die Departement gekapitaliseer.

Onderhoud word as lopende uitgawes "goedere en dienste' in die staat van finansiële prestasie aangeteken.

## 5. LASTE

### 5.1 Betaalbare rekeninge

Erkende betaalbare rekeninge bestaan hoofsaaklik uit bedrae wat aan ander regeringsentiteite verskuldig is. Hierdie betaalbare rekeninge word teen kosprys in die staat van finansiële posisie gedra.

### 5.2 Voorwaardelike laste

Voorwaardelike laste word by die openbaarmakingsaantekeninge tot die finansiële state ingesluit wanneer dit moontlik is dat ekonomiese voordele deur die Departement voortgebring kan word, of waar 'n uitvloei van ekonomiese voordele of dienspotensiaal waarskynlik is, maar nie betroubaar gemeet kan word nie.

### 5.3 Voorwaardelike bates

Voorwaardelike bates word by die openbaarmakingsaantekeninge tot die finansiële state ingesluit wanneer dit waarskynlik is dat 'n invloei van ekonomiese voordele na die entiteit sal vloei.

### 5.4 Verpligtinge

Verpligtinge word nie in die staat van finansiële posisie as 'n las of in die staat van finansiële prestasie as 'n uitgawe erken nie, maar word by die openbaarmakingsaantekeninge ingesluit.

### 5.5 Opgelope bedrae

Opgelope bedrae word nie in die staat van finansiële posisie as 'n las of in die staat van finansiële prestasie as 'n uitgawe erken nie, maar word by die openbaarmakingsaantekeninge ingesluit.

### 5.6 Werknemervoordele

Korttermyn-werknemervoordele wat tot 'n heersende wettige of konstruktiewe verpligting aanleiding gee, word in die openbaarmakingsaantekeninge tot die finansiële state openbaar gemaak. Hierdie bedrae word nie in die staat van finansiële prestasie of die staat van finansiële posisie erken nie.

### 5.7 Bruikhuurverpligtinge

**Finansiële bruikhuur**

Finansiële bruikhuur word nie as bates en laste in die staat van finansiële posisie erken nie. Betalings vir finansiële bruikhuur word as 'n uitgawe in die staat van finansiële prestasie erken en word nie tussen die kapitaal- en rentegedeeltes verdeel nie. Die totale finansiële bruikhuurbetaling word by die openbaarmakingsaantekeninge tot die finansiële state ingesluit.

**Bedryfsbruikhuur**

Betalings vir bedryfsbruikhuur word as 'n uitgawe in die staat van finansiële prestasie erken. Die verpligtinge vir bedryfsbruikhuur word by die openbaarmakingsaantekeninge tot die finansiële state ingesluit.

### 5.8 Waardedaling

Die Departement toets vir waardedaling waar daar 'n aanduiding is dat 'n ontvangbare rekening, lening of belegging moonlik verswak het. Op elke verslagdoeningsdatum word daar 'n assessering uitgevoer om te bepaal of daar 'n aanduiding van moontlike waardedaling is. 'n Skatting word vir twyfelagtige lenings en ontvangbare rekeninge gedoen, gegrond op 'n oorsig van alle uitstaande bedrae aan die einde van die jaar. Waardedaling op beleggings word bereken as die verskil tussen die drabedrag en die heersende waarde van die verwagte toekomstige kontantvloei/dienspotensiaal wat uit die instrument voortvloei.

### 5.9 Voorsienings

Voorsienings word openbaar gemaak wanneer daar 'n heersende wettige of konstruktiewe verpligting is om ekonomiese voordele as gevolg van gebeure in die verlede te verbeur, en dit waarskynlik is dat 'n uitvloei van hulpbronne wat ekonomiese voordele bevat, nodig sal wees om die verpligting na te kom en om 'n betroubare raming van die verpligting te maak.

## 6. ONTVANGBARE REKENINGE VIR DEPARTEMENTELE INKOMSTE

Ontvangbare rekeninge vir departementele inkomste word by die openbaarmakingsaantekeninge tot die finansiële state openbaar gemaak. Hierdie ontvangbare rekeninge word afgeskryf wanneer dit as onverhaalbaar geïdentifiseer word en word apart openbaar gemaak.

## 7. NETTO BATES

### 7.1 Kapitalisasiereserwe

Die kapitalisasiereserwe bestaan uit finansiële bates en/of laste wat in 'n vorige verslagtydperk ontstaan, maar vir die eerste keer in die staat van finansiële posisie in die huidige verslagtydperk erken word. Bedrae word in die kapitalisasiereserwe erken wanneer dit in die huidige tydperk geïdentifiseer word en word na die Nasionale/Provinsiale Inkomstefonds oorgedra wanneer die onderliggende bate verkoop of die tersaaklike fondse ontvang word.

### 7.2 Verhaalbare inkomste

Bedrae word as verhaalbare inkomste erken wanneer 'n betaling wat in 'n vorige finansiële jaar gemaak is, in die huidige finansiële jaar van 'n debiteur verhaalbaar word. Bedrae word óf na die Nasionale/Provinsiale Inkomstefonds oorgedra wanneer dit verhaal word, óf na die staat van finansiële prestasie oorgedra wanneer dit afgeskryf word.

## 8. VERWANTE PARTY-TRANSAKSIES

Spesifieke inligting ten opsigte van verwante party-transaksies word by die openbaarmakingsaantekeninge ingesluit.

## 9. SLEUTELBESTUURSPERSONEEL

Vergoeding wat aan sleutelbestuurspersoneel, insluitend hulle familielede waar toepaslik, betaal word, word by die openbaarmakingsaantekeninge ingesluit.

## 10. OPENBARE-PRIVATE VENNOOTSKAPPE

'n Beskrywing van die OPV-reëling, die kontrakfooie en lopende en kapitaaluitgawes in verband met die OPV-reëling, word by die openbaarmakingsaantekeninge ingesluit.

## 1. JAARLIKSE BEGROTING

### 1.1 Jaarlikse Begroting

Ingesluit is fondse begroot in terme van die Begrotingswet (en die Gewysigde Begrotingswet) vir Provinsiale Departemente:

| | 2012/13 | | | 2011/12 |
|---|---|---|---|---|
| | Finale Begroting R'000 | Werklike Fondse Ontvang R'000 | Fondse Nie versoek/ Ontvang nie R'000 | Begroting Ontvang R'000 |
| Administrasie | 25 254 | 25 254 | – | 20 765 |
| Geïntegreerde Ekonomiese Ontwikkelingsdienste | 51 322 | 51 322 | – | 51 782 |
| Handel- en Sektorontwikkeling | 102 276 | 102 276 | – | 69 256 |
| Besigheidsregulering en Bestuur | 34 871 | 34 871 | – | 19 021 |
| Ekonomiese Beplanning | 24 760 | 24 760 | – | 14 932 |
| Toerisme, Kuns en Vermaak | 50 413 | 50 413 | – | 62 939 |
| Vaardigheidsontwikkeling en Innovering | 26 689 | 26 689 | – | 18 375 |
| **Totaal** | **315 585** | **315 585** | **–** | **257 070** |

| | *Aantekening* | 2012/13 R'000 | 2011/12 R'000 |
|---|---|---|---|
| **2. DEPARTEMENTELE INKOMSTE** | | | |
| Belastinginkomste | | 24 822 | 6 550 |
| Verkope van goedere en dienste ander as kapitaalbates | 2.1 | 418 | 400 |
| Rente, dividende en huur op grond | 2.2 | 9 | 1 |
| Transaksies in finansiële bates en laste | 2.3 | 4 320 | 3 867 |
| Totale inkomste ingevorder | | 29 569 | 10 818 |
| Minus: Eie inkomste by begroting ingesluit | 14 | (17 340) | (5 334) |
| **Departementele inkomste ingevorder** | | **12 229** | **5 484** |

Die toename in belastinginkomste is as gevolg van die implementering van die Wes-Kaapse Drankwet (4/2008) en die stigting van die Wes-Kaapse Drankowerheid as 'n openbare entiteit. Die gevolg van die Wet is verhoogde dranklisensiefooie en administrasiekoste.

| | | | |
|---|---|---|---|
| **2.1 Verkope van goedere en dienste ander as kapitaalbates** | 2 | | |
| **Verkope van goedere en dienste deur die Departement geproduseer** | | **418** | **400** |
| Verkope deur markvestiging | | – | 1 |
| Administratiewe fooie | | 390 | 356 |
| **Ander verkope** | | 28 | 43 |
| **Totaal** | | **418** | **400** |

| | Aantekening | 2012/13 R'000 | 2011/12 R'000 |
|---|---|---|---|
| **2.2 Rente, dividende en huur van grond** | 2 | | |
| Rente | | 9 | 1 |
| **Totaal** | | **9** | **1** |
| | | | |
| **2.3 Transaksies in finansiële bates en laste** | 2 | | |
| Ander ontvangstes insluitende Verhaalbare Inkomste | | 4 320 | 3 867 |
| **Totaal** | | **4 320** | **3 867** |
| | | | |
| **3. VERGOEDING VAN WERKNEMERS** | | | |
| **3.1 Salarisse en lone** | | | |
| Basiese salaris | | 55 241 | 50 735 |
| Prestasietoekenning | | 981 | 924 |
| Diensgebaseer | | 72 | 153 |
| Vergoedend/toevallig | | 1 771 | 1 271 |
| Periodieke betalings | | 1 509 | 2 157 |
| Ander nie-pensioendraende toelaes | | 12 390 | 11 606 |
| **Totaal** | | **71 964** | **66 846** |
| | | | |
| **3.2 Sosiale bydraes** | | | |
| **Werkgewerbydraes** | | | |
| Pensioen | | 6 189 | 6 003 |
| Medies | | 2 088 | 2 110 |
| Bedingingsraad | | 12 | 11 |
| **Totaal** | | **8 289** | **8 124** |
| | | | |
| **Totale vergoeding van werknemers** | | **80 253** | **74 970** |
| | | | |
| Gemiddelde getal werknemers | | 230 | 209 |

Die vergelykende syfer vir die gemiddelde getal werknemers is heraangegee.

| | Aantekening | 2012/13 R'000 | 2011/12 R'000 |
|---|---|---|---|
| **4. GOEDERE EN DIENSTE** | | | |
| Administratiewe fooie | | 139 | 314 |
| Reklame | | 2 213 | 1 413 |
| Bates minder as R5,000 | *4.1* | 478 | 495 |
| Beurse (werknemers) | | 308 | 496 |
| Spyseniering | | 1 259 | 955 |
| Kommunikasie | | 1 780 | 1 718 |
| Rekenaardienste | *4.2* | 625 | 908 |
